

UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

FAKULTEIT LETTERE

Departement Afrikaans en Nederlands

SANDRA ELIZABETH van REENEN

Studentenommer 9922564



**John Miles, *Kroniek uit die doofpot*, polisieroman:  
'n dekonstruktiewe lees oefening**

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad *Magister Artium* (MA)  
(Afrikaans)

Vorberei onder studieleierskap van:

PROFESSOR W.J. van ZYL

4 Mei 2012

## Verklaring

Ek, Sandra Elizabeth van Reenen (studentenommer 9922564), verklaar hiermee dat:

1. ek vertrouwd is met die reëls met betrekking tot plagiaat van die Universiteit van Wes-Kaapland, dat hierdie verhandeling my eie oorspronklike werk is en dat ek nie enigiemand anders se werk hierin aanbied en voorhou as my eie nie;
2. ek hierdie verhandeling nie voorheen by enige hoëronderwysinstansie vir doeleindes van die verwerwing van enige kwalifikasie voorgelê het nie;
3. ek alle bronne wat ek geraadpleeg het, en slegs daardie bronne, so volledig moontlik by wyse van die erkende verwysingsmetodes van hierdie vakgebied in die bibliografie ingesluit het;
4. ek erkenning verleen het aan alle standpunte wat nie my eie is nie by wyse van die erkende verwysingsmetodes van hierdie vakgebied;
5. ek vertrouwd is met die reëls van toepassing op die lengte van meestersgraadverhandelinge van die Universiteit van Wes-Kaapland en dat hierdie verhandeling daaraan voldoen.



SANDRA ELIZABETH VAN REENEN

Studentenommer: 9922564

Datum: 4 Mei 2012

## **Abstract**

John Miles, *Kroniek uit die doofpot, 'n polisieroman*: 'n dekonstruktiewe lees oefening  
“John Miles, *Kroniek uit die doofpot, 'n polisieroman*: a deconstructive reading.”

(English title of this novel: *Deafening silence*)

(Dutch title: *Kroniek uit die doofpot*)

(French title: *Un silence hallucinant*)

Van Reenen, Sandra Elizabeth, Magister Artium. University of the Western Cape,  
2012.

This dissertation concerns itself primarily with deconstruction theory and a number of readings of this novel within the ambit of deconstruction. According to Derrida there is not a single deconstruction and in response to this remark this study undertakes more than one deconstructive reading of the same novel.

These different readings are introduced by a preliminary reading of the paratext and a cryptic reading which acknowledges the fragmentary nature of this novel.

Hereafter a deconstruction of the novel follows in two phases, of which the first phase focuses on the process of its production. The non-fictitious documents on which the novel is based are revealed and exposed as building blocks during this reading.

The second phase of the deconstructive reading is divided into two parts. The first part is based on Derrida's dredging machine metaphor which introduces and illustrates the concept of random reading. During this phase the novel is acknowledged and read as an intertextual reconstruction. The non-fictitious documents are acknowledged as an archive within the context of recent as well as less recent South African history which serves as intertexts along with other texts.

The second part of the second phase involves a reading of this novel as an anti-Hegelian text. Hegel's concepts of the state and law are brought into the reading process. The reading focuses on the Apartheid State, the police force as an instrument of the state, and offers a critique on the discriminatory laws and the Constitution of the time period within which the novel is contextualised.

## Opsomming

John Miles, *Kroniek uit die doofpot, 'n polisieroman: 'n dekonstruktiewe lees oefening*  
(Engelse titel van die roman: *Deafening Silence*)  
(Nederlandse titel: *Kroniek uit die doofpot*)  
(Franse titel: *Un silence hallucinant*)

Van Reenen, Sandra Elizabeth, Magister Artium. Universiteit van Wes-Kaapland, 2012.

Hierdie verhandeling ondersoek die dekonstruksie-teorie en onderneem meerdere lees oefeninge van bogenoemde roman binne die teoretiese uitgangspunte van dekonstruksie. Die rasionaal vir meer as een lees oefening van dieselfde roman binne hierdie studie is te vinde in Derrida se aanname dat daar nie 'n enkele dekonstruksie is nie.

Die verskillende lesings word voorafgegaan deur 'n preliminêre lesing van die parateks van die roman, gevolg deur 'n kriptiese lesing wat die gefragmenteerde aard van die roman belig.

Hierna volg 'n dekonstruksie van die roman as eerste fase ten einde te fokus op die produksieproses daarvan. Die nie-fiktiewe dokumente waarop die roman gebaseer is, word deur hierdie lees oefening blootgelê en geïdentifiseer as boublokke in die konstrueringsproses.

Die tweede fase van die dekonstruktiewe lees oefening word in twee dele verdeel. In die eerste deel word Derrida se baggermasjien-metafoor benut om die toevalligheidsbeginsel van die lees oefening te verantwoord. Hiertydens word die roman as 'n intertekstuele rekonstruksie gesien. Die nie-fiktiewe dokumente word as argief binne die konteks van resente en minder resente Suid-Afrikaanse geskiedenis beskou.

Die tweede deel van die tweede fase behels die lees van die roman as 'n anti-Hegeliaanse teks. Hegel se begrippe van die staat en die reg kom in die lees proses aan bod. Die lees proses fokus op die Apartheid-staat en die polisiemag as staatsinstrument. Dit bied in hierdie opsig 'n kritiese perspektief op die diskriminerende wette en die Grondwet van die tydperk waarbinne die roman gekontekstualiseer is.



Hiermee bedank ek almal wat bygedra het tot die voltooiing van hierdie navorsing. Ek bedank John Miles wat *Kroniek uit die doofpot*, 'n polisieroman geskryf het en die dokumente daarna vir navorsing beskikbaar gestel het. In die besonder wil ek prof. Wium van Zyl bedank vir die beskikbaarstelling van die nie-fiktiewe dokumente wat John Miles aan hom toevertrou het en sy studieleiding.

Baie dankie ook aan my eksaminatore – prof. S. van Wyk (Universiteit van Wes-Kaapland), dr. C. M. Beuke-Muir (Universiteit van Namibië) en prof. H. du Plooy (Noordwes Universiteit) vir hul wenke ter verbetering.

Baie dankie aan Annemarié Swartz vir die redigering. Elkeen van hierdie komponente was onontbeerlik vir die sinergisme wat uitgeloop het op hierdie skripsie.

Dankie ook aan my man, Tobias en my ma's vir hul volgehoue ondersteuning.



## Inhoudsopgawe

1.	<b>Inleiding</b>	<b>11</b>
1.1	Motivering	11
1.2	Doelstelling	11
1.3	Werkwyse	12
2.	<b>Dekonstruksie</b>	<b>13</b>
2.1	Grondslag van dekonstruksie	13
2.2	Dekonstruksie as literatuurteorie in relasie tot strukturalisme, poststrukturalisme en postmodernisme	14
2.3	Dekonstruksie as retoriese teksbenadering	20
2.4	Die voortbrenger van skrif (die teks) en die intensie van die outeur binne die raamwerk van die dekonstruksie	20
2.5	Taal as tekensisteem binne die strukturalisme	24
2.6	Taal as medium van die kunswerk binne die poststrukturalisme	25
2.7	Taal, teken, spoor en dekonstruksie	26
2.8	Teks, die begrensing van teks en intertekstualiteit	29
2.9	Konteks	32
2.10	Die leser, lees, leesstrategieë en betekenis	33
3.	<b>John Miles en sy oeuvre binne die Suid-Afrikaanse literatuur-konteks</b>	<b>37</b>
3.1	Miles se werk in die tydskrif <i>Kol</i>	37
3.2	Miles se oeuvre voor 1994	37
3.3	Uitsprake oor Miles se oeuvre tot en met <i>Kroniek</i>	38
4.	<b><i>Kroniek</i>: 'n preliminêre lees oefening</b>	<b>45</b>
4.1	Die rasionaal vir 'n preliminêre lees oefening	45
4.2	Die verrekening van die parateks	45
4.3	Die voor- en agterblad van <i>Kroniek</i>	46
4.4	Die kenteken, Taurus	46
4.5	Taurus, die Suid-Afrikaanse uitgewer en sy posisie betreffende sensuur	46
4.6	Jaar van publikasie	48
4.7	Die houtsnee op die buite- en agterblad	48
4.8	Opdrag, opgedra aan Tsidiso	48
4.9	Die hoofstukindeling van die roman	49
4.10	Motto's	50
4.11	Naamlys	50
4.12	Die titel	51
4.13	'n Kriptiese eerste lesing met verwysing na die sistematiese ordening van die roman	54
4.13.1	Verhaallyn een	55
4.13.2	Verhaallyn twee	58
4.14	Die konteks van <i>Kroniek</i>	60
4.14.1	'n Greep uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis	60
4.14.2	Die dokumentêre gegewens as konteks	62
5.	<b>Dekonstruktiewe lees oefening fase 1: 'n letterlike dekonstruksie van <i>Kroniek uit die doofpot</i>, 'n polisieroman, met behulp van die nie-fiktiewe dokumente</b>	<b>62</b>
5.1	Kreatiewe nie-fiksie	63
5.2	Die oorsprong van die dokumente volgens <i>Kroniek uit die doofpot</i> , 'n polisieroman	64
5.3	Die toegang tot die dokumente vir navorsingsdoeleindes	65

5.4	Die aard van die reële dokumente	65
5.5	Die interne ordening van die nie-fiktiewe dokumente	66
5.6	Die rekonstruksie van 'n lewe met behulp van “die pak dokumente”	67
5.6.1	Die onvolledigheid	67
5.6.2	Die papierkarakter en die regs persoon in die dokumente: 'n konstruksie	67
5.6.2.1	Geboortedatum en provinsie van herkoms	68
5.6.2.2	Indienstreding en opleiding	69
5.6.2.3	Huwelikstatus en eggenoot	69
5.6.2.4	Standplaas	70
5.6.2.5	Gemoedelikheid en die poets by die enkelkwartiere	70
5.6.2.6	Die dienskamer en voorvalleboek in die tyd-ruimtelike oriëntasie van die roman	71
5.6.2.7	Aanranding deur 'n senior offisier	72
5.6.2.8	Die Suid-Afrikaanse politieke milieu en die aanranding	72
5.6.2.9	Die aanloop tot die aanranding	72
5.6.2.10	Die verloop van die aanranding	74
5.6.2.11	Die keerpunt in die aanranding: rig van 'n vuurwapen	74
5.6.2.12	Die voorvalleboek as instrument in realiteitskepping	75
5.6.2.13	Die rapportering van die aanranding in die voorvalleboek	75
5.6.3	Die nagevolge van die aanrandingsinsident	76
5.6.3.1	Verskriklike pyn in die kop	76
5.6.3.2	Die bevel om die vuurwapen te oorhandig	76
5.6.3.3	Tumelo John voel gebelgd	77
5.6.3.4	Klag van aanranding by Temba-polisiestasië	78
5.6.3.5	Aanvanklike mediese intervensie	78
5.6.3.6	Verwikkelings met betrekking tot die aanrandingsklag by Temba	79
5.6.4	Regsvertegenwoordiging	80
5.6.4.1	Eerste kontak met prokureur Maphanga	80
5.6.4.2	Prokureurskoste	80
5.6.4.3	Regstegniese inligting	81
5.7	Instrumente in die Mag	81
5.7.1	Kollegedissipline	81
5.7.2	Ingrep deur die brigadier op grond van kollege-dissipline	82
5.7.3	Die klag deur die kolonel van “rig van vuurwapen” by Temba-polisiestasië	83
5.7.4	Tweede konfrontasie tussen die kolonel en Tumelo John	83
5.7.5	Die departementele verhoor	85
5.7.6	Die staatsprokureur se opinie	87
5.8	Mediese voordele	88
5.9	Verdere verloop	89
5.9.1	Pleidooi vir 'n billike interne verhoor	89
5.9.2	Binne- en buitepasiëntbehandeling by Ga-Rankuwa	90
5.9.3	Besnydenis by die Lesedi-kliniek in Soweto	91
5.9.4	Verplasing na Soweto	91
5.9.5	Tumelo John word as ongewenste persoon by die kollege verklaar	92
5.9.6	Skriftelike verplatingsbevel na Soshanguwe	93
5.10	Toegang tot hoofkantoor	94
5.10.1	Eerste afspraak by hoofkantoor	94
5.10.2	Tweede afspraak by hoofkantoor	96
5.11	Advokaat Van Niekerk se mandaat	97

5.12	Fiktiewe skrywer ontmoet fiktiewe advokaat	98
5.13	Eerste prokureur verloor belangstelling	100
5.14	Beëindiging van mandaat van advokaat	100
5.15	Regshulpraad en nuwe prokureur	101
5.16	Die “brief aan agt”	102
5.17	Die pet- en gasbottelinsident	103
5.18	Die pleitbriefie	105
5.19	Mediese rekords	106
5.20	Nuwe befondsing en nuwe eis teen die kolonel	107
5.21	Uitspraak van die eerste departementele verhoor	108
5.22	Werksmilieu: die stoor na die derde ooperasie	109
5.23	Moontlikheid van vroeë uittrede uit die mag	109
5.24	Tweede departementele verhoor	110
5.25	Die aanklag: dros	111
5.25.1	Lewensgehalte en werksuitsette	111
5.25.2	Medikasie en doktersbesoeke se impak op werksverhoudings	112
5.25.3	Houdingsprobleem	113
5.25.4	Arrestasie weens dros en skorsing	114
5.25.5	In die polisieselle	115
5.25.6	Borgtogaansoek en vandalisme	116
5.26	Kritieke momente wat verreikende gevolge inhou	117
5.26.1	Die derde eisbrief	117
5.26.2	Hofbevel en distriksgeneesheersverslag	118
5.26.3	Die diagnose van distriksgeneesheer	118
5.26.4	’n Dubbele afspraak	118
5.26.5	Die vierde ooperasie	119
5.26.6	Besoekers in hospitaal en ontslag	119
5.26.7	Die oompie se verklaring	120
5.26.8	Die eis van R50 000 teen die kolonel	122
5.26.9	Impak van die skorsing uit die mag	123
5.26.10	Maandelikse toelaag	124
5.26.11	Bevel m.b.t. behandeling en beslissing oor besering	127
5.26.12	Raad van ondersoek en toekoms in die mag	128
5.26.13	Erkenning van besering aan diens	132
5.27	Bevinding van die raad van ondersoek en posisie in die mag	132
5.27.1	Nie-amptelike bekendmaking	132
5.27.2	Amptelike bevinding word teruggehou	133
5.28	Die begin van die einde	134
5.28.1	Oënskynlike herstel	134
5.28.2	Generaal Stoker en die bevinding van die mediese raad	134
5.28.3	Skorsing word opgehef	136
5.28.4	Die lewe na opheffing van die skorsing	137
5.28.5	’n Nuwe begin op ’n ander plek	138
5.29	Die moord op Tumelo John en sy vrou	139
5.29.1	Die moordtoneel	139
5.29.2	Die nadoodse ondersoek	139
5.30	Nabetragting	141
5.31	Naskrif	144
5.32	Die dokumente as voorlopige verteenwoordiging	145

<b>6.</b>	<b>Fase 2 van die dekonstruksie-leesoefening van <i>Kroniek uit die doofpot</i>, 'n <i>polisierman</i>: 'n lesing volgens die toevalligheidsbeginsel</b>	<b>145</b>
6.1	Die baggermasjien-metafoor vir toevallige fokus	146
6.2	<i>Kroniek</i> as hoogs realistiese verhaal	147
6.3	'n Alternatief vir literêre realisme	148
6.4	Die teks as konstruk	149
6.5	<i>Kroniek</i> as retoriese konstruk	150
6.6	Die dokumente as foto's / produkte van fotografie	150
6.7	Die nie-fiktiewe dokumente as 'n argief	151
6.8	Die nie-fiktiewe dokumente as taaltekste	152
6.9	Die nie-fiktiewe dokumente en kontekstualisering	153
6.10	Die leser as subjek in die betekenisvormingproses	153
6.11	Die dialoë in <i>Kroniek</i> as 'n veelheid van stemme	154
6.11.1	Die skrywer in gesprek met die leser	154
6.11.2	Fiktiewe dialoë tussen drie karakters	156
6.11.3	Stemme in <i>Kroniek</i> en <i>The trial of Andrew Zondo</i>	163
6.11.4	Dialoog met resente Suid-Afrikaanse geskiedenis as die ander teks	166
6.11.5	Dialoog met relatief resente geskiedenis as intertekst	168
6.11.5.1	Beknopte historiese gegewens van Louw Wepener	171
6.11.5.2	Die opteken van die dood in annale: twee geskiedenis	174
6.11.6	Dialoog met die Shepstone-stelsel en swart dorpe	177
6.11.7	Dialoog met groepsgebiedewette	178
6.12	Foto's / fotostate as 'n instrument in fiksie	183
6.13	Voorlopige opmerkings oor die frase "daardie lewe is net nog 'n woord"	184
<b>7.</b>	<b>Fase 2 van die dekonstruktiewe-leesoefening van <i>Kroniek uit die doofpot</i>, 'n <i>polisierman</i>: 'n anti-Hegeliaanse lesing</b>	<b>184</b>
7.1	Hegel se absolute idealisme	185
7.1.1	Hegel se dialektiese filosofie	186
7.1.2	Die alomvattendheid van die staat	187
7.1.3	Hegel se siening van menslike gedrag	187
7.1.4	Die staat as organiese eenheid van individue	187
7.1.5	Hegel se siening van wette	188
7.1.6	Publieke waardes en individuele regte	188
7.2	Die historiese gedetermineerdheid van lees	189
7.3	Die rasionaal vir die lees van <i>Kroniek</i> teen 'n Hegeliaanse agtergrond	189
7.4	'n Definisie van ideologie	189
7.5	Die polisie in die <i>polisieroman</i>	190
7.5.1	Meerduidige stemme vanuit gemeenskappe	190
7.5.2	Meerduidige stemme van binne die polisie	192
7.5.3	Moontlikhede, regte en rassisme in die polisie	193
7.5.4	Die weerspieëling van sosiale kodes in taalgebruik	194
7.5.5	Die polisie-arrestasieriglyne en arrestasiepraktyk	195
7.5.6	Die polisie se hantering van interne teëspraak	196
7.5.7	Die polisie en swart dorpe, oftewel townships	197
7.5.8	Die kernbesigheid van die polisie	197
7.5.9	Tumelo John en die polisie	199
7.5.9.1	Tumelo John skep 'n eie identiteit binne die polisie	199
7.5.9.2	Ontnugtering met die polisie	199
7.5.10	Die polisiemag as staatsinstrument	200
7.6	Ontevrede kinders, ontevrede skoolrade as simptoom	201

7.7	Kritiek teen die opstand wat ontaard	201
7.8	Afwyking van die meesternarratief	202
7.9	Die staat ondermyn sy burgers	203
7.10	Die grondwet word gekritiseer	203
7.11	Kritiek op landswette	204
7.12	'n Konteks vir klein geskiedenis	206
7.13	Verdeelde samelewing en verskillende menings	207
7.14	Die groepsgebiedewet en tuislandbeleid	207
7.15	Vryheid, plig en geregtigheid	207
7.16	Ideologies gevormde sosiale kodes	209
7.16.1	Die houtkop	209
7.16.1.1	Die houtkop as die marginale	210
7.16.1.2	Die grootkop as sentrum en teenpool van houtkop	210
7.16.2	Evaluering van gedrag in die romanteks	210
7.16.2.1	Astrant en parmantig	211
7.16.2.2	Slim as teenpool van dom	211
7.16.2.3	Slim vang sy baas en sy dierbares	213
7.17	Die ontknoping kom teen 'n prys	213
7.18	Die moorddossier word gesluit	214
7.19	<i>Kroniek</i> as 'n anti-Hegeliaanse roman	215
<b>8.</b>	<b>Voorlopige opmerkings wat die einde van fase 2 se lesing aandui, oftewel 'n anomaliese samevatting</b>	<b>215</b>
<b>9.</b>	<b>Bibliografie</b>	<b>217</b>

**Aanhangsels 1 – 10 is geselekteerde gefotostateerde dokumente uit die pak nie-fiktiewe dokumente waarop die roman *Kroniek uit die doofpot*, 'n polisieroman, gebaseer is.**

**Aanhangsel 1:** Sertifikaat van bestelling, aanklag 1 en aanklag 2.

**Aanhangsel 2:** Memorandum wat deur die eerste prokureur opgestel is.

**Aanhangsel 3:** Voorvalleboekinskrywings op 1984 – 09 – 08.

**Aanhangsel 4:** Notule van personeelvergadering, soos gehou op 1986 – 04 – 11.

**Aanhangsel 5:** 'n Beëdigde verklaring wat deur Jack Nerumba afgelê is.

**Aanhangsel 6:** Eerste eisbrief aan kolonel Van Zyl, 1984 – 11 - 14.

**Aanhangsel 7:** Voorvalleboekinskrywings op 1984 – 11 – 26.

**Aanhangsel 8:** Notule van verhoor, 1984 – 11 – 29.

**Aanhangsel 9:** Brief aan agt. (Sien paragraaf 5.16 in die teks)

**Aanhangsel 10:** Brief van Bophuthatswana polisie: sluit van die moorddossier.

**Aanhangsel 11:** Geskandeerde bladsye uit F.D.J. Wepener (1934) *Louw Wepener, die oorloë van die Oranje-Vrystaat met Basoetoland* (pp. 58 – 69). (Sien bibliografie).

## **Inleiding**

### **1.1 Motivering**

Hierdie navorsing is gemotiveer deur die beskikbaarheid van en toegang tot die pak nie-fiktiewe dokumente waarvan die fiktiewe skrywer in *Kroniek uit die doofpot*, 'n polisieroman (hierna *Kroniek*), skryf. Hierdie dokumente is deur die skrywerspersoon (John Miles) aan professor W.J. van Zyl van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Wes-Kaapland vir navorsingsdoeleindes gegee. Hierdie selfde dokumente was (as ons op die woord van die fiktiewe skrywer kan peil trek) die motivering vir die skryf van die roman ter sake. Ten tye van hierdie ondersoek was hierdie dokumente nie meer soos in die teks in 'n geel Checkers-plastieksak nie, maar in 'n boogknip-lêer. Talle navorsers, soos onder andere Roodt (1994) en Rossouw (1996), verwys na die dokumentêre gegewens waarop die roman *Kroniek* gebaseer is. Hierdie dokumente kan in die lig van Belsey (1983) se gedagte dat die teks 'n *konstruk* is, as boublokke van die teks gesien word. *Kroniek* word in die romanteks self as *faksie* getipeer (p. 53) en so word daar beklemtoon dat die teks 'n *gemaakte* teks is, gemaak van feit en fiksie. Hierbenewens is *Kroniek* 'n toeganklik-geskryfde, gefragmenteerde teks. Volgens verskeie literatore, soos onder andere Hambidge (1995: 80, 81) en navorsers soos Rossouw (1996) is eienskappe, soos hierbo genoem, kenmerkend van 'n postmodernistiese teks.

### **1.2 Doelstelling**

Die doel van hierdie studie is om op drie aspekte wat direk met *Kroniek* verband hou, te fokus. Eerstens het die navorsing ten doel om die teoretiese onderbou van dekonstruksie te ondersoek ten einde hierdie teorie in die lees van *Kroniek* te benut. Tweedens word ten doel gestel om *Kroniek* as 'n rekonstruksie, letterlik met behulp van die dokumente te dekonstrueer, ten einde die romanmatigmaking en passing van die dokumente in *Kroniek* te ondersoek. Derdens word 'n tweede fase van dekonstruksie betree. Binne hierdie fase word ten doel gestel om *Kroniek* eerstens volgens die “willekeurige en toevallige” beginsel te lees, gekoppel aan die beginsel van argivering. Hiernaas word *Kroniek* ten slotte as uitvloeisel van die voorafgaande gelees teen die agtergrond van Hegel se uitgangspunte oor absolute idealisme (Stumph, 1966: 327 – 344).



### 1.3 Die werkwysie

Ten einde hierdie doelstellings te bereik, word die studie soos volg gestruktureer: Hoofstuk 1 bevat die inleiding. In hoofstuk 2 word die teoretiese onderbou van dekonstruksie ondersoek. In hoofstuk 3 kom die konteks aan bod met spesifieke verwysing na die skrywerspersoon, John Miles, in die Suid-Afrikaanse literêre-historiese konteks. Uitsprake oor sy oeuvre voor *Kroniek* word ook kernagtig aangestip. In hoofstuk 4 word 'n preliminêre lees oefening van *Kroniek* gedoen in die lig van Derrida (1997: 158) se uitgangspunt dat alle tradisionele instrumente tot beskikking aangewend behoort te word ten einde tot 'n grondige verstaan van 'n teks te kom. In hoofstuk 5 word die pak nie-fiktiewe dokumente noukeurig gelees om te bepaal *watter* dokumente as boublokke gebruik is, *waar* hulle gebruik is en *hoe* hulle in *Kroniek* neerslag vind. Die romanteks, sowel as die nie-fiktiewe dokumente, sal deeglik gelees word. Die ondersoeker sal ook let op die manipulerings van hierdie dokumente, soos enting, verwringing of die kreatiewe benutting daarvan in die romanmatige passing daarvan. Hoofstuk 6 behels 'n lees oefening van *Kroniek* aan die hand van dekonstruksie-verantwoordbare leesstrategieë. Die eerste leesstrategie is dié van die *baggermasjien-metafoor* van Derrida (1981: 285 – 286), oftewel 'n toevallige fokus. Viljoen (1988: 417) noem dit die toevalligheid en willekeurigheid van lees. Hambidge (1995: 81) beskou hierdie leeswysie as die teenoorgestelde van die volledig-logiese lesing. Belsey (1983: 104) se siening dat 'n teks 'n *konstruk* van boublokke is, word ook betrek en daarna volg 'n lesing wat gegrond is op Liebenberg (1985: 39) se aanname dat Miles in wese *anti-Hegel* of anti-idealities skryf.

Hierdie navorsing betrek nie betrokke literatuur van Sewentig en daarna nie, ook nie inligting van die Waarheids- en Versoeningskommissie van Suid-Afrika (WVK) nie, hoewel kennis geneem is van inligting in volume twee van die *Truth and Reconciliation Commission of South Africa Report*, met spesifieke verwysing na pp. 271, paragrawe 440 – 442. Ook *Country of my skull* (2002) van Anjie Krog waarin sy oor die Waarheids- en Versoeningskommissie verslag doen en waarin sy op pp. 82 – 89 en 93 oor die dood van “Mutase” en sy vrou Irene berig, val buite die bestek van hierdie studie. Die motief hiervoor is te vinde in die noodsaak om die navorsingsveld te begrens.



## 2. Dekonstruksie

### 2.1 Grondslag van dekonstruksie

Volgens Moi (1986: 4) het Derrida (1930 – 1999) en ander opkomende post-strukturalistiese teoretici, soos Kristeva, in die laat jare sestig bydraes onder die vaandel van die *Tel Quel*-groep in Frankryk gepubliseer. Moi dui hier aan dat die gedagte dat geskiedenis *teks* is en dat *skrif* (“writing”) ’n *produksie* is, binne hierdie groep ontwikkel het. Tesame met hierdie kontekstuele opmerking oor die laat jare sestig in Frankryk kan die verbande wat Van Boheemen-Saaf (1985) en Leitch (1983) hieronder tussen Derrida en Dekonstruksie identifiseer, gelees word.

Van Boheemen-Saaf (1985: 231) sien ’n direkte verband tussen ’n voordrag wat Derrida in 1966 in die Verenigde State gelewer het en die ontwikkeling van dekonstruksie as ’n nuwe literêre teksbenadering: “De geschiedenis ervan begint in 1966 op een congres aan de Amerikaanse Johns Hopkins University te Baltimore. Hier hield de toen vrij onbekende Franse filosoof Jacques Derrida een voordracht getiteld ‘Structure, Sign and Play in the Discourse of Human Sciences’. Uit de confrontatie met de ideeën die Derrida daar en in zijn vele uiterst moeilijk leesbare geschriften, naar voren heeft gebracht, is een nieuwe benadering van literaire teksten gegroeid die tot op heden voornamelijk in de Verenigde Staten en Engeland ingang heeft gevonden”.

Leitch (1983: 24) verwoord op sy beurt die seminale rol van Derrida se welbekende werk *De la grammatologie* (1976) in die ontwikkeling van dekonstruksie: “Provisionally the history of contemporary deconstruction opens with Jacques Derrida’s *De la grammatologie*”. Dit blyk uit die literatuurstudie dat daar benewens Derrida ’n verskeidenheid filosowe en skrywers is wat ’n beduidende rol in die ontwikkeling van dekonstruksie gespeel het.

Gedagtig aan die wete dat Derrida ’n prominente rol in dekonstruksie speel, is dit insiggewend dat Culler (1989: 88) die invloed van gesaghebbende denkers in die volgende Derridiaanse tekste identifiseer. Hierdie tekste word aan die hand van Culler gelys: *La Dissémination* (Plato en Mallarmé), *De la Grammatologie* (Rousseau en De Saussure), *Economimésis*, *La Vérité en peinture* (Kant), *Marges* (Hegel, Heidegger, Husserl en Austen), *Glas* (Genet en Hegel), *L’Origine de la géométrie*, *La voix et le*

*phénomène* (Heidegger), *L'Écriture et la différence*, *La Carte postale* (Freud), *De la Grammatologie* (De Saussure), *Glas* (Genet), en *L'Écriture et la différence*, *De la Grammatologie* (Lévi-Strauss).

Op sy beurt identifiseer Norris (1982: 57 - 58) Nietzsche as 'n voorloper van die dekonstruksie in die lig van laasgenoemde se gedagtes oor die relatiwiteit van betekenis.

In die lig van die prominensie van Derrida se werk *De la grammatologie* (*Of grammatology*) binne die dekonstruksie, word daar vervolgens kortliks daarby stilgestaan. In *Of grammatology* lees Derrida die werk van Lévi-Strauss en Rousseau krities. Johnson (1997: 52, 55) voer aan dat Derrida se leeswyse in hierdie werk die konseptuele en argumentatiewe refleksie, sowel as die assosiasies van idees wat die denke van die skrywers onderlê, ontbloot. Johnson (1997: 55) wys daarop dat hierdie kritiek, soos enige filosofiese gesprek, geanker is in 'n spesifieke konteks, naamlik die na-oorlogse Frankryk van die jare sestig wat gekenmerk is deur hegemonie van die strukturalisme en die geesteswetenskappe: "... in 1960s France the context was the hegemony of structuralism and the human sciences, as incarnated by in the figure of Lévi-Strauss and the discipline of ethnology. Placed in this context, Derrida's critical engagement with Lévi-Strauss in *Of Grammatology* could therefore be seen as the decisive response of philosophy to the challenge of structuralism and the human sciences". Johnson (1997: 3) meld ook dat Derrida se analises en beredenerings uitgevoer word in dialoog met ander denkers deur middel van prosesse van "*close reading*", aanhalings en kommentaar. Hambidge (1995: 11) se opmerking dat Derrida deur middel van 'n proses van bevraagtekening opereer, kan hierby gevoeg word.

## **2.2 Dekonstruksie as literatuurteorie in relasie tot strukturalisme, poststrukturalisme en postmodernisme**

William Ray (1984: 1) sê in die inleiding van sy boek *Literary meaning, from Phenomenology to Deconstruction*: "Literary criticism has always exhibited considerable anguish over what it is doing and where it is going ... During the past decade, a particularly vigorous polemic has developed between those who herald the movements of structuralism and deconstruction as the dawn of a new age of demystified exegesis, and those who decry them as the subversion of everything

valuable in the humanistic disciplines.” Ray vestig hiermee die aandag op die verskil tussen literêre kritici se basiese uitgangspunte. In die lig van hierdie opmerking word daar vervolgens aandag aan die begrippe *dekonstruksie*, *strukturnalisme*, *poststrukturnalisme* en *postmodernisme* binne die literêre kritiek gegee.

Uit die literatuurstudie blyk dit dat dekonstruksie in die strukturnalisme ingebed is. Hambidge (1992: 68) maak selfs die stelling dat “*Dekonstruksie* nie sonder die Strukturnalisme kan bestaan nie”. ’n Omskrywing van strukturnalisme word onder andere gevind in Van Gorp H, Delabasita en Ghesquiere (1998: 418): “Structuralisme in de literatuurstudie is dan de methode welke die relaties onderzoekt. Zij gaat ervan uit dat de elementen op zichzelf niet belangrijk zijn, maar hun betekenis ontleen aan hun differentiële relaties met andere elementen ... De verbanden kunnen worden onderzocht op grond van herhalen, contrast, gradatie, enz.” In aansluiting hierby kan Van der Merwe in Van der Merwe en Viljoen (2008: 104) se stelling oor die Franse strukturnalste geles word. Hy meen dat laasgenoemde soos De Saussure klem lê op die sinchroniese en dat hulle hul aandag toespits op die terugkerende, algemene kenmerke van die besondere literêre werke.

Op sy beurt som Leitch (1983: 24) die verband tussen dekonstruksie en strukturnalisme aan die hand van *De la grammatologie* op: “The Semiology of Saussure is here framed as a final gasp of Western philosophy, that is, of a metaphysical system that spans from Plato and Aristotle to Heidegger and Lévi-Strauss. By Derrida this system is called logocentric, meant as a critical and unkind epithet ... The principal aim in *Of Grammatology* is to put into question the traditional values of sign, word, and writing...”. In aansluiting hierby neem Schrover (1992: 71) ook waar dat dekonstruksie die ‘lineariteitsdenken’ wat aan taaltekens binne die strukturnalisme gekoppel word, afwys.

Van Gorp, Delabasita en Ghesquiere (1998: 112 – 113) verwoord verder die verhouding tussen dekonstruksie, poststrukturnalisme en strukturnalisme in die hieropvolgende opmerking: ”Deconstructie word soms poststructuralisme genoemd omdat ze een ‘correctie’ bevat op het klassieke structuralisme in die zin dat tipisch structuralistiese noties radicaal wordoerdoordacht. Zo leidt het klassieke saussuriaanse concept van betekenis bij de deconstructionisten naar een revolutionair open en verschuivend teksbegrip, terwyl de structuralisten de tekst vaak nog opvatten

als een statiese, gesloten struktuur”. Gegewe bogenoemde opmerking dat dekonstruksie soms poststrukuralisme genoem word en dat daar in dekonstruksie ’n korreksie vervat is, sou daar verkeerdelik afgelei kon word dat dekonstruksie chronologies op strukturalisme volg. Dat dit ’n denkfout sou wees, word belig deur Hambidge (1992: 400). Sy gee in haar bespreking van poststrukuralisme die volgende verduideliking in hierdie verband: “Die Post-Strukturalisme volg nie chronologies in die tyd op die Strukturalisme nie, aangesien daar reeds ‘post-strukturalistiese’ uitsprake gemaak is tydens die hoogbloei van die Strukturalisme”.

Uit Derrida se werk *Of Grammatology* is dit duidelik dat dekonstruksie ’n teksgerigte benadering is. Van der Merwe in Van der Merwe en Viljoen (2008: 121) bevestig dat dekonstruksie ’n teksgerigte benadering is. Hoewel beide die dekonstruksie en die strukturalisme teksgerigte benaderings is, is daar beduidende verskille en vir Schrover (1992: 92, 93) lê die groot verskil tussen die twee benaderings in die leeswyse:

“Bovendien is het expliciete doel van de deconstructivistiese wijze van lezen, om *warring forces* (de term stamt van Johnson) binnen de tekst te onderscheiden ... tegen de structuralistiese neiging om objectieve, sluitende beskrywen van het object (de literaire tekst) te geven.” In aansluiting hierby sien Wurth en Rigney (2009: 400) dekonstruksie as ’n “tegendraadse leesstrategie die de mythe van een stabiele **betekeniskern** ondergraaft, **binaire opposities** ontmaskert als indammers van een potensieel eindeloos verschuivende betekenisbeweging en kijkt hoe toevallige, marginale aspecten van een tekst zijn voorgewende ‘boodskap’ ondermijnen”.

Een van die konsepte wat prominent deur Derrida en ander dekonstruktiviste gekritiseer word, is *logosentrisme*. Tydens die literatuurstudie is opgemerk dat verskillende omskrywings van logosentrisme aangetref word. Van Boheemen-Saaf (1985: 233) sê Derrida het die geloof in ’n absolute waarheid, ’n absolute begin en ’n outonome referent logosentrisme gedoop.

Uit *Of grammatology* en *Limited Inc.* blyk dit dat Derrida die tradisie van Westerse denke waarbinne spraak as outentiek en as die waarborg van teenwoordigheid gesien word, *logosentrisme* noem. Binne die logosentrisme word spraak geassosieer met rede en rasionaliteit en die stem word geëien as die instrument wat nader aan die menslike bewussyn en innerlike waarheid is. Hierteenoor word skrif, onder andere, as aanvulling tot die mens se stem gesien. Dit verteenwoordig ’n afstand of uitstel van

teenwoordigheid. Skrif word ook as die simptoom van die negatiewe gevolge van beskawing op die ongekunstelde en die onskuldige gesien. Dit kom kortliks daarop neer dat Derrida *logosentrisme* in *Of Grammatology* deur middel van kommentaar op tekste van Lévi-Strauss en Jean-Jacques Rousseau kritiseer.

Derrida bevraagteken ook die tradisionele opposisies, soos spraak teenoor skrif, teenwoordigheid teenoor afwesigheid, essensie teenoor toeval, hoofsaaklik om dit te verplaas. Spivak (1997: 1ix) verwoord Derrida se standpunt oor tradisionele opposisies soos volg in die vertalersvoorwoord van *Of Grammatology*: “Difference invites us to undo the need for balanced equations, to see if each term in an opposition is not after all an accomplice of the other...”. Hambidge (1995: 11) meen juis “[D]ie verbintenis tussen postmodernisme en dekonstruksie is toe te skryf aan die feit dat die postmodernisme bekende hiërargieë bevraagteken”. Dit beteken hiërargieë word tydens die leesproses geïdentifiseer en bevraagteken en speel só ’n rol in betekenisgeving.

Betekenisgeving hou tradisioneel verband met logosentrisme en in die lig van die prominente negatiewe waarde wat in Derrida se kritiek hieraan toegeken word, word Marshall (1992: 20) se omskrywing van logosentrisme ter wille van verheldering aangehaal: “The concept of a centre from which meaning emanates is logocentrism. Logocentrism is packed with meaning. The logos is not simply *a* word, but rather *the* word, that which comes before all else, that around which meaning must take place ... a guiding principle...” Derrida (1986: 168) self maak die volgende opmerking oor die verband tussen dekonstruksie en logosentrisme: “... in fact deconstruction *begins* by deconstructing logocentrism, the linguistics of the word, and this very enclosure itself”.

Die proses van betekenisvorming en waar betekenisvorming in aanvang neem, is hier van groot belang en die posisie wat die poststrukturaliste ten opsigte van *betekenis* inneem, word soos volg deur Marshall (1992: 47) opgesom: “Poststructuralists within a postmodern world suspend the search for a scientific, unified meaning ... That does not mean that they are not concerned with the production of meaning; rather, the emphasis turns to that of power, chance, and paradigm: who determines meaning, how, and what form does it take, and for what purpose.”

Van Heerden (1997: 27) maak die opmerking dat “Derrida se dekonstruksie ’n radikale komponent” binne die post-strukturalistiese diskoers vorm. Hy spreek die mening uit dat “die verhouding tussen strukturalisme / poststrukturalisme aan die onsekere, bedrieglike verhouding modernisme / postmodernisme herinner”. Van Heerden (1997: 17) meen dat postmodernisme “’n manier van kyk en interpreteer is” en dat dit omskryf kan word as “’n diskursiewe ruimte, ’n klimaat waaruit ’n lesing van ’n teks onderneem word”. Hy erken dat sy siening van die postmodernisme verskil van dié van Derrida: “Vir diegene wat egter, in navolging van Derrida, geen binêre opposisie tussen die “teks” en die wêreld sien nie, is dié debat oor die vraag of die postmodernisme iets objektiefs is of alleen *in the eye of the beholder* is, van minder belang en ’n voorbeeld van wat Derrida (1997: 43) logosentriese denke noem. Vir hulle is die sogenaamde objektiewe werklikheid in ieder geval net nóg ’n teks wat waargeneem of gelees word en alle grense tussen binêre opposisies uitwis” (1997: 18).

Benewens die bevraagtekening van hiërargieë identifiseer Hambidge (1995: 11) die gedeelde konsepte *différance* en *pluraliteit* as faktore wat ’n rol speel in die noue verbintenis tussen die postmodernisme en dekonstruksie.

Schrover (1992: 93) noem inderdaad dat die poststrukturaliste ook pluraliteit of meerduidige lesings nastreef: “In plaats van de unificerende beskrywen word deur poststructuralisten het bestuderen van *meerduidigheid* in de tekst nagestreefd”.

Schrover verduidelik meerduidigheid hier aan die hand van ’n aanhaling van Paul de Man waarvolgens beide die letterlike en figuurlike betekenis moontlik is. Die twee betekenis sluit mekaar volledig uit en dit is soms onmoontlik om op grammatikale gronde te bepaal watter een van die twee gekies moet word. ’n Kort sin in *Kroniek* kan gebruik word om voorafgaande meerduidigheidskonsep te illustreer: “Hy wil vorentoe lewe.” (p. 36) Dit kan verstaan word as die karakter wat gemotiveerd is om sy lewensomstandighede te verbeter, of dit kan dui op iemand wat deur die op skrif stel van kritiese momente in sy lewe, byvoorbeeld in beëdigde verklarings, kan praat, al is hy dood. Dit kan ook gelees word as iemand wie se storie so aangrypend is dat dit die skrywer dwing om aan hierdie lewe in ’n romanteks of *memoires* gestalte te gee en so die storie lewend te hou. Hier is ook die verdere implikasie dat ’n teks vanuit meer as een hoek gelees en verstaan kan word en dat dit met elke nuwe lesing



'n nuwe lewe kry. So gesien, leef die karakter en die teks vorentoe. Hierdie letterlike en figuurlike interpretasies sluit mekaar wedersyds uit en die spel tussen retorika en logika skep 'n heterogeniteit binne die teks, wat dit meerduidelik maak.

Ook Culler (1989: 227) vestig die aandag op tekstuele logika. Sy standpunt is dat dekonstruksie nie die toepassing van filosofiese lesse op literêre studies is nie, maar wel die verkenning van tekstuele logika in tekste wat as literêr bestempel word. Uit bogenoemde word die afleiding gemaak dat dekonstruksie as uitgangspunt eerder 'n ingesteldheid teenoor die woord, die teken en skrif is. Olivier (1985: 287) merk ook op dat Derrida 'n affiniteit vir postmodernisme het: "Having deconstructed the traditional barriers between theory and practice, art and reality, Derrida displays an affinity with postmodernism..."

Die opmerkings betreffende postmodernisme wat weerstand bied teen sedimentering van onderskeidelik Muller (1992) en Marshall (1992), word vervolgens naas mekaar geplaas aangesien dit aansluit by Derrida se gedagte dat daar nie 'n enkele vaste betekeniskern is nie. Muller (1992: 399) sê onder andere: "In die begrip *Postmodernisme* vind ons dus eerstens 'n protes teen verinstitutionaliseerde tradisionele gedrag, absolutistiese vorme, homogeniteit. Maar dis juis binne hierdie protes dat die *Postmodernisme* na die onbegrensde vraag soek, dat hy probeer verhoed dat sy eie diskursiewe en kulturele gewoontes sedimenteer. Dit lei dan tot heterogeniteit, vloeibaarheid en veranderlikheid. Weens hierdie oorganklikheid, hierdie oorskryding van grense, staan die postmodernisme binne gebeure wat ander gebeure affekteer, en die skrywer en die leser vorm in die postmodernistiese teks deel van die veranderlikheid, die proses, die 'lewe' van die teks...". Marshall (1992: 192 – 193) sê: "[P]ostmodernism resists closure in that it insists that we try to constantly keep our own subject positions, history, and motives in mind as we interpret, that we recognize how each interpretation (of a book, a law, a class, a life) is also a domination. A will to power [...] postmodernism is an opening, a space created for a particular awareness, interrogation".

Daar kan uit voorafgenoemde opgesom word dat strukturalisme, dekonstruksie, poststrukturalisme en postmodernisme in 'n komplekse verhouding tot mekaar staan. Dit wil voorkom of die grootste gemene deler by laasgenoemde drie pluraliteit /

heterogeniteit is teenoor homogeniteit by strukturalisme. Hulle is egter almal teksgerigte benaderings.

### **2.3 Dekonstruksie as retoriese teksbenadering**

Van Boheemen-Saaf (1985: 231) benadruk spesifiek die retoriese van dié teksbenadering en wel dat die betekenis van die teks steun op die suggestiewe effek van 'n retoriese konstruksie. Van Zyl (1997/2: iii) se ondersoek na die retorika in die roman identifiseer retorika as 'n nie-tegniese ooredingsmiddel. Van Zyl (1997) verduidelik dat die sender die informasie van buite kry en dan die sogenaamde empiries-verifieerbare feite as 'n retoriese strategie aanwend, ten einde 'n waarheids- en / of werklikheidsillusie te skep. Sy konstateer dat hierdie illusie bydra tot die roman se ooredingskrag.

Die roman is dus 'n woordskepping, 'n taalskepping. Hawthorn (1993: 53) maak die opmerking dat literêre werke die enigste tipe kunswerk is wat hoofsaaklik uit taal bestaan: "Literary works are the only art-works which consist largely of language – if one interprets 'literary work' in such a way as to include such things as oral poetry and some of the performing arts. It is not surprising, therefore, that theorists have sought to use ideas about language in the construction of theories about literature." Dit bring ons by die opmerking van Spivak (1997: xiii) waar sy sê dat Derrida ons daaraan herinner dat 'n sekere siening van die wêreld, van bewussyn en van taal as die korrekte weergawe aanvaar word. Derrida is van mening dat indien hierdie 'korrekte weergawe' in besonderhede nagespeur word, 'n gans ander prentjie na vore kom.

Die begrippe *die outeur as voortbrenger van die teks, taal, teks en betekenis* is gevolglik grondbegrippe in hierdie teoretiese hoofstuk.

### **2.4 Die voortbrenger van skrif (die teks) en intensie van die outeur binne die raamwerk van die dekonstruksie**

In die geval waar begrippe soos outeur, intensie en teks saam voorkom, word die kommunikasiemodel van Roman Jakobson spontaan opgeroep. Van der Merwe (2008: 115) is een van die bronne wat die ses faktore wat Jacobson by taalkommunikasie



onderskei, weergee. Dit behels: 'n boodskap, 'n sender, 'n ontvanger van die boodskap, kontak tussen die sender en die ontvanger en laastens die vereiste dat die boodskap se kode en konteks aan beide sender en ontvanger bekend moet wees. Eenvoudig gestel, is die outeur in eie reg die een wat die teks bedink het, wat die intensie het om 'n boodskap oor te dra. Die oorvereenvoudigde afleiding sou ook gemaak kan word dat die outeur dus die betekenis bepaal. Uit die hieropvolgende argumente sal dit blyk dat die dekonstruksie nie sonder meer met die afleiding dat die outeur betekenis wilsmatig bepaal, akkoord gaan nie.

In *De la grammatologie* (1976) en in *Limited Inc* problematiseer Derrida (1995: 3) die kommunikasiemodel van Jakobson in Condillac se *Essay on the Origin of Human Knowledge*. In hierdie essay besin Condillac oor die oorsprong en funksie van die geskrewe teks binne die filosofiese diskoers. Die kern van Condillac se *essay* word in *Limited Inc* weergegee: “If men write it is: (1) because they have to communicate; (2) because what they have to communicate is their ‘thought,’ their ‘ideas,’ their representations. Thought as representation, precedes and governs communication, which transports the ‘idea,’ the signified content. (3) because men are *already* in a state that allows them to communicate their thought to themselves and to each other when, in a continuous manner, they invent the particular means of communication, writing” (Derrida, 1995: 4). Derrida sien hierdie nasporing van die oorsprong en funksie van skrif as 'n oorvereenvoudiging en onkrities.

Derrida (1995: 3) redeneer vervolgens dat *indien* skrif (“the notion of writing”) in wese onskuldig, primitief of natuurlike geag word (wat volgens hom 'n vergissing is), dit slegs as 'n medium van kommunikasie gesien kan word. Dit sou weliswaar 'n besondere sterk, potente kommunikasiemedium wees, want terwyl die stem en gebare beperk word deur die grense van hoorbaarheid en onmiddellikheid (“an empirical boundary of space and time”), word skrif nie aan hierdie beperkinge onderwerp nie. Gevolglik word *dieselfde spatie* (hierdie “empirical space and time”) deur middel van die deurbreking van die grense van hoorbaarheid en onmiddellikheid veel wyer deur skrif oopgemaak. Derrida dui met bogenoemde opmerking aan dat 'n *homogene kommunikasiespatie* hier geïmpliseer word. Die betekenis of inhoud van die semantiese boodskap sou dus oorgedra, gekommunikeer word deur verskillende middele (“means”), deur 'n meer gevorderde tegnologie, oor 'n veel groter afstand,

maar steeds in 'n medium wat fundamenteel, ononderbroke en identies bly, 'n homogene element waardeur die betekenis in essensie dieselfde sal bly. Enige verandering sou dus toevallig (“accidental”) wees.

Derrida (1995: 4) kritiseer die feit dat die afwesigheid van die sender nie ondersoek word nie. Sy siening behels enersyds dat die sender merke (“marks”) maak en dan hierdie merke verlaat of vrylaat (“abandon it”). Hy argumenteer dat hierdie merke dan voortgaan om effekte onafhanklik van die sender te produseer. Wat uit hierdie kritiek af te lei is, is dat die betekenis van 'n teks nie beperk word tot die outeur se intensie nie. Tweedens kritiseer Derrida (1995: 5, 6) die konsep van “afwesigheid van aangesprokene” wat gehanteer word as 'n voortgesette teenwoordigheid, 'n modifikasie van teenwoordigheid (“this concept of absence as the modification of presence”), of uitgestelde teenwoordigheid (“distant presence”). Hier sou aangevoer kan word dat Derrida mag verwys na die aspekte wat Marshall (1992: 189 – 191) betrek by die interpretasie soos 'n ideologie, logika en geskiedenis wat ver verwyderd is van die outeur. Die lees van 'n teks as 'n realistiese spieëlbeeld van die wêreld is in die lig van bogenoemde opmerkings nie realiseerbaar binne die dekonstruksie nie, want een van die basiese uitgangspunte in *Of Grammatology* (Derrida, 1997) is dat 'n teks nie 'n vaste betekenskern het nie. Hierdie standpunt word ook deur Wurth (2009: 281) herhaal: “Als tekens en hun betekenis door de verschillen tussen klankbeelden worden bepaald, is het volgens Derrida logisch gezien onmogelijk dat een tekst een vaste betekenskern kan hebben. In dit perspectief is betekenis niet meer afhankelijk van een buitentekstuele instantie [de auteur en zijn gedachtehorizon], maar van de spanning – de relaties en verschillen – tussen woorden in hun *momentane, discursieve context* [de directe talige context – een boek, hoofdstuk, paragraaf, zin, of deel van een zin – waarin een woord met ander woorden is geplaatst]. Betekenis gaat niet vooraf aan een tekst, maar is het effect van de spanning tussen woorden in hun ogenblikkelijke context”. Betekenis word volgens hierdie poststrukturealistiese siening eerder bepaal deur die verhouding en verskille tussen betekenaars, en nie deur die konsepte wat aan betekenaars gekoppel is nie (Wurth, 2009: 280). Hillis Miller in John Brannigan, Robbins en Wolfreys (1996: 153) gee 'n verduideliking wat oor die intensie van die sender en afwesigheid van die aangesprokene klaarheid kan bring. Derrida se siening is dat 'n brief, al sou dit ook soos 'n poskaart toeganklik wees vir almal om te lees, nooit die geadresseerde bereik nie: “ ... for Derrida ... the letter never

gets to its destination, even though, like a post card, it is exposed where all can read it, including even the one to whom it is apparently addressed. The letter, for Derrida, is condemned to wander interminably in *destinerrance*, not so much in its plurisignificance as in its aporetic indeterminacy of meaning and addressee”.

Voorafgaande sienings van Derrida behoort saam met Barthes(1975: 27) se opmerking in *The Pleasure of the Text* dat die outeur as instelling dood is, gelees te word. Barthes verduidelik dat die relevansie van die outeur se siviele status en biografiese besonderhede nie meer as belangrik geag word in die analise van die teks nie. Leitch (1983: 30) bevestig ook dat Derrida die impak van die outeur se lewe ondergeskik stel in die interpretasie van ’n teks. In ooreenstemming hiermee maak Venter (1992: 359) die opmerking dat biografiestudies van die konkrete outeur in die sisteembenadering belangrik is, maar nie in die teksgerigte bestudering van literatuur nie.

Bogemelde kwessie van intensie van die outeur versus die betekenisskepping deur middel van die leesproses, blyk reeds eeue oud te wees. Hendrix (2009: 201) in Wurth en Rigney haal die Franse humanis Michel de Montaigne (1533 – 1592) aan wat reeds bevind het dat “(E)en competent lezer ontdek in de geschriften van een ander vaak volmaaktheden die de auteur er niet bewust in heeftd gelegd, en geeft er een rijkere en veelzijdigere betekenis aan”. Ook Breyten Breytenbach (2009: 21) spreek hom as kontemporêre skrywer in *Intimate Stranger* oor skrif en intensie uit: “Writing is a process of creating consciousness and thus the making of a self, because awareness is expressed through a vector, however abstract. The *nature* or *intention* of that ‘self’ is of secondary concern”. Enersyds word die sleutelrol van die outeur in die skep van literatuur in opmerkings soos hierbo erken en andersyds word erken dat die betekenis van ’n teks nie deur die outeur vasgestel word nie. Hierdie uitgangspunte is in ooreenstemming met die dekonstruktiewe uitgangspunt.

Indien daar in hierdie navorsing na die skrywerspersoon verwys word, sal daar by name na John Miles verwys word.

## 2.5 Taal as tekensisteem binne die strukturalisme

Volgens Du Plooy (1992: 473 - 476) in Cloete het die Switser Ferdinand de Saussure (1857 – 1913) ’n fundamentele rol gespeel in die denke oor taal en die semiotiek. Die semiotiek word deur haar omskryf as die studie van tekens, tekensisteme en betekenisprosesse. Wat spesifiek hier van belang is, is haar opmerking dat die teken volgens die semiotiek ’n representatiewe karakter het. Indien haar uiteensetting saam met die uiteensetting vroeër onder 2.2 gelees word, is dit duidelik dat De Saussure prominent binne sowel die strukturalisme en die dekonstruksie figureer. De Saussure se plek in laasgenoemde hou juis verband met Derrida se bevraagtekening van die representatiewe karakter van die teken.

In die lig van Derrida se kritiek word enkele basiese begrippe wat verband hou met taal as tekensisteem vervolgens weergegee en omskryf ten einde sowel die teoretiese uitgangspunte wat vir hierdie studie gaan geld as enkele implikasies uit te wys.

Die teken: “Sign: a basic element of communication, either linguistic (e.g. a letter or word) or non-linguistic (e.g. picture, or article or dress); or anything that can be construed as having meaning. According to the influential theory of the Swiss linguist Ferdinand de Saussure, every sign has two inseparable aspects: the signifier, which is the materially perceptible component such as a sound or a written mark, and the signified, which is the conceptual meaning. In a linguistic sign, according to Saussure, the relationship between signifier and signified is ‘unmotivated’ or arbitrary; that is based purely on social convention rather than on naturally necessity: there is nothing about horse that demands that it be called ‘horse’, since the French call the same thing *un cheval*” (Baldick, 2001: 236, 237).

Kortliks kan gesê word dat ’n teken ’n betekenisvolle klank, of ’n geskrewe merk soos ’n letter of woord kan wees. Tekens moet van mekaar verskil om betekenis te hê. ’n *Betekenaar* (*signifier* in Engels, *signifiant* in Frans) is die waarneembare komponent van ’n teken en die *betekende* (*signified* in Engels, *signifié* in Frans) is die idee, eerder as die werklike objek. Taal is volgens De Saussure ’n linguistiese tekensisteem en tekens is die produk van verskille.

Vervolgens word twee standpunte vanuit die dekonstruksie weergegee wat verband hou met De Saussure se opvattinge oor taal. Scholtz (1985: 68) redeneer dat De Saussure se opvatting betreffende die arbitrêre verhouding tussen taal en werklikheid impliseer dat “dit wat werklikheid / waarheid genoem word, eintlik taalkonstruksies of tekensisteme is, dit wil sê projeksies van onself”. Scholtz redeneer voorts dat tekens nie meer toegang tot die werklikheid gee nie; hulle is slegs metafore daarvan. Hy grond sy stelling op tekens se verlies aan “deursigtigheid wat hulle binne die logosentrisme gekenmerk het”.

Rigney (2009: 93) meen dat indien De Saussure se opvatting oor die konvensionaliteit van taal deurgetrek word, tot die gevolgtrekking gekom kan word dat taal meer is as ’n deursigtige kommunikasiemiddel. Sy gaan van die veronderstelling uit dat taal geen natuurlike afspieëling van die wêreld is nie, maar wel “een historisch gegroei, cultureel product met behulp waarvan wij de wereld representeren en zinvol maken”. Rigney (2009: 89) sit uiteen dat konvensionaliteit van taal na die idee verwys dat taal ’n kulturele en sosiale produk is wat op die basis van gewoontes en tradisies werk. Beide hierdie standpunte ontken taal se vermoë om ’n getroue afspieëling van die werklikheid te gee.

## **2.6 Taal as medium van die kunswerk binne die poststrukuralisme**

Uit die volgende opmerking deur Schrover (1992: 10) blyk dit dat daar in die twintigste eeu ernstig oor taal besin word: “De twintigste eeuw heeft als belangrijkste onderwerp van denken, van cultuur en van wetenschap, de begrenzungen en mogelijkheden van de taal”. Schrover se opmerking word meer konkreet indien Barthes (1975: 39, 40) se besinning oor *taal* as medium van die skrywer daarmee saamgelees word: “The language I speak *within myself* is not of my time; it is prey by nature, to ideological suspicion; thus, it is with this language that I must struggle”. Barthes vervolg met ’n stelling oor ideologie en taal: “Encratic language (the language produced and spread under the protection of power) is statutorily a language of repetition; all official institutions of language are repeating machines; schools, sports, advertising, popular songs, news, all continually repeat the same structure, the same meaning, often the same words: the stereotype is a political fact, the major figure of ideology”.

Ook die illusie dat geskrewe taal stabiel is, kom aan bod. Hawthorn (1993: 61) meen dat die geskrewe vorm van literatuur 'n illusie van stabiliteit skep, terwyl historiese navorsing aandui dat taal in 'n staat van konstante ontwikkeling verkeer en dat dit daarom net oënskynlik stabiel is. Hy vestig die aandag op die teenoorgesteldes (stabiliteit versus ontwikkeling) wat opgesluit is in literatuur (as geskrewe taal).

Binne die kader van die postmodernisme stel Marshall (1992: 4) dat dit hier gaan oor taal; oor hoe taal beheer en kontrole uitoefen en hoe ons deur taal beheer probeer uitoefen. Sy meen ook dat postmodernisme gaan oor hoe *ons* binne daardie taal, binne spesifieke historiese, sosiale en kulturele matriks gedefinieer word. Marshall (1992: 21) sluit aan by Derrida met die volgende aanhaling waarin taal uitgewys word as *nie 'n onskuldige voertuig nie*: “And language is not an ‘innocent’ vehicle to express thought; rather, it moulds thought into its own conceptual categories which replicate a logocentric pattern”. Marshall wil klem lê op die impak wat die poststrukuralistiese siening het op die verstaan van die begrippe taal, betekenis en interpretasie. Sy verwys onder andere na die hiërargiese opposisies in taal en dat begrippe in pare van binêre opposisies funksioneer. Hierdie opposisies, sê Wurth (2009: 285), is nie gegewe nie, maar is altyd gekonstrueer binne kulturele kodes en konvensies. Die gegewe is wel dat die eerste term altyd as die sterkere en voorkeurterm gereken word, terwyl die tweede term tot die swakkere en afhanklike posisie gereduseer word. Enkele voorbeelde hiervan is mooi / lelik, manlik / vroulik, ontwikkel / primitief, blank / swart, hoog / laag. Dit is nodig om te herhaal dat Derrida hierdie opposisies bevraagteken. Die punt is egter dat, hoewel taal nie 'n onskuldige voertuig is nie, dit die medium van die kunswerk sowel as die medium van literêre kritiek is. Indien die taal *Afrikaans* is, is daar die verdere verswarende aspek dat dit die etiket van *verdrukkerstaal* dra.

## **2.7 Taal, teken, spoor en dekonstruksie**

In die lig van die voorafgaande opmerking is dit volgens die romanteks vir die fiktiewe skrywer belangrik om in Afrikaans te skryf: “Eintlik skryf ek Afrikaans vir die Afrikaanse leser... Die leser moet alles van my kry, alles behalwe die geweeskote” (p. 245). Gegewe dat *Kroniek* in Afrikaans geskryf is en dat hierdie ondersoek in Afrikaans gedoen word, is dit sinvol om 'n dekonstruksie-gerigte stelling oor die Afrikaanse taal deur Voster (1988: 67) aan te haal: “Dit is uiteraard



deur die taal dat 'n 'werklikheid' van 'wit' en 'swart', van 'ons' en 'julle' – van apartheid geskep word". Hierdie stelling sluit aan by Schrover (1992: 19) se opmerking dat Derrida taal wel as 'n retoriese struktuur sien, maar dat hy taal, in teenstelling met alle Westerse gewoontes, nie sien as die logiese weg na 'n objektiewe waarheid nie: "In teenstelling tot alle westerse gewoontes n et meer als de logische weg naar een objectieve waarheid, maar als een retorische structuur: als een *strategie* die de lezer probeert oortuigen, onafhankelik van een achterliggende waarheid". In samehang hiermee s  Johnson (1997: 54) Derrida se standpunt oor taal behels dat dit nie 'n deursigtige en neutrale middelaar ("mediator") van denke is nie, want vir Derrida is die konsep "taal" binne die ("opaque") medium van kommunikasie altyd onderhewig aan refraksie.

Terselfdertyd bestempel Derrida (1997: 6) taal as 'n teken: "...it is itself still a sign". Om duidelikheid te kry oor hoe Derrida die teken sien, word gekyk na wat Spivak (1997: xxxix) uitwys. Spivak s  hier dat die teken vir Derrida nie 'n homogene eenheid is wat die referent en die betekenis kan oorspan nie. "The sign cannot be taken as a homogeneous unit bridging an origin (referent) and an end (meaning), as 'Semiology,' the study of signs, would have it. The sign must be studied 'under erasure', always already inhabited by the trace of another sign which never appears as such." Leitch (1983: 44) bied die volgende verduideliking oor die *teken*: "Classically formulated, the semiological signifier refers to the signified, that is, an acoustic image signifies an ideal concept – both of which are present to consciousness. The sound cluster "chair" for instance, indicates the idea *chair*. The real chair, the *referent* is not present. The sign marks an absent presence. Rather than present the object, we employ the sign. We postpone or defer producing the referent. Just here the structure of delay and the configuration of difference (between signifier and signified and signified and referent), characteristic of difference comes into view, disrupting the ethic of presence. In other words, when we use signs, the being-present of the referent and the signified, incarnated in the self-present signifier, appears to us immediately, but it is delusion, misperception, dream. There is neither substance nor presence in the sign, but only the play of differences. Diff rance invades the sign, allowing its operation as *trace* – not self-present sign."

Derrida (1973: 92) sê ook dat betekenis ingebind is in die teken. Hierdie opmerkings bring twee aspekte van Derrida se siening oor taal in fokus en dit is *verskille* en *spore*. Leitch (1983: 50) haal J. Hillis Miller (1979: 18, 19) se siening in die verband aan: “Each leaf, wave, stone, flower, or bird is different from all others. Their similarity to one another arises against the ground of this basic dissimilarity. In a similar way, language is related to what it names across the gap of incorrigible difference from its referent.” Volgens Leitch (1983: 50) sien Miller alle ooreenkomste as produksies van verskille en verskille berus op hul beurt op ooreenkomste, herhalings en gelyksoortigheid.

’n Eenvoudige verklaring van *spoor* word gebied deur Schrover (1992: 35) wat sê dat *spoor* na ’n ander gebruik in tyd en ruimte van dieselfde taalteken verwys. Derrida (1997: 62) verklaar sy siening van *spoor* soos volg: “Here the appearing and functioning of difference presupposes an originary synthesis not preceded by any absolute simplicity. Such would be the originary trace. Without a retention in the minimal unit of temporal experience, without a trace retaining the other as other in the same, no difference would do its work and no meaning would appear ... The (pure) trace is difference.” Die spoor as absolute oorsprong van betekenis word deur Derrida (1997: 65) gekonstateer as: “The trace is in fact the absolute origin of sense in general.” Derrida (1997: 93) stel die spoor ook gelyk aan die gemene oorsprong: “This common root, which is not a root but the concealment of origin and which is not common because it does not amount to the same thing ... I have strategically nicknamed trace, reserve, or difference ... ”.

Die rol van die *spoor* in *betekenistoekenning* word deur Scholtz (1985: 71) belig: “Betekenistoekenning is en was daarom nog altyd niks meer of anders as ’n spel met tekens nie ...”. Scholtz (1985: 75) verduidelik: “Omdat taal as teken nooit ’n ‘presence’ [‘Being’] of werklikheid kan wees nie, is die proses van betekenistoekenning ’n oneindige proses van supplementering, ... naamlik die teenwoordigheid van ’n afwesigheid. Vir hierdie afwesige teenwoordigheid, met ander woorde vir dit wat nooit deur die teken agtergehaal kan word nie, gee Derrida die naam ‘trace’ of spoor. Dit is die voorwaarde vir denke en wat ons betekenis noem”. Spivak (1997: xviii) herinner lesers ook daaraan dat Derrida die spoor (“trace”) as die oorsprong van die teks eien.



## 2.8 Teks, die begrensing van teks en intertekstualiteit

*Teks* is die volgende begrip wat krities beskou word omdat dit sentraal staan in literêre teorieë.

Die *Oxford Concise Dictionary of Literary Terms* (Baldick, 2001: 257) definieer teks soos volg: “text, the actual wording of a written work, as distinct from a reader’s (or theatrical director’s) interpretation of its story, theme, subject etc.; or a specific work chosen as the object of analysis”. Hiervolgens omvat ’n teks die werklike bewoording van ’n geskrewe werk.

Hiernaas fokus Derrida (1986: 167, 168) se definisie van teks op die siening dat *teks* onder andere ’n oop domein is waar verskillende kragte funksioneer. Barthes se sienings oor *teks*, soos dit in drie van sy werke aangetref word, word vervolgens bygelees, aangesien daar ooreenkomste is met bogenoemde siening van Derrida. Barthes (1974: 5) onderskei tussen ’n “writerly” en “readerly” teks. Eersgenoemde word hier weergegee: “the writerly text is not a thing, we would find a hard time finding it in a bookstore. Further, its model being a productive (and no longer a representative) one, it demolishes any criticism which, once produced, should mix with it: to rewrite the writerly text would consist only in disseminating it, in dispersing it within the field of infinite difference. The writerly text is a perpetual present ... the writerly text is *ourselves writing*, before the infinite play of the world (the world as function) is traversed, intersected, plasticized by some singular system (Ideology, Genus, Criticism) which reduces the plurality of entrances, the opening of networks, the infinity of languages. The writerly is the novelistic without the novel, poetry without the poem, the essay without the dissertation, writing without style, production without product, structuralism without structure...”

Barthes (1975: 64) omskryf *teks* soos volg: “Text means Tissue; but as hitherto we have always taken this tissue as a product, a ready-made veil, behind which lies, more or less hidden, meaning (truth), we are now emphasizing, in the tissue, the generative idea that the text is made, is worked out in a perpetual interweaving; lost in this tissue – this texture – the subject unmakes himself, like a spider dissolving in the constructive secretions of its web. Were we fond of neologisms, we might define the theory of the text as an *hyphology* (*hypos* is the tissue and the spider’s web)”.

Barthes(1977: 146, 148) redeneer dat 'n teks nie slegs 'n enkele betekenis het nie, maar dat dit eerder 'n multidimensionele ruimte is waarbinne 'n verskeidenheid geskifte, waarvan nie 'n enkele een oorspronklik is nie, bots en vermeng. Hy meen 'n teks is die verweefde produk van kwotasies, afkomstig van onnoembare kultuursentra. Om hierdie laasgenoemde opmerking te konkretiseer kan 'n vervreemdingselement wat met reis geplaas en tydens hierdie ondersoek raakgelees is, voorgelê word. Die een in *Kroniek* kom eerste aan bod: "... want die ou Tshidiso het nie verniet so stadig geloop nie ... en om 'n dag saam met hom in die veld te wees, het jou laat voel jy was baie ver weg as jy die middag terugkom. Boonop was die huis ook nou anders as toe julle weg is" (p. 11). 'n Soortgelyke gedagte kom voor in *Of Grammatology* (1997: 150) waar 'n opmerking van Jean-Jacques Rousseau aangehaal word: "I had returned from Italy not quite the same as I had entered it, but as, perhaps, no one of my age had ever returned from it". Die spore van die reisproses se impak op die subjek kom uit onnoembare kultuursentra. So gesien, word dit ingespan / ingespin as teksdrade van die gewefde produk. Die afleiding wat uit bogenoemde sienings gemaak word, is dat die teksdrade betekenisstigend, eerder as betekenisdraend is.

In aansluiting by die spore wat uit onnoembare kultuursentra kom, word daar nou by die begrip intertekstualiteit stilgestaan. Van der Merwe (2008: 121-122) dui dat Derrida enersyds belangstel in die kommunikasie binne 'n geslote sisteem van tekens en andersyds in intertekstualiteit waar die tekens oor die grense van die teks beweeg. Marshall (1992: 42) bewoord intertekstualiteit vanuit die postmodernistiese oogpunt soos volg: "Intertextuality refers to the notion that all 'writing', all 'texts', are penetrated by and composed of traces of previous 'texts'. Each text must consist of a network of intersecting (known or recognizable) texts, otherwise it would have no meaning. Intertextuality is a postmodern concept in the sense that it denies the word (or the text) transcendental, representative status. Instead of representing some exact thing, idea, presence, the word (text) is the conditional moment which indicates all the words (texts) that have gone into making it understandable, approachable, meaningful."

In die lig van die prominensie wat aan die term teks verleen word, is dit nodig om Derrida (1995: 148) se omskrywing van teks in *Limited Inc.* aan te haal: "What I call 'text' implies all the structures called 'real,' 'economic,' 'historical,' socio-

institutional, in short: all possible referents. Another way of recalling once again that ‘there is nothing outside the text’”. That does not mean that all referents are suspended, denied, or enclosed in a book, as people have claimed, or have been naïve enough to believe and to have accused me of believing. But it does mean that every referent, all reality has the structure of a differential trace, and that one cannot refer to this ‘real’ except in an interpretive experience. The latter never yields meaning nor assumes it except in a movement of referential referring”.

Viljoen (1988: 419) sluit aan by bogenoemde paragrawe met sy stellings oor *teks* en *representasies*. Hy sê “’n teks kan die werklikheid nooit presies weergee nie. Sodra die werklikheid omgesit moet word in woorde, moet die skrywer, selfs die postmodernistiese skrywer, noodwendig selekteer uit die beskikbare stof, keuses maak oor volgorde en oor beklemtoning, genrekeuses maak. Al is die werklikheid in beginsel begryplik, verskil sy struktuur van die struktuur van tekste”. Viljoen (1988: 420, 421) vervolg deur te sê: “[D]it is nie dat die representasies waar of vals is nie, maar dat hulle *representasies* is”. Viljoen (1988: 421) verduidelik dat daar naïewelik enkelduidig deur ’n representasie na die wêreld gekyk kan word, sonder om ag te slaan op dubbelsinnigheid, noemers van dinge wat nie bestaan nie of dat dieselfde referent deur verskillende woorde aangedui word.

Derrida (1997: 158) se siening van teks sny dus ook sy verklaring met betrekking tot die *begrensing van teks* aan: “There is nothing outside of the text [there is no outside-text; il n’y a pas de hors-texte]”. Abrams (1989: 35) meen in dat Derrida hierdie verklaring nie as ’n vertrekpunt of as die resultaat van filosofiese beredenering aanbied nie, maar dat dit eerder as ’n verklaring dien van waar hy stelling inneem, naamlik binne taal.

Opposisies wat uit hierdie besinning betreffende teks en intertekstualiteit waargeneem word, is die teks as waarheid of oorspronklike geskrif teenoor vervalsing of deels geleende spore uit ander tekste, en die teks as lewensgetroue weergawe teenoor representasie.

Ten einde die draad tussen teks, die begrensing van teks en konteks deur te trek, word na Derrida (1995: 136) se eie verduideliking gekyk. Dit lui soos volg: “The phrase which for some has become a sort of a slogan, in general so badly understood, of

deconstruction ('there is nothing outside the text' [il n'y a pas de hors-texte]), means nothing else: there is nothing outside *context*' (my kursivering). Dit is daarom logies om nou die fokus na *konteks*, soos wat dit binne die dekonstruksie gesien word, te verskuif.

## 2.9 Konteks

Derrida (1995: 137) bied drie verhelderings oor konteks in *Limited Inc* aan. Die eerste betrek die dominante waardes in die konteks en lui soos volg: "This way of thinking context does not, as such, amount to relativism ... it does not renounce the 'values' that are dominant in this context (for example, that of truth, etc.)". Die tweede verheldering betrek aspekte soos realiteit en geskiedenis: "... the concept of text or of context which guides me embraces and does not exclude the world, reality, history ... the text is not the book ... it does not suspend reference – to history, to reality, to being, and especially to the other ... *Différance* is a reference and vice versa". Die derde verheldering dui aan dat konteks nie geslote is nie. So 'n siening maak voorsiening vir 'n meerduidige lesing van die konteks: "... the finiteness of a context is never secured or simple, there is an indefinite opening of every context ..."

Derrida (1995: 3) argumenteer dat *konteks* nooit ten volle bepaalbaar is nie en dat dit daarom eerder as *onvolledig bepaald* gesien moet word. In verband met die hersamestelling van 'n konteks sê Derrida (1995: 131) voorts dat dit nooit onbesproke kan wees nie: "The reconstitution of a context can never be perfect and irreproachable even though it is a regulative ideal in the ethics of reading, of interpretation, or of discussion". Derrida (1995: 132) meen hieropvolgend dat die bepaling of oproep ("recalling") van 'n konteks weens die politieke evaluering deur die samesteller nooit 'n neutrale, onskuldige, deursigtige, onpartydige gebaar is nie. Derrida gaan hier van die standpunt uit dat nóg taal, nóg konteks apolities is.

Die hersamestelling van konteks as 'n nuut geënte konteks is nog 'n aspek wat vanuit die gesigspunt van die dekonstruksie belig behoort te word. Derrida (1995: 12) is hier geïnteresseerd in veral twee aspekte van Husserl, naamlik sy belangstelling in 'n suiwer logiese grammatika en die morfologie van betekenis vanuit 'n logiese en epistemologiese invalshoek. Derrida dui dan aan dat die teken van die oorspronklike teks losgemaak kan word en dan as 'n aanhaling tussen aanhalingstekens, in 'n nuwe

konteks geënt kan word. Sodoende kan die teken met enige konteks breek en nuwe kontekste kweek (“engender”). Derrida (1995: 12) redeneer dat dit nie beteken dat die teken buite ’n konteks waarde het nie, maar wel dat daar net kontekste is, sonder enige absolute ankerpunt of sentrum (“center”). ’n Konteks is volgens Derrida (1995: 136) ’n noodwendigheid: “one cannot do anything, least of all speak, without determining a context”.

Derrida gebruik hierdie argument om te verduidelik dat die begrensdeheid van die konteks nooit verseker of eenvoudig is nie en dat daar ’n gaping (“indefinite opening”) in elke konteks is, iets wat veroorsaak dat die som nie klop nie. Hierdie swakheid of gaping in die teks kan altyd kommunikeer by wyse van die “erasure”. Natuurlike teenwoordigheid bestaan nie, net skrif. Dit wil voorkom of Derrida op hierdie manier klem lê op die teks en konteks as betekenisstigend. Hierdie veronderstelling lei noodwendig tot ’n ondersoek na leesstrategieë en die leser.

## 2.10 Die leser, lees, leesstrategieë en betekenis

Daar word meestal deur ondersoekers onderskei tussen drie instansies in die verband: die implisiete, eksplisiete en reële leser. Die *implisiete leser* is die “lezersrol zoals verondersteld deur een tekst, waarbij ’de lezer’ geen concreet persoon is, maar het geheel van culturele normen, waarden, achtergronden en attitudes dat nodig is om de verhaalwereld te kunnen begrijpen” (Wurth & Rigney, 2009: 406). Dit is dus ’n konstruksie wat uit die teks opgebou kan word.

Hierteenoor is daar ’n *eksplisiete leser* ter sprake wanneer “een tekst de lezer rechtstreeks aanspreekt en dus de jij- of de u-vorm bevat” (Hendrix, 2009: 206). Hendrix (2009: 208) verklaar ook dat die aangesproke fiktiewe leser ’n versinde instansie is en deel van die verhaalwêreld “en tot wie de spreker zich expliciet rig”.

Die derde tipe leser is die *reële leser* wat volgens Barthes (1974: 10) se standpunt, nie ’n onskuldige subjek is nie: “The more plural the text, the less it is written before I read it”. Hy fokus met hierdie stelling op die korrelasie tussen die pluraliteit van die teks en die leser wat die leesproses uitvoer. Barthes sê die “ek” is reeds self ’n plurigene teks, geskep deur ’n veelheid van ander tekste en kodes waarvan die

oorsprong nie meer opspoorbaar is nie. Elke reële leser vervaardig dus sy eie teks na die beeld van sy eie konteks.

Roodt (1994: 78) tref 'n vergelyking tussen die posisie van die leser en die outeur binne die postmodernistiese konteks wanneer hy sê die leser “is geen totaliserende entiteit wat eienaar is van 'n interpretasie van die Miles-tekste nie, maar bloot ligging – in Barthesiaanse sin – vir die ‘aktiwiteit’ van die teks”. Hierdie siening klop dus nie heeltemal met “die ontvanger van die boodskap” soos deur Jakobson (sien 2.4) voorgestel word nie.

Vanuit die dekonstruksie is die leser as die subjek wat die leesaksie uitvoer, bewus van die element van gedetermineerdheid wat in skrif opgesluit is. Branningan (1996: 68) sit hierdie gedetermineerdheid uiteen aan die hand van Derrida se siening: “Writing obliges us to conform to it ... It is precisely because we are obliged to conform, because we are obliged to recognise writing and what it determines, that Jacques Derrida asks us to read otherwise. By reading otherwise, one transforms the space of writing into something other than determination”.

In aansluiting by hierdie gedagte maak Schrover (1992: 38) dit duidelik dat Derrida reeds sedert sy werk *Dissémination* (1968) van die standpunt uitgaan dat hoewel 'n teks nie betekenisloos is nie, *betekenis* altyd verander en verskuif. Vir Derrida is betekenis 'n dinamiese proses wat in tyd en ruimte voltrek word (Schrover, 1992: 38). Leitch (1983: 5) verduidelik dat daar 'n spasie of *ruimte* bestaan tussen die teken en sy potensiële betekenis en nog 'n ruimte ontstaan tussen 'n toegewysde betekenis en die aktuele werklikheid. Hierdie twee ruimtes onderlê die ruimtes van interpretasie. Marshall (1992: 5) verstaan dat hierdie spasie waar betekenis gebeur of plaasvind en die term *différance*, een en dieselfde is. Derrida se neologisme *différance* ondervang volgens Leitch (1983: 41 - 43) drie verskillende betekenis. Eerstens beteken dit om te verskil (“to differ”), dit wil sê om anders te wees in aard, kwaliteit of vorm; tweedens beteken dit om te verstrooi of te versprei (“differre” (Latin)) en derdens om te vertraag of uit te stel (“to defer”). Die eerste twee betekenis het betrekking op ruimtelike verskille (“spatial distinctions”) en die laaste op verskille in tyd (“differences in temporality”).



Vir Derrida is daar 'n direkte verband tussen *hoe* daar gelees word en repek vir dit wat gelees word. Met respek bedoel hy dat aandagtig en baie fyn gelees word. Gebrek aan respek is vir hom 'n groot probleem, want dit impliseer dat stereotipes herhaal word sonder dat daar behoorlik gelees is (Caputo, 2008: 9). Hy skets sy eie leeswyse soos volg: “The way I tried to read Plato, Aristotle, and others is not a way of commanding, repeating, or conserving this heritage. It is an analysis which tries to find out how their thinking works or does not work, to find the tensions, the contradictions, the heterogeneity within their own corpus ... Deconstruction is not a method or some tool that you apply from the outside ... it happens inside; there is a deconstruction at work within Plato's work, for instance” (Caputo, 2008: 9). Hy vervolg direk na hierdie verduideliking met die stelling dat hy die funksionering en disfunksionering van Plato se werk moet analiseer ten einde getrou aan Plato te wees.

Derrida (1997: 158) verduidelik 'n belangrike aspek van die dekonstruktiewe leesleesproses soos volg: “And the reading must always aim at a certain relationship, unperceived by the writer, between what he commands and what he does not command of the patterns of the language that he uses. This relationship is not a certain quantitative distribution of shadow and light, of weakness or of force, but a signifying structure that critical reading should *produce*”. Vir Derrida gaan lees oor die produsering van iets wat nie deur die reële skrywer voorsien word nie. Hy grond hierdie standpunt van hom op die aanname dat die diskoers van die skrywer in 'n taal en in 'n logika plaasvind wat die diskoers nie volledig kan beheers nie. Die gevolg is dat die taal en logika 'n tipe greep op die diskoers het. Die leesaksie moet ten doel hê om hierdie onopsigtelike betekenisstigende struktuur in 'n produserende analise te benut. Caputo (2008: 78) verwoord dit soos volg: “A deconstructive reading, Derrida says, always settles into the distance between what the author consciously intends or means to say (*vouloir dire*), that is, what she commands in the text, and what she does not command, what is going on in the text, as it were, behind her back and so “surprises,” over-takes, the author herself. That distance or gap, is something the deconstructive reading must '*produce*'. Clearly, such a structure, or relationship, cannot be produced by a respectful, reproductive, doubling, self-effacing commentary that follows the conscious choices the author is making, since that, to the extent that it is possible, will pick up only one end, the conscious intentionality, of the relationship”.

Uit die hieropvolgende aanhaling is dit duidelik dat Derrida (1997: 158) erken dat tradisionele leesinstrumente 'n basiese rol speel in die dekonstruktiewe lesing, maar dat hy oortuig is dat die lesing verder behoort te gaan: "This moment of doubling commentary should no doubt have its place in a critical reading. To recognize and respect all its classical exigencies is not easy and requires all the instruments of traditional criticism. Without this recognition and this respect, critical production would risk developing in any direction at all and authorize itself to say almost anything. But this indispensable guardrail has always only protected, it has never *opened*, a reading". Hierdie uitgangspunt word deur Caputo (2008: 78, 79) uitgespel: "We cannot establish the relationship between what the author commands and does not command if we do not first get a command of what the author says or, better, what is being said in the text. Such a classical exigency, Derrida says, provides guardrails, parameters, horizons within which interpretation takes its first steps". Die eerste stap behoort opgevolg te word indien die reële leser betekenisverlenende kragte in die teks wil benut en een daarvan is die "supplement" of *aporia*.

Derrida (1997: 163, 164) verduidelik dat die "supplement" 'n tipe blinde kol (*blind spot*) is, dit wat die reële skrywer nie sien nie. Sy argument is dat hierdie blinde kol 'n lesing kan verhelder en vertroebel: "The concept of the supplement is a sort of blind spot in Rousseau's text, the not-seen that opens and limits visibility". Hy dui verder aan dat lees as produksie poog om die blinde kol sigbaar te maak. Dit wil voorkom of *supplement*, *blinde kol* en *aporia* sinonieme is. Die aanname dat daar 'n *aporia* in elke teks is, staan volgens Van Bohemen-Saaf, 1985: 231) sentraal tot die praktyk van dekonstruksie. Volgens Baldick (2001: 60) is 'n *aporia* 'n onoorbrugbare interne teenstrydigheid wat die logiese betekenis van die teks ondermyn. Alternatiewelik toon 'n *aporia* aan hoe 'n teks homself ondermyn. Die gedagte is dat die leesproses die bevoorregte begrip wat as die fundamenteel-hiërargiese oriëntasiepunt in die teks dien, sal lokaliseer en sigbaar maak. Dit is waarom Caputo (1997: 77) sê: "...for Derrida, a deconstructive reading is exceedingly close, fine-grained, meticulous, scholarly, serious, and, above all, 'responsible,' both in the sense of being able to give an account of itself in scholarly terms and in the sense of 'responding' to something in the text that tends to drop out of view".



Hierdie basiese teoretiese aannames vorm die basis van die metodologiese benadering tot die lees van *Kroniek*.

### **3. John Miles en sy oeuvre binne die Suid-Afrikaanse literatuur-konteks**

In die hieropvolgende paragrawe word daar eerstens ’n chronologiese oorsig oor Miles se werk gegee en daarna word studie-toepaslike uitsprake oor Miles se oeuvre aangebied om as literatuurkonteks vir *Kroniek* te dien.

#### **3.1 Miles se werk in die tydskrif *Kol***

Miles was ’n redaksielid van die tydskrif *Kol*, ’n tydskrif waarvan die diskoers as anti-apartheid bestempel kan word. Die eerste uitgawe het in Augustus 1968 verskyn. In totaal was daar tien uitgawes en die laaste een was in Desember 1969. Dit blyk dat agt kortverhale en enkele gedigte van Miles in *Kol* opgeneem is. Roodt (1994: 94) verwys na Miles se samewerking met die Sestigers om *Kol* te begin en sê: “John Miles is self geen Sestiger nie, nietemin is dit duidelik dat die publikasie van *Liefs nie op straat nie* en *Okker bestel twee toebroodjies* ten minste gedeeltelik as ’n soort voortsetting van die Sestiger-vernuwing gesien is”.

Die anti-apartheidsdiskoers waaraan prominente Sestigers toenemend begin deelneem het, is aangevuur deur onder meer die voorval by Sharpeville in 1960. Miles het tydens ’n persoonlike mededeling na drie faktore verwys wat ’n rol gespeel het in die voortbring van *Kroniek*. Die berugte polisie-skieters by Sharpeville was een hiervan. Manson, Mbenga en Peires (2007: 334, 335) sê dat Sharpeville ’n veldtog teen paswette was wat in ’n tragedie ontaard het, met nagevolge soos ’n noodtoestand wat op 30 Maart 1960 deur die destydse regering afgekondig is en dat die ANC en die PAC op 8 April verban is. Meer (1987: 129) meen die implikasie van die verbanning was dat daar geen (politieke) regstelling (“redress”) moontlik was weens die afwesigheid van geïnstitusioneerde en wettige organe wat kon onderhandel of kommunikeer nie.

#### **3.2 Miles se oeuvre voor 1994**

John Miles debuteer in 1970 met die kortverhaalbundel *Liefs nie op Straat nie*, (hierna *Liefs*). De Beer (1988: 175) dui in haar navorsing aan dat *Liefs* nie aanvanklik as ’n

kortverhaalbundel beplan is nie. Miles het in werklikheid aan 'n roman oor grootwordrites gewerk. Uit hierdie materiaal het hy drie kortverhale in *Kol* gepubliseer en van die roman afgesien. Miles se pogings om 'n kortverhaalbundel uit die res van die romanmateriaal saam te stel en te publiseer, was aanvanklik onsuksesvol. *Liefs* is “eers ná die byvoeging van die titelteks” en nog twee ander kortverhale gepubliseer. Daar is mettertyd nog vyf kortverhale van Miles in *Kol* gepubliseer.

In 1973 verskyn Miles se eerste roman, *Okker bestel twee toebroodjies* (hierna *Okker*). Miles se tweede roman *Donderdag of Woensdag* (1978) word deur Taurus, 'n onafhanklike uitgewer waarvan hy 'n stigterslid was, uitgegee. Laasgenoemde roman word deur die Publikasieraad op godsdienstige gronde verbied. Ook Miles se leesboek vir kinders *Stanley Bekker en die boikot* wat in 1980 verskyn, is direk na die publikasie daarvan tot besitsverbode leesstof deur die Publikasieraad verklaar. Die skrywer se romans *Blaaskans* (1983) en *Kroniek uit die doofpot, 'n polisieroman* (1991) (*Kroniek*) gaan egter nie onder sensuur gebuk nie.

*Kroniek* is in die boekjaar 1991/1992 met die M-Net-prys bekroon en dit het ook die CNA-prys en die Helgaard Steyn-prys ingepalm. Dit is in Nederlands<sup>1</sup>, Frans<sup>2</sup> en Engels vertaal. Die Engelse weergawe *Deafening Silence* is ook vir televisie onder hierdie titel verfilm.

Twaalf jaar na die verskyning van *Kroniek* en nege jaar na die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika verskyn *Die Buiteveld* in Oktober 2003. Sy mees onlangse roman *Voetstoots* het in 2009 verskyn.

### **3.3 Uitsprake oor die oeuvre van John Miles tot en met *Kroniek***

Oor die jare het verskeie studies asook 'n groot aantal resensies en ander artikels oor Miles se werk verskyn. Hieruit word vervolgens 'n aantal uitsprake wat toepaslik is ten opsigte van die analyses in hierdie ondersoek, weergegee.

---

<sup>1</sup> *Kroniek uit die doofpot*. Vertaal deur Riet de Jong-Goosens, 1992. Amsterdam: Amber. (Die Nederlandse vertaling het die Afrikaanse “die” in die titel behou.)

<sup>2</sup> *Un Silence Hallucinant*. Vertaal uit Engels deur Bernadette Beaujean, 2003. Paris : Harmattan

Daar word in die eerste instansie na titels verwys. Twee navorsers se opmerkings oor die titels word aangestip.

De Beer (1988: 176) maak die stelling dat die titels se ongewoonheid en die “onliterêre” daarvan opval. Hierdie stelling sluit op ’n sekere manier aan by Roodt (1994: 106) wat die opmerking maak dat daar ’n inherente spanning in Miles se titels is en dat hulle terselfdertyd eintlik “non-titels” is. Roodt sê voorts: “Dit (die titels in *Liefs*) bekroon geen samehangende sin wat uit die reeks tekste te konstrueer is nie, maar dien eerder om ’n ‘polities-, innerlik- en binne-taal-self’ spanning te markeer wat oral aanwesig is”. Hierdie spanning word ook aangetref in “die absurde” wat Miles in die alledaagse situeer en waarna verskeie ondersoekers, soos onder andere Alberts (1982) in sy proefskrif verwys.

Swanepoel en Kruger (1977: 189) dui aan dat “die absurde” en die “futiele spel” wat in *Liefs* en *Okker* voorkom, by die werk van die Sestigters aansluit. Voorts meen hulle dat *Liefs* fokus op die gewone mens wat aan situasies en magte onderwerp word. Ook in *Okker* sien hulle ’n “aliedaagse lewe wat sy weg na die kunswerk gevind het”. In die lig van bogemelde word die afleiding gemaak dat hierdie tekste liever die ligging is waar die reële leser “sien” hoe die aliedaagse en absurde ’n woordwêreld word. Rossouw (1996: 91 - 92) stel dit soos volg: “’n uiting binne die konteks van die werklike lewe wat verwys na werklike objekte wat teenwoordig is, kan verplaas word na vele ander kontekste: die aliedaagse, die literêre, die filosofiese, die wetenskaplike en ander. Die relasie tussen die tekens binne die uiting bly wel dieselfde, maar die relasie tot die tekens of objekte buite die taaluiting het verander en daarom het die hele uiting ook nou binne die nuwe konteks ’n gewysigde betekenis”. Kortliks kan gestel word dat die retoriese konstruk volgens die dekonstruksie gestalte gee aan die referent uit die reële.

Verskeie bronne opper die visuele impak van Miles se woordkuns. Swanepoel en Kruger (1977: 189) merk op dat “Miles se werk veel sterker steun op die tegnieke van die moderne visuele kunste met hul direkte aanslag op die toeskouer”. Hulle meld ook “die gedetailleerde beskrywing, die byna filmiese momentopname, wat ’n poging is om deur die woord die ritmiek van die lewe te stol in ’n aanskoubare fotobeeld” (Swanepoel en Kruger, 1977: 192). Ook De Beer (1988: 46) verwoord hierdie perspektief-manipulering in terme van die filmiese: “Byna al die bewegings op straat

in hierdie bundel word tewens met filmiese noukeurigheid geteken”. Sy wys onder andere op die stolling van die beeld in die kortverhaal *Lucy*, soos byvoorbeeld die fiets wat “lyk of dit wil-wil gly” (De Beer: 16).

In aansluiting by bogenoemde gedagtes kan De Vries (1989: 118) se mening oor die filmiese tegniek en die vervloeiing van grense in Miles se korverhaal *Voorgevoel*, wat net ’n enkele bladsy beslaan, gevoeg word: “Daar is, na my wete, geen ander verhaal met sosiaal / politieke diagnose in Afrikaans wat so volledig die literêre (ook kinematografiese) verskynsel van ‘point of view’ benut nie. In *Voorgevoel* is álle visie én die slotvisioen letterlik in terme van perspektiewe gestel.”

Wat Miles se manipulerings van perspektief betref, is Malan (1998: 695) se opmerking verhelderend. Malan meen Miles se manipulerings van perspektief hou verband met die kombinasie van onthulling en verhulling en onder- en oorbeklemtoning. In hierdie opmerking is die opposisies opsigtelik en Miles se benutting van opposisies van tyd word vermeld.

Ook ander ondersoekers fokus op hierdie opposisies van tyd, soos De Beer (1988: 25) wat wys op die kontras wat bewerkstellig word deur tempovertraging en tydversnellings in *Liefs*. Sy dui aan dat hierdie benutting van opposisies van tyd wyer strek en ook die volgende insluit: die verlede teenoor die hede, of anders gestel, dit wat verby is teenoor dit wat nou is, of die geskiedenis teenoor die huidige. Dit blyk dat hierdie opposisies ook later in *Kroniek* aangebied word, met herinnering as ’n intra- en intertekstuele element.

Wat beide tyd en ruimte betref, herinner Roodt (1994: 81) daaraan dat “geen leesmetode wat pretendeer om ... postmodern te wees, die tydruimte van ’n teks kan benader as representatiewe kontinuum nie”. Roodt stel die “tydruimte in die teks” vir homself voor as ’n nie-liniêre, dinamiese of chaotiese stelsel en daarom word die lees van dié begrippe meer geïntegreer.

In aansluiting by die problematisering van *tyd* maak Botha (1975: 108, 109) enkele stellings betreffende *Okker*. Sy sê dat die roman onder andere “’n ondersoek na die begrip *aandadigheid*” is en sy meen Okker se *aandadigheid* word “ontwar uit Okker se herinnering”. Dit blyk dat Botha tyd koppel aan wat sy tipeer as ’n

herinneringsreeks of die “recherche du temps de Radue”. Botha lê hiermee ’n verband tussen die aandadigheid van die weerlose Okker, tyd en herinnering wat as sodanig te doen het met die (her)oproep van tydsgebonde momente.

Herinnering is nie beperk tot *Okker* nie. Ook in *Liefs* val herinnering op en word soos volg deur Roodt (1994: 116) verwoord: “... al word die gebeure dikwels in die teenwoordige tyd vertel, is dit duidelik dat dit telkens gaan om ’n vorm van herinnering”. Waar dit *tyd* aangaan, is hier ’n opposisie uit te maak tussen *nou* en *herinnering*, maar hierdie ondersoek wil hierbenewens bevestig dat die *nou* in fiksie ook nie gelyk te stel is aan die huidige in die reële nie (Borg, 2007: 29).

De Lange (1997: 60) sê van *Donderdag of Woensdag*: “It is not a linear, straightforward, realistic account. It is a picaresque novel, a satire and a thriller with a cyclical time-structure and changing perspectives ... The novel’s intricate play with time, point of view, and literary quotations, are all of interest.” De Lange (1997: 62) vervolg “dislocation becomes an element in the author’s ironic analysis of contemporary South Africa, more specifically, Afrikaner society. Because the technique is not only a technique, but becomes a subject, it loses its function as evasive strategy”.

Herinnering hou verder verband met die Suid-Afrikaanse politieke situasie ten tyde van publikasies. Roodt (1994: 221) spreek die mening uit dat Miles satiries omgaan “met elemente van die Suid-Afrikaanse politiek” in veral *Donderdag of Woensdag* en *Blaaskans* en só die Suid-Afrikaanse en Afrikaanse feitlikheid demonteer, ontleed en herstruktureer. Van Jaarsveld (1990: 167) stip in haar studie oor referensialiteit in *Blaaskans* die volgende opmerking aan: “Wat die Afrikaner betref, moet hy die rekonstruksie binne die teks dekonstrueer volgens sy bestaande waardes wat onlosmaaklik is van sy kultuurgroep. Roodt (1994: 221) tref voorts ’n parallel tussen die rassehiërargie-problematiek as ordeningsfunksie in hierdie romans en die ordeningsfunksie van die klassehiërargie in die negentiende-eeuse Europese roman.

*Blaaskans* is in ’n rugby-idioom geskryf. Botha (1988: 415) meen die roman *Blaaskans* is ’n verhalende teks “waarin ’n betrokkenheid by die woord, by die skryf-akt, die beperkings, die moontlikhede daarvan, by die omskeppende krag van die verbeelding, met die vertel van die verhaal, eksplisiet aan die orde gestel is”. In

samehang hiermee meld Brits (1996) dat Miles 'n reputasie as aktuele skrywer het en dat sy stem 'n stem teen brutaliteit is. Ook Roos (2004) meen in haar literêr-historiese oorsig van Miles se prosa, dat hy individuele weerloosheid in die lig van die alledaagse en totaal korrupte magstrukture uitbeeld. Roodt (1994: 51) wys op die element van 'n soort minderheidspolitiek wat waar te neem is in die problematiek van 'n tuisland/plakkerskamp en 'n swart polisieman.

Uit die voorafgaande opmerkings oor Miles se tekste kom die subjektiwiteit van die outeurskap, sowel as intertekstualiteit in die oeuve aan bod. Roodt (1994: 78) noem dat daar herhalende patrone in Miles se tekste voorkom wat “tegelyk alternatiewe verbindings in die teks self – maar ook met ander tekste in die ruimste moontlike sinbewerkstellig”. 'n Geïnterpreteerde Suid-Afrikaanse werklikheid is een so 'n teks, veral in die lig van Roodt (1994: 161) se waarneming van Miles se hantering van die begrip *mag*: “In byna al die Miles-werke is daar sprake van 'n stryd teen *Mag*, dikwels met 'n hoofletter gespel. Dit kan verbind word met 'n vryheidsgesinde politieke denke wat die sterkste in die roman *Donderdag of Woensdag* tot uiting kom in die eksplisiete verwysings na anargisme”.

In aansluiting by bogenoemde en as 'n mens ook na ander tekste van Miles kyk wat nie deur hierdie ondersoekers betrek word nie, val dit op hoe divers *mag* in Miles se prosa figureer. In “Lappies, kan jy my hoor, Lappies”, die tweede kortverhaal in die bundel *Liefs*, blyk die bendebaas se gesag en *mag* die hoogste in die betrokke gemeenskap te wees. Uit die teks kan die leser afleidings maak oor *mag* as 'n (wanfunksionerende) faktor binne gemeenskapstrukture. Die term *mag* hou ook betekenismoontlikhede in betreffende etiek, politiek, staatswanfunksionering en staatstruktuurmanipulering. Voorafgenoemde lei die fokus betreffende studie-toepaslike uitsprake oor Miles se oeuve nou na *Kroniek*.

Tot en met hierdie studie was die presiese aard en omvang van die pak dokumente wat as grondslag van *Kroniek* dien, onbekend. Literêre kritici kon gevolglik nie met sekerheid sê of die “lêers van die geval” (p. 15), oftewel die dokumente, fiktief of nie-fiktief is nie. Daar word vervolgens kortliks gekyk na die twee resensies wat die aspek van fiktiwiteit, al dan nie, van hierdie dokumente oorweeg het. Hierdie resensies is benewens hul verskyning in dagblaaië, ook opgeneem in 'n omvattende resepsiestudie wat deur Rousseau (1996) oor *Kroniek* gedoen is.



Pakendorf (1991: 8) meen in sy resensie dat dié tipe teks uit die kollektiewe onderbewussyn ontspring. Hy sê terselfdertyd dat die inhoud meestal nie-fiktief is. Pakendorf meen ook die grondslag van die roman kan baie ou verhaalstrukture, soos die sprokie wees. Sy opmerkings is insiggewend indien dit saamgelees word met die verbande wat Roos (1992: 112 – 123) met Marais se “Klein Riet-alleen in die roerkuil” in haar artikel trek.

Op sy beurt meen Kannemeyer (1991: 2) in sy resensie in die *Beeld* dat die dokumente fiktief is, maar dat dit aan *Kroniek* ’n sekere geloofwaardigheid gee. Kannemeyer tref vervolgens, soos vele ander kritici, onder andere ’n verband tussen John Miles se karakter Moleko in *Kroniek* en Multatuli se Max Havelaar in *Max Havelaar of koffieveilingen der Nederlandse Handelsmaatskappij* (1859).

Naas uitsprake oor die fiktiewiteit, al dan nie van die dokumente in *Kroniek*, fokus ’n aantal studies op die modernistiese / postmodernistiese aard daarvan. Roodt (1994: 86) meen dat *Kroniek* terugreik na die “moreel-didaktiese model van die Dertigerjare in die Afrikaanse prosa toe die ‘volkse’ hoogty gevier het in die beskrywing van onreg en die bose werking van die maatskappy”.

In teenstelling met Roodt plaas Rossouw (1996: 2, 3) *Kroniek* binne die kader van die postmodernisme. Sy motiveer haar uitgangspunt deur te stel dat “John Miles die illusie skep dat hy ’n ‘gewone’ tradisionele teks skryf. In werklikheid is dit egter net uiterlike konstruksie waarbinne die ondermynende elemente skuilgaan”. Sy vervolg deur onder andere daarop te wys dat ondermyning as een van die hoofkenmerke van postmodernisme beskou word, ’n aspek wat sy verderaan in haar studie in besonderhede ondersoek.

Hierdie aspek van ondermyning sou ’n mens inderdaad kon verbind met ’n uitspraak van Burger (1994: 60) in verband met die postmodernisme. Hy noem dat ontologiese twyfel, oftewel wantroue in meta-narratiewe ’n wesenskenmerk van die postmodernisme is: “Onder meta-narratief [*métarécits*] of meesterverhaal, verstaan Lyotard alle beskouings van ’n samelewing; die netwerk van voorveronderstellings, religieus-polities-filosofiese oortuigings wat die samelewing bepaal, maar geen inherente regverdiging het nie” (1994: 60).



Die eerste vermelding van “hierdie verhaal” en “die skrywer”, word op p. 15 van aangetref. Burger (1994: 61) spreek hom in ’n vergelykende studie soos volg oor hierdie fiktiewe skrywer uit: “In albei tekste is skrywers besig om ‘geskiedenis’ te skryf. In albei gevalle is die skrywers besig om hulle verhale te grond op sekere tekste tot hul beskikking; in die geval van *Kroniek uit die doofpot* word die dokumentasie oor Tumelo John se lewe gebruik ...”. Hierdie geskiedenis word ’n *petite histoire* genoem, omdat dit ’n klein geskiedenis is wat altyd net voorlopige regverdiging vir optredes sal verskaf, nooit ontologies-verankerde regverdiging nie.

In *Kroniek* skryf die fiktiewe skrywer vanuit die marge, want hy skaar hom aan die kant van sy karakter en nie aan die kant van die leser wat hy verderaan in die roman identifiseer nie: “Ek het ’n verpligting teenoor my karakter ontwikkel” (*Kroniek*, p. 106). Die skryf vanuit die marge blyk gepaard te gaan met ’n afstandelikheid op meerdere vlakke, soos onder andere, “die meeste witmense is blind” (p. 274), en dat die skrywer se “eie mense” hulle van die teks(te) mag distansieer, byvoorbeeld “... maar ek hoop nie jy wil sulke goed in jou boek inwerk nie, ek kan jou nou al sê die lesers sal dink dis nie die regte plek daarvoor nie” (p. 104). Implisiet verwoord die voorafgaande stellings dat daar ’n breuk tussen die skrywer en leser mag ontstaan. Oor hierdie verskynsel in die literatuur skryf Spivak (1990: 156) dat die skrywer Ngugi Wa Thiong’o so ’n breuk met sy eie mense beleef het. Laasgenoemde het hierdie tipe breuk as onontbeerlik beskou. By implikasie meen ’n skrywer met so ’n ingesteldheid dat ’n storie vertel moet word, wat ook al die koste daaraan verbonde sou wees.

’n Mens sou ten opsigte van Burger se bevinding kon byvoeg wat die fiktiewe skrywer onomwonde in *Kroniek* sê: “Ek sal dit moet aanbied as fiksie” (p. 52) en “Ek gaan oral inmeng” (p. 54). Met sodanige opmerkings plaas die fiktiewe skrywer *Kroniek* inderdaad baie duidelik binne die postmodernisme wat subjektiwiteit, klein geskiedenis en fiksie betref.

In terme van die verdere ondersoek in hierdie skripsie word uitsprake soos dié van Burger as ’n herkodering van kodes van politiek-spesifieke meta-narratiewe gesien. Dit skep die moontlikheid vir ’n betekeniskeppende lesing wat fokus op die karakter binne sy medemenslike verhoudings, sy staatsregtelike verhouding en sy verhouding met sy geboortegrond.

#### **4. *Kroniek*: ’n preliminêre lees oefening**

Met die afhandeling van die studie-toepaslike uitsprake oor die oeuvre van John Miles as agtergrond word daar oorgegaan na die verkenning van *Kroniek* deur te begin met ’n preliminêre lees oefening.

##### **4.1 Die rasionaal vir ’n preliminêre lees oefening**

Die motivering vir hierdie tipe lesing is gebaseer op ’n opmerking van Derrida (1997: 158): “This moment of doubling commentary should no doubt have its place in a critical reading. To recognize and respect all its classical exigencies (sic) [exegesis] is not easy and requires all the instruments of traditional criticism. Without this recognition and this respect, critical production would risk developing in any direction at all and authorize itself to say almost anything”.

##### **4.2 Die verrekening van die parateks**

Die lees van die parateks dra volgens sekere navorsing, soos byvoorbeeld ’n resente proefskrif van Hermans (2011), by tot ’n beter begrip van die teks. Macksey (1997) wat die voorwoord van *Gérard Genette, Paratexts: thresholds of interpretation* (1997) geskryf het, definieer parateks (xvii): “*Paratexts* is about “thresholds,” the literary and printerly conventions that mediate between the world of publishing and the world of the text”. Verderaan omskryf Macksey (xviii) paratekstualiteit in ooreenstemming met Genette se uitgangspunt as volg: “Paratextuality ... those luminal devices and conventions, both within the book (peritext) and outside it (epitext), that mediate the book to the reader: titles and subtitles, pseudonyms, forewords, dedications, epigraphs, prefaces, intertitles, notes, epilogues, and afterwords ...”. Genette (1997: 1) dui daarop dat ’n teks selde sonder versiering en sonder addisionele inligting aangebied word, juis om die “verbruik” daarvan te verseker. Hy sê vervolgens “the paratext is what enables a text to become a book and to be offered as such to its readers and, more generally, to the public”.

In die strewe na ’n goeie begrip van *Kroniek* word die parateks van hierdie roman vervolgens gelees.

### **4.3 Die voor- en agterblad van *Kroniek***

Op die voorblad verskyn die naam van die skrywerspersoon, die volledige titel, 'n houtsnee van 'n kop met 'n verband om die kop en die naam van die uitgewer, Taurus.

Op die agterblad verskyn 'n lys van werke van John Miles wat vroeër verskyn het in chronologiese volgorde. Dieselfde houtsneebeeld van die voorblad is ook op die agterblad afgebeeld, tesame met die naam van die uitgewer "Taurus" asook die kenteken van Taurus.

### **4.4 Die kenteken Taurus**

Volgens Cirlot (1973: 331, 332) kommunikeer Taurus die veglustigheid van die ram. Die teken dui ook op vrugbaarheid en voortplanting in beide die oorwinnende en opofferende hoedanigheid en is in hierdie sin verwant aan die primordiale offer, waarvan die mite van Mithra, uit wie se liggaam alle plante en kruie groei en van wie se saad alle dierspesies stam, 'n voorbeeld is.

Wat die morfologie betref, is die verwantskap wat af te lei is uit die vorm van die bul se kop en sy horings belangrik, want dit simboliseer verswakking aan die een kant en vernuwing en versterking aan die ander kant. Laastens word aangedui dat die Taurus-teken ook die keel en die stem beheer.

Wanneer hierdie aspekte wat met die teken ondervang word op die Suid-Afrikaanse polities-literêre konteks ten tyde van die totstandkoming van die uitgewery van toepassing gemaak word, is die boodskap duidelik. Dit kommunikeer onder andere dat daar 'n primordiale gang van verswakking en vernuwing in die lewe is, waaraan ook 'n onderdrukkende politieke stelsel nie ontkom nie; dat die uitgewery as keel en stem homself veglustig sal opoffer en blootstel in die geloof dat dit sal herleef soos die maan en seisoene volgens die siklusse van die lewe.

### **4.5 Taurus, die Suid-Afrikaanse uitgewer en sy posisie betreffende sensuur**

Taurus is 'n Suid-Afrikaanse uitgewer. Miles (2010: 6) vertel in *Bysaak* in *Die Burger* die volgende: "Taurus was vir bykans twintig jaar, van 1975 tot 1995, gemoeid met 'n

verskeidenheid publikasies waarvan die meeste as riskant gereken is. Sommige is dan ook inderdaad verbied of het in gevaar verkeer om verbied te word. Ander was bloot ‘alternatief’ en is voortgebring met ’n ander wêreld in gedagte as wat die vergrote familie van die Broederbond (as Nasionale Uitvoerende Komitee van die Party) aan ons wou voorhou.” Van Taurus sê Botha (1988: 409) die volgende: “Taurus, in die Afrikaanse literêre konteks, bedui ’n anti-establishment uitgewer, gestig in die middel-sewentigerjare, om publikasiemoontlikhede te verskaf aan ’n reeds aansienlike groep skrywers van die avant garde wat opvallend afwyk van die literêre kanon, en ideologies miskien met die ouderwetse woord ‘linksgesind’ beskryf kan word”. Die publisering van avant garde-werke binne die Suid-Afrikaanse literêre domein van daardie periode, impliseer dat Taurus vernuwing teweeg gebring het (Malan, 1992: 6). Skrywers wie se werk deur Taurus gepubliseer is, is onder andere Brink, Miles, Breytenbach, Prinsloo, Krog en Gordimer. Taurus het ontstaan weens die impak van politieke druk in die vorm van sensuur en Miles was een van die stigterslede: “In reaction to tighter control, Die Afrikaanse Skrywersgilde (The Afrikaans Writers Guild), an organization formed after the banning of *Kennis van die Aand*, organised a conference on censorship. The symposium was closed to the public and the press ... No single strategy emerged from the meeting ... One very effective initiative did come out of this meeting. A group of writers and critics, including Ampie Coetzee, Ernst Lindenberg, and John Miles, founded Taurus, a publishing house intended to publish works by Afrikaner authors who ran the risk of being rejected by the established publishers (De Lange, 1997: 37, 38)”.

De Lange (1997: xi) vat soos volg saam oor die sensuurverskynsel in die Suid-Afrikaanse geskiedenis: “From the middle of the 17th century, the people of South Africa, their actions, their thoughts and their creations, have been controlled by one or another form of colonisation; whether it be colonisation by external powers, or colonisation from within by those who had engineered political structures for the maintenance of rule by minority. Censorship is not only the control of publications, films, theatre and forms of art: it is the offspring of political control”.

Dat *Kroniek* aanvanklik deur Taurus uitgegee is, plaas dit onmiddellik in bogenoemde verband, naamlik as ’n werk wat in spanning staan met die magshebbers.

#### **4.6 Jaar van publikasie**

*Kroniek* word in 1991 gepubliseer. Binne die polities-historiese konteks sou hierdie jaar soos volg gesitueer kon word. *Kroniek* verskyn ná die “epogmakende toespraak” van F.W. de Klerk op 2 Februarie 1990 (Welsh, 2007: 403) en ná die aanvangssessie van Kodesa (Konvensie vir ’n Demokratiese Suid-Afrika wat onderhandelings na ’n demokratiese Suid-Afrika moes laat realiseer), maar voordat Kodesa met sy werksaamhede op 20 Desember 1991 begin het, vóór die ontbinding van Umkontho weSizwe en vóór die totstandkoming van ’n tussentydse regering. Die land verkeer dus in ’n oorgangposisie met die mag steeds in die hande van die ou orde waarbinne die romangebeure afspeel.

#### **4.7 Die houtskop op die buite- en agterblad**

Die versiering op die voor- en agterblad is ’n houtskop van ’n kop. Dit is die werk van Elza Botha, ’n Suid-Afrikaanse kunstenaar. Sy was destyds met John Miles getroud. Die kop het die volgende eienskappe: dit is ’n groot kop, ’n houtkop, ’n blinde kop met diep en leë oogkasse. Dit lyk of daar ’n verband om die kop gedraai is, soos wat sommige mense vroeër gedra het as hulle byvoorbeeld oorpyn gehad het. Dit sou ook kon herinner aan onverskrokke en strydvlustige soldate en rebelle.

#### **4.8 Opdrag, opgedra aan Tshidiso**

Die roman is opgedra aan Tshidiso. Twee karakters in *Kroniek* dra die naam Tshidiso. Volgens die naamlys voor in *Kroniek* is Tshidiso (jr.) die seun van die hoofkarakter, Tumelo John Moleko en sy vrou Penelope Busiswe (Busi). Volgens *Kroniek* (p. 73) is klein Tshidiso in Augustus 1983 ’n jaar oud: “...die klein Tshidiso moet in die huis wees, hy is maar ’n jaar en te klein om met haar te speel”. Die eerste twee verwysings na ‘die ou Tshidiso’ word reeds op die eerste bladsy van die roman aangetref: “...want die ou Tshidiso het nie verniet so stadig geloop nie” en “Wat jy alles van die veld kan leer, dit het Tshidiso hom vertel” (p. 11). Die hoofkarakter sien sy oupa as ’n trotse en wyse man: “... so anders as sy trotse oupa” (p. 12) en “My oupa was mos my veldskool ... (p. 196)”.

Die opdrag verwys dus na sowel die voor- as nageslag van die hoofkarakter.

#### 4.9 Die hoofstukindeling van die roman

Die hoofstukke is in pare gegroepeer en elke alternatiewe hoofstuk se titel is in skuinsdruk. Die eerste een van elke paar vertel die storie van die hoofkarakter, terwyl die alternatiewe hoofstuk as metafiksie die storie van die fiktiewe skrywer in die vorm van besinning en selfrefleksie weergee. Die effek van die alternatiewe selfreflektiewe hoofstuk wat volg op die storie van die hoofkarakter, is in postmodernistiese terme betekenisvol: “In postmodernistiese fiksie is die teks altyd besig om homself binne sy diskursiewe raamwerk te plaas (deur selfrefleksie) en om sodoende opvatting oor kennis, hetsy histories, sosiaal of ideologies te bevraagteken (Burger, 1994: 62, 63). Die teks wat homself binne sy diskursiewe raamwerk plaas, impliseer dat die teks nie in isolasie kan bestaan nie, net soos wat die “ons” nie sonder die “ander” kan bestaan nie. Die teks tree dus in gesprek met onder andere die periode waarin dit ontstaan, die konteks waarin dit ontstaan en bevraagteken dit wat as natuurlik aanvaar word.

Roos (1992: 113) identifiseer die alternatiewe hoofstukke as “die metafiksionele vertelproses waartydens die skrywer-verteller deurlopend ‘inmeng’ deur kommentaar te lewer, vooruitskouings te gee en interpretasies te maak van hóé, waaróór en waaróm hy vertel”. Roos (1992: 113) meen dat daar juis hierdeur “’n tweede, baie tradisionele narratiewe element: die van ’n chronologiese gerekonstrueerde, kousale intrige wat volgens ’n toenemende spanningslyn eenvoudig, onafwendbaar, byna ritualisties ’n klimakspunt bereik”.

Opmerklik van die hoofstukindeling is dat dit met ’n nommer, ’n pleknaam en ’n datum aangedui word. Hoofstuk 24 wat volg op die moord van Tumelo John gee die onbeantwoorde vrae van die fiktiewe skrywer weer. Hierdie hoofstuk dui aan dat die fiktiewe skrywer bekend is met ondersoekende joernalistiek en dit gebruik in ’n poging om meer duidelikheid te kry. Die fiktiewe skrywer dui in hoofstuk 24 aan dat hy antwoorde op sy vrae gaan soek het. Hoofstuk 25 handel oor “Busisiwe Penelope”: “Wat het van Busi geword” (p. 355). Hierdie hoofstuk vertel ook dat die kind alleen by sy vermoorde ouers in die huis agtergelaat is.

Hoofstuk 25 het nie ’n alternatiewe hoofstuk nie; daarop volg die naskrif waarin twee briewe opgeneem is. Die een brief is van die staatsprokureur en die ander een gee kennis dat die moorddossier gesluit word: “... subsequently the case docket is closed

as undetected” (p. 358). Die motto’s voor in *Kroniek* dien moontlik as alternatief op hoofstuk 25 en word in die hieropvolgende bespreking aangesny.

#### 4.10 Motto’s

Daar is twee aanhalings. Die een is uit ’n Tswana-pryslied: “**die liggaam is ’n abbavel**” en die ander is ’n aanhaling deur generaal Jaap Joubert: “**’n moorddossier word nooit gesluit nie**”.

In die eerste aanhaling sou daar enersyds ’n verwysing na die mens se liggaam en siel gevind kon word, met die suggestie dat die liggaam verganklik is, terwyl die siel nie vergaan nie. Hierdie presiese woorde “... die liggaam is ’n abbavel” kom ook op p. 353 in hoofstuk 24 van *Kroniek* voor wanneer Tumelo John se oompie, ook genoem die “Ou man”, na Tumelo John se afsterwe verwys. “Die liggaam is ’n abbavel” mag ook kommentaar lewer op hoofstuk 25 deur te insinueer dat die moord op ’n gewone man soos Tumelo John en sy vrou, nie die gees van weerstand van die gewone man teen ’n onregverdige bestel sal vernietig nie.

Die tweede aanhaling sou kon verwys na die verantwoordelikheid van die polisie as staatsinstrument wat die burgers van die staat moet beskerm. Die suggestie mag wees dat indien ’n moord nie afgeweer kon word nie, die polisie sal voortgaan om die skuldige aan te keer en op so ’n wyse geregtigheid sal nastreef. Hierdie aanhaling is ’n direkte teëspraak met die einde van die romanteks: “... the case docket is closed as undetected” (p. 358). Die roman *Kroniek* as sodanig mag die kommentaar op hoofstuk 25 wees en as roman gehoor gee aan die tweede motto wat aan generaal Jaap Joubert toegeskryf word, naamlik “’n moorddossier word nooit gesluit nie”.

#### 4.11 Naamlys

’n Naamlys verskyn op die derde bladsy. Al die karakters in die roman is in nege groepe ingedeel. Die eerste groep karakters is familieleden en vriende van die hoofkarakter en sy vrou. Dan is daar ses groepe wat die afdelings van die polisie en name van polisiekarakters alfabeties aandui. Daar is ook ’n groep vir regsmense en een vir medici.



#### 4.12 Die titel

Die roman se volledige titel is *Kroniek uit die doofpot, polisieroman*. Wolfeys (1998:2) meld in *The Derrida Reader, writing performances* dat Derrida titels noukeurig lees. Die titel van *Kroniek* vra inderdaad ook vir noukeurige aandag. Die volgende drie elemente in die titel gaan afsonderlik bespreek word, naamlik *Kroniek, uit die doofpot* en *polisieroman*.

Volgens Du Plooy (1992: 237, 238) is 'n *kroniek* 'n sistematiese weergawe of verslag van gedenkwaardige, natuurlike of kulturele gebeurtenisse. Die chronologie van die gebeurtenisse word behou en dit is meer gedetailleerd en gesofistikeerd as “annale”. Du Plooy sê ook dat kronieke in sowel prosa- as poësievorm voorkom. Die meeste kronieke bevat volgens haar “'n onemosionele relaas van feite, sonder kommentaar, interpretasie of gevolgtrekking”. Daar is dus sprake van onbetrokkenheid en die moontlikheid van objektiwiteit. Sy dui ook aan dat die essensiële verskil tussen 'n kroniek- en geskiedskrywing is dat geskiedskrywing “nie slegs beskryf nie, maar uitsoek, rangskik en interpreteer”.

Hierteenoor is die siening vanuit die hoek van dekonstruksie dat die skrywer / outeur op sigself 'n “teks” is met die implikasie dat ook die kroniek- en geskiedskrywer nie objektief is nie. 'n Objektiewe visie ontbreek dikwels by kronieke, aangesien die feite vanuit 'n bepaalde hoek weergegee word en sekere feite beklemtoon word. Daar is dus geen verpligting om voor te gee dat neutraliteit nagestreef word nie. Gegewe bogenoemde kan die term *kroniek* in hierdie geval dui op 'n motief van die nie-fiktiewe skrywer om 'n ander weergawe van die gebeure aan te bied. Die nie-fiktiewe skrywer skryf 'n (apokriewe) resente Suid-Afrikaanse kroniek (of klein-geskiedenis), gefundeer op 'n pak nie-fiktiewe dokumente.

Die term *kroniek* in die titel kan ook intertekstueel inspeel op die boek van Fatima Meer, getiteld *The trial of Andrew Zondo, a sociological insight* (1987). Op die agterblad van dié werk word onder andere gemeld: “This book is a chronicle of circumstances which led to Zondo's actions and the eventual trial before the Magistrate's Court in Durban”.

Die tweede term in die titel wat aandag trek, is *doofpot*. *Doofpot* as term kom net in die titel van die romanteks voor en daarna nie weer nie. Van Schaik se *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (Kritzinger en Labuschagne, 1980: 181) bied die volgende verklaring aan: “**doofpot, -te**, pot met deksel om brandstof uit te doof; *die SAAK is in die doofpot*, oor die saak word verder niks gepraat of geskryf nie; *in die doofpot STOP*, probeer om iets te laat vergeet”.

In die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (Odendal en Gouws 2005: 178) word die volgende inskrywing gevind: “**doofpot** In die uitdrr. iets in die doofpot gooi, stop, sorg dat dit vergeet word; iets is in die doofpot, vergeet.”

Die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (1974: deel 2: 255) gee die volgende verklarings: “1. Pot van erd of metaal met digsluitende deksel, waarin kole gedooft word. 2. Houer van metaal, gew. met fyn uitgewerkte, nousluitende deksel, waarin lewendige kole met as daarvoor bewaar is om by ’n later geleentheid weer vuur, bv. in ’n kaggel of vuurherd, a/d brand te kan steek; dit het as ’n stuk huisraad reeds in onbruik geraak”.

Uit hierdie verklarings blyk dit dat die inhoud van hierdie tipe pot die potensiaal het om ’n nuwe of ’n volgende vuur aangesteek te kry. Die gedagte van die gang van die lewe (waarna voorheen verwys is), van verswakking en vernuwning word dus weer aangetref. ’n Ander eienskap van so ’n pot is dat dit deel van die huisraad was; dit was dus nie ongewoon of vreemd nie. Die opmerking dat dit ’n uitgediende stuk huisraad is, is op simboliese vlak om etlike redes betekenisvol. Suid-Afrika bevind haar in ’n ander tydvak met eietydse ideologiese problematiek en die vervloëndheid van die toentertydse romankonteks mag sodanig wees dat *Kroniek* deur sekere resente, reële lesers as ’n uitgediende roman gesien mag word.

Laastens word die subtitel, *’n polisieroman* van nader beskou. Met die eerste oogopslag bring dit weer ’n spannings- of speur-element na vore. Roos (1993: 112) maak die opmerking dat die subtitel van *Kroniek* opvallend is, terwyl Roodt (1994: 230) meen dat die subtitel ’n ironiese kode aandui.

Rossouw (1996: 15) sê die volgende hieroor: “Die subtitel *polisieroman* tipeer die teks as behorende tot ’n spesifieke genre, naamlik die polisie- of speurroman ... Die

subtitel is egter ironies toegeken, omdat die polisie in die roman nie verteenwoordigers is van wet en orde nie. Die polisie is die misdadigers”. Die volgende uitspraak deur die fiktiewe skrywer teen die einde van die roman is sprekend: “Wat help dit om, sê maar, Kriek te straf? Die Minister van Polisie is dan self ’n terroris” (p. 356).

Vanuit die agterna-perspektief sou gesê kon word dat die (ideologiese) posisie van die fiktiewe skrywer deur hierdie stelling aangedui word. Roodt (1994: 235) meen die subtitel kan gelees word as ’n aanklag teen die polisiemag self en dat *Kroniek* so as ’n postmoderne herkodering van die speurroman as triviaalvorm gesien kan word. Benewens bogenoemde opmerking moet in gedagte gehou word dat daar in die sewentigerjare in Swede ’n rigting in die speurroman ontstaan het waarby die misdadigers in die polisie self geplaas is: “Maj Sjowall and Per Wahloo ... document a reversal of roles for the police, beginning with an orderly, right-minded organization to one in which the unrest and malaise in the society is clearly reflected and the police become corrupt and brutal” (Demko, ongedateerde internetbron: 2). Dieselfde word gevind in die Vlaamse roman van Louis Paul Boon *De bende van Jan de Lichte*, (1957) waarvan die newetitel weliswaar “een bandietenroman uit de jaren 1700” is. Miles het in ’n persoonlike mededeling tydens die Woordfees van 2008 op Stellenbosch aangedui dat hy as dosent aan die Universiteit van die Witwatersrand hierdie roman as voorgeskrewe teks met sy studente behandel het.

Met inagneming van bogemelde en Miles se klem op die etiese doel van die teks soos uitgestippel in die Winterforum in 1993 en aangeteken deur Roodt (1994: 236), sou die subtitel, *polisieroman*, ook kon dui op ’n moderne politieke roman: ”Tydens die Winterforum in Junie 1993 het John Miles in antwoord op ’n vraag opgemerk dat die outoriële selfbewustheid van die teks, wat op die oog af fiksionaliserend werk en as een van die belangrikste ‘tegnieke’ van die roman gesien kan word, ondergeskik gesien moet word aan die etiese doeleindes van die teks”. Volgens hom oorweeg die etiese aspekte van die roman die tekstuele produksie self en funksioneer tekstuele elemente bloot om die seggingskrag van die etiese boodskap te verhoog. Hierdie etiese boodskap waarvan Miles praat, kom ooreen met ’n bevinding van Weideman (1981: 14): “Geëngageerde literatuur is, in sy breedste sin, ’n poging om ontmensliking aan die kaak te stel ...”. Weideman (1981: 16) konkretiseer hierdie

bevinding deur die volgende opmerking: “ ... literatuur engagée (is) ’n standpuntinname ten opsigte van die aktuele, die sosio-politieke bestel ... ”.

In die lig van die oorweging of *Kroniek* ’n polisie-, speurroman of ’n politieke roman sou wees, word die basiese retoriese situasie in die roman soos volg gestel: die hooffiguur en sy opponent, die polisie, word in ’n herverhoor geplaas voor die Afrikaanse leser. Die skrywer stel indirek beide kante se saak, maar kies eersgenoemde se kant. Die roman vorm deur die vertel van die verhaal ’n betoog. Hierdie betoog stuur indirek af op ’n onthulling oor die Suid-Afrikaanse situasie, maar ook oor ’n situasie wat al dikwels in die internasionale literêre wêreld aan bod gekom het. Die finale punt van oortreding deur die magshebbers is wanneer die hoofkarakter en sy vrou vermoor word en sy seun wees agtergelaat word.

Daar word volstaan by hierdie opmerkings oor die titel sodat die fokus kan verskuif na ’n kriptiese eerste lesing van die roman.

#### **4.13 ’n Kriptiese eerste lesing met verwysing na die sistematiese ordening van die roman**

Daar word eerstens gekyk na die ordening van die roman.

Die sistematiese ordening van die roman betrek twee verhaallyne. Beide is chronologies georden en die datum wat ’n sentrale rol in ’n hoofstuk speel, word as opskrif gebruik. In beide verhaallyne word die nie-fiktiewe dokumente sowel as die resente Suid-Afrikaanse geskiedenis as retoriese middels aangewend.

Die een is ’n verhaal oor die lewe en dood van ’n swart polisieman. Dit sou gesien kon word as sy ‘klein geskiedenis’ wat in navolging van Burger (1994: 60) se verduideliking ’n “voorlopige regverdiging” aan sy optrede verskaf. Hierbenewens sou die opteken van hierdie “klein geskiedenis” intertekstueel kon skakel met ’n frase in Meer (1987: 163) se weergawe van die hofsak van Andrew Zondo: “... this was a lone soldier, nondescript and to be lost in the unwritten pages of history”.

Die ander verhaallyn handel oor die proses van boekstawing van die verhaal in Afrikaans deur ’n wit Afrikaanse fiktiewe skrywer. Aspekte soos institusionele

magsmisbruik, geweld in verskillende sferes en rassediskriminasie wat beide verontmenslikend en sistemies is aan die apartheidstaat, is deurlopend aanwesig.

#### **4.13.1 Verhaallyn een**

*Kroniek* vertel die verhaal van 'n idealistiese en ambisieuse, jong swartman, Tumelo John Moleko, wat in 1973 tot die polisiemag toetree om vir homself 'n beter lewe te skep. 'n Werk in die polisie lyk vir hom na die paspoort tot 'n beter lewe. Dan gebeur dit dat 'n wit senior polisieman hom aanrand terwyl hy aan diens is. Hierdie aanranding ontaard in 'n toesmeer en sameswering omdat die aanranding en die gevolge daarvan ten alle koste ontken moet word om die hiërargie te beskerm. Die aanranding en die gebeure wat daarop volg, vind plaas teen die agtergrond van die noodtoestand in Suid-Afrika. Hierdie polisieman word vermoor ten tyde van wydverspreide politieke oproer wat 'n rookskerm vir die misdaad bied. Die roman skets die Suid-Afrikaanse samelewing van die tagtigerjare, tydens die hoogbloei van apartheid. In hierdie tyd glo die meerderheid van die wit bevolking dat die polisie se optrede gerig word deur die drang om Suid-Afrika en al sy mense te beskerm. In die breë gesien, is polisieoptrede in hierdie tydgleuf bo verdenking in die oë van die breë wit gemeenskap. Miles, die reële skrywer, dui met die titel aan dat die verloop van hierdie saak mank gaan aan en skreiend teenstrydig is met dit wat van die polisie verwag word. Van hulle word verwag om 'n saak deeglik te ondersoek en oop te vlek, om enersyds die slagoffer tot hulp te wees en andersyds tot die skuldigebevinding van die oortreder by te dra.

Biografiese inligting van wyle Richard Tumelo Motasi, 'n gewese polisieman, word soomloos vermeng met eietydse geskiedenis en fiksie. Die karakterbeeld word in 'n Suid-Afrikaanse geskiedkundige, geografiese en maatskaplike konteks ingeweef.

Die verhaal wys die karakter vestig sy hoop op 'n beter lewe in die polisiemag. Na die aanrandingsinsident beroep hy hom op die regverdigheidsbeginsel binne die polisiemag, waarvan hy kennelik in sy opleiding moes geleer het. Hierna wend hy hom tot tot die juridiese mag. Helaas, nie een bied aan hom enige beskerming nie.

Die karakter se reis na selfontwikkeling en selfopheffing roep 'n Sisyphus-beeld op, want hierdie reis is gedoem. Die beginsel wat geld, is eenvoudig. Draai teen jou

seniors in die polisie en jy draai teen die gode. Die stryd om geregtigheid (billikheid) maak van die karakter Tumelo John 'n Sisyphus. Camus (1978) meen in *Le mythe de Sisyphus: essai sur l'absurde* Sisyphus moet in sy voortgesette stryd in 'n nimmereindigende absurditeit, as 'gelukkig' gesien word. Maar hierdie beeld van Tumelo John as 'n Suid-Afrikaanse Sisyphus word deur die dood, wat nie onskuldig gekom het nie, vernietig. Gelees in die tradisie van die absurde bring die dood van die karakter 'n einde aan die absurditeit. Ironies genoeg impliseer die dood ook dat die karakter nie verder gelukkig is nie want hy stry nie meer sy stryd nie.

Die verhaal van Richard Tumelo Motasi roep ook 'n ander roman op wat John Miles volgens sy mededeling by die Woordfees 2008, as dosent met sy studente behandel het, naamlik Multatuli se *Max Havelaar*. Maghill (1983: 1316 - 1318) tipeer *Max Havelaar* as 'n politieke satire wat handel oor "n pligsgetroue Nederlandse koloniale administrateur" in Java in Nederlands-Oos-Indië is.

Die verhaal vertel van 'n welvarende koffiehandelaar, ene Droogstoppel, wat deur 'n voormalige skoolmaat voorgekeer word. Laasgenoemde versoek Droogstoppel om deur 'n aantal manuskripte te lees met die oog op die moontlike publikasie van 'n boek. Droogstoppel meen die dokumente het betrekking op die koffiehandel, waarop hy dit aan 'n klerk gee wat onderneem om dit ongesensureer reg te kry vir publikasie. Hierdie inligting word dan die roman *Max Havelaar*. Die een hoofkarakter is Havelaar wat aan geregtigheid glo. Die uitbuiting van die Javaanse bestaansboere stuit Havelaar teen die bors, veral omdat dit geïnstitusionaliseer is. Die Nederlanders regeer die eiland deur middel van inheemse hoofmanne en die reëling is dat hul vergoeding gekoppel word aan die lewering van uitvoerprodukte wat Nederland wil hê. Die inheemse regent van Lebak, die area waar Havelaar die amp van assistent-resident opneem, is relatief arm omdat Lebak nie 'n groot verskaffer van gesogte uitvoerprodukte is nie. Die inheemse kleinboere se posisie in Lebak is meer benard as in ander streke, aangesien die regente periodiek hul eie finansiële posisie verbeter deur die onregmatige toeëiening van eersgenoemde se besittings. Die amptenary sluit hul oë vir hierdie vergrype wat afpersing, uitbuiting en stroping van onder andere waterbuffels insluit.

Havelaar poog om hierdie ongeregtheid te beredder deur voorstelle en hulp aan die inboorling regent. Havelaar raak ook op grondvlak betrokke. Die plaaslike bevolking

vertel hom van (ontstigtende) onregte wat teen hulle gepleeg word en hy probeer ingryp. Dit is egter 'n ongelyke stryd, want vir die Nederlandse amptenary gaan dit eerstens oor die bevoordeling van Nederland as vaderland. Havelaar neem dan sy protes na 'n volgende vlak. Hy samel inligting teen die regent in met die hoop dat sy onmiddellike meerdere, die resident van Bantam, drasties sal optree. Toe hierdie strategie nie werk nie, beroep Havelaar hom op die goewerneur-generaal van Nederland. Teen sy verwagting word hy uit sy pos ontslaan en verplaas na 'n ander deel van die eiland. Hierdie amptelike optrede is vir Havelaar onaanvaarbaar en hy vertrek na Batavia om die goewerneur-generaal persoonlik te nader. In Batavia word Havelaar egter nie te woord gestaan nie, waarna hy 'n kwetsende brief skryf, maar ook dit lewer geen resultate op nie. Die goewerneur-generaal vertrek per skip na Nederland sonder dat hy Havelaar 'n oudisie gee.

Die skrywer, Multatuli, 'n pseudoniem, kommunikeer as reële skrywer aan die einde van die romanteks sy intensie aan die leser. Hy verklaar dat hy “iets aan Havelaar se kinders wil nalaat” en hy wil hê mense moet weet dat Javane in die naam van die Nederlandse koning mishandel word (Maghill, 1983: 1318).

Roos (1992) lees die verhaallyn van die karakter Tumelo John in haar artikel oor die “voorgeskiedenis” van *Kroniek* op literêr-strukturele vlak volgens die sprokie en identifiseer treffende ooreenkomste tussen die hoofkarakters van “Klein Riet-alleen-in-die-roerkuil” (deur Eugene Marais, 1927) en *Kroniek*. Roos (1992: 114, 115) toon aan dat Tumelo John soos Riet-alleen die een is wat die huis verlaat en dat Tumelo John ook drie maal “met bedrieërs wat van gedaante kan verwissel”, gekonfronteer word. Sy sien ook 'n duidelike ooreenkoms in soverre dit hul dood aangaan: “Wanneer klein Riet op die ou end by sy eie vuurtjie en deur sy eie mense doodgemaak word, vorm dié omstandighede en die beskrywing van die ‘straf’ vir sy ongehoorsaamheid 'n parallel met, en is daar selfs 'n letterlike verband met Tumelo John se dood. Ook hý word genadeloos in sy huis deur kollegas en vriende vermoor – om hom 'n les te leer, en, volgens die fiktiewe skrywer, omdat hy gedink het die lewe is 'n vuurtjie om jou by warm te maak, en met vuur kan jy maar speel” (Miles, 1991: 15).



#### 4.13.2 Verhaallyn twee

'n Gegewe wat 'n sentrale plek in die tweede verhaallyn bekleed, is die feit dat *Kroniek* 'n gemaakte woordprodukt is. Die fiktiewe skrywer is die vertelinstantie. Sommige ondersoekers verwys na die vertelinstantie in *Kroniek* as die *skrywer-verteller* of die *skrywende verteller* of die *skrywer-karakter*. In hierdie ondersoek word die vertelinstantie die fiktiewe skrywer genoem.

Intertydse resente Suid-Afrikaanse geskiedenis as konteks-agtergrond word vermeng met inligting uit die dokumente. Hierdie verhaallyn behels die omvorming van (nie-fiktiewe) dokumentêre gegewens tot literatuur. Wat die chronologie van die verhaallyn betref, maak Rossouw (1996: 4) die opmerking dat hierdie vertelling, desnieteenstaande die chronologiese ordening, “fragmentaries” is omdat 'n “versplinterde en onderbroke weergawe van die verlede” gegee word. Roos (1992: 113) tipeer hierdie verhaallyn as 'n “metafiksionele vertelproses,” want volgens haar word 'n tweede kroniek geskep, aangesien “die skrywer-verteller deurlopend ‘inmeng’ deur kommentaar te lewer, vooruitskouings te gee en interpretasies te maak van hóé, waaróór en waaróm hy vertel”. Die skrywer-verteller maak ook verskeie kere in die teks melding van die “organiserende en stilerende rol” wat hy vertolk (Roos, 1992: 113).

Rossouw (1996: 6) toon aan dat die lees van *Kroniek* deurgaans noukeurig deur middel van opdragte van die fiktiewe skrywer aan die fiktiewe leser gerig word. Hieroor sê Rossouw (1996: 6): “Die kommunikasie tussen skrywer en leser word sodoende op eksplisiete wyse in die teks getematiseer en vooropgestel”.

Die fiktiewe skrywer rapporteer uit dokumente wat uit “verklarings, briewe, 'n oneindige aantal vorms” bestaan (p. 16) en voeg fiksie by. In die proses word historiese gegewens en reportage tot literatuur omskep. Hoewel hoofstuk twee se opskrif “Johannesburg, Augustus 1988” is, lui die inleidende sin van hierdie verhaallyn: “Hierdie verhaal het eintlik geen begin nie” (p. 15). Dit is 'n frase wat meer as een keer in die teks aangetref word en ook oënskynlik in die teks teëgespreek word: “Al hierdie probleme het eers Septembermaand begin toe ek deur kolonel Van Niekerk aangerand is. Sedert daardie dag word die lewe vir my onmoontlik gemaak” (p. 201).

Die selfbewuste, fiktiewe skrywer se verhaal begin in Augustus 1988 in Johannesburg: “As ek ’n boek daarvan moet maak, dan is ek en hy saam daarin: die polisieman en die skrywer, die swarte en die witte, elk afgekamp in sy eie houbied, maar saam in die kake van ’n opvreetmasjien waar net die blindes uitsig het en vryheid van beweging. Sy geskiedenis is my storie, sy verhaal: my beheptheid” (p. 16). Hierdie motivering vir die skryf van die boek word verskeie kere en wel uit verskillende hoeke deur die fiktiewe skrywer geopenbaar. Retorika word ingespan om prominensie aan die motivering vir die skryf van die roman te gee, wat die vermoede laat ontstaan dat dit ooreenkom met die intensie van die ideologiese instansie agter die teks, oftewel die *implied author*. Van Gorp, Ghesquiere en Delabastita (1998: 215) verduidelik die *implied author* soos volg: “Het is eigenlijk het beeld dat de lezer krijgt van de ‘auteur’ de achter (in) een bepaald verhaal steekt (ideologie, levenshouding, evaluaties, e.d.). Dit beeld is niet alleen af te leiden uit expliciete commentaar van een verteller ... maar ook en vooral uit de aard van de geschiedenis zelf die verteld word.”


Só gesien, toon die beeld van die fiktiewe skrywer in *Kroniek* ooreenkomste met dit wat Weideman (1981: 106) aanteken oor die “geëngageerde skrywer”: “die hedendaagse skrywer het, soos die mens wat hy uitbeeld en met wie hy hom identifiseer, ’n ongeduld met diegene wat die status quo ten alle koste wil behou”. Verderaan sê Weideman (1981: 320) dat “Wanneer die Staat op een of ander statutêre wyse die vryheid of waardigheid (menswaardigheid, gelykwaardigheid) van mense aantast, kan die skrywer dit in sy teks uitbeeld met die doel om kommentaar daarop te lewer of om dit aan die kaak te stel”.

Die leser word telkens aan die tekstualiteit herinner, soos op p. 13: “Ek stel my voor dat ...”. Burger (1994: 61) lees die kort kommentariënde hoofstukke in *Kroniek* as selfbewustelike geskiedskrywing. Hy verbind ook *Kroniek* intertekstueel met *Het beleg van Laken* (uit die pen van Walter van den Broeck, 1985) en sê: “In albei gevalle is die skrywers **besig om hul verhale te grond op sekere tekste tot hul beskikking**”. Dan maak Burger (1994: 63) die stelling dat die gebruik van taal ’n soeke na mag is: “Die gebruik van taal, deur die vertel van verhale (natuurlik ook die vertel van geskiedenis) is ’n soeke na mag”. Burger (1994: 63) stel ‘taal’ gelyk aan ‘skrywe’ deur te verwys na *Het beleg van Laken* (p. 180) en sê: “Skrywe (taal) is ’n poging om van die ‘beeld-zijn’ tot ‘ik-zijn’ te kom”. Burger (1994: 63) belig so die

mag en onmag van skrif, veral deurdat hy dan weer die fiktiewe skrywer aanhaal: “In *Kroniek* besef die skrywer dat die lewe nooit in taal weergegee kan word nie.

‘Daardie lewe is net nog ’n woord, ’n doekie wat taal om ons oë draai...’” (p. 16).

Ek wil ’n woordaanpassing hier voorstel, naamlik ‘skrif’ vir die Franse term ‘écriture’ in die plek van ‘skrywe’. Dit is in ooreenstemming met die *Woordeboek Afrikaans-Frans, Frans-Afrikaans*, (Strelen en Gonin, 1950: 282): “écriture (f.), (hand)skrif”. Dit bring ’n mens by ’n belangrike aspek van die roman, naamlik die kwessie van mag wat in skrif gesetel is: “Ek sal Moleko nie daardeur ’n nuwe lewe kan gee nie, ek sal die onreg nie kan goed maak nie, nie die skuldiges aan die man bring nie...maar ag, miskien wel” (p. 52). Die mag van skrif is latent in die teks opgesluit en kan slegs deur die lees van die teks geproduseer word. Die betekenis wat geproduseer word, staan “vry” van die intensie van die skrywerspersoon omdat die merke wat hy gemaak het deur hom verlaat (“abandoned”) is. Die versugting in die opmerking “Ek sal Moleko nie daardeur ’n nuwe lewe kan gee nie...maar ag, miskien wel” is literatuur-gesproke meerduidig, want die leesproses kan aan die karakter ’n ‘nuwe lewe’ gee.



#### **4.14 Die konteks van *Kroniek***

Die konteks soos dit gevind word in die teks word hier aangestip.

##### **4.14.1 ’n Greep uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis**

In *Kroniek* word ’n seleksie uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis en die politieke situasie van die tyd weergegee. Met verwysing na die dekonstruksieteorie oor die hersamestelling van konteks wat vroeër behandel is, word die konteks waarin die roman tot stand gekom het, opgeroep, wel wetende dat so ’n hersamestelling noodwendig groot gapings en leemtes bevat en nooit ‘onskuldig’ is nie. Die motivering vir die aanstip van die konteks in hierdie ondersoek hou verband met die dekonstruksie-uitgangspunt dat konteks betekenis skeppende (nie betekenis draende) waarde het.

In die hieropvolgende paragrawe word aangedui dat die histories-relevante gegewens in *Kroniek* verwys na die politieke onrus in Suid-Afrika. Insidente wat in die roman

ingeskryf word, is onder andere die politieke onrus van Junie 1976 en September 1984, die nuwe driekamer-parlement wat nie inklusief is nie, die groepsgebiedewet en die noodtoestand wat in sekere distrikte afgekondig is: “Die Opstand van die Kinders op 16 Junie 1976 het hulle so te sê onverhoeds betrap” (p. 38), en “Op pad na die Orlando-polisiestrasie kon Tumelo John reeds (onder die geraas van helikopters) iets van die verwoesting sien. Uitgebrande voertuie, afgebrande geboue, mense wat haastig wegskarrel, min mense, maar oral oë, oë wat dit uitroep: skok, woede, angs, onsekerheid; of gewoon dik gehuil van die traanrook” (p. 41). Hiermee saam kan ook ’n opmerking van Meer (1987: 149) intertekstueel gelees word: “...the events of 1976 overran the country and whipped the Black people into a new stage of resistance...”

Die fokus op September 1984 belig drie (ironies) komplimenterende aspekte, naamlik ’n nuwe grondwet wat nie inklusief is nie, die herdenking van Steve Biko se dood en nasionale polisieoptrede: “In September ’84 is daar ’n nuwe grondwet met die eerste uitvoerende Staatspresident. September is ook die herdenking van Steve Biko se dood en ek weet daar is in 1984 al die week voor die 13<sup>de</sup> September ’n verbod geplaas op vergaderings om sy dood te gedenk.” En “... maar moenie vergeet nie, in September ’84 kry ons feitlik ’n nasionale klopjag: Operation Thunder Chariot, die heel grootste militêre oefening wat hierdie land ooit gesien het” (p. 105).

Die uitsluiting van swartmense as stemgeregtigdes word as deel van die konteks geskets deur die verwysing na “Ons petisie. Teen Botha se nuwe parlement sonder ons swartmense ... Jy’t gesien net 17% van die Kleurlinge het toe gestem en nog minder Indiërs” (p. 133). Die teks sê ook dat mense wat nie kan stem nie by implikasie ook nie gegriefd kan wees in die oë van die magshebbers nie, want hulle het nie ’n instrument om ’n grief te laat hoor nie: “Mense kan nooit wettige griewe hê nie, nie swartmense nie” (p. 127).

Wat die groepsgebiedewet en tuislandbeleid betref, is daar meerdere kontekstuele gegewens, soos: “Sy oompie vloek dat Tumelo John sy goeie oor nie kan glo nie, wat dan nou? Die ou man vertel ontsteld van die nuwe uitsettingsbevele wat die mense van Bosplaas by die Mangope-regering gekry het” (p. 150).

Die noodtoestand wat in sekere dele van Suid-Afrika afgekondig is en gepaardgaande beheermaatreëls, word in die romanteks belig: “Nog dieselfde maand word ’n

noodtoestand in sekere distrikte afgekondig. Byna 'n 100 swart dorpe beset deur meer as 35 000 troepe" (p. 209).

Dit is duidelik dat die breë Suid-Afrikaanse politieke konteks deur apartheid oorheers word.<sup>3</sup> Dit is interessant toepaslik dat Derrida (1986: 160) hom soos volg oor Apartheid uitspreek: "a massively present reality, one which no historian could seriously put in question. It is a call to struggle but also to memory".

#### **4.14.2 Die dokumentêre gegewens as konteks**

Die dokumente wat in *Kroniek* opgeneem is, is, gegewe die teoretiese uitgangspunt van hierdie ondersoek, op sigself teks en ook konteks. Gevolglik behoort dit, indien dit beskikbaar is, indringend gelees te word. Hierdie aanname word gegrond op 'n uitspraak van Derrida (1997: 158), naamlik: "To read Plato and Aristotle well, one must learn Greek, learn as much as possible about their predecessors, contemporaries, and successors, about their religious, social, political, and historical presuppositions, understand the complex history of subsequent interpretations of their works, etc. this is "not easy"; indeed, it is an infinite task, and deconstruction is not a license to circumvent it. For otherwise, if this reading does not take place, then "anything goes," and readers may say of a text whatever comes into their heads".

In die lig van bogenoemde opmerking van Derrida verskuif die fokus nou na die nie-fiktiewe dokumente.

### **5. Dekonstruktiewe lees oefening fase 1: 'n letterlike dekonstruksie van *Kroniek uit die doofpot, 'n polisieroman, met behulp van die nie-fiktiewe dokumente***

Daar sal vervolgens gepoog word om *Kroniek* saam met die dokumente te lees. Die motivering vir hierdie lees oefening hou, benewens die beskikbaarheid van die dokumente en Derrida (1997: 158) se standpunt hierbo, ook verband met 'n uitgangspunt van Belsey. Belsey (1983) meen dat 'n literêre teks 'n *konstruk* is wat deur 'n skrywerspersoon gekonstrueer is. Op die mees basiese vlak behoort die dokumente as boublokke in die konstruksieproses identifiseerbaar te wees. Die

---

<sup>3</sup> Inligting wat kruisverwysend na die konteks van *Kroniek* gelees behoort te word, is aangeteken onder die opskrifte 4.3 Die kenteken van Taurus; 4.4 Taurus as uitgewer en sy posisie betreffende sensuur; 4.5. Jaar van publikasie.

standpunt van hierdie eerste lees oefening is dat *Kroniek* ’n rekonstruksie van die nie-fiktiewe dokumente is en dat dit gedekonstrueer kan word om die neerslag van die dokumente in die roman aan te dui. Indien dit wel die geval is, sal palimpses deur die leesproses blootgelê word. Palimpses word soos volg in die voorwoord van *Of Grammatology* (p. 1xxv, 1xxvi) omskryf: “... the relationship between the reinscribed text and the so-called original text is not that of patency and latency, but rather the relationship between two palimpsests. The ‘original’ text itself is that palimpsest on so-called ‘pre’-texts that the critic might or might not be able to disclose and any original inscription would still be only a trace: ‘Reading’ then resembles those X-ray pictures which discover, under the epidermis of the last painting, another hidden picture: of the same painter or another painter, no matter, who would himself, for want of materials, or for a new effect, use the substance of an ancient canvas or conserve the fragment of the first sketch”.

Die doel van hierdie lees oefening is om vas te stel watter dokumente gebruik is en of dit (of gedeeltes daarvan) letterlik of kreatief gebruik is.

Die werkswyse behels die chronologiese lees van die roman. Met ’n aanhaling uit die romanteks sal aangedui word waar ’n nie-fiktiewe dokument in *Kroniek* herken word. Die betrokke dokument of betrokke gedeelte van die dokument sal dan net na die gedeelte in die romanteks, met ’n lettergrootte van 10 weergegee word. Waar toepaslik sal kortliks kommentaar gelewer word betreffende ooreenkomste of verskille tussen die romanteks en die dokument(e).

## **5.1 Kreatiewe nie-fiksie**

Die benutting van die pak gefotokopieerde, nie-fiktiewe dokumente ‘in die skeppingsproses’ van *Kroniek*, impliseer noodwendig dat hierdie roumateriaal gemanipuleer en verwerk is, ten einde rapportering tot fiksie te transformeer. So ’n manipuleringsproses word deur Brown en Krog (2011:1) tydens ’n gesprek oor ‘kreatiewe nie-fiksie’ as genre, in *Creative Non-Fiction: A Conversation* soos volg beskryf: “writing which makes its meaning at the unstable fault line of the literary and journalistic, the imaginative and the reportorial”.

## 5.2 Die oorsprong van die dokumente volgens *Kroniek*

Daar sal eerstens gekyk word na die oorsprong van die dokumente volgens *Kroniek* self.

Die eerste twee verwysings daarna is: “Die skrywer se belangstelling was geprikkel en die vriend het onderneem om die lêers van die geval – ‘dit gaar tog net stof op by die prokureurs,’ het hy gesê – vir hom in die hande te kry” en “’n Paar dae na die gesprek met sy vriend kom die skrywer tuis en daar lê dit. ’n Spul lêers in ’n groterige geel plastiek-inkopiesak ingedruk” (p. 15).

In *Kroniek* word ook na die verband tussen dokumente, die roman, die prokureur en die fiktiewe skrywer en vriend verwys: “Die prokureur by wie die skrywer se vriend die lêers gekry het, is ’n besige man ... Hier het my nuwe hoofkarakter ook gesit, dink die skrywer en hier sit ek ...” (p. 50).

Benewens die dokumente bring die prokureur die fiktiewe skrywer ook in kontak met ander persone wat die inligting uit die dokumente kan aanvul: “Ek gee jou die telefoonnommers van sy swaer in Soweto en van Brian Huma, my vroeëre kollega, wat eintlik die saak van die begin af hanteer het. Praat liever met hulle” (p. 51).

Ook later in die teks word verwys na die prokureur wat aan die fiktiewe skrywer sê dat hy sy lêers wil terughê: “Craig Byron bel en vra: ‘Wanneer kry ons jou boek? En wanneer kry ek my lêers terug? Ek sal weer daarna moet kyk, ek wil nie deur jou boek verwar word nie’” (p. 276).

Volgens die romanteks, *Kroniek*, is die dokumente dus afkomstig van ’n prokureurskantoor en is dit deur ’n vriend na die skrywer se huis gebring.

**In soverre dit die reële dokumente aangaan**, is daar etlike aanduidings dat die dokumente wel vroeër in ’n regspraktyk geliasseer was. Voorbeelde van sulke aanduidings is regsdocumente met briefhoofde van regspraktyke, beëdigde verklarings wat in die teenwoordigheid van prokureurs afgelê is, memoranda van prokureurs, opinies van advokate en dagvaardigings.



Tussen die dokumente is daar 'n brief van 'n prokureur waarin navrae gedoen word oor die vordering met die boek. Dit is gedateer 23-01-1989 en die kantoor van oorsprong is "Lawyers for Human Rights, National Directorate", Pretoria. 'n Uittreksel daaruit lui soos volg: "Dear John, I am writing to enquire what progress is being made with your investigations and book on Richard and Irene Motasi ...". In hierdie brief is daar egter geen verwysing enige lêers van 'n kliënt nie.

### 5.3 Die toegang tot die dokumente vir navorsingsdoeleindes

Die betrokke nie-fiktiewe dokumente is deur die skrywerspersoon, John Miles, aan professor W.J. van Zyl wat verbonde is aan die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Wes-Kaapland, gegee. Hierdie dokumente is tans in 'n boogkniplêer. Dit is ryk aan inligting, onder andere, persoonlike inligting. Die oorgrote meerderheid van die dokumente is weliswaar fotokopieë en sommige van hierdie fotokopieë is dof. Laasgenoemde opmerking is in ooreenstemming met dié van die fiktiewe skrywer van die roman (p. 16).

### 5.4 Die aard van die reële dokumente

Die aard van die reële dokumente is uiteenlopend. Hierdie ondersoek sal poog om die ooreenkomste en verskille tussen die versameling reële en die romanmatige passing daarvan aan te toon.

Volgens *Kroniek* (p. 16) was die een lêer die kliënt se eie en het dit persoonlike dokumente bevat, soos 'n "persoonsbewys, salaris, en troudatum, die kind se geboorte, amptelike briewe in 'n uitblafstyl, dowwe fotokopieë...".

**Wat die persoonlike dokumente betref:** daar is nie 'n persoonsbewys of 'n salarisbewys of 'n trousertifikaat tussen die dokumente nie.

**Die register van die amptelike briewe:** die register is formeel. Die gesagsposisie teenoor die regsposisie is duidelik. Dit is ook in opposisie met mekaar en die register van die taal wat gebruik word, is formeel en wedersyds uitdagend. In *Kroniek* (p. 16) word dit as 'n "uitblafstyl" getipeer.

**Regstegniese dokumente:** Tussen die dokumente is daar dié wat regstegnies is, soos regsopinies wat deur 'n prokureur aangevra is en wat deur 'n advokaat geskryf is.

Daar is prokureursbriewe uit die kamp van die klaer en poskantoorbewyse dat dit versend is. Daar is ook staatsprokureursbriewe uit die kamp van die verweerder. Daar is velerlei amptelike dokumente, soos die ‘Uittreksel uit Diensregister’, briewe op briefhoofde soos dié van die Suid-Afrikaanse Polisie, die Bophuthatswana-polisie, Polmed-siekefonds, regspraktisyns, die Regshulpraad, Regslui vir Menseregte, hospitale en die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Dan is daar ook beëdigde verklarings waarvan sommige professioneel opgestel en onderteken is, terwyl ander sonder professionele steun opgestel is, en nog ander wat ongeteken is. Ook afdrucke uit voorvalleboeke, soos gehou in die dienskamer van ’n polisie-opleidingskollege, mediese sertifikate, amptelike vorms, briewe, notas, notules van personeelvergaderings en dissiplinêre verhore, asook twee doodsertifikate, vorm deel van die pak dokumente.

In die breë sou die dokumente verdeel kon word langs die lyne van oorsaak en gevolg (tot die dood), van klaer teenoor verweerder, en verweerder wat op sy beurt klaer word, van beskuldigings en ontkenings en teenbeskuldigings. Van hierdie dokumente is volledig en duidelik en sluit aan by ander wat dit voorafgaan of volg. Ander dokumente is onvolledig en daar is ook dokumente wat met groot moeite ontsyfer kan word weens moeilik leesbare handskrifte, telegramstyl en dofheid.

### **5.5 Die interne ordening van die nie-fiktiewe dokumente**

Die fiktiewe skrywer gee te kenne dat hy die inhoud van die lêers orden: “Hy het die warboel verklarings, briewe, ’n oneindige aantal vorms – wat ’n armsalige beeld van ’n lewe! – in ’n lyn van oorsaak en gevolg probeer plaas”(p. 16). Die ordening van die dokumente word ook op p. 52 van die roman gemeld: “Ek het fotokopieë van alles in die lêers gemaak om elke stuk chronologies te kan plaas...”

**Die geordendheid:** die dokumente waarna in die roman verwys word, is georden, maar die basis van die ordening is vir ’n buitestaander moeilik te ontsyfer. Daar is ’n komplekse samehang tussen die onderdele en die fyner besonderhede.

Die dokumente is in ’n kort interne prokureursnota, gedateer 1986-09-17, baie gepas beskryf: “There are a 101 statements in the file and the contents of this file are a little confusing. However ...”

Wat die reële dokumente betref, is daar 'n interne chronologie wat in 'n sekere sin saamhang met die interne chronologie van *Kroniek*, maar terselfdertyd is daar ook 'n onafheid of chaos. Hierdie onafheid of chaos kan toegeskryf word aan leemtes of onvolledigheid, moeilik leesbare handskrifte, soms dowwe fotokopieë, diskontinuiteite teenoor dupliserings, voortdurende konflik op verskeie vlakke tussen verskeie partye oor verskeie aangeleenthede en ook prosedurele en regstegniese verwysings. Voorbeelde van sodanige regstegniese verwysings is die **sertifikaat van bestelling** gedateer 1985-07-02 en 'n prokureur se uiteensetting van omstandighede. **Sien aanhangsels 1 en 2.**

## 5.6 Die rekonstruksie van 'n lewe met behulp van “die pak dokumente”

Die dokumente speel dus in die roman 'n prominente rol in die rekonstruksie van 'n doodgewone mens (p. 51) se lewensverhaal. Die aanname is: hoe meer volledig die dokumente is, hoe minder is die kreatiewe element, en gevolglik hoe meer getrou is die rekonstruksie. (Let ook op die sinspeling van doodgewoon, naamlik gewoon dood of niks abnormaals nie.)

### 5.6.1 Die onvolledigheid

In *Kroniek* (pp. 51, 52) word kommentaar gelewer op die dokumente as inligtingsbron: “Daar is soveel gapings in die hele geskiedenis, meer gapings as geskiedenis, byvoorbeeld hierdie verslag van 'n departementele ondersoek, dit begin op bladsy 11, waar is die eerste tien? Lyk my selfs die dokumente is onvolledig”.

Hierdie opmerking kan verbind word met 'n bepaalde dokument uit die versameling reële dokumente: 'n **Departementele ondersoekverslag**, gedateer 1986-12-18. Die verslag rapporteer oor die aanvanklike klag van 26 November 1984. Tumelo Richard Motasi is die verweerder en majoor M.J van den Heever is die voorsitter. Die verslag is onvolledig en begin op p.11.

### 5.6.2 Die papierkarakter en die regs persoon in die dokumente: 'n konstruksie

Tumelo John Moleko is die fiktiewe karakter wat deels geskep is uit dokumentêre gegewens wat betrekking het op Motasi. Tumelo John Moleko kry sy naam teen die einde van hoofstuk 4: “Ek sal hom Tumelo John noem,” sê die skrywer. “En sy van: Moleko. Tumelo John Moleko” (p. 54).

Die reële persoon oor wie die dokumente handel se naam is **Tumelo Richard Motasi**.

### 5.6.2.1 Geboortedatum en provinsie van herkoms

Die agtergrond van die hoofkarakter word geskep deur inligting wat in die eerste hoofstuk aangetref word. Die opskrif van hoofstuk 1 lui: “**Senekal in die Vrystaat, 1952 ...**”. Indien dit saamgelees word met inligting wat verderaan verskaf word, “Tumelo John was maar nege ... dit was die einde van Mei 1961” (p. 11), kan afgelei word dat Tumelo John in 1952 op Senekal in die Vrystaat gebore is. Daar word ook vertel dat sy ouers plaasarbeiders was: “Tumelo John se pa was plaasarbeider. Sy ma ook” (p. 12).

Sy skoolstudies kwalifikasie word aangedui as standerd ses: “Aan die einde van standerd ses is Tumelo John dorp toe om werk te soek” (p. 12). In Senekal doen hy “los werkies”, maar hy streef na iets beters: “Intussen het hy by die polisiemag aansoek gedoen” (p. 13). Veel later in die teks probeer Tumelo John sy broer Kopiki oortuig om verder skool te gaan en sê hy vir hom: “Kyk hoe’t ek gesukkel om my matriek te kry. As ’n man eers begin werk, is jy nie sommer lus vir skoolwerk nie” (p. 236).

Hierdie besonderhede klop met die **dokumente van Motasi**:

Die geboortedatum van Motasi is 02 Augustus 1952. Dit is volgens: (1) die **kliniese verslag van distriksgeneesheer** SAP 34(a) van 2/12/1985 en (2) werkgewer se verslag oor ongeval, **W.CL.5**, geteken op 11 Maart 1986.

Motasi was oorspronklik van die Vrystaat: Aangedui in “**memo**” van prokureur Makhambeni, sien **aanhangsel 2**.

Hy is op Senekal gebore: aangedui in **Uittreksel uit Diensregister**, gedateer 21/5/85. Sy ouers was plaasarbeiders, volgens ’n dokument gedateer 1985-08-08.

Sy opvoedkundige kwalifikasie volgens die **Uittreksel uit Diensregister**, gedateer 1986-05-21, is standerd 6. Volgens hierdie dokument is hy op 1980-04-01 van konstabel na sersant bevorder.

In die dokumente is nie ’n bewys van ’n matrieksertifikaat nie. Dit is onduidelik of Motasi matriek verwerf het.

### 5.6.2.2 Indienstreding en opleiding

Uit die romanteks kan die leser konstrueer dat Tumelo John 'n polisieman in die Suid-Afrikaanse Polisiediens is. Aanvanklik is hy 'n jong konstabel: “Die Vrydag in 1973 toe Tumelo John by die Clevelandse polisiestasie opdaag ...” (p. 18). “Sy opleiding van ses maande by die polisiekollege ...” (p. 19); “Nog nooit het 'n halfjaar vir Tumelo John verbygevlieg soos die laaste ses maande van 1973 nie” (p. 24); “met die uitpasseer op 14 Desember ...” (p. 25). “Middel Desember van daardie jaar is hy weer terug in Johannesburg, nou 'n behoorlike konstabel” (p. 26).

**Dokumente:** Motasi was sedert 25 Mei 1973 in diens van die Suid-Afrikaanse Polisiediens. Dit word onder andere aangedui in dokumente, gedateer: (1) 1985-07-03, (2) 1985-08-08 en (3) uittreksel uit **Diensregister** van 1986-05-21.

### 5.6.2.3 Huwelikstatus en eggenoot

*Kroniek* stel die leser in staat om 'n beeld van Tumelo John se vrou te skep deur die aanbod van die volgende gegewens: haar naam is Penelope Busisiwe en hy ontmoet haar “in die winter van 1975 toe hy Nkosi een Saterdagmiddag na 'n bruilof in Jabulani vergesel om foto's te neem” (p. 33). “Sy was skaars sewentien ...” en “... sy was haar ouers se enigste dogter” (p. 34). Dit blyk uit die teks dat Tumelo John in die barakke vir ongetroude polisiemanne tuisgegaan het, “tot hy vroeg in 1977 saam met Busi in Soweto gaan bly het” (p. 19). Die teks bevestig die leser se vermoede dat hy toe getroud is: “Met sy troue vroeg in 1977” (p. 55).

**Die dokumente** dra ook inligting oor Motasi se vrou: Haar naam was Irene Busisiwe en sy was ten tyde van haar dood 30 jaar oud, volgens die **Report on a medico-legal post-mortem examination, Serial no. T579/87**, gedateer 1987-12-03.

Uit die dokumente blyk dit dat Motasi en Irene reeds teen 1979 getroud was, want toe het hulle volgens 'n beëdigde verklaring, gedateer 1985-01-24, p.2, saam in die getroude kwartiere gewoon.

Daar kon egter nie, soos wat in die romanteks (p. 16) aangedui word, 'n trousertifikaat of 'n dokument wat die troudatum spesifiseer, tussen die dokumente opgespoor word nie.

#### 5.6.2.4 Standplaas

In hoofstuk 5, met die subtitel *Hammanskraal, 19 Augustus 1983*, vertel die romanteks: “Januarie 1978 kry hy die verplasing na Hammanskraal waarvoor hy gevra het” (p. 55).

Die teks lig die leser in: “Sy eie huis .... Dis nou al langer as twee jaar dat hy vergunning gekry het om ’n huis hier langsaan in Temba te koop ... Hy en Busi moes aansoek doen om burgerskap in Bophuthatswana, wat hulle nou nog nie gekry het nie. Reg om vaste eiendom te besit het hulle wel omdat hy hier op die grens werk” (p. 57).

**In die dokumente** is inligting wat met bogenoemde verband hou nagespeur: Verskeie regs- en amptelike polisie-dokumente bevestig dat Motasi se standplaas Hammanskraal was. Een hiervan is die **verplasingopdrag**, gedateer 1985-06-11. Die dokument is onderteken deur die bevelvoerende offisier, brigadier Malan.

#### 5.6.2.5 Gemoedelikheid en die poets by die enkelkwartiere

Die een karakter, Motasi, vertel van ’n poets wat een van die jongklomp in die enkelkwartiere ’n kaptein gebak het. Die agtergrond van die poets is die verbod op die was van privaatvoertuie op die kampus: “Die hoof van die kollege het alle personeel verbied om hul privaatvoertuie op die kampus te was (of te laat was); toe gaan iemand en stoot stilletjies die tuinslang met die sproeier onder die kaptein se motor en draai die kraan net effe oop sodat dit spoedig lyk of die motor waarop Sithebe so presies is en wat altyd blink, pas ewe oordadig afgespuut is” (p. 62).

**Die dokument** wat hier betrekking het, is: die **notule van ’n personeelvergadering** wat op 1985-10-18 om 07h00 gehou is. Paragraaf 7 verwys: “Privaat voertuie word steeds binne die kampus gewas. Kol. Van Zyl waarsku dat dit gestaak moet word.”

Dit is ’n voorbeeld van ’n **kreatiewe benutting** en die ent van ’n nie-fiktiewe dokument op ’n nuwe konteks. ’n Opmerking wat tydens ’n personeelvergadering gemaak is en ’n opdrag wat daaruit voortgespruit het en genotuleer is, is in die roman gefiksionaliseer. Die betrokke sin is in ’n notule. Dit is deur Miles raakgelees, gemanipuleer en romanmatig aangewend en deur die leesproses herontdek. Die teoretiese uitgangspunte van dekonstruksie in die volgende fase sal aantoon dat die dialoog waarin hierdie sin opgeneem is ’n veelheid van stemme oplewer.

### 5.6.2.6 Die dienskamer en voorvalleboek in die tyd-ruimtelike oriëntasie van die roman

Tumelo John werk in die dienskamer van die polisiekollege. Hy speel 'n sentrale rol in die monitering en aanteken van bewegings van mense in en uit die polisiekollege. In hoofstuk 7, onder die subtitel *Hammanskraal, 8 September 1984*, word daar verskeie kere verwys na die voorvalleboek wat deur sersant Moleko in die dienskamer van die kollege bygehou word: “Sersant Tumelo John Moleko sit by 'n tafel in die dienskamer van die Opleidingskollege. Hy is besig met inskrywings in die voorvalleboek ... Saterdag is besoekdag by die kollege ... die ark is oop, geen student word vandag oorgeslaan nie, almal kry besoek, die deur bly vir geen minuut toe nie. 856, skryf hy in die volgnommerkolom, vee met sy hand oor die papier en kyk op sy horlosie. 12h06 vul hy by *tyd in*” (p. 86).

**Onder die dokumente** is daar 'n aantal fotostate van bladsye uit 'n SAP-voorvalleboek. Die kode SAP 10, asook die gedrukte nommer “220” is duidelik. Die handskrif van inskrywings op Saterdag 1984-09-08 is dié van Motasi. **Sien aanhangsel 3.**

Die leser word deur middel van die inskrywings in die voorvalleboek midde-in die dienskameromgewing geplaas, waar daar kennis gemaak word met verskillende karakters se bewegings, verantwoordelikhede en geaardhede, byvoorbeeld: “Hek nr 4, skryf Tumelo John, gesluit deur konst. Lekalakala; sleutels en register geplaas in dienskamer” (p. 87).

**Die dokument “Aanhangsel 3”** het hier betrekking. Hierdie fiktiewe weergawe verteenwoordig 'n inskrywing in die voorvalleboek. Die feit dat die van van die konstabel verander is, doen nie afbreuk aan die werklikheidsgetroue skets nie: **voorvalleboek van Saterdag 1984-09-08, volgnommer 865:** “Gate no. 04: locked by const. Maluleke. Keys and register placed in the duty room.”

Die dienskamer is uit die aard van die kontrole-funksie daarvan ook 'n plek van momentele ontmoetings tussen die lede. Die aard van die verhoudings tussen die manskappe blyk uit hul kommunikasie tydens die uitvoer van die dienskamerpersoneel se funksies. Die gemoedelikhede tussen sommige manskappe kom byvoorbeeld na vore: “Dis luitenant Stander wat met sy boksspan vertrek” (p. 95). Die entoesiasme en spontaniteit kom na vore as hy vir Tumelo John vra: “‘Haai Moleko, hoe lyk dit, gaan jy my nie vanjaar met die krieket help nie?’ Tumelo John



moet lag, al waaraan die luitenant kan dink, is sport. Dis natuurlik sy werk hier. Vir hom is daar nie opstande of onluste nie ... Luitenant Stander is 'n man wat jou laat sleg voel as jy vir hom nee sê, hy's nie een wat lyk of hy elke dag kwaad wakker word nie" (p. 95).

**Die dokument** waarin die vertrek van die boksspan opgeteken is, is die notule van die personeelvergadering gehou op 1986-04-11 om 7h00. Die tiende punt in die notule lui soos volg: "Luit. Sander, Matseba en sersant Makgatho vertrek na 16h00 op 1986-04-11 na Cullinan i.v.m. boks." **Sien aanhangsel 4.** Die inligting uit die notule is romanmatig aangepas en in die romanteks word dit as 'n voorvalleboekinskrywing weergegee.

**Dokument: die verwysing na studente wat krieket speel**, kom uit die **notule van die personeelvergadering** gehou op 1985-10-18 om 7h00. Dit verwys na studente wat krieket speel. Dit blyk 'n kreatiewe benutting van die veertiende punt te wees: "Luit. Sander vra dat daar 'n groep studente by die krieketveld moet rapporteer môre".

#### 5.6.2.7 Aanranding deur 'n senior offisier

Die romanteks bied 'n gedetailleerde beskrywing van die aanranding op Tumelo John. Die Suid-Afrikaanse geskiedenis en politiek is die breër konteks waarbinne die aanranding geskets word, terwyl die polisiekollege op Hammanskraal en die dienskamer daar, die meer spesifieke konteks is.

#### 5.6.2.8 Die Suid-Afrikaanse politiek as milieu en die aanranding

Die politieke noodtoestand in Suid-Afrika word romanmatig as agtergrond aangewend: "Moleko, kolonel Van Niekerk wil hê jy moet vasstel of al die lede wat opgeroep is vir onlusdiens al aangemeld het ... Kyk gou en bel die kolonel, hy's in sy kantoor" (p. 96).

#### 5.6.2.9 Die aanloop tot die aanranding

'n Opdrag van 'n adjunk-offisier aan 'n sersant veronderstel die onmiddellike uitvoering daarvan. Die noodtoestand as konteks veronderstel dit des te meer. Hierdie opdrag skep 'n ruimte in die teks vir verdere karakterinkleding. Dit is duidelik dat Tumelo John reeds oor die inligting beskik en die plofbare situasie waar sy ouer en meer senior kollega, adjudant-offisier Letshoene (p. 87), nog nie opgedaag het nie,

juis probeer beredder deur vir tyd te speel: “Tumelo John het nie nodig om die voorvalleboek na te gaan nie, hy weet dis net Letshoene wat nog nie opgedaag het nie. Hy loop na die aanspeldbord om Letshoene se huisnommer te kry, hy sal hom bel, hy gaan hom probeer ompraat om minstens te kom ... Letshoene se huis bly beset” (p. 96). Die teks skep hiermee die rasionaal vir die nie-onmiddellike uitvoer van die opdrag en daarmee ook die afwagting op ’n tragedie.

Kolonel Van Niekerk is die kollege se senior stafoffisier (p. 70). As deel van die karakterinkleding van kolonel van Niekerk word ons bewus gemaak dat hy om ’n sekere rede ’n rooi Vespabromponie het. Dit stel hom in staat om streng en vinnig beheer uit te oefen deur middel van sy fisiese teenwoordigheid: “Sedert kolonel Van Niekerk senior stafoffisier van die kollege geword het, loop almal ligvoet ... hy’t ’n ou Vespabromponie aangeskaf ... om blitsig van hoek tot kant oor die kampus te rol om sy swaar hand op alles te hou, as jy jou oë uitvee dan slaan hy met daardie rooi dingetjie hier langs jou uit” (p. 97). So verras die kolonel dan ook vir Tumelo John: “Hoe kon hy hom miskyk? Hier oorkant die teerblad sit kolonel Van Niekerk lewensbreed op sy bromponie en Tumelo John kom op aandag en salueer” (p. 99).

Hierdie inkleding, tesame met die politieke situasie in die land as konteks, verskaf die agtergrond vir die verloop van sake. Die offisier reageer woedend op die sloerdery met die uitvoer van sy opdrag: “Moleko, waar’s die gegewens wat ek jou gevra het?” en “Ja Kolonel ... Ek kry sy telefoonnommer.” ... Die kolonel vra: “Hoekom kry ek dit nou eers? Dink jy ek praat maar in die wind?” “Hy ignoreer die briefie wat Tumelo John na hom uithou ... hy moet verskriklik kwaad wees ... Die kolonel is so rooi in die gesig soos sy Vespa en Tumelo John kom op aandag en salueer met die briefie in die hand, hy kan aan niks anders dink om te doen nie” (pp. 99, 100).

**Die nie-fiktiewe dokument** is ’n beëdigde verklaring, gedateer 1985-12-07. In paragraaf 3 verklaar Jack Nemuramba, woonagtig te Mokolobotostraat 22, Saulsville, Pretoria: “A white officer arrived at the gate driving a red scooter. He stopped and I saw Sgt. Motasi saluting him and giving a document thereafter. The said white officer was angry and he was screaming at sergeant Motasi in the Afrikaans language”. **Sien aanhangsel 5.**

### 5.6.2.10 Die verloop van die aanranding

Die aanranding op sersant Tumelo John word in besonderhede in die romanteks beskryf. Die teks beskryf ook hoe hy deur die offisier uitgeskel word: "...as Tumelo John opsy wil staan, tref Van Niekerk se bakhand hom bokant sy linkerwang" (p. 100). Tumelo John word toegesnou: "Jou onnosele ... ons sukkel ons vrek met julle. Jou soort wil ek nie in die Mag hê nie. Ek moes jou al lankal doodgedonner het" (p. 100). Hierna word hy deur 'n vuishou getref: "Van Niekerk se vuus tref hom net bokant sy linkeroor dat hy op die bliktrommel neerslaan" (p. 100). Die teks skets die kolonel as onkeerbaar kwaad en skellend: "Dis julle kaffers wat al die shit veroorsaak. Wanneer gaan julle self iets daaromtrent doen?" (p. 100).

Kolonel Van Niekerk is die aggressor en Moleko die slagoffer: "Hy voel die skop teen sy boude, hoor sy uniform skeur as hy hom omrol en uit die man se greep ruk" (p. 101). Ook verbaal is daar verder stereotipering aan die kant van die kolonel: "Hoekom gaan moor en brand jy nie ook af nie? Wat anders kan julle doen?" (p. 101).

### 5.6.2.11 Die keerpunt in die aanranding: die vuurwapen

Volgens *Kroniek* stop die aanranding op Motasi daardie dag nie daar nie. Die gebeurte raak selfs meer gekompliseerd. Die keerpunt in die aanrandingsepisode kom met die omkeer van rolle. Die sersant, met die dienspistool in sy holster, verkry beheer oor die situasie deur sy hand op die pistool te laat rus: "Van Niekerk het teruggetree en Tumelo John besef dis omdat hy sy hand laat rus op sy dienspistool" (p. 101).

**In die nie-fiktiewe dokumente** het paragraaf 6 op p.2 van die beëdigde verklaring van 1985-07-03 deur Motasi betrekking en dit lui soos volg: "I then pushed Colonel Van Zyl away from me and indicated to him that I was going to defend myself. Colonel Van Zyl then left me as he realised that I was not going to permit him to assault me any further. I may point out that as at (sic) the time when I pushed the Colonel away from me, he wanted to take my service pistol and I realised that he may shoot me and that I've got to defend myself."

Tumelo John ignoreer die bevel van die ongewapende kolonel Van Zyl: "Gee hier jou pistool!" (p. 101). Net hierna lees ons: "Tumelo John glip om die toonbank en nader aan die deur, maar hou sy hand op die pistool". "Hy roep ook uit: 'Ek is nie so

onnosel nie, Kolonel. Jy kom nie nader nie ... ek sal myself verdedig” (p. 101). Hy behou hiermee die magposisie vir ’n fraksie van die tyd.

**’n Prokureursbrief**, gedateer 1985-07-22 deur meneer Makhambeni aan brigadier Venter van die polisiehoofkantoor meld dat die prokureur-generaal besluit het om nie te vervolg nie.

#### **5.6.2.12 Die voorvalleboek as instrument in realiteitskepping**

Volgens die romanteks verlaat die kolonel die dienskamer: “Sonder om iets meer te sê ... loop hy by die klappende deur uit” (p. 101). Die indruk word geskep dat hekkonstabels en die insittendes van die kollegebus die aanranding gesien het. Die teks beskryf hul verbystering: “Hoe lank wag hulle al hier? Lank genoeg, dit kan hy agterkom aan die manier waarop hy deur almal aangegaap word” (p. 102).

**In die dokumente** is die besonderhede van twee ooggetuies van die voorval vervat in ’n brief van mnr. Makhambeni, gerig aan brigadier Venter. Dit is gedateer 1985/07/26 en bewys van ontvangs is 30/07/1985.

In *Kroniek* word inskrywings in die voorvalleboek strategies gebruik om ’n effek van die weerspieëling van die werklikheid te bewerkstellig en te versterk: “12h55, skryf hy in die voorvalleboek. Aankoms: Luit. Kotwane en sers. Radebe van skietbaan met studente van pelotons 42 en 43...” (p. 102).

**Hierdie reële inskrywing** lui dat die studente en pelotons vertrek. **Sien aanhangsel 3.**

#### **5.6.2.13 Die rapportering van die aanranding in die voorvalleboek**

Tumelo John rapporteer die aanranding op hom in die voorvalleboek: “12h58. Aanranding: Sers. Moleko TJ is in die dienskamer aangerand deur kol. Van Niekerk voor besoekers en studente” (p. 102).

**Twee werklike dokumente** het hier betrekking: **(1) sien aanhangsel 3.** Die inskrywing op **Saterdag 1984-09-08**, Die laaste volgnommer op die bladsy is 867 om 12h58. Dit bevat ’n kritieke moment in die lewe van die Motasi. In die kolom ‘Aard van voorval / Nature of occurrence’ lui die inskrywing soos volg: “Assault: no.S160364N Sgt. Motasi T.R. was assaulted by Col. Van Zyl at the duty room in front (sic) of visitors and students”. Direk onder hierdie inskrywing wat ook die laaste een op die bladsy is, is daar ’n stempel wat Motasi se rang en lidnommer vertoon en waarby sy

handtekening verskyn. In die kantruimte langs hierdie betrokke inskrywing is die parafering van kolonel van Zyl, en dit is gedateer 84-09-08.

(2) Die tweede dokument wat hier ter sprake is, is 'n beëdigde verklaring van agt bladsye wat gedateer is 1985-07-03, met verwysing na paragrawe 3, 4 en 5: “3. On the 8th September, 1984, I was on duty at S A Police Training College, Hammanskraal. At about 12h45 Colonel Van Zyl came to my office and said he wanted personal particulars of Warrant Officer Letshoene. I then took down the names of the said Warrant Officer Letshoene on a piece of paper. Colonel Van Zyl was standing on the varanda outside my office. 4. I then went out of my office to handover the personal particulars of the said Warrant Officer Letshoene. As I approached Colonel Van Zyl he then started shouting at me and insulting me saying “Jou kaffir ons sukkel oor julle onnoselheid en ek sukkel steeds met jou en ek moes jou lankal doodgemaak” I then saluted and just when I was giving him the personal particulars of Warrant Officer Letshoene, he hit me very hard on my left ear with his open hand. I then fell down. 5. I then struggled to my feet supporting myself with the wall and went back to my office. Colonel Van Zyl then followed me into my office and found me when I was about to sit on the chair eh then demanded the personal particulars of Warrant Officer Letshoene again. As the piece of paper on which I had written them had fallen off when Colonel Van Zyl hit me and I did not know where it was, I then turned and looked at the notice board in my office to take down the said particulars. At that time Colonel Van Zyl hit me with his clenched fist on the left side of my head just slightly above the left ear. I then fell on top of the trunk tin and he kicked me with his shoed foot on my buttocks. He then pulled me with my jacket and it got torn at the back.”



### **5.6.3 Die nagevolge van die aanrandinginsident**

Die nagevolge van die insident is verreikend.

#### **5.6.3.1 Verskriklike pyn in sy kop**

Tumelo John “moes iets van die die verskriklike pyn in sy kop gesê het, want op die een of ander stadium ná die kolonel uit die dienskamer weg is, het Nomsa 'n glas water en twee Grand-pa's voor hom op die tafel neergesit” (p. 108).

#### **5.6.3.2 Die bevel om die vuurwapen te oorhandig**

Moleko kry opdrag van kaptein Welgemoed om sy dienspistool te oorhandig: “Moleko, gee hier jou dienspistool .... Gee hier. Dis die kolonel se bevel ... Vir die laaste maal, ingeval jy dalk hardhorend is: jy word deur jou senior beveel om jou pistool te oorhandig!...Waar het jy al van sulke astrartheid gehoor?” (pp. 109, 110)

**Dokument:** paragraaf 7, p. 3 van 'n beëdigde verklaring, gedateer 1985-07-03, verwys na hierdie oorhandigingsbevel: “7. Captain Kotze then came to my office and wanted to take my service pistol and I refused because I feared that he might shoot me. Ultimately I gave him the pistol. The said Captain Kotze also told me that he is giving me up to the next Monday and I will be out of the Police Force because I am nothing”.

'n Dienspistool is deel van 'n polisieman se mondering. Die opdrag om 'n dienspistool te oorhandig kan daarom as een van die mees drastiese opdragte beskou word, want dit kommunikeer 'n wantroue in die polisie se bevoegdheid en dit stroop terselfdertyd die polisieman van sy waardigheid en gesag. Hierdie opdrag is daarom enersyds vir Moleko 'n belediging en andersyds 'n verontrustende aanduiding van die benardheid van sy posisie. Hy besef dat die opdrag verband hou met die argwaan van sy seniors. Die karakter besef ook instinktief met die aanhoor van hierdie opdrag dat alhoewel daar nie regverdiging vir die opdrag is nie, hy eintlik magteloos is weens die polisiehiërargie. Die polisiehiërargie maak juis voorsiening vir hierdie magsverhouding en die (moontlik) onbedoelde resultaat is dat dit persone in gesagsposisies haas onaantasbaar kan maak. Die argwaan van polisielede met baie mag is soos die argwaan van gode en dus herinner die volgende frases in die romanteks aan die mite van Sisifus: “Dit gaan nog verder, fluit dit deur Tumelo John se kop, dis nog glad nie verby nie” (p. 109) en “Jy is sommer niemand, dis wat jy is: niemand. Maandag sal jy nie meer in die Mag wees nie. Maak jou maar daarvoor reg” (p. 110). “Hier aan sy sy, weet hy, is 'n leë holster, 'n kaal plek wat hy nie verdien nie...” (p. 110).

**Dokument:** paragraaf 7, p. 3 van die beëdigde verklaring, gedateer 1985-07-03 wat vroeër onder hierdie hofie aangehaal is, het nogeens betrekking.

### 5.6.3.3 Tumelo John voel gebelgd

Tumelo John voel gebelgd na die insident, veral ook omdat hy die k-woord genoem is, terwyl hulle anders onderrig word by die kollege: “Die middag toe hy langs sy huis stilhou, klim hy nie uit nie, hy slaan met altwee hande teen die stuurwiel. Die vernedering! Om voor jou juniors en sommer wildvreemdelinge soos 'n misdadiger behandel te word, 'n moordenaar, soos vuilgoed, 'n kaffer!” (p. 110)

#### 5.6.3.4 Klag van aanranding by Temba-polisiestase

In *Kroniek* word vertel dat Moleko na Temba se polisiestase toe ry om “’n Klag van aanranding” te lê: “Verbete skakel hy die motor weer aan en ry na Temba se polisiestase” (p. 111). ”’n Klag van aanranding,’ sê hy vir die jong konstabel, ‘Kry jou dossier, ek wil ’n verklaring aflê’. Ek woon mos in Temba, ek mag hier ’n verklaring maak ... Lê ek eers ’n klag hier, kan hulle nie met ’n gekonkel wegkom nie, Bophuthatswana is onafhanklik” (p. 112).

**Hierdie dossier** by Temba se verwysingsnommer is C.R. No. 71/09/84. Die regsreël wat betrekking het op die plek van die aflê van ’n verklaring, word aangedui in paragraaf 2 (a) van die **memorandum van adv.** Pretorius, gedateer 1984-11-23. Bewys van adres van Motasi is ingesluit by die dokument getitel: **Toekenning van skadeloosstelling** /CO/3619/113, vir datum van ongeval 8/9/84, gedateer 1987-03-13.

#### 5.6.3.5 Aanvanklike mediese intervensie

Die vertelling met betrekking tot die mediese intervensie begin met sersant Makgato by Temba-polisiestase wat vir Tumelo John vra : “Luister, wa rra, was jy al by die dokter. Jy moet dit dadelik doen, gaan sommer nou na ou dokter Mabena” (p. 112). Later toe hy by die huis kom, sê hy vir sy vrou: ”Ek moet na die hospitaal in Ga-Rankuwa ... Dokter Mabena wil hê hulle moet my behandel, my oortrom is gebars” (p. 112).

**Hierdie inligting m.b.t. Motasi** is vervat in ’n amptelike **kliniese verslag**, gedateer 1985-12-02.

Hierna gee die romanteks te kenne dat Tumelo John weens erge newe-effekte van die medikasie wat hy by Ga-Rankuwa gekry het, in Temba se hospitaaltjie vir observasie opgeneem en afgeboek word: “Hy bly daar twee dae en word vir 16 dae afgeboek” (pp. 114, 115).

**Dokumentêre inligting** met betrekking tot die besering en behandeling behels die volgende:

(1) **Dokter Monare van Ga-Rankuwa bevestig skriftelik** op 1984-11-21 dat Motasi op 1984-09-08 deur dr. Mojapelo verwys is weens ’n gebarste oortrom. Motasi het antibiotika en pynstiller gekry. ’n Opvolgbesoek is geskeduleer vir 1984-10-19. Ten tyde van hierdie mediese nota word infeksie gediagnoseer (addisioneel tot die oorspronklike probleem).



(2) 'n **Gespesifiseerde rekening** van die Jubilee Gemeenskapshospitaal, gedateer 1984-11-15, dui buitepasiëntbehandeling teen R5.00 en binnepasiëntebehandeling op 84-09-10 tot 84-09-11 teen R10.00 per dag aan.

(3) 'n **Bewys** dat Motasi vir 16 dae afgeboek is, word aangetref in 'n verklaring wat op 1986-02-11 te Hammanskraal deur A/Off J.J. La Grange afgeneem is.

### 5.6.3.6 Verwikkelings met betrekking tot die aanrandingsklag by Temba

Die ontgogeling met die polisie begin vir Tumelo John al hoe meer persoonlik van aard raak. 'n Sersant by Temba lig hom in: “Die kollege het gister die dossier met jou beëdigde verklaring by ons laat haal ... Mabe het gekom, in opdrag van die brigadier self” (p. 116). Tumelo John se reaksie op hierdie mededeling illustreer dat hy sy ore nie kan glo nie: “Hoe kan hulle? Dit mag mos nie.”

**Dokumente wat na die voorval verwys:** (1) Makhambeni se **skrywe aan brigadier Venter**, gedateer 1985-06-25, verwys in par. 1 na die lig van die dossier by Temba.

(2) 'n Verdere verwysing word aangetref in die “**brief aan agt**”, p.1, paragraaf 2. “...the docket was taken over from the Bophuthatswana Police by Brig. Malan of the S.A.P.Training College, for investigation and he appointed Capt. Swanepoel as an investigator and both officers intimidated me”.

**Sien aanhangsel 9.**

Hierteenoor is die reaksie van sersant Makgato van Temba-polisiestase veel minder naïef: “Waarvan praat jy tog, wa rra: hulle mag nie?” (p. 116). Hierdie sersant herinner Tumelo John aan die groter politieke konteks: Jy kan nie alles dadelik regmaak nie, dis nie een man se werk nie. En jy moet onthou: jy bly maar 'n swartman” (p. 117).

Die lig van die dossier word deur kaptein Engelbrecht van Personeel aan Tumelo John genoem en geregverdig: “Ek is aangestel om die saak tussen jou en kolonel Van Niekerk te ondersoek” en “Die brigadier het besluit om die klag van beweerde aanranding teen kolonel Van Niekerk op hom te neem, ons het die dossier by Temba laat haal ... ” (p. 122).

**Dokumente:** 'n **inskrywing in die voorvalleboek** in Motasi se handskrif lui soos volg:

Volgnommer 2396 om 11h05 op Saterdag 22.09.1984. Case investigated by Lt. Swanepoel and was reported at Temba police station and the C.R. nr. 71/09/84 was opened.

## 5.6.4 Regsverteenwoordiging

Die romanteks maak by verskillende geleenthede op 'n negatiewe manier melding van prokureursgeld: “Ek wonder wie hy nou weer kom leegsuig” en “Ek dink sy soort moet maar liever in Pretoria bly, prokureurs ken geen genade nie” (p. 65).

### 5.6.4.1 Eerste kontak met prokureur Maphanga

In hoofstuk nege, getiteld **Hammanskraal, September 1984** word vertel dat die onregmatige verwydering van die Temba-dossier (die dossier met Tumelo John se klag teen die kolonel) Tumelo John noop om 'n prokureur op te soek: “Dieselfde dag nog gaan seek hy die prokureur op ... 'n Kennisgewing op Maphanga se deur gee te kenne dat die Temba-kantoor slegs op Dinsdae tussen 11h00 en 13h00 oop is ... Voor hom lê twee stapeltjies koerante. Dit is inderdaad Dinsdag, Dinsdag 18 September” (p. 118).

**Toepaslike dokumente:** die besonderhede van die eerste prokureur wat deur Motasi gekonsulteer is, is meneer S.K.S. Makhambeni. Sy kwalifikasies verskyn ook op sy briefhoof. Hy het 'n B.A en LL.B graad. Die adres van sy praktyk word aangedui as 134<sup>E</sup> Third Street, Asiatic Bazaar, Pretoria. Die datum van die eerste konsultasie figureer nie in die dokumente nie.

### 5.6.4.2 Prokureurkoste

Maphanga self waarsku Tumelo John reeds met die eerste besoek: “... ongelukkig gaan dit jou iets kos” (p. 120). Ondubbelsinnig word die buitensporigheid van die koste in die deursneepersoon se oë aangedui, soos op p. 148: “Sy luister geduldig, maar as sy hoor van die R300 wat by die prokureur inbetaal moet word, is sy geskok”. Dit is ook uit die romanteks duidelik dat die beginsel van geen betaling, geen diens streng deur regslui toegepas word: ““Die geld is op,’ sê die prokureur. ‘Jy sal nog moet uithaal’” (p. 166).

**Dokumente:** 'n **kwitansie**, gedateer 1985-06-04 vir 'n R500.00- deposito vir Makhambeni vir toekomstige dienste is op lêer. Tussen die dokumente is bewyse dat die betaling vir prokureursdienste gelewer, ernstig bejeen en gekontroleer word, byvoorbeeld 'n **gespesifiseerde rekening** van Savage Jooste & Adams, gedateer 1987-06-30, aan Motasi.

Die romanteks dui met hierdie uitinge aan dat Motasi van sy beperkte persoonlike geld moet gebruik vir sy reëlskoste. Hy is by implikasie in 'n stryd met die staat wat 'n magtige opponens is, met byna onbeperkte middele. Max Havelaar beland in 'n soortgelyke situasie en sy agteruitgang is deurgaans materieel. Uiteindelik is hy iemand wat in die Europese winterkoue slegs 'n sjaal het om te dra in plaas van 'n behoorlike jas. Al waaroor hy nog beskik, is sy pak dokumente. Die roman wat uit dit alles voorkom, word die uiteindelik wapen. Vir laasgenoemde moet daar egter na buite die romanwêreld getree word. Romantegnies is daar dus 'n verband tussen *Kroniek* en *Max Havelaar*, hoewel die vertelstruktuur anders opgebou is.

#### 5.6.4.3 Regstegniese inligting

Die volgende regstegniese gewens verskyn vervolgens in die romanteks: "Laat ek sien: jy en die kolonel werk vir die Suid-Afrikaanse Polisie, maar die Opleidingskollege is tog in Bop. Jy't nie Tswana-burgerskap nie, maar jy bly hier. Jy kom van die Vrystaat, jou vrou van Soweto. Waar woon die kolonel? Ook in Bop.' Maphanga skryf *Getroude kwartiere* in die kantlyn. 'Julle was albei aan diens, jy is aangerand, jou oortrom is gebars, jy is met die dood gedreig, 'n kaffer genoem. Dit alles voor getuies: besoekers en kadette van die kollege ... Jy is verneder ... Die vraag is, moet ons die Minister dagvaar of die kolonel persoonlik?'" (p. 120).

Dit lyk gewoon na milieutekening wat moet dien as boublokke in die konstruksie van die verhaal. Dit som egter ook die regsituasie deeglik op. Retories gesien, word die wantoestand en onreg wat ontwikkel het so opnuut by die leser ingeskerp.

**Dokumentêre inligting:** bogenoemde inligting is in werklikheid regstegnies van aard, gegewe die tuislandbeleid met gepaardgaande Suid-Afrikaanse wetgewing. Dit is vervat in 'n ongedateerde memo wat deur meneer Makhambeni opgestel is ten einde 'n opinie van advokaat B. Pretorius van Pretoria te verkry. Laasgenoemde se opinie is gedateer 1984-10-23. **Sien aanhangsel 2.**

### 5.7 Instrumente in die Mag

#### 5.7.1 Kollege-dissipline

Tumelo John maak die volgende stelling: "Dat 'n polisiehoof baie streng moet wees, word deur almal aanvaar" (p. 125). Die vergestaltung van dissipline in 'n persoon soos

die polisiehoof, en die noodsaak en rol van dissipline binne die konteks van die polisie-omgewing, word dus nie deur Tumelo John negeer nie. Hy is nie teen dissipline as sodanig of die rol van die polisiehoof in die handhawing van dissipline nie.

Die leser kan, retories gesien, medelye met hom behou. Dit kom ooreen met wat 'n mens in *Max Havelaar* aantref waar gepleit word vir regverdige bestuur, nie vir die opheffing van koloniale bestuur nie.

### **5.7.2 Ingrep deur die brigadier op grond van kollege-dissipline**

In die romanteks konfronteer brigadier Botha vir Tumelo John oor twee sake, naamlik die ignorering van die opdrag om by kaptein Engelbrecht (wat aangesê is om die saak te skik, p. 126) te rapporteer, en die onvolledigheid van sy verklaring: "Ek het jou opdrag gegee om by die kaptein te rapporteer en jy het nie. Wat moet ek daarvan maak? Is ek reg as ek dink dat jou gedrag ongedissiplineerd is? ... Hoekom het jy in 'n verklaring by Temba-polisiestasie niks gesê van die dienspistool wat jy op kolonel Van Niekerk gerig het nie?" (p. 136) Tumelo John regverdig sy optrede in beide gevalle: "Ja, Brigadier, maar ... Brigadier, maar ek moes myself verdedig, hy't my nie net geslaan nie, geskop ook, hy wou my doodmaak, ons was alleen, wat kon ek doen?" (p. 136).

Die gevolgtrekking van die brigadier is: "Jou verklaring is dus onvolledig ... Ek het 'n verklaring opgestel wat nader aan die waarheid is. Jy dwing my eenvoudig om hierdie ding te doen ... Ek is bevrees in belang van kollege-dissipline sal jy dit moet teken" (p. 137).

Op hierdie punt lig Tumelo John die brigadier in dat hy by 'n prokureur was: "Brigadier, ek was by 'n prokureur. Hy sê my saak is goed" (p. 137). Die reaksie van die brigadier is: "Hóé dink jy sal hierdie plek lyk as manne nie behoorlike kanale volg ... links en regs op eie houtjie dinge doen? Sersant, jy verbaas my, iemand met 'n skoon rekord. Dis al rede hoekom ek so geduldig is. Maar geduld kan opraak ... As jy by daardie deur uitgaan en die stukkie papier ... is nie geteken nie, is dit klaarpraat met jou ... " (pp. 137, 138). Dus teken Tumelo John die verklaring: "Sonder om 'n uitweg te sien, tel Tumelo John die pen op en teken" (p. 138).

**Dokumente:** (1) In die **notule van die personeelvergadering** van 1986-04-11 word klem gelê op die volg van die regte kanale en respek en dat respek vir seniors gewys moet word. **Sien aanhangsel 4.**

(2) Die **spesifieke verklaring** waarna op p. 138 verwys word, is nie tussen die dokumente nie. Daar is wel tussen die dokumente 'n verwysing na hierdie verklaring. Die verwysing word aangetref in die departementele ondersoek van 1986-12-18, p.12: “Op 1984-10-03 het brigadier MALAN my by die huis laat haal deur adjudant-offisier MOHLAKI. As ek by brigadier MALAN kom het hy my gedwing om die verklaring wat deur kolonel VAN ZYL gemaak is, te teken. Na aanleiding van die verklaring wat ek gemaak het en wat ek nie gelees het nie, is 'n strafsak Temba ROM. 17/10/84 – Rig van vuurwapen teen my geopen. Die brigadier het namens die kolonel die verklaring gemaak, wat ek toe moes teken”.

### 5.7.3 Die klag deur die kolonel van “rig van vuurwapen” by Temba-polisiestatie

Na die brigadier se gevolgtrekking dat die verklaring onvolledig is, word in die roman 'n klag by Temba-polisiestatie gelê: “Van Niekerk het by Temba-polisiestatie 'n klag teen hom ingedien: die rig van 'n vuurwapen” (p. 146).

**Dokumente:** (1) **strafsak** Temba ROM. 27/10/84 – Rig van vuurwapen. (Dit word genoem in die departementele ondersoek van 1986-12-18, p. 12.)

(2) In 'n **beëdigde verklaring**, gedateer 1986-08-31, meld Motasi dié dossiernommer as R.C.I. 23/10/84.

### 5.7.4 Tweede konfrontasie tussen die kolonel en Tumelo John

Die romanteks vertel (pp. 150 – 152) van die tweede konfrontasie tussen die kolonel en Tumelo John. Die kolonel kom inspeksie doen op “[D]ie eerste Maandag dat hy weer op sy pos in die dienskamer is, kry hy besoek van kolonel Van Niekerk. Dis pas na die verwisseling van skofte, halfsewe in die oggend en Tumelo John is besig om uitstaande inskrywings van die vorige skof op die skryfbord te vergelyk met die voorvalleboek. Hy spring op, salueer. ‘Ek kom vir inspeksie,’ sê Van Niekerk, ‘maak klaar.’ ... Dis vreemd dat hy so vroeg hier is, dink Tumelo John, hy’t sweerlik die brief van Maphanga gekry. ‘Waar was jy laasweek? ... Jy weet jy mag nie na ander dokters gaan nie. Die regulasies verbied dit ... Hierdie laaste inskrywing is nie reg nie. Hoeveel keer het ek jou al gewaarsku om inskrywings op die tyd van die gebeure te maak, anders is dit misleidend. Hier het jy geskryf: 6h05, en dis nou al 6h35, wat het jy heelyd gedoen?’” (pp. 150, 151).

**Dokument:** Hier maak die romanteks gebruik van inligting wat op **twee bladsye uit die voorvalleboek** van Maandag 1984-11-26 verskyn. Die volgnommers 2465 om 06h00 en 2466 om 06h01, in Motasi se handskrif rapporteer die “aflossing” van wapens. Die volgende inskrywing is volgnommer 2467 om 06h52 en uitstaande inskrywings word deur kolonel Van Zyl aangedui. **Sien aanhangsel 7.**

Direk na die konfrontasie oor die voorvalleboek vervolg die kolonel: “Ek het ’n brief van daardie prokureur van jou gekry. So, julle wil geld van my hê?” (p. 151).

**Prokureursbrief as dokument:** Die prokureur, meneer Makhambeni, stuur ’n eis vir skadevergoeding van R10 000,00 aan kolonel Van Zyl. Dit is gedateer 1984-11-14 met verwysingsnommer SKSM/MM/9776. Die tweede paragraaf lui: “My instructions are that on 8/9/84 and at South African police Training college, Hammanskraal, you assaulted my client by hitting him with an open hand, on the ear and injured his eardrum and you even called him a kaffir. As a result of your unlawful conduct aforesaid, my client suffered damages arising from bodily injury and defamation.” Die eis is per geregisteerde pos op 1984-11-14 vanaf die Belle Ombre, Pretoria-poskantoor versend. **Sien aanhangsel 6.**

Die kolonel sê voorts: “Jy moet vir daai prokureur loop sê ek is nie ’n geldmyn nie” (p. 152).

**Dokument:** Paragraaf 17 van beëdigde verklaring, gedateer 1985-07-03 het betrekking.

Die kolonel sê ook vir Tumelo John: “Brigadier Botha het opdrag gegee die ding moet geskik word. Ons wil nie moeilikheid by die kollege hê nie” (p. 152). Na hierdie opmerkings van die kolonel konfronteer Tumelo John hom: “Nie moeilikheid hê nie, maar hoekom maak julle dan ’n saak teen my oop, dat ek my dienspistool gespan en gerig het?” (p. 152). Die kolonel antwoord hom soos volg: “Dis die brigadier wat dit so wil hê. Jy sal met hom daarvoor moet praat” (p. 152). Die suggestie in *Kroniek* is dat die kolonel weet die klag is vals. (Die leser het reeds ’n toneelmatige beskrywing van die voorval gekry en weet dat dit ’n verregaande verdraaiing is.)

**Dokument:** Verwysing na die rol van ’n brigadier word aangetref in die opskrif van ’n brief, gedateer 1985-07-22, van Makhambeni aan brigadier Venter: In sake: Richard Motasi – Beweerde rig van vuurwapen: op 8 September 1984 – klag gelê deur brigadier Malan 3 Oktober 1984.

### 5.7.5 Die departementele verhoor

Volgens *Kroniek* (pp. 152, 153, 154) volg daar 'n woordewisseling wat in so 'n mate ontaard dat dit uitloop op 'n departementele verhoor. Die klag teen Tumelo John is dat hy: “(W)ederregtelik sy meerdere kolonel WP van Niekerk met geweld (ge)dreig, of dreigende taal teenoor hom gebesig het deurdat hy aan kolonel Van Niekerk gesê het ‘jy wil my uit die Mag werk, maar jy sal dit nie regkry nie’, sy 9mm dienspistool gespan het en gesê het, ‘hier is 16 gelaai en ek is nie bang om te hang nie’, of woorde met dieselfde betekenis of strekking” (p. 154).

**Dokument:** (1) Die romanteks benut inligting uit die **notule van verhoor**, (Kragtens die bepaling van artikel 9 van die Polisiewet, No. 7 van 1958). Die datum van die verhoor is **29 November 1984** om 08h00 te Hammanskraal Opleidingskollege, Kamer 110. (Die insident was op 26 November 1984.) Hiervolgens is sersant Motasi die beskuldigde en die offisier belas met die verhoor is kaptein Jabulani Frank Sibulela. Die aanklag is dat hy regulasie 58 (3) op 26 November 1984 oortree het. Die aanklag is letterlik weergegee in die romanteks terwyl die identiteite van die partye gemanipuleer is. (Net die voorblad vorm deel van dokumente, wat 'n aanduiding is dat die verhoor uitgestel is.) **Sien aanhangsel 8.**

(2) 'n Verdere verwysing is 'n **dokument**, gedateer 1986-12-18, pp.11-12. “Dit is nie waar nie. Ek het die kolonel nooit gedreig nie en ek het nie my dienspistool gespan nie. Ek ontken die bewerings teen my. Kolonel Van Zyl het hierdie beweerde insident nooit in 'n voorvalleboek ingeskryf nie en daardie voorvalleboek is beskikbaar ...”.

Naas hierdie klag is dit vir Tumelo John problematies dat kaptein Sithebe as verhooroffisier en adjudant-offisier Mabe as die aanklaer vir die verhoor, aangestel is (pp. 155, 156).

**Dokument:** Tussen die dokumente is 'n beëdigde verklaring wat Motasi op 1985-01-16 afgelê het. Hiervolgens het die verhooroffisier, kaptein Sebulela, in 1979 geweier om vir foto's te betaal wat op sy versoek deur Motasi geneem is. Hy was gegrief toe hy deur kolonel Lombard verplig is om Motasi te vergoed. Die aanklaer in die verhoor, adjudant-offisier Mnisi, het op sy beurt in 1979 Motasi se vrou beveel om die woonkwartiere te verlaat en is tot orde geroep. Motasi vrees dus dat die verhooroffisier nie onpartydig is nie. (Twee verskillende spelwyses van dié kaptein se van word in die dokumente aangetref: Sebulela en Sebulelo.)

In die romangebeure smeek Tumelo John vervolgens sy prokureur om hom te kom verteenwoordig: “Asseblief, oom Harry ... al my vyande span nou saam” (p. 155).



**Dokument:** Motasi skryf op 22 Februarie 1985 'n brief aan die prokureur, meneer Makhambeni. In die aanhef gebruik hy die term “Dear Sir”, maar in die slotparagraaf sê hy: ”So Oom Sam, I really belief ...”. Daar kan afgelei word dat die term “oom” in *Kroniek* uit hierdie brief kom.

Die prokureur se reaksie is: “Dis te kort kennisgewing, dis dan twee dae, dis hopeloos te kort ... Vergeet dit, ek sal nooit 'n advokaat in die hande kry nie ... Gaan alleen ... dring aan op uitstel, want jy kon nie met jou regsverteenwoordiger in aanraking kom nie” (p. 155).

**Dokumente:** Die insident was op 26 November 1984 en die departementele verhoor is vir 1984-11-29 geskeduleer. Die problem in die romanteks klop dus met wat in die dokumente voorkom. Op die nie-fiktiewe dokument is 'n woord “kitsgeregtigheid” in pen aangebring. Dit sou kon dien as aanduiding dat daar regtens op uitstel aangedring kon word.

Die teks vervolg met: “Dis wat hy daardie Donderdagoggend in kamer 110 van die hoofgebou gedoen het ... Die versoek is toegestaan, die verhoor is uitgestel na 18 Desember” (pp. 155, 156).

**Dokumente:** Die teks benut inligting uit die **Notule van verhoor**, (kragtens die bepalings van artikel 9 van die Polisiewet, No. 7 van 1958). Die datum van die verhoor is 29 November 1984 om 08h00 te Hammanskraal Opleidingskollege, **Kamer 110**. Die datum 18 Desember in die fiktiewe teks kon nie in die nie-fiktiewe dokumente opgespoor word nie. **Sien aanhangsel 8.**

Volgens die romanteks teken Maphanga, Tumelo John se prokureur, beswaar aan oor die verhooroffisier in die departementele verhoor: “Wanneer die interne verhoor op 18 Desember hervat ... val Maphanga weg met sy beswaar: die verhooroffisier is 'n junior van die klaer in die saak en sal getuienis van die klaer as die waarheid aanvaar; hy kan immers nie sê sy meerdere lieg nie en derhalwe kan die beskuldigde nie 'n regverdige verhoor verwag nie” (p. 159).

Volgens die romanteks is dit nie Sithebe wat die aanklaer in die saak is nie, maar wel Mabe wat op bogenoemde beswaar van Maphanga reageer: “Maar nie die aanklaer nie, nee, Mabe kom orent en wys daarop dat volgens Staande Order 144(11) die verhooroffisier hom nie hoef te onttrek nie” (p. 159). Die vertelling (p. 160) vervolg dan dat Sithebe “die verdediging se beswaar van die hand wys”, dat Maphanga aandui dat hy hom op grond van die omstandighede moet onttrek en dat Tumelo John as

gevolg van sy prokureur se onttrekking “vra om uitstel” en ”[H]ulle het dit uitgestel tot die dag na my operasie die 24ste Januarie” (p. 160).

Die twee swart karakters wat prominent in die romanmatige departementele verhoor figureer, is Mabe en Sithebe. Beide is karakters wat vroeg in die romanteks in konflik met Tumelo John is. Mabe word geskets as ’n man vir witbroodjies, ’n ou brulpadda van Tembadam (p. 58), ’n kaptein wat die lewe van ’n jong konstabel en sy vrou moeilik maak. Mabe word ook later as ’n vyand getipeer: “Net ’n paar huise van my af woon die grootkop Mabe. Ja, ek het ook my vyande wat my met die grootste graagte sal lem” (p. 72). Mabe word as ’n polisie lid beskryf wat nie teenstand sal duld nie: “Wat dink jy sal ou Mabe doen as hy môre kolonel word? Het jy al daaraan gedink? Ek sal jou sê, hy sal jou daar en dan laat uitvat. En hy sal dit so doen dat geen haan daar na sal kraai nie” (p. 149).

**Dokument: p. 2** van die “memorandum of notes on consultation, statement minuted from Samuel Rammuki, Box 845, Hammanskraal, 0400 verwys: “Warrant Officer Mnisi – He lives in the same street as Motasi, approximately four houses from Motasi. He is stationed at the Hammanskraal Police Training College. He was Motasi’s greatest enemy. I do not know why they were enemies. He is the person that reported Motasi’s death to the Hammanskraal Police on the 1<sup>st</sup> December, 1987”.

Kaptein Sithebe word op sy beurt geskets as iemand wat dink dat hy weens sy senioriteit nie nodig het om ’n jong konstabel soos Tumelo John vir foto’s te betaal nie (p. 58). Tumelo John het die situasie egter nie gelate aanvaar nie en Sithebe by die kollegehoof gaan verkla wat Sithebe opdrag gegee het om vir die foto’s te betaal.

Die betrokkenheid van hierdie karakters by die verhoor voorspel gevolglik niks goeds vir Tumelo John nie.

#### **5.7.6 Die staatsprokureur se opinie**

Verderaan sê die prokureur vir Tumelo John: “Die staatsprokureur het my verlede week laat weet dat jou eis teen die kolonel sonder enige verdienste is” en “Ek het terug laat weet dat ons voortgaan met die saak” (p. 160).

**Dokumente: (1)** ’n Skrywe van die staatsprokureur, J. Wagener, verwysing 8803/84/V22, gedateer 1984-12-05, bevat hierdie inligting.

(2) 'n Skrywe van Makhambeni aan die staatsprokureur, gedateer 1985-01-15 bevestig dat daar met die saak voortgegaan word.

## 5.8 Mediese voordele

Die teks dui aan dat die konflik verdiep en dat die hoofkarakter binne sy werksituasie toenemend meer druk ervaar: “Borea sê: ‘Oppas, ek wil jou voorberei, ek hoor die Mediese Fonds sal nie meer jou doktersrekeninge betaal nie’” (p. 161).

**Dokumente:** (1) Hierdie inligting kom uit 'n **verklaring wat namens Motasi opgestel is**, gedateer 7<sup>de</sup> dag van November 1984 te SAP Opleidingskollege Hammanskraal. Motasi het geweier om die verklaring te onderteken.

Die verklaring lui soos volg: “Ek, die ondergetekende Nr S160364 sersant Tumelo Richard MOTASI met standplaas S A P Opleidingskollege, Hammanskraal verklaar dat ek persoonlike beserings opgedoen het wat veroorsaak is deur kolonel W P van Zyl op Saterdag 1984 – 09- 08 en te S A P Opleidingskollege, Hammanskraal terwyl ek aan diens was. Ingevolge die bepalings van die Suid-Afrikaanse Polisieregulasies het die Staat siekteverlof met volle betaling aan my toegestaan vir die tydperk wat ek as gevolg van gemelde beserings van diens afwesig was. Ek verkies om my eie prokureur opdrag te gee om namens my 'n aksie in te stel vir die verhaal van skadevergoeding ten opsigte van gemelde persoonlike beserings, insluitende die bedrag wat die Staat as salaris en mediese koste betaal het (bo en behalwe die bedrag wat hy ingevolge die Ongevalwet verplig was om aan my te betaal en wat die Staat self ingevolge dié wet sal verhaal), en ek onderneem om, indien die gemelde aksie slaag, die bedrag wat ten opsigte van salaris en mediese koste verhaal word aan die Staat te betaal. Ek onderneem verder om redelike stappe te doen om hierdie saak tot sy einde te voer en om nie sonder toestemming van die Staat nie die eis so te skik dat my eis vir verlies van salaris en mediese koste nie ten volle aan die Staat uitbetaal word nie”.

Meneer Makhambeni het beswaar oor hierdie optrede aangeteken in 'n brief, gedateer 1984-11-08 aan Kaptein Swanepoel. Hy meld dat sy kliënt nie deur die betrokke kaptein geforseer kan word om so 'n verklaring te onderteken nie.

(2) 'n Verdere verwysing hierna is in “die brief aan agt”, gedateer 1985-08-08, p.2 paragraaf 7: “Part of me medical expenses was (sic) deducted from my salary after I was refused W.C.A. funds ...” **Sien aanhangsel 9.**

Nog 'n voorbeeld van toenemende druk is: “Sy pogings om uitstel vir die verhoor op 24 Januarie val op dowe ore. Hy handig die soveelste siektesertifikaat in, die spesialis skryf 'n brief en hy besoek ook Maphanga 'n paar keer in sy Pretoria-kantoor, lê nuwe beëdigde verklarings af” (pp. 165, 166).

**Dokumente:** Dié beëdigde verklaring met die opskrif “Before the Departmental Court / Commissioner of Police held at Pretoria. In the matter between Tumelo John Motasi and The Presiding Officer Luit Sebulelo 1st Respondent and The State 2<sup>nd</sup> Respondent,” is onvolledig.

Die ander beëdigde verklaring het die opskrif: “Affidavit, Before the Departmental Court held at Hammanskraal, in the matter between State versus Tumelo Richard Motasi”. Hierdie verklaring is professioneel voorberei en is gedateer 1985-01-16. Dit is in Pretoria beëdig voor ’n kommissaris van ede, die praktiserende prokureur, F.A.A. Saint.

## 5.9 Verdere verloop

### 5.9.1 Pleidooi vir billike interne verhoor

Die rol van die prokureur om die samestelling van die verhoor te verander ten einde ’n billike verhoor te bewerkstellig, kom in *Kroniek* (pp. 166, 167 en 169) aan die lig: “Maphanga rig ’n formele pleidooi tot die hoof van die opleidingskollege ... Geen billike verhoor word in vooruitsig gestel nie ... Daarom word gevra vir ’n onafhanklike verhooroffisier wat nie verbonde is aan die Opleidingskollege nie. ’n Afskrif word gestuur aan die Polisie-hoofkantoor in Pretoria”. Tumelo John sê dan ook aan kaptein Sithebe: “Ekskuus Kaptein, my prokureur het aansoek gedoen dat die verhoor anders saamgestel word, ek het ’n afskrif hier” (p. 169).

**Die dokument het die opskrif:** “Review proceedings before the Honorable Commissioner of Police: Notice of application to take the Departmental proceedings so far under review”. Dit is gedateer 24 Januarie, 1985, Pretoria. Die kommissaris van polisie erken ontvangs op 25 Januarie 1985.

Teen die einde van hierdie hoofstuk vind ’n verdere verdieping in konflik plaas tussen Tumelo John (wat geregtigheid soek) en die polisie (of die Mag met sy manipuleerbare voorgeskrewe prosedures en polisieregulasies). Volgens die teks besluit die brigadier om hom nie te steur aan die versoek om die verhoor anders saam te stel nie en gee opdrag dat die saak voortgaan: “Kaptein, neem hierdie man terug en gaan voort met die verhoor” (p. 172). Tumelo John reageer buite die verwagte, deurdat hy die brigadier se opdrag verontagsaam en vir die kaptein sê: “Ek gaan nie in nie, ek loop! Hier is my siektesertifikaat” (p. 172).

**Dokument:** Mediese sertifikaat van dr. Carrim, gedateer 24.01.1985, verklaar dat Motasi ongeskik is vir diens vir 7 dae.

### 5.9.2 Binne- en buitepasiëntbehandeling by Ga-Rankuwa

Die professor wat Tumelo John ondersoek, stel hom gerus oor sy oor: “Maar dit moet regkom, moenie nou bekommer nie. Ek boek jou solank in vir vroeg Januarie, dan kry jy ’n splinternuwe oor” (p. 132). Maar helaas: “Die oorinfeksie het nooit opgeklaar nie. Daarom was die eerste ooroperasie van Februarie ’85 ook nie suksesvol nie” (p. 174). Daar word na die oudiogram van Tumelo John verwys: “grafieke, persentasies, tabelle” en sy hospitaalnommer word as 0183075 aangedui (p. 175).

**Dokumente:** (1) ’n Kliniese verslag van dr. Krajewski van Ga-Rankuwa, gedateer 1985-12-02 en gelees saam met siektesertifikaat van 1985-10-23 verskaf die volgende inligting: “Die 1<sup>ste</sup> operasie was op 1985-02-11, 2<sup>de</sup> operasie was op 1985-09-12” en “(afgeboek: 1985-09-09 tot 1985-10-27 = 49 dae), sal weer opgeneem word 1986-01-06”.

(2) Die hospitaalnommer van Motasi (0183057) word verskeie kere aangedui, onder andere op ’n rekening van Ga-Rankuwa, gedateer 1985-12-12. Dit word ook gemeld in ’n brief van MEDUNSA se “Department of otorhinolaryngology,” gedateer 1987-06-11 wat die meegaande oudiometriese verslag interpreteer.

Die verband tussen die dokumente en die romanteks hierbo is duidelik.

### 5.9.3 Besnydenis by die Lesedi-kliniek in Soweto

Tumelo John is moedeloos omdat die toestand van sy oor eerder versleg as verbeter en hy wroeg oor sy moontlike aandeel daarin. Na ’n besoek aan ’n ou ngaka besluit hy: “Daar is dinge wat ek nagelaat het ... Ek was nooit veldskool toe nie, ek is nooit besny nie ... ek het my inisiasie as ’n mens van Afrika afgeskeep, dis wat ek moet regkry” (p. 189). Hierdie gedagte word herhaal: “Ek is ’n man van Afrika ... ek het nog altyd my swartwees afgeskeep ... Ek gaan nou ’n regte swartman word en ek gaan alles doen wat ek nagelaat het” (p. 195). Tumelo John sê dan vir sy vrou: “Ek gaan my laat besny” (p. 196). Die besnydenis is volgens die teks wel gedoen “deur ene dokter Moshesh in Soweto se Lesedi-kliniek. Gelyktydig is die glasskerf uit sy regterknie ook verwyder” (p. 196).

**Dokument:** ’n Mediese sertifikaat, gedateer 1985-06-14, dui aan dat dr. John Moshesh vir Tumelo Richard Motasi by die Lesedi-kliniek behandel het vir besnydenis, die verwydering van glasstuk uit

regterknie (opgedoen tydens ongeluk op 1982-12-30) en die uitsny van 'n sist van epididymus aan die linkerkant. Hy is met siekverlof vanaf 1985-06-03 tot 1985-06-16.

Hierdie dokument dien as bewys dat Motasi wel relatief laat in sy lewe besny is. Of hierdie besnydenis die gevolg is van 'n "insig" dat sy getrouheid aan die polisie by implikasie verraad teen sy mense en sy Afrika-agtergrond is, is nie duidelik nie.

Dit wil voorkom of Tumelo John geneig is tot komplikasies tydens mediese ingrepe: "Later sou hy agterkom van die komplikasies wat ingetree het tydens sy verdowing. So erg was dit dat die dokter hom eers met die hulp van twee ander kollegas kon bykry. Sy reaksie op die inspuiting was onverwags en hewig. Sy bloeddruk het afgeskiet ... dat hy begin stuiptrek het. Hy sou daarvan lees in 'n meegaande brief by sy siektesertifikaat" (p. 197).

**Dokument:** 'n Meegaande brief van dr. Moshesh, gedateer 1985-06-14, spesifiseer die behandeling en komplikasies soos volg. Op 1985-06-05 is die pasiënt besny en 'n glasstuk is uit sy regterknie verwyder. Op 1985-06-11 is 'n sist van die epididymus van die linkertestikel onder lokale verdowing verwyder. Motasi het 'n hewige reaksie op die inspuiting gehad. Sy bloeddruk het gevaarlik geval, hy het stuiptrekkings gekry en die dokter het hom met die hulp van twee kollegas bygekry. Na verwagting sal hy op 1985-06-17 weer diens kan hervat.

#### 5.9.4 Verplasing na Soweto

Volgens die romanteks is Tumelo John in die hospitaal vir sy ooroperasie. Hy word buite besoektyd deur twee polisielede mondelings ingelig dat hy na Soweto verplaas is: "Majoor Nienaber het my gestuur om te sê jy is verplaas" en verderaan "Hulle het jou verplaas na Soweto, die onluseenheid" (pp. 181, 182).

**Dokument:** Volgens 'n verklaring, gedateer 1985-02-21, was Motasi in Ga-Rankuwa hospitaal, saal 6 toe luitenant Maphanga, begelei deur suster Pieterse, om ongeveer 13h30 na hom toe gekom het in opdrag van majoor Nel om hom in te lig dat hy verplaas is na die onluseenheid in Soweto.

Tumelo John se onmiddellike reaksie is: "Hulle wil my straf. Deur die regte kanale. Regte kanale om wraak te neem, erkende prosedures om onreg te magtig. Jy moet net op die regte plek wees om dit te gebruik" (p. 182). Weer eens klink die woorde "regte kanale" as 'n eggo op vanuit die teks.

**Dokument:** Volgens punt 5 van 'n **notule van 'n personeelvergadering** wat op 1986-04-11 gehou is, moet personeel die **regte kanale volg** voordat hulle versoek om die bevelvoerende offisier te spreek. **Sien aanhangsel 4.**

Die teks skets hoe Tumelo John met die terugkeer werk toe na die operasie, verder gekonfronteer word met 'n verplasingbevel na Soweto: “Jy moet in Soweto rapporteer, nie hier nie ... Hier is die verplasingbevel. Teken dit!” Tumelo John skerm deur te sê dat hy nie vir 'n verplasing gevra het nie. Hy vra ook vir die majoor hoekom hy verplaas word, en word geantwoord: “Dis instruksies van Hoofkantoor, jy kan mos lees” (pp. 183, 184).

**Twee dokumente het betrekking.** Die een is gedateer 1985-02-21 en die ander een is 'n verklaring met die verwysing SKSM/EC/9776, gedateer 3 Julie 1985. In laasgenoemde word gemeld dat Motasi geweier het om die verplasing na die “Soweto Riot Squad” te teken toe hy na 'n ooroperasie terugkeer werk toe. Sy redes is eerstens dat hy nog mediese behandeling by Ga-Rankuwa Hospitaal ontvang en tweedens dat geen redes vir die verplasing aan hom gegee is nie en hy nie vir 'n verplasing gevra het nie (paragraaf 19, p.7).

### **5.9.5 Tumelo John word as ongewenste persoon by die kollege verklaar**

Na afloop van bogenoemde insident word Tumelo John deur die brigadier ontbied: “Luister, ek wil jou nie by die kollege hê nie” (p. 184). Om Tumelo John se beswaar in terme van mediese nasorg te neutraliseer, sê die brigadier: “Ek sal by hoofkantoor aanbeveel dat jou verplasing na Soshanguve verander word, dan's jy teenaan jou bleddie hospitaal”. Die teks dui deur middel van 'n interne monoloog aan dat ook hierdie verplasing vir Tumelo John problematies is: “Wat is die verskil, wonder hy? Wie sal vir my 'n huis kry? Hoe moet ek elke dag betyds daar kom, daar is nie 'n busdiens van hier af soontoe nie? En as ek in die koshuis intrek, wie sal gereeld na my oor kyk?” Die romanteks en die dokument verskil hier, aangesien eersgenoemde die interne monoloog as 'n vertelstrategie gebruik. 'n Nie-fiktiewe dokument toon aan dat hierdie vrae wel gevra is ( p. 185).

**Dokument:** Die strekking van hierdie woorde word gevind in paragraaf 20 op bladsye 8 en 9 van die voorafgaande verklaring: “Brigadier Malan later called me to his office and wanted to know why I declined to sign the transfer documents and I told him what I had told Major Nel the then (sic) said he does not want me at S A Police Training College, Hammanskraal, and that at any rate I must be transferred. He further said he will write to the Head Office and ask them to transfer me to Soshanguve



instead. I then told him that a transfer to Soshanguve would still prejudice and inconvenience me both economically and in so far as the execution of my duties are (sic) concerned. I told him that there was no proper transport which leaves Temba and arrives at Soshanguve timeously and it means I will be late at work most of the time and ultimately end up being defaulted. Brigadier Malan insisted that I must go as he no longer wants me at S A Police Training College”.

### 5.9.6 Skriftelike verplasingbevel na Soshanguve

Saam met die verslegtende verhoudings by die werk tussen Tumelo John en sy seniors, versleg sy gesondheid: “Die oorafskeiding kom stadig terug en toe een aand ... kom hy agter daar is ’n gesuis in sy kop (p. 187)”. Weens sy oorprobleem wat chronies geword het, en versleg het, “is dit reeds tien weke dat hy laas by die werk was (p. 198)”.

**Dokumente:** Verskeie mediese sertifikate is tussen die dokumente. Vanaf 1985-04-14 tot einde Junie stel die mediese sertifikate hom vry van diens en weer vanaf 1985-08-01 tot einde Augustus.

Tydens sy siekverlof word ’n kennisgewing vir hom na sy huis toe gebring wat hom inlig dat hy verplaas is: “As hy in sy sitkamer inkom, weet hy meteen hier kom moeilikheid. Kaptein Engelbrecht staan in die voordeur, hy stut sy arm teen die kosyn asof hy die deuropening wil vergroot. ‘John, jou verplasingbevel na Soshanguve het deurgekom. Hier is dit’” (p. 198).

**Dokument:** ’n Skrywe van Makhambeni aan brigadier Venter, gedateer 1985-06-25, het betrekking. Die afsluitingsparagraaf lui: “Gemelde oorplasing kennisgewing is op 20-6-85 deur die kliënt ontvang terwyl hy tot 23-6-85 op siekte verlof was sien mediese sertifikaat aanhangsel “A” hierby.”

“Kaptein ... ek wil weet of daar huisvesting vir my en my familie gereël is in Soshanguve” (p. 199). Enkele bladsye verder (p. 202) word die rede vir hierdie vraag aangedui: “... ingevolge artikel 10 van die Swart Administrasiewet kwalifiseer dié man nie vir ’n permanente verblyfpermit daar nie”. Tumelo John weier dan nogeens om die verplasingbevel te teken: “Tumelo John het mos hierdie keer ook geweier om te teken” (p. 199).

**Dokumente:** (1) Die verplasingbevel is gedateer 1985-06-11.

(2) 'n **Prokureursbrief**, gedateer 1985. 05. 25, wat gerig is aan die bevelvoerende offisier by die Opleidingskollege te Hammanskraal (geskryf deur meneer Makhambeni) dui aan dat Motasi in beginsel geen beswaar het teen die verplasing na Soshanguve nie, maar dat hy geen geskikte huisvesting tot op datum kon vind nie. In paragraaf 2 word gemeld: “Kliënt kwalifiseer nie tans in terme van **Artikel 10 van die Swart Administrasiewet** om 'n permanente verblyfpermit in Soshanguve nie. Aansoek om sodanige verblyfpermit met die hulp van die stasiebevelvoerder van Soshanguve moet eers gedoen word sodat die kliënt as 'n uitsondering sodanige permit kan bekom en huisvesting kan bekom.”

(3) In besonderhede word ook na hierdie aangeleentheid verwys in Paragraaf 21 van die **verklaring**, gedateer 3.7.85. Dit lui soos volg: “On the 25.03.85 Major Nel called me to his office and requested me to sign the transfer letter as my transfer to Soshanguve has been approved and authorized by Head Office. I declined to sign the transfer document and he said he will hold a grudge against me.

**Paragraaf 22 van dieselfde verklaring** lui: “On 1985.06.20 at ± 8h15 whilst I was still asleep Captain Swanepoel and Luit. Mapanga came to my house and served me with a transfer instruction to Soshanguve. He commanded me to append my signature accepting the transfer but as pointed out supra I requested him whether there was any accommodation provided for me and my family whereupon he replied that it was not his business and that I should carry out any order from the Commanding Officer. I may as well point out that when this happened, I was still on sick leave and my health was never considered in taking this decision”.

## 5.10 Toegang tot hoofkantoor

As Tumelo John nie daarin slaag om toegang tot hoofkantoor te kry nie, “Hy kom nie verder as die ontvangsportaal nie” (p. 199), gaan spreek hy sy prokureur.

**Dokument:** Die “brief aan agt,” gedateer 1985-08-08, p.1, paragraaf 3 verwys. “On Thursday 1985-06-20, I tried to report the matter to the Commission (sic) of Police at Pretoria, by myself but was refused an entry by the sergeant on duty there after making two telephone calls to different people saying that they know about my case but they will not help me”. **Sien aanhangsel 9.**

### 5.10.1 Eerste afspraak by Hoofkantoor

Tumelo John se prokureur bied toe aan om die polisiehoofkantoor te bel en “So word 'n afspraak gereël vir drie dae later” (p. 200).

**Dokument:** Die “brief aan agt”, gedateer 1985-08-08, p.1, paragraaf 3 verwys. “On Tuesday 1985-06-25, I gained permission to Commissioner’s Office with the assistant of an advocat, and Brig. Venter

was the Officer who told us, he is the one appointed to investigate my complaint” (sic). **Sien aanhangsel 9.**

Tydens hierdie afspraak met brigadier Venter noem die prokureur aan die brigadier dat die voorgeskrewe kanale elke keer geblokkeer word. Hulle kry geleentheid om belangrike kwessies op die tafel te plaas, soos: “daar is ’n kriminele klag van aanranding, ons weet nie wat van daardie saak geword het nie. My kliënt het van die Boputhatswana Polisie gehoor dat brigadier Botha die dossier by die Tembapolisiestatie gelig het ... En dan is daar ook die departementele ondersoek teen hom. Ook in hierdie geval weet ons nie wat die huidige posisie is nie. En nou word hy verplaas na Soshanguve” (p. 201).

Prokureur Maphanga maak die brigadier ook bewus van twee verbandhoudende aangeleenthede. Eerstens die dilemma dat Tumelo John weens artikel 10 van die Swart Administrasiewet nie kwalifiseer vir ’n permanente verblyfpermit in Soshanguve nie, en tweedens dat die busdiens ongereeld en daarom onbetroubaar is. Beide faktore speel ’n kritieke rol in werksprestasie. Die brigadier luister na wat hulle sê en lig hulle in: “Kyk, ’n verplasing soos hierdie is nie noodwendig finaal nie” (p. 202). Hierbenewens sê die brigadier ook: “Kyk, stel al julle probleme op skrif, dan sal ek daarop ingaan en laat weet” (p. 203).

**Dokument:** ’n Skrywe van meneer Makhambeni aan brigadier Venter, wat gemerk is: “Per Hand”, en gedateer 1985-06-25, het betrekking. Dit is gemerk: “Vir Aandag: Brig. JSM VENTER”. Die brief handel oor “Samesprekinge: 25 Junie 1985: Brig. Venter/TR Motasi: S160364 N”. Die brigadier word formeel versoek om ondersoek in te stel na wat van die aanklag van aanranding geword het. Sy kliënt het verneem brigadier Malan het die saakdossier by Temba gelig. Tweedens word hy versoek om feite en omstandighede te ondersoek wat gelei het tot verplasing na Soshanguve. Derdens word probleme uitgewys met die verblyfpermit en die busdiens. Die naam van die reële brigadier word dus in die roman gehandhaaf.

In die roman hou die brigadier wel woord, net soos wat afgelei kan word uit die reële dokumentasie: “Presies ’n week later kom die bevel van ’n nuwe departementele verhoor onder voorsitterskap van majoor Nobela van Soshanguve deur” (p. 203).

**Dokument:** Die dekbladsy van die **notule van die departementele verhoor** bevat die volgende inligting. Die offisier belas met die verhoor is majoor F.M. Soko. Die plek van die verhoor is Kamer 16, Soshanguve Polisie-Stasie. Dit is geskeduleer vir 9h00 op 10 Julie 1985. Slegs die dekblad is tussen

die dokumente wat 'n aanduiding is dat die verhoor uitgestel is. Indien hierdie afleiding korrek sou wees, korrespondeer dit met die vertelling op p. 204 waarvolgens die verhoor uitgestel is.

En nog enkele dae later volg die goedkeuring vir sy tydelike verplasing na die Hammanskraal-polisiestatie” (p. 203).

**Dokument: (1)** Volgens 'n beëdigde verklaring deur Motasi, gedateer 1986-08-21, is hy sedert 1985-07-11 gestasioneer te Hammanskraal-polisiestatie.

(2) 'n Ander dokument in die lêer wat na sy verplasing verwys, is 'n dekbrief van 'n verplasingaansoek van die kantoor van die stasiebevelvoerder, Hammanskraal, gedateer 1985-08-23. Die stasiebevelvoerder skryf onder punt 2: “Dit is 'n verdienstelike geval”.

### 5.10.2 Tweede afspraak by hoofkantoor

Dan ontvang Tumelo John weer 'n boodskap: “Dit lyk of Hoofkantoor spesiaal gewag het vir Maphanga om weg te wees. Tumelo John kry 'n boodskap om dringend vir brigadier Venter te spreek. Tydens hierdie ontmoeting kom die twee klagtes wat in September 1984 by Temba gelê is weer ter sprake. Die brigadier sê vir Tumelo John: “Die aanklaer het op jou saak ingegaan ... Jy sien daar is twee (hy wys met sy vingers) klagtes in September verlede jaar by Temba gelê: die een van jou: aanranding, en dan een van brigadier Botha: die rig van 'n vuurwapen ... Die aanklaer – dis die senior staatsaanklaer Moretele-distrik – het die sake goed oorweeg, mooi na alles gekyk en gesien daar is in altwee sake gebrek aan getuienis en toe besluit om nie te vervolg nie”(pp. 205, 206). Die onjuistheid word deur Tumelo John aan hom uitgewys: “Ekskuus Brigadier, ek kan dit nie mooi verstaan nie, ek het twee onafhanklike ooggetuies wat vir my kan getuig, ek is voor die oë van baie mense aangerand ... Daar is twee besoekers wat bereid is om te getuig, hulle het alles gesien ... die een is van Ga-Rankuwa en die ander een is van Heidelberg” (p. 206).

**Dokumente: Die klagte van jou aanranding:** brief aan agt, bladsy een, paragraaf 4 verwys. “...but from his office I checked the case register again and it says that the case is closed as false”. **Sien aanhangsel 9.**

**Klag gelê deur brigadier:** Prokureur Makhambeni skryf op 22.07.85 aan brigadier Venter in sake: Richard Motasi – Beweerde rig van vuurwapen: op 8 September 1984 – Klag gelê deur brigadier Malan 3 Oktober 1984: “Ons is deur ons kliënt in bostaande aangeleentheid gespreek. Aangesien dit ons instruksies is dat die Prokureur Generaal besluit het om nie te vervolg in bostaande aangeleentheid

nie, wens ons graag te verneem om watter rede u ons kliënt versoek het om die name van ooggetuies van die beweerde insident te verkry en aan u te verskaf. Alvorens ons, ons kliënt verder adviseer hierin verneem skrywer eers graag van u so spoedig moontlik hierin. Skrywer mag net meld dat skrywer kliënt verteenwoordig en dit sal waardeer word indien u voorheen skrywer (sic) in hierdie verband op hoogte van sake sal hou. Die uwe SKS Makhambeni.”

**Ooggetuies:** Die “brief aan agt”, gedateer 1985-08-08, p.1, paragraaf 4 verwys: “On Friday 1985-07-19, I was called to the Head Office by Brig. Venter who showed me the docket, which is that of my case and he wanted me to finished (sic) him with the particulars of other witnesses, because the Bophuthatswana Senior (sic) Public Prosecutor declined to prosecute the case, because there was not enough evidence in the case, and that was for the first I hear the results, (sic) but from his office I checked the case register again and it says the case is closed as false. Copies of my efforts to settle this matter without being victimized are enclosed here”. **Sien aanhangsel 9.**

Die brigadier vra die volle besonderhede en maak Tumelo John bewus van die erns van die eerste aanklag in die departementele verhoor: “As hierdie ondersoek moet voortgaan ... jy kán net nie wen nie” (p. 207). Hierop antwoord Tumelo John: “Ek gaan my prokureur vra ... om die name en adresse van die twee ooggetuies te gee” (p. 207).

**Dokument:** Die skrywe van prokureur Makhambeni wat gerig is aan brigadier Venter se onderwerp is: **Samesprekings: 22 Julie 85: Sersant Motasi: 316036N.** Dit is gedateer 1985-07-26 en voorsien die besonderhede van twee ooggetuies; een van Ga-Rankuwa en een van Heidelberg.

### **5.11 Advokaat Van Niekerk se mandaat**

Prokureur Maphanga verkry die dienste van ’n sekere advokaat Van Niekerk om Tumelo John in die departementele verhoor van 10 Julie te verdedig (p. 203). Maar helaas, die verhoor word uitgestel: “As hy die volgende môre met sy regsman vir die verhoor in Soshanguve opdaag, moet hulle hoor dat kolonel Van Niekerk met vakansie is en gou-gou word die verhoor uitgestel tot die 26<sup>ste</sup>” (p. 204).

In die dokument was die klaer, kolonel Van Zyl, met verlof. In die roman is die klaer kolonel Van Niekerk ook met verlof. Dit wil voorkom of die (onaangekondigde) verlof van die kolonel ’n ondermynings- of ’n ontduikingstegniek kan wees wat deur die persone in die magsposisie ingespan word. Nie die regspraktisyn of die betrokke polisielid is kennis gegee dat die departementele verhoor weens die afwesigheid van die klaer nie kan plaasvind nie. Die implikasie is dat die regspraktisyn tyd afstaan vir

die verhoor en fisies aanmeld om namens sy kliënt te verskyn. Die polisielid word deur optrede soos hierdie uitstel van die saak finansiëel benadeel, want hy moet die regspraktisyn (vir sy tyd) vergoed, al kon laasgenoemde nie 'n diens lewer nie.

**Dokument:** Die “brief aan agt”, gedateer 1985-08-08, p.2, paragraaf 6 verwys: “On Tuesday 1985-07-02, I was summoned for departmental trial on Wednesday 1985-07-10, at Soshanguve police station, we attendet (sic) the trial proceeding only with my legal adviser and we were only told there that the complainant Col. Van Zyl was on leave and the other witnesses were not present, so the trial was postponed to Friday 1985-07-26, where Col. Van Zyl, Lt. Stander, Lt. Venter, Capt. Seko, all commissioned officer’s (sic) were to give evidence against myself a mere junior”. **Sien aanhangsel 9.**

### **5.12 Fiktiewe skrywer ontmoet fiktiewe advokaat**

Tydens 'n ontmoeting deel die einste advokaat Van Niekerk die fiktiewe skrywer mee (pp. 212 - 217) dat die siviele eis teen kolonel Van Niekerk die sneller was vir 'n interne ondersoek oor moontlike wangedrag deur sy vermoorde kliënt: “Dis waar die ding begin het” (p. 212). Hy verwys na “'n element van kwaadwilligheid van die kant van die Polisie” (p. 212), byvoorbeeld “die oorspronklike dossier ... was skynbaar onopspoorbaar,” (p. 213) en “die afskrifte uit die wapenregister” wat nie verskaf is nie. Die advokaat gee die polisie wel krediet vir sekere toegewings: “Hulle het later wel bladsye uit die voorvalleboek verskaf, maar byvoorbeeld nie uit die vuurwapenregister nie” (p. 213).

Die teks “verklaar” dus hoe die afskrifte van bladsye van die voorvalleboek bekom is.

Die advokaat meen “'n Hersiening van die saak sou moes kom, dit staan soos 'n paal bo water ... Daar was twee aanklagte teen John. Dat hy die kolonel met geweld gedreig het deur sy 9mm-dienspistool te span en te sê: *hier is 16 gelaai, ek is nie bang om te hang nie*. En dat hy een dag wederregtelik sonder verlof afwesig was” (p. 213). Die advokaat vertel verder: “In sy getuienis het die kolonel beweer dat die rede hoekom hy daardie oggend na die dienskamer is, was om sy sersant te maan om alle mediese ondersoeke volgens voorskrifte te laat doen sodat dit op staatskoste kan geskied ... Jy weet, ek het daardie dag in my kruisverhoor nooit eens by die aanranding uitgekom nie ... Die naaste wat ek daaraan gekom het, was die eisbrief van die prokureur. Dat dít die rede is hoekom die kolonel na die dienskamer is” (p. 214).

**Die teks kruisverwys** hierbo na die gebeure van pp. 150 – 152, wat in hierdie navorsing gedek word onder die opskrif “**5.7.4. Tweede konfrontasie tussen die kolonel en Tumelo John**”.

**Dokumente wat verband hou met die bewering dat Tumelo John die kolonel sou dreig:**

(1) Volgens die voorvalleboek het die kolonel die uitstaande inskrywings om 6h52 aangeteken. Geen verwysing na die insident met dienspistool is deur hom in die voorvalleboek gerapporteer nie.

(2) **Eisbrief:** Verwys na brief waarin Makhambeni R10 000 skadevergoeding namens Motasi van kolonel Van Niekerk eis.

Die advokaat vertel ook aan die fiktiewe skrywer dat hy wapens ken en in die kruisondervraging gewys het op die onmoontlikheid van die bewering: “*hier is 16 gelaai i...*” Triomfantlik sê die advokaat op p. 215 vir die fiktiewe skrywer: “Jy sien, daar is net 9!”

Nog ’n faktor wat die interpretasie van die gebeure op die dag van die woordwisseling kon beïnvloed het, was taal: “... John en die swart kaptein wat met die motor by die dienskamer opgedaag het met mekaar in Sotho gepraat het” (p. 216). Die suggestie is dat kolonel Van Niekerk nie Sotho kan praat nie en dus verkeerd kon verstaan het.

**Dokument:** Die verklaring van kaptein M. Seko, gedateer 1986-05-21, verwys. Geen melding word gemaak van ’n dienspistool wat gespan is nie. Beskuldigde het wel met vinger na kolonel gewys tydens die woordwisseling.

Die advokaat lig die fiktiewe skrywer in: “Die saak is nog twee keer uitgestel ... John was elke keer afwesig ... in die hospitaal, hy is weer geopereer” (p. 216).

**Dokument:** Op 1986-05-21 is Motasi gevonnissen in terme van “Reg. 58(3) – dreigende taal teenoor sy meerdere kolonel WP van Zyl gebesig.” Hy is met R20.00 (tweintig rand) beboet.

Hierna dui die advokaat aan dat Tumelo John na sy mening lojaal was aan die polisie: “Al wat ek jou kan sê, is, hy het my laat verstaan: polisiewerk is sy lewe. Dat hy van sy werk hou. Sy skoon rekord tot op daardie stadium sal dit ook bevestig” (pp. 216, 217).



### 5.13 Eerste prokureur verloor belangstelling

Op hierdie stadium in die verhoorproses raak Tumelo John se geld op, met die implikasie dat hy nie verder toegang tot sy eerste prokureur het nie. Die fiktiewe prokureur Craig Byron vertel aan die fiktiewe skrywer: “Toe John se geld opdroog, het sy eerste prokureur, Harry Maphanga, alle belangstelling verloor” en “Hy wou ook nie die lêers aan my afstaan nie” (p. 241).

**Dokument:** ’n Prokureursnota, gedateer 1986-02-07 meld ’n gesprek met mevrou Muller van Regshulpraad: “She said that she requested the files from Makhambeni on two occasions without any reply”. ’n Tweede verwysing na Makhambeni se weiering om lêers oor te gee, is te vinde in ’n versoek van ’n prokureur van die Regshulpraad aan ’n kollega by die *Pretoria Law Centre* om die saak te hanteer. Die versoek is gedateer 1986-03-06 en dui aan dat die kliënt nie fondse het om vir regs-koste te betaal nie.

Hierdie prokureur moes Maphanga met die regsvereniging dreig om “die lêers met vroeëre besonderhede van die saak” te kry (p. 241).

**Dokument:** ’n Brief van Savage Jooste & Adams, gedateer 1986-04-04, stel aan Makhambeni dat versuim om die lêers binne sewe dae beskikbaar te stel tot ’n klag by die Regsgenootskap sal lei.

Bo en behalwe dit, moes Tumelo John “wat in die omgewing van R780” verdien, “’n uitstaande R450 aan Maphanga” betaal (p. 241).

**Dokument:** ’n Skrywe van meneer Makhambeni, gedateer 1986-04-21, aan Motasi, bevestig die beëindiging van sy mandaat in die saak Motasi / Die Staat en kolonel van Zyl. Hy sê dat hy die dokumente oorhandig op grond van die belofte van Motasi om die uitstaande geld van R450.00 te vereffen. Indien Motasi aandrang op ’n gespesifiseerde rekening sal die koste meer as R450.00 beloop.

### 5.14 Beëindiging van mandaat van advokaat

Hier plaas die romanteks die meriete en die kode van ’n saak naas mekaar: “Maar laat ek jou dadelik sê: ons het ’n sterk saak gehad” (p. 212) teenoor “Maar dit was die einde van my mandaat. Maphanga het my meegedeel dat daar nie meer fondse is nie en ek moes my onttrek ...” (p. 216) ’n Verontskuldiging deur die prokureur lees soos volg: “Toe my mandaat beëindig is, het ek natuurlik tred met die saak verloor” (p. 217).

**Dokument:** die beëindiging van die mandaat van eerste advokaat hou verband met die beëindiging van die mandaat van die eerste prokureur. Sien besonderhede onder “**5.13 Eerste prokureur verloor belangstelling**”.

Die teks versoek in der waarheid die leser om self ’n mening te vorm en in te vul oor hierdie onoorbrugbaarheid in dit wat die prokureur sê. Gaan dit werklik vir regspraktisyns oor die regspleging? (oor die sterk saak): “Hoe sou hierdie versameling aan sy geel Checkers-sakkie gekom het? Al die moeite om ’n saak, ja meer as een, op te bou lyk skielik so tevergeefs. Om die een of ander rede kon die stapel voorbereidings nooit daarin slaag om ’n advokaat op pad na die hof se leertas te haal nie. En die kans lyk skraal dat daar aan hierdie feite plek afgestaan sal word in leergebonde regsuitsprake. Die geel plastieksak was daarom nie onvanpas nie, ’n nuttige houer om van ’n nuttelose sameraapsel saam met jou tuinafval by ’n munisipale stortingsterrein ontslae te raak” (p. 17).

Die dokumente in die geel Checkers-sak wat nie die advokaat se leertas haal nie, bied weereens die geleentheid om *The trial of Andrew Zondo, a Sociological insight* van Fatima Meer intertekstueel te betrek. Die kleefmyn wat deur Zondo in die Sanlamsentrum in Amanzimtoti geplant is, was in ’n geel Checkers-sak (1987: 94). Indien die gedagte as ’n intertekstuele draad geneem word, kan soos volg geredeneer word: Die stapel voorbereidings van Tumelo John of Motasi, wat weens die struikelblok van regskoste in ’n Checkers-sak ’n tydelike tuiste gevind het, kan ook soos ’n kleefmyn skade berokken, aangesien reële lesers se vertrouwe in die politieke bestel en die juridiese stelsel “opgeblaas” kan word.

### **5.15 Regshulpraad en nuwe prokureur**

Daar word aangedui dat daar ’n verwikkeling betreffende die regsverteenvoordiging van Tumelo John is (pp. 216, 216, 219). Dit behels onder andere die beëindiging van die eerste prokureur, meneer Maphanga en advokaat Van Niekerk se mandaat.

Volgens advokaat Van Niekerk is dit aan hom te danke dat Tumelo John regshulp gekry het: “Ek het aanbeveel dat John by die regshulpraad aansoek doen om bystand. Op dié manier het hy toe by Craig Byron uitgekóm” (p. 216). Die tweede prokureur, Craig Byron, vertel vir die fiktiewe skrywer: “Ek het vroeg in 1986 by die saak betrokke geraak. Ou John was sonder geld en moedeloos” (p. 240).

**Dokument:** Motasi is op 1986-01-31 deur die Regshulpraad na Savage Jooste & Adams verwys, volgens 'n skrywe van hierdie regsfirma aan Makhambeni.

Tumelo John maak ook melding van die nuwe prokureur: “Hy moet onthou om dit volgende keer vir Craig Byron, sy nuwe prokureur, te vertel” (p. 219).

**Dokument:** Volgens 'n skrywe van die regsfirma Savage Jooste & Adams, gedateer 1986-04-04, is sersant Motasi op 1986-01-31 deur die Regshulpraad na hulle verwys. In hierdie skrywe versoek die firma die vorige prokureur, meneer Makhambeni, om lêers met die verwysing 9776 en 9797 of die inligting daarin, wat tot nut sal wees in die verdediging van die kliënt, tot hulle beskikking te stel. Hierbenewens is daar bewyse dat die firma Savage Jooste & Adams poog om meneer Makhambeni telefonies te kontak, onder andere op 1986-01-31.

Dat hierdie verwikkeling met 'n gebrek aan fondse verband hou, word onder andere bevestig deur 'n nota in die teks oor die “brief aan agt”: “Die prokureursklerk se eie spelling laat hom plek-plek in die steek, hy is maar 'n junior en iemand moet die sersant help, die man het nie meer geld nie” (p. 222).

### 5.16 Die “brief aan agt”

Brokkie vir brokkie word inligting omtrent hierdie brief bekendgemaak. Hy het die brief agt maande gelede uit desperaatheid geskryf. Dit is onder andere gerig “Aan sy Edele” (p. 219). In *Kroniek* (pp. 220 – 223) word dié brief in Afrikaans in skuinsdruk weergegee. Daar is ook enkele verklarende notas tussen die agt paragrawe.

**Dokument:** Tussen die dokumente is 'n beswaarskrif van Motasi, gedateer 1985-08-08 en die aanhef lui soos volg: “Complaint addressed to: The Honorable Minister of Police, South African Parlement; The Commissioner South African Police, Pretoria; The State President, South African Parlement; The Honorable Speaker, South African Parlement; The Honorable Minister, Progressive Federal Party, The Secretary, South African Parlement; The President, South African Council of Churches; The Editor, South African Press Association”. **Sien aanhangsel 9.**

Behalwe die twee sinnetjies uit die staatspresident se kantoor is daar na agt maande nog geen reaksie nie. Dis 'n getikte brief en in Engels: “Hy skryf die brief in Engels. Die prokureursklerk tik dit vir hom ... twee bladsye lank, enkelspasiëring” (p. 224).

**Dokument:** Die privaatskrywer van die Staatspresident, WPJ Ehlers, erken ontvangs op 1985-08-29 en verwys die skrywe na die Minister van Wet en Orde.

Die uitgewer se vrou vra die fiktiewe skrywer of die “brief aan agt” nie ’n oordeelsfout aan die kant van Tumelo John was nie. Hy antwoord haar deur te sê dat Tumelo John dit op advies van sy prokureur gedoen het om “sy saak wyer aandag te gee ... aan die groot klok te hang” (p. 244). Hier word dus geïnterpreteer en toegevoeg.

### 5.17 Die pet- en gasbottelinsident

’n Insident wat by die handelshuis op Hammanskraal afspeel, is die vonk vir die verdere vertroebeling van die verhouding tussen Tumelo John en sy seniors, in so ’n mate dat Tumelo John dink: “dis die einde dié” (p. 238). Die feit dat Tumelo John in sy uniform by die handelshuis uitklim om ’n gasbottel te vul, het aanleiding gegee tot die insident. Hy voel siek: “Tumelo John klim uit, pet in die hand en sonder om te dink gooi hy sy pet terug op die sitplek ... Hy trek sy rangtekens los en laat dit op sy pet val” (p. 237). “Enkele minute later – op pad uit” roep kaptein Welgemoed van die kollege, wat toevallig ook by die handelshuis was, na hom en konfronteer hom: “Moleko, ek praat met jou, waar’s jou pet?” (p. 238). Die konfrontasie ontaard in ’n padintimidasië-voorval en Tumelo John wat terugdraai winkel toe om ’n ooggetuie te vra om ’n verklaring af te lê: “Hy roep na die konstabel. Ja, antwoord dié, hy is bereid om ’n verklaring van die voorval af te lê, van wat Welgemoed gesê het en dat Tumelo John op niks gereageer het nie” (p. 239).

**Dokument:** Motasi en twee ooggetuies het op 1986-04-09 beëdigde verklarings oor **pet-, rangtekens- en gasbottel-voorval** in die teenwoordigheid van ’n kommissaris van ede by die firma David Chone Behr te Pretoria, afgelê.

**Beëdigde verklaring:** “I went off duty at 16h25 on the **8th April**, 1986 and went to the Safemore Shop at Hammanskraal to fill the gas bottle. **I suffer from extreme headaches as a result of an assault of an assault on 8th September, 1984 and consequently removed my cap. I also removed badges of rank in order to attend to my business as a civilian.** I put the badges of rank into the cap and let the cap in my car, which I had parked at the shop. I went into the shop to refill the gas bottle. When I returned to my car I saw that my car was parked in by a landrover. Captain Kotze had apparently called me, but I didn’t hear him. He then poked me wit (sic) his officer’s stick in the back and yelled at me “Motasi, ek praat met jou! Waar’s jou pet? Hoekom dra jy nie jou pet nie? My kaffertjie, glo jy nooit dat ek jou sal opfok nie?” I kept quiet and turned around as I saw he was armed and was afraid he would shoot me. He yelled “Gabriel”. I saw a Policeman, Mr Makwana, get out of the landrover and approach Captain Kotze. They spoke to each other and looked at their wathces. I got

into the car and drove off in the direction of Warmbaths. (The car which was parked in front of me had left). Captain Kotze and Mr Makwana followed me in the landrover at a very close following distance. I pulled off the road and they drove past me. I returned to the shop in order to get hold of some witnesses to the scene. I got hold of **Constable Kgwathla and Mr Abram B. Mpshane**. They gave me the details and we arranged to make statements at our attorneys.”

Beide ooggetuies se verklaring bevestig die gebeure. Hierdie verklaring maak sin indien gelet word op Motasi se beklemtoning hierbo “... **and consequently removed my cap. I also removed my badges of rank in order to attend to my business as a civilian**”. Dit blyk hiervolgens dat die afhaal van die pet en die rangtekens beteken dat die polisielid nie in uniform is nie, selfs al sou die polisielid geklee wees in ’n polisiehempe, -broek en -stewels. Die romanteks fokus hier eensyds op die onskuld en ingeligtheid van die sersant en andersyds op die onkunde van die kaptein oor die betrokke bepalings.

**Die verklaring van Mpshane lui soos volg:** “I reside at 480 Unit D. Temba.

On the 8th April, 1986 I was from school (Kudube Manpower Centre) waiting for the bus at Safemore at ± 4.15 p.m. Mr Motasi came with a 323 mazda. My attention was drawn by the car. I saw him unbuttoning his rank badges and he took out a gas container. He walked into the shop. While he was in there a Landrover (red and white) stopped behind Mr Motasi’s car. A white Policeman got out and walked into the shop. After a while Mr. Motasi came out. Then the white man followed. The white man poked Mr Motasi with a stick and Mr Motasi turned around. He asked Mr Motasi where his cap was. Mr Motasi didn’t answer. The policeman called (another) black Policeman and asked him if he knew Mr Motasi. He nodded in affirming. Mr Motasi said nothing, opened the door of his car and put in the gas container. The white Policeman was still shouting at Mr Motasi. The latter got into his car and drove off into the Warmbaths Road. The Policemen followed him in their Landrover.

I saw Mr Motasi swerving off the road. The Policemen passed him and took the turn off. The attention of all the people on the verandah was drawn to the incident and they were asking what was happening.

After a while Mr Motasi came and asked me if I saw the whole incident. I confirmed it and he asked me if I would be prepared to make a statement about the incident and I replied yes.

ABRAM MPSHANE

Thus signed and sworn to before me at Pretoria on this 16th day of April, 1986, the Deponent having knowledge that he knows and understands the contents of this Affidavit. COMMISSIONAR OF OATH, DAVID CHONE BEHR”

### **Die tweede getuie se verklaring lui soos volg:**

“I am a Constable in the S.A. Police Force and live at 1086 C, Al living at 1086 Almansdrift.

On the 8th April, 1986 at about 16h45 in front of Safemore shop at Hammanskraal I saw Mr Richard Motasi parking his car and remove all his badges of rank as well as his cap. He left them in his car and removed the gas bottle from his car. He then entered the shop. After a while another Police officer parked his landrover behind Mr Motasi’s car. He also entered the shop. I saw both Mr Motasi and the Policeman coming out of the shop. The white Policeman was talking to Mr Motasi, but Mr Motasi was not saying a word. Mr Motasi got into his car and put down the gas bottle. He looked annoyed. The white Policeman was talking to another black Policeman who was in civilian dress. Mr Motasi drove off and the other two Policemen followed him in the landrover, in the direction of Warmbaths.

Mr Motasi pulled off the road to the left and the landrover drove past him. Mr Motasi returned to the shop. He found me and asked if I saw him removing his badges of rank. I replied yes. I asked him what actually happened. He replied that the white Policeman was trying to intimidate him and that he (Mr Motasi) was not allowed to wear his cap without his badges or rank. He asked me if I would be prepared to act as witness to the incident and I replied positively.

IZAK KGWATLHA

Thus signed and sworn to before me at Pretoria on this 9th of APRIL 1986, the Deponent having acknowledged that he knows and understands the contents of this Affidavit. COMMISSIONER OF OATHS, DAVID CHONE BEHR”

### **5.18 Die pleitbriefie**

Die pet- en gasbottelinsident in April 1986 bring klaarblyklik by Tumelo John tuis hoe prekêr sy situasie is en “[N]og dieselfde aand skryf hy (in Engels) ’n pleitbriefie aan Craig Byron:

*Ek is genoodsaak om ’n nederige en dringende versoek te rig vir ’n Hooggeregshofbevel of –instruksie teen my meerderes in die Suid-Afrikaanse Polisie voordat dit te laat is.*

*Ek word vir niks gestraf nie omdat ek ’n swartman is wat magteloos is om die boosdoeners voor die reg te daag want hulle is wit met al die magte.*

*Ek dring daarom nederig by U aan om my penarie ernstig te oorweeg en die aansoek gunstig te steun.” (p. 239)*

**Dokument:** Hierdie “pleitbriefie” is ’n Afrikaanse weergawe van die oorspronklike Engelse brief, gedateer 1986-04-10, wat Motasi vir die aandag van meneer Currin by die firma Savage Jooste & Adams skryf: “Application to appeal for Supreme Court action, Mr. T.R. Motasi. I am compelled to make a humble and urgent request for a Supreme Court action or order against my superiors in South African Police Force before it is too late. I am being penalized for nothing because I am a black man who can do nothing (to) bring the criminals to justice, as they are white with all the powers. I therefore humbly implore you to favourably consider my predicament and give my application your favourable consideration. Your client T.R. Motasi”.

### 5.19 Mediese rekords

Tumelo John ontvang ’n hospitaalrekening wat hy nie kan betaal nie. Die tweede prokureur verduidelik die situasie aan die fiktiewe skrywer: “Ou John was sonder geld en moedeloos. Ga-Rankuwa het pas aan hom ’n rekening gestuur van by die R4 000 omdat die mediese fonds geweier het om te betaal. Jy’t gesien in watter Babelse verwarring daardie mediese rekords is: briewe tussen verskillende dokters, ook die hospitaal, en die Polisie – van die polisiestasie, van die kollege, van Hoofkantoor. Oor en weer. As jy arm is, en boonop swart, dan gaan die deur van die Reg nie sommer vir jou oop nie” (pp. 240, 241).

Die prokureur vertel ook die volgende: “Maar die grootste sloeders en toesmeeders was die Polisie. As iemand aan diens beseer word, betaal die mediese vereniging nie. Die Polisie het alles gedoen om van hom ontslae te raak en byna 18 maande het verloop voordat hulle die werkgewersverslag sou voltooi van ’n ongeval tydens diensverrigting” (p. 241).

Die dokumente toon inderdaad aan dat die ‘nie-beskikbaarheid’ van die werkgewersverslag verreikende gevolge het.

**Dokumente oor werkgewersverslag:** Verskeie briewe van geneeshere dui op hul frustrasie met die polisie wat nie ’n **voltooide werkgewersverslag** voorsien nie, byvoorbeeld: skrywe van dr. S.S. Mojapelo, gedateer 1986-01-16: “Date of injury 1984-09-08. I am unable to complete the W.C.A. form as no employer’s report has been forwarded to me. Please forward completed employer’s Report and the forms will be duly completed”. ’n Skrywe van meneer Currin van die prokureursfirma Savage Jooste & Adams, gedateer 1986-03-06, verwys ook na POLMED en die geneesheer wat ’n werkgewersverslag benodig.

Werkgewersverslag is voltooi en geteken op **1986-03-11**. (ongeval was op 1984-09-08)



**Dokumente oor hospitaalrekening:** (1) ’n Afskrif van hierdie rekening is in die lêer. Dit is gedateer 1985-12-12.

(2) ’n Kriptiese prokureursnota na afloop van ’n konsultasie met Motasi, gedateer 1986-03-06, het betrekking. Dit verwys na die SAP (brigadier Malan) se weiering om ’n werkgewersverslag te voorsien: Die geneesheer kan nie van POLMED eis nie, maar wel van die WCA. As ’n lid aan diens beseer is, betaal POLMED nie. Motasi se geneesheer het egter klaar van POLMED geëis toe Motasi hom as privaatpatiënt kom spreek het, al is hy tydens diens beseer, maar toe weier die SAP om ’n werkgewersverslag te gee.

(3) Hierbenewens is daar ’n skrywe van Savage Jooste & Adams, gedateer 1986-03-06, waarin die werkgewersverslag van die werkgewer aangevra word.

Die amptelike kommunikasiekanaal tussen die werkgewer, te wete die Suid-Afrikaanse Polisiemag na die mediese fonds POLMED word gebruik om die skroewe verder aan te draai: “Hulle laat die mediese vereniging weet dat John se eerste doktersrekeninge ... deur die fonds betaal is. Toe word dié bedrae van sy salaris afgetrek” (p. 241).

**Dokument:** Die “brief aan agt”, gedateer 1985-08-08, verwys hierna op p. 2, paragraaf 7.

## 5.20 Nuwe befondsing en nuwe eis teen kolonel Van Niekerk

Die tweede prokureur vertel dat hy by die regshulpraad aangeklop het: “Ek het by die regshulpraad aansoek gedoen om finansiële steun” (p. 242).

**Dokument:** (1) Vorm RH2 waarop aansoek gedoen word om finansiële hulp by die regshulpraad is ingevul en geteken. ’n Fotostaat daarvan is in die lêer, tesame met ’n dekbrief wat gedateer is 1986-06-18.

(2) In ’n prokureursnota, gedateer 1986-09-01, van Allen aan mnr Currin, word die betrokkenheid van die regshulpraad genoem: “As we have instructions from the Legal aid board, it seems as if they will be in a position to pay for this report.”

“Later het Suid-Afrikaanse Raad van Kerke ingewillig om vir regs-koste in te staan” (p. 241).

**Dokument:** ’n Dekbrief, gedateer 1987-04-9, insake: RICHARD MOTASI: SACC REF.86/1322 – CHARGE WITHDRAWN, dui aan dat ’n tjek van R500 aangeheg is. ’n Kwitansie vir R500, gedateer

1987-04-22, vir regskoste van Motasi is in die lêer. Dit is deur die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke betaal. Daar is ook twee verdere kwitansies.

Waar daar aanvanklik R10 000 van kolonel Van Niekerk geëis is, word daar nou R20 000 vir skadevergoeding geëis: “Toe ek weer die saak teen kolonel Van Niekerk opneem, is R20 000 geëis” (p. 241).

**Dokument:** In die periode waartydens Savage Jooste & Adams Motasi se prokureursfirma is, is daar twee eise teen kolonel Van Zyl in die lêer. Die eerste “letter of demand” is gedateer 1986-02-14, en R20 000 word geëis, maar dit is steeds in die lêer (sonder ’n adres). By die tweede eis is die bedrag van R50 000 aangeteken in “Particulars of claim” opgestel deur advokaat TD Hopf. (In respect of the assault: R30 000; in respect of the defamation: R20 000). Dit is gedateer 1987-05-14.

### 5.21 Uitspraak van die eerste departementele verhoor

Die departementele verhoor wat oorspronklik vir 29 November 1984 geskeduleer is, is in Mei 1986 afgehandel. Die fiktiewe skrywer vra na die rede vir die gesloer: “Die skrywer: ‘Ek sien dat die departementele verhoor eers in Mei ’86 afgehandel is, nadat dit 12 keer uitgestel is. Die R20 waarmee hy toe beboet is - vir dreigtaal teenoor sy meerdere – is dit nie belaglik min nie? En op daardie ander klag: sy versuim om ’n siektesertifikaat in te handig, word hy vrygespreek. Hoekom so ’n ligte straf?’” (p. 242) Volgens die teks antwoord die tweede prokureur hom soos volg: “Die voorsitter was versigtig, bang die saak gaan vir hersiening. Ou John het nou al ’n reputasie as moeilikheidmaker ...”

**Dokumente:** Twee verwysings na die boete van R20 is in die lêer. Die een van Savage Jooste & Adams is gedateer 1986-06-06 en gerig aan Motasi. Dit bevestig skriftelik dat hy skuldig bevind is op die eerste aanklag en met R20 beboet is. Die ander dokument is ’n uittreksel uit Diensregister, gedateer 1986-11-28.

Die prokureur en kaptein Opperman bied verskillende redes vir die gesloer van Tumelo John se departementele verhoor aan. Kaptein Opperman se verduideliking is gegrond op hoorsê en dit is terselfdertyd ’n indirekte dreigement: daag jy jou seniors in die Mag uit, het hulle metodes om jou te straf. Dit bevestig retories ook die beeld van die polisiemag as ongenaakbaar teenoor ’n mindere: “Hulle sê daardie dissiplinêre verhoor het so lank gevat, net omdat jy so astrant is” (p. 251).

## 5.22 Werksmilieu: die stoor na die derde ooroperasie

Hoofstuk 16 van Kroniek se opskrif is *Johannesburg, Oktober 1988*. In hierdie hoofstuk verduidelik 'n dokter aan die fiktiewe skrywer dat die geraas in Tumelo John se oor tinnitus genoem word en dat dit “na sy derde operasie in Mei ‘86” al erger geword het (p. 240). In hoofstuk 17, met die opskrif *Hammanskraal, Augustus 1986* lui die teks: “Tumelo John sit by sy skryftafel in die stoor ... Voor hom op die tafel lê sy studiemateriaal wat hy saamgebring het werk toe ... Hy besef dis eintlik deur Kriek se toedoen dat hy stoor toe uitgeskuif is, maar dit pla hom nie. Hoe kan dit? 'n Maand gelede het hy sy derde ooroperasie gehad, hy's maar 'n paar dae terug by die werk en kan nie sê hy voel beter nie” (p. 246).

Twee verskillende datums word hierbo vir die derde ooroperasie aangebied, naamlik Mei 1986 en Julie 1986. Volgens die dokumente was die derde ooroperasie wel in Mei 1986.

**Dokument:** Die derde ooroperasie was op 1986-05-27. Dit is aangeteken in 'n brief van die firma Savage Jooste & Adams wat gerig is aan die Regshulpraad, gedateer 1986-06-11.

## 5.23 Moontlikheid van vroeë uittrede uit die mag

“Kriek het gedink hy kan hom rondorder. Kriek dink hy kan met almal maak soos hy wil. Kriek wou hom op 'n dag afstuur dorp toe om sigarette te koop. Maar hy't gesê hy kan nie in sy toestand 'n staatsmotor bestuur nie ... Dis eintlik iets wat Craig Byron teenoor hom genoem het. Dat 'n amptenaar wat doof is nie 'n staatsvoertuig behoort te bestuur nie, want maak hy 'n ongeluk is die minister aanspreeklik en dat hy gaan probeer om - afgesien van die eis teen kolonel Van Niekerk - 'n vroeë uittrede uit die Mag vir Tumelo John te vra, met voordele ... 'n eervolle ontslag” (p. 247).

**Dokument:** In die dokumente is daar nie 'n verwysing na die bestuur van 'n staatsvoertuig deur 'n dowe persoon of die aanspreeklikheid van die minister in dié verband nie. Daar is wel 'n verwysing na die prokureur se wens om vroeë uittrede uit die Mag vir Tumelo John te bewerkstellig. 'n **Interne prokureursnota** (firma Savage Jooste & Adams), gedateer 1987. 03.27, het betrekking: “There hasn't yet been a final decision. The matter has been referred to the Medical Board. From that I gather that there is a good possibility that he will be released from his duties on medical grounds and that he will get a pension, which is exactly what we want.”

'n Mens sou uit bogenoemde kon aflei dat die voorval met Kriek en die koop van die sigarette ('n korrupte opdrag) deur die reële skrywer toegevoeg is.

## 5.24 Tweede departementele verhoor

Tumelo John se onmiddellike bekommernis is die volgende departementele verhoor wat hom in die gesig staar: Omdat hy

*“weder(r)egtelik 'n minagtende, weerspannige of parmantige houding teenoor sy meerdere, nommer so-en-so kaptein W E Welgemoed, aangeneem het deurdat hy, nadat hy deur voormelde kaptein Welgemoed aangespreek was omdat hy nie sy pet by sy uniform dra nie, sy tong geklik het, die woord 'Shit' geuiter het en weggedraai het sonder om 'n verduideliking te gee”* (p. 248).

**Dokument:** Die aanvanklike datum vir die departementele verhoor is 1986-08-18, te SAP Hammanskraal, K11. Die aanklag is “die oortreding van regulasie 58(3) deurdat hy te Hammanskraal op die 8<sup>ste</sup> April 1986 wederregtelik **'n minagtende, weerspannige of parmantige houding teenoor sy meerdere**, nommer W46083H kaptein GD KOTZE, aangeneem het deurdat hy, nadat hy deur voormelde kaptein KOTZE aangespreek was omdat hy nie sy pet by sy uniform dra nie, **sy tong geklik het, die woord “Shit” geuiter het en weggedraai het sonder om 'n verduideliking te gee.**”

Die klem van die klag val nie op die pet en die uniform nie, maar wel op die gedrag van 'n ondergeskikte ('n sersant) teenoor sy meerdere ('n kaptein). Dit is binne die hiërargie van die polisie ondenkbaar dat 'n ondergeskikte teenoor 'n meerdere 'n parmantige houding kan inneem, die tong kan klik, die woord “shit” kan uiter en kan wegdraai sonder om 'n verduideliking te gee. In die klag word nie melding gemaak van die rangtekens nie, terwyl dit juis die argument van die aangeklaagde is dat hy sy rangtekens en pet verwyder het om as siviele persoon sy besigheid te doen.

Op die kollege se eerste personeelvergadering na hierdie insident, gee kolonel Van Niekerk opdrag dat verklarings by hom persoonlik ingedien moet word as sersant Moleko nie die nodige respek toon nie. Tumelo John is bewus van die toedrag van sake, want Borea het “'n afskrif van die notule vir Tumelo John gebring” (p. 248).

**Dokument:** Personeelvergadering gehou op 1986-04-11 om 7h00. Die negende punt het betrekking: “Kol. Van Zyl gee opdrag dat indien sers Motasi teëgekrom word en hy toon nie die nodige respek nie

dan moet die nodige verklarings by kol. Van Zyl ingehandig word. Dit geld ook vir adjutant-offisiere.” **Sien aanhangsel 4.**

Ook by ’n ander geleentheid het Borea Tumelo John vooruit gewaarsku oor ’n opdrag wat tydens ’n personeelvergadering genotuleer is: “Van Niekerk het dit laat notuleer dat Moleko onmiddellik vir betreding opgesluit moes word indien hy – ‘hetsy aan of van diens’ – sonder Van Niekerk se persoonlike toestemming op die terrein gesien word” (pp. 248, 249).

**Dokument:** Personeelvergadering gehou op 1985-10-18 om 07h00, paragraaf 9 verwys: “Kol. Van Zyl lig die vergadering in dat hy sers. R. Motasi die kollege-terrein verbied het. Indien hy op die terrein aangetref word, hetsy aan of van diens, sonder brig. Malan of kol. Van Zyl se toestemming, sal hy opgesluit word vir betreding.

## 5.25 Die aanklag: dros

### 5.25.1 Lewensgehalte en werksuïtsette

Sy lewe sentreer om sy voorskrifmedisyne, doktersbesoeke en die inlewering van sieksertifikate: “Kyk die man wás baie kere en soms lank van die werk afwesig” (p. 242). Kaptein Opperman verduidelik vir Tumelo John: “Van sieklikes hou geen werkplek nie, jy weet nie mooi wanneer die man sy werk kan doen en wanneer laat hy jou in die steek nie” (p. 252).

**Dokument:** (1) Siektesertifikate onderteken deur dr Brümmerhoff te Temba besigheidsentrum, dui agt verskillende vandiensstellings in die periode vanaf 1985-04-14 tot 1985-07-29 aan.

(2) Hierna is daar ’n dokument, gedateer 1986-02-14, wat siekboekinskrywings vir vier verskillende periodes aandui, naamlik 5 dae, 9 dae, 49 dae en 16 dae tot en met 1985-12-03. Motasi was volgens hierdie dokumente selde aan diens.

Retories hou elke verwysing na Tumelo John se doktersbesoeke, voorskrifmedisyne en die inlewering van sieksertifikate ’n vingerwysing na die Mag in, omdat die oorsprong daarvan steeds by die aanranding lê wat toegesmeer word. Die leser verreken dit wanneer kaptein Opperman se stelling oor siekes in die werkplek gelyk gegee word.

### 5.25.2 Medikasie en doktersbesoeke se impak op werkverhoudings

Die hoofpyne en die medikasie vir die hoofpyne tas Tumelo John se funksionering, ernstig aan. Sy lewenskwaliteit is laag: “Hy slaap sy dae om” (p. 253). “Tumelo John voel nie eens lus om op te staan nie en Tsepo kom gesels met hom in die slaapkamer” (p. 255). Ook Craig Byron onthou: “Tydens konsultasies het hy dikwels slaperig voorgekom” (p. 302).

Die apteker wat die voorskrifmedisyne aan hom uitreik, het hom vroeg reeds gewaarsku: “Daardie medisyne wat hulle jou gee kan ’n mens nie aanhou gebruik nie” (p. 115). Op ’n latere geleentheid “roep die apteker hom eenkant. ‘Ek moet jou waarsku,’ sê hy. ‘Wanneer gaan jy ophou met hierdie medisyne?’ Hy wys na die voorskrif in sy hand. ‘Dis valium, weet jy wat is valium? Jy sal later nie meer daarsonder kan klaarkom nie’” (p. 166). Ook die professor by Ga-Rankuwa is bekommerd oor sy langdurige gebruik van die voorskrifmedisyne en sê vir hom: “Ons moet jou afkry van hierdie medisyne. Ons sal jou nog een keer moet opereer ... na hierdie operasie sal jy nie meer hoofpyne hê nie ... Jy sien, hierdie medisyne... as jy daarmee aanhou, sal jy later nie eens meer goed kan slaap nie, soveel nagmerries sal jy kry” (p. 256).

**Dokumente:** In handgeskrewe prokureursnotas, gedateer 1987-04-02, van ’n gesprek met dr. Krajewski oor Motasi word gemeld dat Motasi afhanklik is van pynstillende middels.

Die medisyne waarna verwys word, is die valium wat Motasi gebruik vir sy hoofpyne: gemeld in distriksgeneesheer se verslag.

Kaptein Opperman, die stasiebevelvoerder (p. 250) by Hammanskraal-polisiestadie wat ’n goeie verhouding met Tumelo John het, praat reguit met hom. Hy probeer by Tumelo John tuisbring dat hy in meer as een opsig met met vuur speel: “[D]ie ander manne kla dat jy so baie afsiek is ...” (p. 251). Die geduld van die polisiebestuur oor Tumelo John se afwesigheid by die werk raak min en drastiese optrede volg om vas te stel of Tumelo John laks is, of werklik siek is. In Augustus van 1986 kom ’n konstabel na sy huis en beveel hom om in opdrag van die distrikskommandant saam te kom vir ’n mediese ondersoek. Tumelo John ignoreer hierdie opdrag blatant: “’Ek is op siekverlof, ek het ’n afspraak met die hospitaal vandag,’ en hy slaan die deur voor die oorblufte konstabel toe en sluit. Later ry hy na die hospitaal en kom handig ’n

mediese verslag in: die oudiogram toon 'n konduktiewe gehoorverlies; daar is steeds 'n perforasie; die bloeding is gestop, maar nie otitis media (in die middeloor) nie. En die soveelste siektesertifikaat van dokter Beekman (van Manjaneng): *Siek tot 10 Augustus – oorprobleme, onder hospitaalbehandeling*” (p. 254).

Dokument: Daar is twee oudiometriese verslae tussen die dokumente. Dit is onderskeidelik (1) 1987-06-11 en (2) 1987-11-06 gedateer.

Op 'n later stadium as hy polisiestasie toe gaan om sy toelaag te gaan haal, sê kaptein Kriek: “Ons soek jou nie hier nie, Moleko. Ons moet almal werk en jy lê by die huis rond” (p. 316).

Hy word weens die kroniese oorpyn en gevolglike kroniese afhanklikheid van susmiddels op so 'n wyse van diens vrygestel dat sy siekteverlof aaneenlopend is. By implikasie is hy as polisieman weens hierdie toestand vir die Mag niks werd nie. Hy is in effek “'n Niemand” wat geld verdien. Die retoriek “Ons soek jou nie hier nie” eggo die vroeëre etiket van “ongewenste persoon”. Kruisverwysing: sien hierdie studie: 5.9.5. Binne die Mag word Tumelo John min of meer opsygeskuif, maar die retoriese effek van die verwysing na die gevolge van sy siekte maak nie van hom die skuldige nie. Tumelo John word weens hierdie aanwysing juis meer van 'n slagoffer.

### **5.25.3 Houdingprobleem**

“En dis nog 'n probleem, John. Jou houding! ... En die nuwe klag? Van kaptein Welgemoed? Jy weet wat is die reëls” (p. 251). Die medikasie wat Tumelo John gebruik, is bekend vir newe-effekte, waarvan een is dat jou “selfvertroue versterk word” (p. 304). Die implikasie is dat jy te selfversekerd mag wees, wat vervreemding binne die werkopset kan teweegbring.

Die kaptein probeer Tumelo John oorreed om in te sien dat sy stryd om geregtigheid teen kolonel Van Zyl, 'n futiele oefening is: “En wat het jy uitgerig? 'n Klad op jou rekord en nou 'n tweede een wat bykom. Dis wat jy het. En die kolonel het niks oorgekom nie” (p. 252).

Hier is duidelik 'n stel kruisverwysings en kruisretoriek ter sprake waarvan die toepaslike dokumente reeds aangedui is.



#### 5.25.4 Arrestasie weens dros en skorsing

“Op die oggend van 22 Augustus word Tumelo John – vlak voor die spreekkamer van dokter Beekman – deur vier van sy kollegas gearresteer. Hy verset hom hewig” (p. 258).

**Dokument:** ’n Beëdigde verklaring van Motasi, gedateer 1986-08-31, p. 2 verwys: On Friday 1986-08-22 while on sick leave, I was wakeup (sic), threatened with a fire-arm, by sgt. Raath, assaulted and arrested by sgt. Raath and const. Vreugdenburg, tortured by W/O. La Grange, sgt. Raath, and const. Vreudenburg, detained by const. Vreudenburg and sgt. Raath interpreted by sgt. Sithole.”(interpreted = intimidated?)

Verset teen arrestasie word genoem in getuienis tydens *Raad van Ondersoek* wat gehou is op 1986-12-18.

Hierbo het die skrywer met die sinsnede “vlak voor die spreekkamer van dokter Beekman” die inligting uit die dokumente “verdraai” om Tumelo John se posisie retories te versterk.

Die nadraai van die gasbottel-insident kom aan bod net na Tumelo John se arrestasie. Hy is geboei, op die polisieterrein op pad na kaptein Opperman. Kaptein Kriek sien hom en hekel: “Waar val jy uit, Moleko? Loop sonder jou pet rond en as jy uitgevang word, gaan lê jy ’n klag teen jou offisier” (p. 262).

**Dokument:** Die klag waarna Kaptein Kriek verwys, is ’n klag wat Motasi teen kaptein Kotze gelê het: CR18/04/86.

Tumelo John se teenantwoord aan Kriek is dat die kaptein ook aandadig was: “Hy’t my beledig, hy’t my ’n kaffer genoem...” Hiertoe voeg hy ook ’n kwalik bedekte belediging: “Jy en kaptein Welgemoed is offisiere en julle ken nie eens die Wet nie” (p. 262).

**Dokument:** Hierdie opmerking van Motasi mag verband hou met die opmerking van die een ooggetuie. Hy noem in sy verklaring dat Motasi vir hom verduidelik het : “... that he (mr. Motasi) was not allowed to wear his cap without his badges or rank.”

Kriek lig Tumelo John dan selfvoldaan in “dat die Staatsprokureur geweier het om vervolging in te stel” (p. 262). Kriek sê by implikasie op hierdie leedvermakerige wyse vir Tumelo John dat hy weereens besig is met ’n futiele oefening.

Tumelo John vra aan kaptein Opperman met wie hy (steeds) baie goed oor die weg kom: “Waarom arresteer julle my, Kaptein?” (p. 263). Die kaptein antwoord: “Dis in opdrag van die distrikskommissaris: jy word uit die Mag geskors. Die bevel het gister deurgekom. Jy word geskors totdat Hoofkantoor besluit of jy geskik is om langer in die Mag te bly” (pp.263, 264). Tumelo John verstaan nog nie hoekom hy aangehou word nie: “Hoekom word ek dan aangehou Kaptein?” Die kaptein se antwoord is: “Ek is jammer, ek kan daar niks aan doen nie, John. Dis al die tye van afwesigheid. Jy sal Maandag in die hof aangekla word van dros. En nou natuurlik ook van verset teen arrestasie, vrees ek, jy wil maar nie luister nie, John. Hoekom het jy nie Maandag opgedaag vir die interne verhoor nie?” (p. 264).

**Dokumente:** (1) ’n Beëdigde verklaring van Motasi, gedateer 1986-08-31, p. 2, die laaste paragraaf verwys na die stasiebevelvoerder wat hom oor sy skorsing inlig: “I was warned by the Station Commander Capt. Riekerk while in the cell that I was suspended by the district commandant, as from effect of that day (1986-08-22)”.

(2) Die interne verhoor waarna *Kroniek* hier verwys, kom volgens die dokumente ooreen met die interne verhoor wat geskeduleer is vir 1986-08-18 te SAP Hammanskraal, K11.

Tumelo John antwoord hom: “Kaptein weet mos ek is siek. Die 2<sup>de</sup> September gaan ek weer vir ’n operasie” (p. 264).

**Dokument:** Die bogenoemde datum van die vierde operasie is aangedui op p.3, die voorlaaste paragraaf, van ’n beëdigde verklaring wat Motasi op 1986-08-31 te Temba afgelê het.

### 5.25.5 In die poliseselle

Tumelo John word in die poliseselle aangehou. Hy besef hy moet regsverteenvoer en die medikasie waarvan hy afhanklik is, kry: “Hy kry dit darem reg dat kaptein Opperman vir Craig Byron bel om te sê dat hy Maandag in Pretoria-Noord se hof sal verskyn. Maar sy versoek om ’n dokter te spreek word ferm van die hand gewys” (p. 265).

Op die tweede dag in die selle doen kaptein Opperman en konstabel Gouws selinspeksie. “Tumelo John pleit vir sy medisyne. Die versoek word geweier. Maar hy bedaar as die kaptein sê Craig Byron sal Maandag ’n advokaat by die hof hê” (p. 266).

**Dokument:** Beëdigde verklaring, gedateer 1986-08-31, p. 3 verwys: He (captain Riekert) was accompanied by sgt Khuto, I was also refused medical attation (attention) by both officers.

Dan begin Tumelo John bang word dat hulle hom sonder verhoor sal aanhou en dat die belofte van ’n hofverskyning met toegang tot ’n advokaat net ’n liegstorie is. Dus skryf hy op die derde dag in die selle op polisie-skryfpapier ’n brief aan Byron en smokkel dit uit. “Die brief wat hy aan Craig Byron uitsmokkel – op Polisie-skryfpapier – sluit hy af met:

*Meneer Byron, ek kan nou self sien dat ek geen toekoms meer het in die Polisiemag nie, maar ek sal nooit opgee voor geregtigheid nie geskied vir almal om te sien nie. Ek weet, en God weet, dat ek geen misdadaad gepleeg het nie, maar ek veg vir my regte in geregtigheid en ek is bereid om daarvoor te sterf.*

*As dit moet gebeur dat ek doodgemaak word, moet u weet dis om my weerstand vir reg en geregtigheid.*

(get.) T J Moleko.” (p. 270)

**Dokument:** ’n Ongedateerde dokument in die handskrif van Motasi, geskryf op polisie-skryfpapier, waarin meneer Curin, die prokureur van Savage Jooste & Adams aangespreek word, het betrekking. Die fiktiewe teks is ’n Afrikaanse weergawe van die tweede helfte van die dokument.

*Dear Mr. Currin I can see myself that I stand no future in the force but I will never give up before justice has been or seen to be done. I know and God knows that I committed no crime, but I am fighting for my rights in justice and I am prepared to die for justice. If it happens that I am killed, please know that it will be my stand in fighting for my rights and justice. T.R. Motasi.*

### 5.25.6 Borgtogaansoek en vandalisme

Die karakter, adv. Hess, vertel aan die fiktiewe skrywer dat hy Moleko se borgaansoek in Pretoria-Noord in opdrag van Byron se firma hanteer het. “Die borg is toegestaan en die saak uitgestel tot die einde van die volgende maand en daarna vir ’n

verdere maand omdat daar nie 'n landdros beskikbaar was nie" (p. 273). Die uiteinde was dat die prokureur-generaal die saak teen die einde van Oktober teruggetrek het.

**Dokumente:** (1) 'n Skrywe, gedateer 1986-09-03, verwys: "From B.N. Currin to adv. T. Hopf, Instructions to counsel. We confirm having instructed Counsel to attend to a Bail Application in this matter on the 25<sup>th</sup> August, 1986 at Pretoria North."

(2) 'n Dokument oor die toekenning van borg is in die lêer met die volgende besonderhede daarop aangedui: "In the Supreme Court of South Africa, Transvaal provincial division, on the 4<sup>th</sup> day of September 1986, in the State versus Richard Motasi, bail on 25.08.86. Counsel: adv. T. Hopf, fee: R1350.00 that is R450 for bail application on 28.8.86, R500 for p.p.on trial on 28.9.86 and R400 for attending court on 30.10.86. Memorandum: On 25.8.86: Bail granted. Trial on 25.9.86: matter postponed no magistrate available. Discussions held with public prosecutor re. Representations to AG. Documents made available for submission to AG. 30.10.86: Case withdrawn against accused."

Na afloop van die borgaansoek ontdek Tumelo John sy motor, wat nog by die polisiestasie geparkeer is, se "voorrui is aan skerwe" (p. 280).

**Dokument:** 'n Kwotasie van PG Windscreens is tussen die dokumente. Dit beloop R360.92. Daar is ook 'n kwotasie vir 'n skroewedraaier ten bedrae van R2.96.

## 5.26 Kritieke momente wat verreikende gevolge inhou

### 5.26.1 Derde eisbrief

Die fiktiewe skrywer maak weer aantekeninge uit die lêers en meen: "*Die geluk was maar nie aan sy kant nie: die tweede eisbrief (R20 000) aan kol VN (is) om die een of ander rede nooit gepos nie - die oorspronklike het maande in die lêer bly lê sonder om gepos te word. Onsekerheid oor fondse? Val dit saam met Byron se aanstelling by menseregte? Eers in Okt is volgende eis (R50 000) gepos. Geregistreerde brief nooit afgehaal nie - VN het afgetree. Groot gesukkel om nuwe adres te kry*" (pp. 273, 274).

**Dokumente:** (1) Kruisverwysing: In die periode van Savage Jooste & Adams is daar twee eise teen Van Zyl in die lêer. Die eerste "letter of demand" is gedateer 1986-02-14, en R20 000 word geëis, maar dit is steeds in die lêer (sonder 'n adres). By die **tweede eis** is die bedrag van R50 000 aangeteken in "Particulars of claim," opgestel deur advokaat TD Hopf, gedateer 1987-05-14. (In respect of the assault: R30 000; in respect of the defamation: R20 000).

(2) “Letter of demand” aan kolonel Van Zyl is gedateer 1986-09-23 en die bedrag wat geëis word, is R50 000. (Volgens prokureursnotas is die kolonel se adres onbekend en ’n dagvaarding kan gevolglik nie op hom bestel word nie. Daar is egter wel ’n brief van brigadier Malan, gedateer 1986-09-29, wat aandui dat die brief van 1986-09-23 ontvang is en aangestuur is vir die aandag van die staatsprokureur in Pretoria.)

### **5.26.2 Hofbevel en distriksgeneesheerverslag**

Kaptein Opperman stel Tumelo John in kennis dat Hoofkantoor “wil hê jy moet gaan dat die distriksgeneesheer jou goed ondersoek om te sien waar lê die fout” (p. 252).

Hierdie wens van Hoofkantoor word ’n hofbevel: “Hy is voorts deur die hof aangesê om sersant Wiemann te vergesel na die Pretoriase distriksgeneesheer op verdieping vier van die Louis Pasteurgebou” (p. 278).

### **5.26.3 Diagnose van distriksgeneesheer**

Die distriksgeneesheer se diagnose word op p. 278 aangestip: “Uit die besoek volg ’n oorbekende diagnose: traumatiese oorperforasie ‘na ’n klap’... middelloordooftheid. Vir hoofpyne en ‘geraas’ gebruik hy tot 10mg valium per dag. Sy bloeddruk is gevaarlik hoog: 160/95”. Hierdie geneesheer verwys Tumelo John weer op sy beurt na ’n Pretoriase spesialis: “En hy word na ’n Pretoriase spesialis verwys vir ‘evaluering en of hy kan voortgaan as polisieman”” (p. 278).

**Dokument:** ’n Distriksgeneesheer dr. W.J. Pietersen van Louis Pasteurgebou 406, Schoemanstraat, Pretoria, ondersoek Motasi op 1986-08-25 en bevestig die diagnose van die ander geneesheer. Traumatiese oorperforasie (L) na klap op die oor 1984-09-08. Sedertien reeds drie operasies gehad. Kla van hoofpyne (BD 160/95), geraas in die (L)oor en doofheid. Gebruik Valium tot 5mg vir sy hoofpyne. Diagnose: middelloordooftheid. Verwys Motasi na dr. JW Callaghan, Medforum 401. Rede vir verwysing: evaluering en of hy kan voortgaan as polisieman. Adviseer asseblief.

### **5.26.4 ’n Dubbele afspraak**

Tumelo John ontdek dat hy ’n dubbele doktersafspraak het en bevind hom in ’n baie moeilike situasie. Die een afspraak is sy hospitalisering vir ’n vierde ooroperasie. Die ander is ’n afspraak met ’n spesialis wat spruit uit ’n verwysing van die distriksgeneesheer, gegrond op ’n hofbevel. Hy haal inderhaas ’n taxi Pretoria toe sodat sy prokureur die spesialis na wie hy deur die distriksgeneesheer verwys is, kan

kontak om te verduidelik dat hy nie die afspraak sal kan nakom nie, “want hy word môre opgeneem vir ’n operasie in die hospitaal, in saal 6 ...” (p. 282) Die afspraak by die spesialis is ook die volgende dag, om 13h30. Hy praat met Brian Huma, want Byron is nie daar nie. Die jong Brian Huma is die derde prokureur met wie hy konsulteer.

**Dokument: (1)** ’n Prokureurnota, gedateer 1986-09-01, verwys na Motasi wat op 1986-09-03 om 13h30 die spesialis moet sien en die afspraak wil kanselleer omdat hy in Ga-Rankuwa, saal 6 opgeneem word. Die nota dui aan dat Motasi ’n bankstaat gebring het as bewys dat hy nie geld het om die spesialis te betaal nie, aangesien hy nie betaal word terwyl hy geskors is nie.

(2) Die bankstaat, gedateer 1986-08-29, is ook tussen die dokumente. Die balans op die staat is R0,53.

(3) Nog ’n dokument is gedateer 1986-09-03 en dit is ’n bestelling vir die tweede departementele verhoor wat voorheen uitgestel is (wat te doen het met die pet- en gasbottelinsident).

### 5.26.5 Die vierde ooroperasie

Na die vierde operasie verduidelik die professor tydens die na-operatiewe kommunikasie aan Tumelo John wat gedoen is: “‘Om jou gesond te maak,’ sê professor Vitkovsky, ‘moes ons jou heeltemal doof maak. Net in daardie een oor, natuurlik. Ons het alles uitgehaal. Nou kan daar nie meer verswering wees nie. En jou hoofpyne is iets van die verlede. Maar aan die een kant sal jy nie weer hoor nie’” (p. 284).

**Dokument:** Kruisverwysing: Hierdie ooroperasie is die vierde en is uitgevoer op 1986-09-02.

### 5.26.6 Besoekers in die hospitaal en ontslag

’n Verskeidenheid besoekers kom besoek Tumelo John in die hospitaal. Sy oompie is ook onder hulle. Toe Tumelo John se vrou Busi vir die oompie vra hoe hy by die hospitaal gekom het, antwoord hy dat hy “met vriende” gekom het. Dit ontstig Tumelo John hewig toe hy ontdek dat Sithole die “vriende” is (p. 283). Op ’n latere geleentheid sou hy vir sy oompie verduidelik: “Sithole is ’n skelm. Kop in een mus met die mense wat my uit die werk wil smyt” (p. 291).

Na ontslag gaan Tumelo John en sy gesin tydelik by sy swaer in Soweto tuis, want: “As hy uit die hospitaal ontslaan word, wil hy om die dood nie na Temba teruggaan nie” (p. 284). Die woordspeling “om die dood” val hier op en word verbind met Sithole wat vir die Veiligheidspolisie werk.

Wat sy gesondheid en verslawing aan voorskrifmedisyne betref, is Tumelo John nou by ’n punt waar hy kan omdraai: “Op ’n oggend staan hy in sy swaer se tuin en besef tot sy verbasing dat hy ’n hele week lank geen aanduiding van hoofpyn gehad het nie” (p. 284). Die karakter se ingesteldheid teenoor sy eie gesondheid verander, en hy wil binne realistiese parameters beheer neem: “Ek kan nou aan my medisyne snoei” (p. 284).

### 5.26.7 “Die oompie” se verklaring

Die onraad wat Tumelo John vermoed het betreffende Sithole se vriendelikheid teenoor sy oompie, blyk geregverdig te wees: “’n Sersant van Temba’ vertel vir hom ’Dit was toe jy in die hospitaal was. Luitenant Sithole het hom hier aangebring ...” (p. 287).

**Dokument:** Die dood van Motasi het vele onbeantwoorde vrae tot gevolg gehad. Dit blyk dat ’n regsgeleerde met ene Samuel Rammuki, ’n polisie-lid en vriend van Motasi gekonsulteer het in ’n poging om antwoorde op sommige vrae te kry. Die konsultasie het in **Desember 1987** plaasgevind en die notas van hierdie konsultasie is in die lêer: **Memorandum of notes on consultation, statement minuted from Samuel Rammuki**, gedateer Desember 1987, p. 2: “Sergeant Mabaso – On the 3<sup>rd</sup> December, 1987, he came to me and asked if I knew who was shot first between Motasi and his wife. He was also one of Motasi’s enemies. At one stage he had been to Motasi’s grandfather to make him sign some Affidavits to the effect that Motasi was insane. Motasi had told me that he thought Mabaso was spying on him.”

So kom hy te hore dat sy oompie van Majaneng deur Sithole gebring is en onder verdagte omstandighede ’n mondelinge verklaring by Temba-polisiestasie ooreersgenoemde se gedrag in Sotho afgelê het. Daarna het die oompie die verklaring wat nie in Sotho neergeskryf is nie, geteken. As Tumelo John sy oompie daarvoor konfronteer, sê die oompie: “Daardie oor het jou mal gemaak” (p. 291). Tumelo John neem sterk standpunt in en sê: “Wel, my oompie, vandag kom jy saam met my om weer ’n verklaring te maak, waarin jy al hierdie dinge vertel” (p. 291). Hierdie



gebeure laat hom ook glo dis tyd om homself te bewapen: “Tumelo John kyk met begeerige oë na die R1-geweer. ‘Nee, ek dink nie so nie,’ sê Rappuni en gee hom ’n 9 mm-pistool” (p. 290).

**Dokument:** ’n Afskrif van ’n verklaring wat dui op ’n gebeurtenis soos wat in die romanteks hierbo beskryf word, is tussen die dokumente. Dit is op Temba op 1986-10-21 om 10h30 deur Nelson Mofokeng afgelê. ’n Handgeskrewe nota op die dokument dui aan dat Miles hierdie spesifieke verklaring by Richard Hlalanyane gekry het. Die implikasie is dat hierdie betrokke verklaring nie tussen die ander nie-fiktiewe dokumente was nie. Dit lui verbatim soos volg:

“ Name: Nelson Mofokeng. Age: 75, Address: Majaneng, next to Triabal Kgotla. I am an adult man of 71 years old and residing at the abovementioned address and being the residence of the abovementioned address. During September month while I was home in the company of my wife arrived a certain private car at my place. The man introduced himself as a police officer stationed at Hammanskraal Police station. He was not wearing a uniform. He was in a private clothing and that he was looking for me and that to accompanied him to Hammanskraal Police station to give evidence in connection with my child Richard Motasi a police officer to say if he is normal or not. I then went with him to Temba Police station on the way he asked if i am on good terms with my son I have said yes. I then told him some times I am talking to him he answered me not in a good way but this surprised me because before this thing didn’t happened before. I then told that police officer that it seems something went wrong with him because I was so surprise about his behaviour. At the police station statement was obtained from me and under sign thoses statement. Later I was taken back home.”

(2) ’n Beëdigde verklaring wat deur Motasi afgelê is, gedateer 1986-10-21, sluit ook ’n weergawe van “die oompie” se verklaring by Temba-polisiestasie in. Hiervolgens is “die oompie” sy oupa wat in Majaneng woon: ”On 1986-10-20 I have met my grand mother and my grand father at Majaneng. They made a report that during my absence while I was in hospital came Policeman at their place and that they are wanted at the Police station to give evidence. Then my grand father was forced to go with them to Hammanskraal Police station. My grand father told me that there was an interpreter told him to admit that I was mad. And my grand father was forced to sign a statement which was not read to him after it was taken. And my grand father admitted that he have sign that statement. And my grand father was taken back to Majaneng by sgt Mnisi.”

Wat die tweede dokument betref, is ’n opmerklike manipulerings deur die skrywer waarneembaar. In die romanteks is Tumelo John se “trotse ou oupa” ’n deelboer: “Jou oupa is een van die gelukkiges ... Na al die jare sit hy darem nog op die grond waar hy begin het ...” (p. 12) In die dokumente is Motasi se oupa iemand wat saam met sy vrou in Majaneng woon en wat deur ’n polisiebeamte gemanipuleer word om onder

verdagte omstandighede ’n verklaring oor sy kleinseun af te lê. Twee verskillende ouderdomme word in die eerste van die twee verklarings aan hom toegeken.

**(3) ’n Paragraaf op p. 2 van die “memorandum of notes on consultation, statement minuted from Samuel Rammuki, Box 845, Hammanskraal” verwys na bogenoemde “verklaring van die oompie”:** Sergeant Mabaso (Mabetha in die romanteks volgens ’n nota van Miles op die dokument) – He was stationed at Hammanskraal Police Station. On the 3rd of December, 1987, he came to me and asked if I knew who was shot first between Motasi and his wife. He was also one of Motasi’s enemies. At one stage he had been to Motasi’s grandfather to make him sign some affidavits to the effect that Motasi was insane. Motasi had told me that he thought that Mabaso was spying on him.

### **5.26.8 Die eis van R50 000 teen die kolonel**

Konstabel Lekalakala vertel vir Tumelo John “dat kolonel Van Niekerk die einde van die maand met pensioen aftree” (p. 285). Dit is einde Desember 1986. Hierna is die fisiese adres van die kolonel “die bes bewaarde geheim” (p. 320). Later dink Tumelo John: “Miskien was daar nie eens ’n doelbewuste poging om sy huidige adres geheim te hou nie, miskien het almal gewoon van hom vergeet, besef hoe onbenullig hy eintlik altyd was” (p. 322).

Tumelo John word gevra of hy kan help om kolonel Van Niekerk se huidige huisadres in die hande te kry: “Hy kry ’n brief van Craig Byron: Wat is kolonel Van Niekerk se huidige adres? Kan hy die huisadres kry. Hulle moet die adres hê om die man te dagvaar” (pp. 319, 320). Tumelo John kry die adres in die hande en ry persoonlik daarnatoe, want “voor hy Craig Byron laat weet, wil hy self eers seker maak” (p. 320).

**Dokumente:** (1) ’n Brief van meneer Lephoko van Savage Jooste & Adams, gedateer 1987-06-25, lui soos volg: “As you are aware we were not in a position to serve the Summons on Colonel Van Zyl by virtue of the fact that we do not have his present physical address. We further confirm that you undertook to let us have the said address in due course. Would you give the matter your most urgent attention and let us have the said address”.

(2) ’n Dagvaarding, gedateer 1987-05-18, met die adres “3 Rupertstraat, Nylstroom” is op lêer.

(3) ’n Skrywe aan die Staatsprokureur, gedateer 1987-05-25, is op lêer, waarin gestel word dat die kolonel nie langer in Hammanskraal woon nie. Die Staatsprokureur word gevra om asseblief die mees onlangse fisiese adres van die kolonel te verskaf.

Die staatsprokureur reageer op die klag (p. 320): “Die Staatsprokureur voer aan dat klag teen die kolonel reeds verjaar het. Maar Byron het laat weet: dis net die eis teen die Minister wat kan verjaar, nie teen iemand van wie daar in sy persoonlike hoedanigheid geëis word nie, dis tog nie normale uitoefening van jou pligte om ’n kollega met die vuus by te dam nie”. In Tumelo John se kop draai gedagtes wat betrekking het op die afsienbare toekoms. Enige gedagte om weg te trek word gerangeer tot ’n plek ná die hofsaak teen die kolonel. Hy is in nou kontak met sy prokureur (die derde prokureur, maar van dieselfde firma) en gevolglik weet hy die dagvaarding is bestel en dat dit ’n kwessie van enkele weke is: “... die hofsaak moet eers agter die rug. ‘Nog voor Kersfees ...’ het Huma gesê” (p. 334).

**Dokumente:** (1) ’n Skrywe van die staatsprokureur met die opskrif Tumelo Richard Motasi/The Minister of Law and Order, gedateer 26.03.87 en onderteken deur JNJ Koegelenberg is van mening dat indien die eis meriete sou hê, dit verjaar het.

(2) Die spoor van Byron se argument “**dis tog nie normale uitoefening van jou pligte om ’n kollega met die vuus by te dam nie**” word aangetref in paragraaf 5 van ’n opinie van advokaat T.D. Hopf, gedateer 27 Oktober 1987: “A point was taken that the relevant policeman was not acting within the course and scope of his duties at the relevant time ...”

### 5.26.9 Impak van skorsing uit die mag

Die skorsing, met die finansiële implikasies van geen salaris en geen mediese fondsvoordele nie, is ’n gevoelige slag vir Tumelo John, want hy is die broodwinner. Sy vrou “Busi is nou aptekerassistent by die hospitaal met ’n verdienste van minder as R300 in die maand” (p. 279).

**Dokumente:** (1) ’n Skrywe van POLMED, gedateer 1986-08-2, gee Motasi kennis van die beëindiging van lidmaatskap. Die brief lui dat “Volgens inligting ontvang van u werkgever is u lidmaatskap beëindig op 1986-08-21”.

(2) ’n Skrywe van Currin van Savage Jooste & Adams aan die kommissaris van polisie, gedateer 1986-12-01, verwys ook na hierdie kennisgewing van POLMED.

(3). Inligting oor inkomste en werk van Motasi se vrou is vervat in prokureurnota, gedateer 1986-09-02.

Tumelo John se finansiële posisie is beroerd. En “Hy weet Busi is vies omdat hy nie kan teruggaan werk toe nie en sy is glad nie tevrede met sy gesmouery nie. Hy kan nie eens Craig Byron se naam in haar teenwoordigheid noem nie, wat nog van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke by wie hy gister was vir finansiële steun” (p. 288). Later moet hy weer finansiële ondersteuning soek en hy “pleit vir verdere geldelike steun vir die werk wat Craig Byron namens hom doen” by die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (p. 312). Intussen het Byron die mediese vereniging laat weet: “Asseblief, die sersant is net tydelik geskors, moenie sy lidmaatskap beëindig nie, sodra sy maandelikse toelaag kom, sal hy sy bydraes hervat en ook op agterstallige subskripsies inhaal” (p. 313).

**Dokumente:** (1) R670.00 is op 1986-10-07 en R1350.00 is op 1986-11-24 ontvang vir regskoste.

(2) ’n Paragraaf van ’n brief van Currin van Savage Jooste & Adams aan MHVS (POLMED), gedateer 1986-12-01, lui soos volg: “Our client Sgt. Motasi is still employed by the Police although he is on suspension. In the circumstances kindly do not terminate his membership by you Medical Aid. As soon as he receives his monthly allowance it will be ensured that his monthly subscriptions are updated”.

#### 5.26.10 Maandelikse toelaag

Tumelo John gaan spreek sy prokureur en Byron sê: “Ek het die regulasies nagegaan ... Daarvolgens is iemand wat geskors word, geregtig op ’n maandelikse toelaag in die plek van sy salaris ... tot tyd en wyl oor sy lot beslis is ... Wat ons nou moet doen is om ’n begroting op te stel” (p. 295).

**Dokumente:** (1) ’n Telegram, gedateer 1986-09-30, lui soos volg: “Come and see Mr. Currin urgently. Re: getting financial monthly contributions from the police in lieu of his salary which he spoke to me about earlier. I have discussed the matter with captain Rieke(r)t and can make the necessary arrangements from this side. Capt. Ricke(r)t’s no. Is (012012) 161.” Hier is sprake van regulasies wat nagegaan is en ’n gesprek wat met ’n simpatieke offisier in die polisiemag plaasgevind het oor finansiële bystand aan Motasi.

(2) ’n Handgeskrewe begroting (handskrif van prokureur) is tussen die dokumente.

“Net om die maandelikse toelaag, waarop hy as geskorste lid geregtig is, goedgekeur te kry, het maande se toutrekkery afgegee ... Ten einde raad stuur Byron ’n faks aan die distrikskommandant en vra: wat van die maandelikse toelaag? Eers word daar

gesê hy's nie daarop geregtig nie, daar word aandag aan die saak gegee, maar dis so moeilik om die sersant te kontak: hy bevind hom glo iewers in Soweto ... ” (pp. 312, 313).

**Dokumente:** Navrae oor toelaag word op 1986-11-14 per telegram deur Currin vanaf Savage Jooste & Adams aan die distrikskommandant gestuur.

Die aanname dat dit wil voorkom of Motasi hom iewers in Soweto bevind en dus nie opgespoor kan word nie, word gemaak in 'n brief vanaf die kantoor van die distrikskommandant, gedateer 1986-11-26. Ook die (wan-) interpretasie dat Motasi nie kwalifiseer vir 'n toelaag nie, kom hierin voor.

“Teen middel Januarie bring Byron die saak se dringendheid onder die aandag van die Kommissaris van Polisie” (p. 313).

**Dokument:** 'n brief, gedateer 1986-12-01, is per hand aan die kommissaris van polisie afgelewer.

“Daar volg 'n tweede brief aan Hoofkantoor. Dié word per hand afgelewer. Tot die beslissing kom: maandelikse toelae aan Moleko goedgekeur, die toelaag is min of meer dieselfde as wat sy salaris was; maar die skorsing duur voort” (p. 313).

**Dokument:** tussen die dokumente is daar 'n brief wat aan die kommissaris van polisie geadresseer is. Dit is gedateer 1986-12-04 en daar is 'n bewys dat dit per hand afgelewer is. Die interpretasie van “Section 15 of the Police Act” volgens die brief, gedateer 1986-11-26, wat intussen ontvang is, word as 'n ongeldige interpretasie uitgewys. Die kommissaris word ook ingelig dat Motasi steeds by dieselfde adres in Temba woonagtig is.

**Dokumente:** 'n Telefoniese antwoord van kaptein Bonthuys op 1986-12-11 is soos volg aangeteken: “Our ref: M590, 1986-12-01 refers. Allowance during suspension and medical benefits have been approved. He will confirm in writing.” 'n Skrywe van general-majoor D.K.Genis in hierdie verband is gedateer 1986-12-18 en lui soos volg: “Kindly be informed that an allowance as well as medical benefits for the duration of his suspension from duty, has been approved in respect of Sergeant Motasi. The allowance should amount to more or less his basic salary minus deductions. Suspension, however, is not being terminated”.

Die maandelikse toelaag tydens skorsing bedra R773,59. Inligting aangedui onderaan bladsy waarop telefoonboodskap geneem is, 1987-07-31.

“Toe begin die gesukkel om die tjek in die hande te kry ...” (p. 313).

**Dokument:** ’n Prokureurnota in lêer, gedateer 1986-12-17 lui soos volg: “Is it possible to contact Capt. Bonthuys and find out where client is going to get payment of his allowance etc. Obviously we need to know that urgently since he needs the money.”

“As hy sy toelaagtjek op 30 Junie gaan haal, vat hy sy seun saam” (p. 317). Daar word vertel dat Tumelo John die vorige maand toe hy sy toelaagtjek gaan haal het, op die polisieterrein voorgekeer is en hy moes die gehekel aanhoor: “Ons moet almal werk en jy lê by die huis rond” (p. 317). Hierdie keer is die situasie ondraaglik as die sersant vir hom sê: “Jou tjek is hier, ... maar jy moet eers iets teken ... Dis ’n opdrag. Ek kan jou net die tjek gee as jy geteken het” (p. 318). “Dit het weer ’n dringende brief van prokureur aan Hoofkantoor gekos om sy toelaag te kry, wat hy gaan afhaal by die Kantoor van die Distrikskommandant in Pretoria-Noord” (p. 319). Die afhaal van die toelaagtjek bly ongemaklik en blyk ’n simptoom te wees van ’n diepliggende wantroue tussen die betrokke partye: “Die hoon wat hy moes verduur. Veral die laaste keer toe hy sy toelaagtjek kom haal het, net nadat Brian Huma die aanrandingsklag teen Kriek, Wiemann en Gouws moes terugtrek” (p. 343).

**Dokumente betreffende toelaag:** (1) Meneer Lephoko van Savage Jooste & Adams skryf op 1987-07-01 aan die Kommissaris van Polisie, vir aandag kaptein Bonthuys. Hierin word uiteengesit dat Motasi ingelig is dat hy slegs sy toelaagtjek kan kry indien hy twee vorms teken. (Hy het geweier om die vorms te teken.) Die een was ’n blanko ‘SAP 26-vorm’, die ander was vorms waarvolgens hy erken dat hy gedurende sy hospitalisasie in die periode 1986-05-27 tot middel Junie met onbetaalde verlof was. Dit prokureur verduidelik dat Motasi deur hierdie omstandighede benadeel word en vra dat die situasie reggestel word.

(2) Die regstelling wat tussen die dokumente aangetref is, is ’n telefoonboodskap wat op 1987-07-31 in die prokureurspraktyk geneem is. Die handgeskrewe boodskap lui soos volg: ‘vir Allen of Hennie se aandag i.v.m. Motasi’: “Tel. No. 012012-161, Warrant-O Lagrange to give Modasi (sic) his cheque station com in Pretoria”.

(3) In die regspraktyk Savage Jooste & Adams Inc, is ook tot die gevolgtrekking gekom dat dit ’n oorsig was, dat hulle te lank geneem het om die Minister te dagvaar.

**Dokument betreffende die aanrandingsklag teen Kriek, Wiemann en Gouws wat teruggetrek moes word (p. 343). Drie dokumente het betrekking:**

(1) 'n Siviele eis, gedateer 26-06-87: “Plaintiff is Tumelo Richard Motasi ... First Defendant is Constable Vreugdenburg ... Second Defendant is Sergeant Raath ... Third Defendant is Warrant/Officer Le Grange”

(2) 'n Interne prokureursnota lui onder andere soos volg: ... the assault on client took place on the 22 August 1986. The summons herein were only issued on the 29th June 1987.

(3) 'n Skrywe van die staatsprokureur, insake “**TR Motasi / Constable Vreugdenburg and three others**”, is gedateer 29 Julie 1987. Hierin word gestel “I hereby confirm our arrangement that since **your client’s claim has apparently become prescribed**, I can ignore the summons which was issued on June 29, 1987 and served upon my client on July 10, 1987. Please let me have your notice of withdrawel in course of time.”

### 5.26.11 Bevel met betrekking tot behandeling en beslissing van besering

Dan kry Tumelo John 'n brief van kaptein Opperman wat hom meedeel dat hy op 8 November by kamer 22 van die polisiestasio moet rapporteer. “Sou hy hieraan ‘geen gehoor’ gee nie, sal hy ‘departementeel’ aangekla en verhoor word. Hy word ingelig dat hy na die Militêre Hospitaal in Pretoria geneem gaan word ‘vir behandeling en beslissing van die besering aan u linkeroot’” (p. 297).

**Dokument:** Hierdie brief is gedateer 1986-09-29 en die opskrif is “Opname in die 1 Militêre Hospitaal vir behandeling en beslissing”.

“Hy jaag deur Pretoria toe met die brief. Craig Byron is uitstedig.” (p. 297) Hy praat dan met Huma wat sy verbasing uitspreek: “Maar jy is dan onder hospitaalbehandeling” (p. 297). Huma sê ook vir hom “[N]oudat die saak teen jou teruggetrek is, gaan ons van die Minister eis ... vir onwettige arrestasie, onwettige aanranding en onwettige aanhouding. En dan vir skade aan jou motor” (p. 297).

**Dokument:** 'n Prokureursbrief met opskrif Unlawful arrest, assault, detention, gedateer 1986-12-23, is gerig aan Minister van Wet en Orde. Hierin word skade aan die windskerm van Motasi se motor en diefstal van skroewedraaier uit motor op perseel van polisiestasio gerapporteer en skadevergoeding van R5,363.88 word geëis.



### 5.26.12 Raad van Onderzoek en die toekoms van Tumelo John in die mag

”n Majoor Hamman van Hoofkantoor was voorsitter van die Raad van Onderzoek wat moes kom vasstel of Tumelo John geskik is om sy rang te behou en in die Mag te bly” (p. 305).

**Dokument:** Volgens die dokumente is Majoor M.J. van den Heever benoem as die voorsitter van die Raad van Onderzoek. Die doel van die ondersoek was om vas te stel of Tumelo Richard Motasi geskik is om sy rang te behou en in die Mag te bly en om na afhandeling van die ondersoek ’n aanbeveling in dié verband te maak. Op 1986-12-02 is die byeenroepingsbevel op Motasi beteken. Die ondersoek is geskeduleer vir 1986-12-18 te S.A. Polisie Hammanskraal. In die pak dokumente is daar **twalf bladsye met handgeskrewe, kriptiese notas wat tydens die ondersoek deur die prokureur van Motasi gemaak is**. Hierdie notas word vervolgens **kriptiese prokureursnotas** genoem.

Die romanmatige getuienis voor die voorsitter van die Raad van Onderzoek word in *Kroniek* op pp. 306 – 311 weergegee: “Behalwe vir Tumelo John was daar die dag net een getuie: kaptein Kriek. As tweede in bevel by die Hammanskraalse polisiestadie moes hy vir die siek stasiebevelvoerder instaan ... Kriek getuig van sy insae in Tumelo John se persoonlike lêers, van die waarskuwing teen parmantige gedrag deur brigadier Botha, van die aanklag wat kolonel Van Niekerk by Temba gelê het omdat ’n wapen op hom gerig is ... ’die oorspronklike dossier is teruggestuur na die Republiek van Bophuthatswana en kan nie voorgelê word nie’. Byron maak beswaar: hoe kan hy getuies onder kruisverhoor neem, dis hoorsê?” (p. 306).

**Dokument: kriptiese prokureursnotas.** Wat die enigste getuie betref, word aangedui dat stafsersant adj.offisier Le Grange wat tweede in bevel is, getuienis lewer tydens die Raad van Onderzoek (1986-12-18) op Motasi. Volgens die notas lewer die betrokke stafoffisier getuienis omdat kaptein Riekert met siekteverlof is en nie getuienis kan lewer nie. Volgens die notas meld die stafoffisier onder andere: “Ken verweerder vanaf 1985-07-11, (is in) Bevel van sy diensbeurte, (het) Insae in persoonlike lêer, Een keer deur brig. Malan **gewaarsku teen sy parmantige gedrag**. 26.11.1984 – **pistool gespan en op Van Zyl gerig**. Afskrif van dossier word voorgelê.”

Volgens die dokumente word ’n afskrif van die dossier voorgelê. Die romanteks verskil op hierdie punt van die dokumente en die paragraaf waarin hierdie punt vervat is, lui soos volg: “Kriek getuig van sy insae in Tumelo John se persoonlike lêers, van die waarskuwing teen parmantige gedrag deur brigadier Botha, van die aanklag wat kolonel Van Niekerk by Temba gelê het omdat ’n wapen op hom gerig is ... ’die

oorspronklike dossier is teruggestuur na die Republiek van Bophuthatswana en kan nie voorgelê word nie” (p. 306).

Op p. 307 word “die weerspannige houding” en die “gelaaide pistool wat gespan en op kolonel Van Niekerk gerig word” en “die boete van R20” weer ingeweef in die verhaal. Dit word gekoppel aan ’n vertelling van “die onderonsie met verhooroffisier Sithebe, (en) hoe die verweerder in sy voertuig geklim en weggery het, (en) gesê het daar sal lelike dinge plaasvind as die verhoor moet voortgaan”.

**Dokument: kriptiese prokureursnotas:** “26.11.1984 – pistool gespan en aan (sic) Van Zyl gerig het en dat hy sonder verlof afwesig was van diens. A.G. hiervan is hy aangekla departementeel”. Die prokureursnotas lui verder soos volg: “21.5.1986 het verhoor plaasgevind. Skuldig bevind op klagte 1 en R20 boete. Hy’t nie geappelleer nie. Die notules van die verhoor word ingelewer. (Prokureur) Maak beswaar teen inhandiging.”

Die romanmatige inligting op p. 307 wat verband hou met Tumelo John wat wegry en die verhoor wat gevolglik nie kan voortgaan nie, word onderlê deur die **kriptiese prokureursnotas:** “Redes” (blyk redes vir die sloer van die verhoor te wees en die volgende besonderhede word onder die woord aangetref): “1984.11.29: uitstel op versoek van verweerder om prokureur te kry. 1984.12.18: beswaar teen verhooroffisier, kapt. Sebolela. Prokureur onttrek, uitgestel tot 1985.01.24: vra uitstel, regsvertegenwoordiger is afwesig, nie toegestaan nie - verhoor gaan aan. Verweerder weier om verhoor te word en vra onderhoud met Van Zyl. Hy weier dit en verwys Motasi na Malan. Malan gelas verhoor moet voortgaan. Hy’t gesê lelike dinge sal plaasvind – Hy’t in sy voertuig ingeklim en weggery. Verhoor het gestop. Notule word ingehandig as bewysstuk 4.” “Maak beswaar as kapt nie getuig nie.”

In die voorafgaande prokureursnota word aangedui dat die prokureur beswaar aangeteken het dat ’n notule as bewysstuk ingedien word terwyl die betrokke kaptein nie geroep word om te getuig nie. Hierdie aantekening vind op p. 308 neerslag in die romanteks: “Die bewysstuk kan slegs ingehandig word, sê die prokureur, as kaptein Sithebe hier is om te getuig”.

**Nog ’n dokument** wat handel oor die toelaatbaarheid van bogenoemde bewysstuk is die **verslag van die Raad van Onderzoek**. Dit is ’n amptelike dokument en gedateer 1986-12-18. Die dokument in die lêer is nie volledig nie, dit begin op p.11. Een paragraaf wat betrekking het op getuienis namens die Raad, word hierin aangetref. Na die betrokke paragraaf volg die getuienis vir die verweerder. Dit lui: “[D]ie voorsitter beslis op die beswaar vroeër deur mnr. Currin geopper – bewysstuk 4 verwys, dat kaptein SEBOLELA nie beskikbaar is om getuienis te lewer nie. Die voorsitter beslis verder dat die

bewysstuk ingehandig word bloot as getuienis dat die verhoor onder voorsitterskap van kaptein SEBOLELA nie kon voortgaan nie ... 'n Ander offisier is aangewys om die verhoor waar te neem. Afhandel van verhoor het gesloer en om verskeie redes uitgestel, waarin (sic) Mei 1986 afgehandel is.”

Die romanteks se weergawe van die Raad van Onderzoek vervolg: “Daarna Welgemoed wat hy by die handelshuis aanguur: ‘Shit!’ En die verrigtinge wat die verweerder nooit bygewoon het nie” (p. 308).

**Dokumente:** (1) Die romangegewe van hierdie insident wat hom afgespeel het by die ‘handelshuis’ op die dorp, betrek inligting uit die reeds aangehaalde beëdigde verklarings van Motasi en twee ander getuies in April 1986 oor die pet-, rangtekens- en gasbottelinsident by die Safemore Shop by Hammanskraal. Die ‘Safemore Shop’ word in die roman die ‘handelshuis’.

(2) Ander dokumentêre inligting wat hier gebruik word, is weereens die **kriptiese prokureursnotas** van 1986-12-18: “1986-04-08: lid was in volle uniform en sonder 'n pet te Hammanskraal. Kapt. Kotze het hom aangespreek. Shit - gesê – weggery. Hy’s aangekla deurdat hy...1986-08-18 gewaarsku. Hy’t nie die verrigtinge bygewoon nie”.

“Dis hoe my lewe lyk. Dis wat van my geword het: iets vir 'n Kriek om uit te spel. Daar sê hy dit: ek is die droster en het my teen arrestasie verset, maar die prokureur-generaal het toe sy besluit om te vervolg herroep ... Maar dis my lewe, dis wat eendag daarvan sal oorbly: my lewe voorgedra en opgesê deur Kriek: 'Daar was dus wel tydperke waar die verweerder dienspligtig was, maar waartydens hy geen diens verrig het nie.' Maar hier's die fotostate van mediese sertifikate. Dan die geskarrel oor sy verplasing: 'Hy het ene meneer Maphanga opdrag gegee om beswaar te maak en nie die gebruikelike amptelike kanale gevolg nie ... hy toon tekens van luiheid en ongeërgdheid met betrekking tot die uitvoering van sy pligte ... hy is negatief, hy het te kenne gegee dat hy aanklagkantoor-bevelvoerder wou wees. Gedurende die tydperk wat hy by die stoor gewerk het, het hy baie min gedoen en moes die ander lid die meeste van die werk doen. Hy wil hom op geen stadium aan gesag onderwerp nie ... hy is brutaal, toon geen respek teenoor sy meerderes nie, hy is uiters ongedissiplineerd en sy hele houding getuig daarvan ... hy volg nie amptelike kanale ...’” (pp. 308, 309).

**Dokument: kriptiese prokureursnotas:** 1986-04-08: lid was in volle uniform en sonder 'n pet te Hammanskraal. Kapt. Kotze het hom aangespreek. Shit - gesê – weggery. Hy’s aangekla deurdat hy ...

1986-08-18 gewaarsku. Hy't nie die verrigtinge bygewoon nie. Nuwe datum 1986-09-03 is bepraat. Behoorlik gewaarsku – nie opgedaag vir verhoor nie.

Vooruitspruitend lê Motasi 'n klagte van aanranding teen Kotze. Dit is ondersoek deur Du Rand. Prokureur-generaal weier om te vervolg. [NB: Maak beswaar PG weier om te vervolg (is) nie ingehandig nie.]

1986-03-14. Siekteverlof. (Hy het 'n enkele dag wat hy afwesig was) Dag nie 'n vorm ingevul nie of ingehandig nie en weier om dit te doen. Klagte van dros teen hom geopen – by arrestasie verset – 2<sup>de</sup> klagte, prokureur-generaal het vervolging gelas. Mediese sertifikaat is voorgelê en prokureur-generaal het beslissing herroep. Die betrokke dossier word...Hy beweer dat hy oorspronklike mediese sertifikaat aan sy regsverteenvoerder oorhandig het. Afwesigheid is as volg: 1986-04-14 tot 04-24; 04-24 tot 04-28; 04-28 tot 05-09; 05-09 tot 05-21; 05-20 tot onbekend; 06-26 tot (...); 08-10 tot 08-29. (\*afskrifte van mediese sertifikate in lêer is meer volledig.) Was tye wat hy dienspligtig was maar waartydens hy geen diens verrig het nie. Oortreding van reg 58(11) skuldig gemaak het. Fotostate van periode word ingehandig. Begin van Augustus 1986 was hy d.m.v. nommer V87/85K konst. Vreugdenburg gewaarsku om op 1986-08-08 by distriksgeneesheer te rapporteer. Hy't nie opgedaag nie. Aanklag van dros – Pretoria-Noord R200 borg. Gevat na DG. Het Motasi ondersoek, na spesialis verwys, afspraak 1986-09-09. Op 22-09-1986 het ... opdrag gegee dat Verweerder in hospitaal opgeneem moet word vir mediese ondersoek. Op 1986-10-18 het nie opgedaag nie ... 1986-08-22 van Mag geskors. Aansoek om bystand, goedgekeur of nie? Motasi is aan begin van 1985 vanaf Opleidingskollege na Soweto verplaas, Hoofkantoor magtiging. Motasi het beswaar aangeteken en dis afgelas, waarna hy na Soshanguve verplaas is, wat hy nie uitgevoer het nie. Daarna is sy prokureur opdrag gegee om beswaar aan te teken. Dit is hierna tydelik afgelas maar sy verplasing na Hammanskraal is tydelik goedgekeur. Lê voor skrywes in sy verplasinglêer. Hy toon tekens van luiheid m.b.t. uitvoering van sy pligte. Hy's negatief. Feb (?) 1986 – het beweer dat hy as gevolg van oor nie 'n voertuig mag bestuur nie. Hy's van pos afgehaal en hy is stoor toe gepos – lui en ontevrede en negatief. Hy het te kenne gegee dat hy bevelvoerder wil wees. Weer op skofte geplaas. Gedurende die tydperk wat hy by die stoor gewerk het, het hy baie min gedoen en moes die ander lid die meeste van die werk gedoen het. Hy't wel sy privaatvoertuig bestuur. Wil nie onder gesag ander help nie. Brutaal, geen respek vir meerderes nie. Uiteens ongedisiplineerd. Hele houding getuig daarvan. Volg nie amptelike kanale om sy klagtes bekend te maak nie.

Dit bring die verhoor by die kruisverhoorfase: “Byron kry sy kans” (p. 309).

**Dokument:** Van die kruisverhoor is daar geen aantekeninge in die dokumente-lêer nie. Een verduideliking is dat die prokureur nie aantekeninge neem terwyl hy die kruisverhoor behartig nie.

Van die hieropvolgende kruisverhoor (p. 310) waaraan Kriek onderwerp word, is daar nie aantekeninge in die dokumente-lêer nie. Hierna is dit die verweerder se getuienis wat aan die beurt kom: "Ja die verweerder wil getuienis aflê" (p. 310).

**Dokument:** Bladsy 11 van die verrigtinge van die Raad van Onderzoek verwys na getuienis vir die verweerder en "Die verweerder wil getuienis aflê." Die verklaring strek oor drie bladsye. Al die aspekte wat in die fiktiewe romanteks as getuienis van die verweerder (pp. 310, 311) aangedui word, is in die werklike dokument "Getuienis vir die verweerder". (Die interne monoloog van Tumelo John wat tussen hakies in die teks verskyn, is nie deel van die getuienis nie.)

### 5.26.13 Erkenning van aandiensbesering

Volgens *Kroniek* (p. 316) ontvang Tumelo John 'n uitbetaling van die ongevallekommissaris. Dit is 'n belangrike skakel met sy aanvanklike besering weens die aanranding, want dit dien as erkenning dat hy aan diens beseer is. Geen kommentaar word in die teks oor die bedrag wat uitbetaal word, gemaak nie: "Die Ongevallekommissaris keur middel Maart 'n uitbetaling van R1855 aan Tumelo John goed vir mediese uitgawes" (p. 316).

**Dokument:** Inligting is vervat in 'n staat van die ongevallekommissaris: "Toekenning van skadeloosstelling", gedateer 1987-03-13. Die bygaande nota lui: "Afskrif vir u inligting. U werkgewer sal reël vir betaling van skadeloosstelling". Die bedrag wat aan Motasi toegeken is, is R1855,88.

### 5.27 Bevinding van die dissiplinêre raad en posisie in die mag

Tumelo John se posisie in die mag hang aan 'n draadjie en hy is nie seker van sy toekoms nie.

#### 5.27.1. Nie-amptelike bekendmaking

Die nie-amptelike bevinding van die dissiplinêre raad was voor die einde van Januarie 1987 in die gange bekend. Tumelo John het "by Rappuni gehoor dat daar by die polisiestasie gesê word die raad het sy ontslag aanbeveel" (p. 311) en Kriek het hom getart: "Jy moet daai tjek maar gaan bank en aan jou geldjies vashou, daar sal nie nog een wees nie ..." (p. 312)

### 5.27.2. Amptelike bevinding word teruggehou

'n Bevinding in die gange is egter nie 'n amptelike bevinding nie. "Byron doen navraag by die Kommissaris van Polisie oor die bevinding en einde Maart kom die berig dat Hoofkantoor besluit het (eindelik!) daar moet 'n mediese raad gehou word om te bepaal of Tumelo John medies geskik is om in die Mag te bly. En tot tyd en wyl word die Hamman-uitslag teruggehou" (p. 317).

**Dokumente:** (1) In 'n skrywe van Currin van Savage Jooste & Adams aan die Kommissaris van Polisie, gedateer 1987-03-17, word navraag gedoen na die bevinding van die dissiplinêre verhoor van ongeveer drie maande gelede.

(2) 'n Brief van die Kantoor van die Distrikskommandant, Pretoria-Noord, gedateer 25.3.1987, verwittig Motasi dat 'n mediese raad op hom belê word. Hy word soos volg versoek: "Geliewe met die distriksgeneesheer te reël vir 'n gepaste datum vir die hou van die Raad wat so spoedig moontlik afgehandel kan word".

(3) 'n Prokureursnota, gedateer 1987-03-27, oor die nuus van die mediese raad lui soos volg: "There hasn't been a final decision. The matter has been referred to the Medical board. From that I gather that there is a good possibility that he will be released from his duties on medical grounds and that he will get a pension, which is exactly what we want."

(4) 'n Skrywe van Hoofkantoor (van die polisie) aan Savage Jooste & Adams, gedateer 1987-03-30, lig die prokureur in dat die bevinding van die dissiplinêre verhoor teruggehou word, hangende die uitslag van die Mediese Raad wat moet bepaal of Motasi medies geskik is om in die Mag te bly.

(5) 'n Skrywe van Hoofkantoor met die opskrif *Tumelo Richard Motasi: disciplinary inquiry*, gedateer 1987-08-07, lig die prokureursfirma in dat die beslissing vir twee jaar teruggehou word en dat Motasi binnekort kennis sal kry om diens te hervat by die polisiestasie Hammanskraal. Skorsing word opgehef. Die brief is geteken deur lt.-generaal J.B. Stevens. Dit is op 1987-08-12 ontvang. 'n Aantekening is dat Motasi se salaris R900 is en dat hy nie verder die maandelikse toelaag sal kry nie.

Tumelo John se prokureur, Brian Huma, is versigtig optimisties: "Dit gaan vrek stadig, maar ons vorder ... Die kans is goed dat jy ongeskik verklaar word vir polisiewerk. Ek het dadelik vir Ga-Rankuwa geskakel, professor Vitkovsky van Medunsa sê die toetse wys die totale gehoorverlies is 20%. Dit lyk my jy sal dan jou pensioen kry. Dis mos al wat ons wil hê" (p. 317).

**Dokumente:** (1) ’n Prokureurnota toon aan dat dr. Krajewski op 1987-04-02 geskakel is. Die handskrif is onduidelik, maar daar is van die aantekeninge wat ontsyfer kan word: “Medical Board appointed by police decided that you cannot do police job ... headaches and deafness, 7% disabled, left ear ... sleep ... pain killers ... different job ...

(2) Daar is ook ’n oudiometriese verslag, gedateer 1987-06-11, in die lêer wat aantoon dat Motasi deur dr. Krajewski verwys is en dat die gehoorverlies in die (L)oor 20% is.

(3) Die woorde: “dis mos wat ons wil hê” kom voor in reeds aangehaalde prokureurnota van 1987-03-27.

## **5.28. Die begin van die einde**

Tumelo John se prokureur is optimisties dat hulle daarin sal slaag om ’n skikking te bereik wat tot sy kliënt se voordeel sal wees.

### **5.28.1 Oënskynlike herstel**

Tumelo John is oënskynlik op die herstelpad: “Teen die middel van die jaar begin dit beter gaan. Tumelo John voel hy word weer mens. Sonder hoofpyn. Geen geraas. Sonder verswering. En Busi wat hom met sy medisyne rantsoneer” (p. 319).

### **5.28.2. Generaal Stoker en die bevinding van die mediese raad**

Tumelo John sê vir Craig Byron: “Die meeste witmense is blind en die ergste is: hulle gewetens is saam met hulle blind” (p. 274). Die prokureur verstaan dat hy daarmee sê dat jy jou nie kan beroep op ’n polisieman se gewete nie. Daarteenoor beleef die prokureur vir generaal Stoker (van hoofkantoor) as ’n redelike mens: “Later was daar darem Stoker, generaal Stoker ... hy was anders, maar toe was dit te laat” (p. 274). Eindelik het ons te doen met ’n redelike mens, en een nie sonder simpatie nie” (p. 323). “Maar vir Tumelo John het Stoker te veel na Hamman gelyk” (p. 323). Die spesifieke verantwoordelikheid van generaal Stoker by die polisie se hoofkantoor word nie in die romanteks uitgespel nie.

Die eerste afspraak met Stoker is deur Byron aangevra: “Die eerste keer was op versoek van Byron wat nou alles inspan om Tumelo John se posisie in die polisie tot ’n punt te laat kom” (p. 323). Hiertydens lig Stoker vir Byron en Tumelo John in “dat alles steeds afhang van die bevinding van die mediese raad” (p. 323).



Die tweede ontmoeting met Stoker vind 'n week na die eerste een plaas. Vir die tweede afspraak het Stoker hulle na die polisie-hoofkwartier ontbied. Tydens die tweede afspraak sê Stoker: “Die mediese raad vind jou ongeskik, maar dan net gedeeltelik. Volgens hulle is jou oorprobleem opgelos ... maar jy sit natuurlik met 'n gebrek. Die gebrek is nie van so 'n aard om jou heeltemal ongeskik te maak nie” (p. 323).

**Dokument:** Wat die tweede ontmoeting met die luitenant-generaal van hoofkantoor in Pretoria betref, is daar 'n skrywe van Lephoko van Savage Jooste & Adams aan Motasi, gedateer 1987-07-07, tussen die dokumente. Hierin word Motasi versoek om dringend met mnr. Kotze in verbinding te tree: “We will have to go and see General Stevens in connection with your retirement from the Police Force”.

Die generaal vervolg en vang Tumelo John onverhoeds met sy erkenning. “Ek sal eerlik vir jou sê: ek is verbaas dat die ... onreg wat jou in die eerste plek aangedoen is nie vroeër uitgewys is nie. Sersant, ek vra jou om verskoning en ek wil jou 'n aanbod maak. Kies jy self die standplaas waar jy wil diens doen, dit kan enige plek in die land wees. Dat ons saam van vooraf kan begin en hierdie ding agtertoe skuif” (pp. 323, 324).

Pas na die afspraak met Stoker vra Byron vir Tumelo John: “Wanneer kan ons vir Stoker laat weet?” Waarop Tumelo John antwoord: “Ek het klaar besluit, meneer Byron. Al lyk dit na ondankbaarheid: ek kan nie teruggaan nie, ek gaan van nou af vir die struggle werk” (p. 324).

**Dokumente:** geen dokumentêre gegewens is tussen die dokumente gevind wat aandui dat Motasi “vir die struggle” begin werk het nie.

Die roman bevat 'n ontwikkelingslyn ten opsigte van Tumelo John se politieke bewuswording en opstand teen die magshebbers. Hierdie sinsnede “ek gaan van nou af vir die struggle werk” mag 'n strategiese romanmatige invoeging van die skrywer wees, ten einde die teks in diskursiewe raamwerk van die Suid-Afrikaanse konteks van apartheid te plaas. Tumelo John noem by meerdere geleenthede “ek vra net geregtigheid”, soos op p. 171. By gebrek daaraan maak hy onder andere die opmerking: “Ek is nou wel halfdoof, maar nie blind nie! Kan niemand sien dat dit geen geregtigheid is nie? En kan die kaptein nie besef nie: wat vandag met my gebeur,

kan môre vir hom voorlê?” (p. 172) ’n Newe-effek van ongeregtigheid word geskets: “Ek het my respek vir hulle verloor. Hoe kan jy iemand respekteer as jy weet jy kan nooit enige regverdigheid van hom verwag nie?” (p. 249).

Die prokureur Brian Huma maak die volgende opmerking in die konteks van gevolge van wandade deur die polisie: “Al wat dan oorbly is om die reg in eie hande te neem. Geweld word geregtigheid” (p. 275).

Met die verbalisering van sy besluit “ek gaan van nou af vir die struggle werk” gee Tumelo John gestalte aan sy siening dat, wat sy persoonlike posisie betref, alle moontlike remedies binne die norme van die magshebbers uitgeput is. Hy sien geen ander uitweg as om hom by die “teenmag” aan te sluit nie en skakel op so ’n manier intertekstueel aan by die verhaal van “Saidjah en Adinda” in *Max Havelaar* van Multatuli.

### 5.28.3. Skorsing word opgehef

“Toe hy middel Augustus ’n telegram van prokureur Huma kry om Pretoria toe te kom, het hy gehoop dis goeie nuus. Dit was nie. ‘Hulle gaan jou binnekort oproep om diens te hervat, jou skorsing word opgehef. Maar die Polisie hou hulle bevinding oor jou posisie terug. Vir twee jaar’” (p. 343).

**Dokumente:** (1) ’n Telegram, gedateer 14.8.87, en gerig aan: Mr. R Motasi, P O Box 121, Temba, 0401 lui soos volg: “We received a **letter from Genl Stevens**. Kindly attend upon our offices as a matter of urgency.”

(2) ’n Skrywe van **hoofkantoor**, gedateer 7.08.1987, onderteken deur **Luitenant-generaal J.B. Stevens**, lig die prokureursfirma Savage Jooste & Adams in dat die bevinding van die dissiplinêre verhoor van Motasi vir twee jaar teruggehou word en dat Motasi eersdaags kennis sal kry dat hy sy werk by Hammanskraal-polisiestasie moet hervat aangesien sy skorsing opgehef is. (Die stipulasies van 15(2) van die Polisiewet, No 7 van 1958 verwys.)

” Terwyl die nuus insink vra hy homself af: ‘Hoe kan hulle van hom verwag om weer saam met daardie mense te werk?’” (p. 343) Hy hoor ook by voorbaat in sy gedagtes hoe daar aan hom gekarring word en hoe die dreigemente nie agterbly nie: ”Wat? Wat is jou storie? Is jy dan doof? Het jy nie jou brief geles nie, jy moet vandag begin werk het. Doen jy dit nie, gaan ons jou in die strafhof aankla” (p. 343).

**Dokument:** ’n Telegram van luitenant-generaal Van Vuuren, gedateer 1987.08.28, verwys na ’n beslissing op 1987.08.21 met betrekking tot die ongeskiktheid van Motasi wat nie goedgekeur is nie. Die opdrag in die telegram lui soos volg: “Die stasiebevelvoerder moet sersant Motasi skriftelik in kennis stel dat sy skorsing vanaf ’n bepaalde datum opgehef is en moet uitdruklik opdrag gee dat hy op ’n bepaalde dag en bepaalde uur vir diens moet aanmeld by Hammanskraal-polisiestasie. Indien die lid versuim, moet hy voor die strafhof aangekla word.”

#### 5.28.4. Die lewe na die opheffing van die skorsing

Teen November van 1987 is Tumelo John ’n bedrewe handelsreisiger en geheel en al afhanklik van die verkoop van handsakke “noudat hy nie meer ’n skorsingstoelaag kry nie” (p. 334).

**Dokument: (1)** ’n Handgeskrewe prokureurnota, gedateer 12.8.87, dui op notas wat gemaak is tydens ’n telefoongesprek met generaal Stevens. Dit lui soos volg: ”Genl. Stevens. 9<sup>de</sup> vloer Wachthuis. Re: Richard Motasi. Sersant S160364N. Suspended Aug. 86→Vanaf 25/5/73. Salary: R900. Allowance ?9 – don’t get now. P.O Box 121, Temba, 0401 →send telegram.

**(2)** ’n Skrywe van Lephoko van Savage Jooste & Adams, gedateer 1987-10-02, verwys na ’n brief vanaf luitenant-generaal Stevens, gedateer 1987-08-30, waarin aangedui word dat die skorsingstoelaag op 1987-08-31 gestaak is.

**(3)** ’n Skrywe, gedateer 1987-10-05, vanaf Hammanskraal-polisiestasie bevestig dat hoofkantoor op 1987-09-11 kennis gegee het dat Motasi nie geregtig is op verdere skorsingstoelae nie.

Uit Tumelo John se interne monoloog verneem die leser dat die lewe in die Mag agter hom lê; hy het op ’n sekere manier aangeskuif. Hy het egter steeds sy uniform: “Ek is lánk nie meer ’n polisieman nie, maar my uniform sal ek hou tot alles afgehandel is. En as daardie dag kom, sal ek dit vir hulle teruggooi, soos ’n ou vel, ’n nuttelose stuk verlede ... laat hulle dit maar gebruik” (p. 340). Nog iets wat hy met hom saamdra sedert die insident met die kolonel, is die wete dat sy eie veiligheid en dié van sy gesin in die gedrang is. Op die aand van 30 November gaan hy vir hulle kos by Kentucky koop en hy waarsku sy vrou om nie sommer die deur oop te maak nie: “Ek verwag vir Susele’, sê hy vir Busi, ‘ek is gou terug en onthou tog: maak seker voor julle die deur oopmaak” (p. 337). As hy dit klaar gesê het, wonder hy hoekom hy dit sê: “Asof Busi nie nou al weet van die gevaar wat soos ’n swaard oor hom hang nie” (p. 337).

### 5.28.5. 'n Nuwe begin op 'n ander plek

Tumelo John oorweeg dit om te trek, maar nie dadelik nie: “Nee, hulle kan nie nou hier padgee nie, die hofsaak moet eers agter die rug. ‘Nog voor Kersfees ...’ het Huma gesê” (p. 334).

Die situasie by sy huis word dan gevaarliker. Na 'n vreesaanjaende insident by hul huis vlug sy vrou met die kind en die hond na haar ma se huis in Soweto: “Self was hy nie tuis nie. Hy was in die Vrystaat met sy verkope (ook maar goed). Busi was laatmiddag (teen die heining) met die buurvrouens aan die gesels. Toe 'n kombi stilhou, Mabe en Mabetha uitklim, in uniform en met vuurwapens in die hand: ‘Waar’s daardie man van jou?’ Sonder om te groet. ‘Gee pad!’ ... Tumelo John het hulle die volgende middag daar gekry en vir sy vrou gesê: ‘Jy’t nie nodig gehad om te vlug nie ... dis vir my wat hulle soek. Hulle sal nie iets aan julle doen nie’” (pp. 337, 338).

Ook op die nag waarop hy vermoor word, speel hy met die gedagte om te trek wanneer hy by die kombuisdeur uitglip om vir hulle te gaan Kentucky koop: “... dalk is dit tog maar die beste om te trek: natuurlik eers wag dat die Hooggeregshofsaak teen kolonel Van Niekerk afgeloop het, dis al hoe ek hulle kan aanvat” (p. 338). In hierdie paragraaf is dit duidelik dat die karakter weet sy lewe word bedreig, maar hy glo egter naïewelik dat sy gesin ongedeerd daarvan sal afkom. Uit die laaste sinsnede sou die leser twee afleidings kon maak: eerstens dat Tumelo John dalk tog die hofsaak sien as 'n instrument wat kan remedieer en tweedens dat hy dink hy is uitgeslape genoeg om 'n aanslag op sy lewe af te weer.

Tumelo John sien dan ook die beveiliging van sy huis as 'n voltydse werk, soos blyk uit sy gedagtegang na die opmerking van sy seuntjie toe hy 'n perdebynes vernietig het: “‘Jy maak die huis veilig, nè, Pa?’ Om jou huis veilig te maak, ja. (Ook maar 'n voltydse werk’ (p. 339). Maar helaas, hy was nie slim genoeg nie. Die sinspelning “**slim vang sy baas**” loop dan ook soos 'n rooi draad deur *Kroniek*: “Maar slim vang sy baas, soos die Boere sê” (p. 76), “‘Slim vang sy baas,’ het Nkosi daardie dag voor die ongeluk gesê” (p. 77), “Borea sou hom later vertel dat Engelbrecht die res van daardie dag getier en gevloek het oor die vermetele sersantjie wat hom so wit hou en almal – selfs vir Hoofkantoor – staan en rondfok, maar slim vang sy baas! (p. 199);

“Jy’s baie slim, John. En slim vang sy baas ... Jou slimgeid gaan jou nie help nie” (p. 264).

### **5.29. Die moord op Tumelo John en sy vrou**

Die gedagte van Tumelo John om te trek, vorm ’n skakel met twee verdere vertellings in die romanteks. Die een vorm ’n kruisverwysing met die motto voor in *Kroniek* en behels sy oompie se siening dat die gees die liggaam wat net ’n abbaavel is, verlaat en wegtrek wanneer die dood intree. As ’n mens doodgaan, dan trek sy gees na waar Modimo is, in die rigting van die sonsondergang: “Ou man: Hy’t ons verlaat en getrek in die rigting van die sonsondergang waar Modimo is ... die liggaam is ’n abbaavel” (p. 353). Die ander skakel is met die gevolgtrekking dat Tumelo John en sy vrou vermoor is, dat hy dus nie meer *hier* is nie.

#### **5.29.1. Die moordtoneel**

Sy swaer Solane Richard beskryf die moordtoneel: “Hy het in die kombuis vlak voor die nuwe stoof gelê, pikswart in die gesig ... wat van sy gesig oorgebly het ... groot gat in die agterkop op ’n klewerige vloer. Hulle het ’n kussing van die slaapkamer as knaldemper gebruik ... die plek was vol vere. En onderstebo! Gelyk of ’n warrelwind deur die huis is: alles gebreek rondgelê ... Maar niks gesteel nie” (p. 348).

#### **5.29.2. Die nadoodse ondersoek**

In hoofstuk 24 gee die fiktiewe skrywer inligting aan die leser deur wat hy tydens persoonlike onderhoude met individue bekom het. Hierdie individue het die hoofkarakter geken. Inligting wat van die prokureur Brian Huma bekom is, hou verband met die nadoodse verslag (p. 349): “Die lykskouing wys daar is twee koeëls van verskillende kaliber, deur sy skedel, albei van onder die kakebeen met een bokant die regteroor uit en die ander by die linkeroor. En die staatslykskouer voeg met ’n onderstreepte sin by dat die een gat die voorkoms het van ’n ‘vinnige koeël soos dié van ’n AK-47-geweer’. Nog etlike ander letsels en breuke aan die gesig ... As jy vir die ANC werk, en dit kan bewys word, is die tronk jou voorland, maar as dit nie bewys kan word en slegs die vermoede bestaan, is dit bokveld toe met jou” (p. 349).

**Dokument:** Die nadoodse verslag, gedateer 1987-12-03, dui aan dat die lykskouing by die staatslykshuis van Ga-Rankuwa gedoen is op : “[A] black adult male with 2x gunshot wounds both traversing the skull (...). External appearance of the body and condition of limbs: Two gunshotwounds: No.1 – 4mm in diameter round underneath the right mandible traversing upwards, 45° through the anterior skull with exit wound of 3x2 cm above the right ear (about 4 cm) through the left temporal-parietal region. Distance of about 1 m or more with the appearance of a high-velocity bullet, such as AK-47. No.2 – 2 cm in diameter near the right mandible angle traversing upwards at about 30° through the anterior skull with large exit wound (?)x3 cm involving the left temporal bore and anterior left ear. This wound appear to be nearly trump-up (and very close) and possibly of a different caliore as No.1, surrounding both No.1 and 2 is a dackened, dried-up skin region. One (1x) 3x3 cm contusion over right zygoma ...”. Hierdie dokument getuig dat Motasi gesterf het weens twee kopskote van voor “anterior”, wat op kort afstand van twee verskillende vuurwapens gevuur is.

Inligting wat die fiktiewe skrywer van Rappuni bekom het, betrek twee polisielede, naamlik Mabe en Kriek: “Adjutant-offisier Mabe het vroeg daardie oggend sy dood by die polisiestasie aangegee. En kaptein Kriek het om middernag van daardie 30<sup>ste</sup> ’n inskrywing in die voorvalleboek gemaak: dat sersant Moleko sonder verlof afwesig was”. Die uitsonderlikheid van Kriek se optrede word soos volg deur Rappuni verwoord: “Ek is nou nie so lank in die Polisie nie, maar dit is die eerste keer waarvan ek weet dat ’n stasiebevelvoerder so laat die dienskamer besoek om ’n inskrywing te maak” (p. 350).

**Dokument: Memorandum of notes on consultation**, statement minuted from Samuel Rammuki, gedateer Desember 1987, stel onder andere: “**Warrant officer Mnisi** – He is the person that reported Motasi’s death to the Hammanskraal Police on the 1<sup>st</sup> December, 1987”.

Oor die stasiebevelvoerder se optrede meld Rammuki die volgende: “**Captain Kleynhans [Station Commander]** – On the 30<sup>th</sup> November, 1987, he made a report on OB RECORD BOOK, ENTRY NUMBER 3238. This report was made at 24h00 midnight. The report is to the effect that he visited the Police Station at that time and also inspected the cells and everything was in order. The report states, inter alia, that Constable Raphiri was off sick and that Sergeant Motasi was absent from duty without leave. In so far as I am aware it is the first time that the Station Commander had visited the Police Station at this time.”

En “Busisiwe Penelope. Wat het van Busi geword?” (p. 355) Die antwoord op die vraag word in die volgende paragraaf van die roman gegee en wel in die vorm van ’n sogenaamde koerantberig.

**Dokument:** ’n Nadoodse verslag, gedateer 1987-12-03, is gedoen op Irene Busisiwe Motasi, “A black adult female with 2xgunshot wounds traversing the skull ...”.

### 5.30. Nabetrugting

’n Fase van nabetrugting begin in hoofstuk 22 van *Kroniek* met die opskrif *Johannesburg, Desember 1988* (p. 325).

Die moord op Tumelo John en sy vrou, saam met die aanleidende gebeure, spook by die fiktiewe skrywer en hy dra sy oordenking op verskillende maniere aan die leser oor.

So ’n nabetrugtingsfase speel ’n besonder belangrike rol in die retoriese proses. Tydens hierdie fase poog die skrywer om via die fiktiewe skrywer subtiel of minder subtiel aan die leser leesvoorstelle te gee ten einde die leesproses en interpretasie te rig en te beïnvloed.

Wat die uitleg van die roman betref, val dit op dat die nabetrugting reeds voor die vertelling van die moord op Tumelo John en sy vrou Busi op 30 November 1987 begin. Laasgenoemde word in hoofstuk 23 met die opskrif *Temba, 30 November 1987* weergegee. In hierdie twee-en-twintigste hoofstuk gee verskillende karakters die fiktiewe skrywer toegang tot hul persoonlike nabetrugting oor Tumelo John. Die karakters kom van verskillende sferes van die samelewing en kommunikeer verskillende samelewingskodes.

Die joernalis Pallo Seleke vertel van Tumelo John se dilemma as ontnugterde en gewese polisieman: “Maar as ’n polisieman by sy makkers uitbak, dan het hy nêrens om heen te gaan nie. Dis baie, baie moeilik vir ’n polisieman om weer deur die hele gemeenskap aanvaar te word. Moleko het probleme hiermee gehad” (p. 325). Hierdie joernalis besef dat Tumelo John hom in ’n onbenydenswaardige posisie as uitgeworpene bevind omdat hy generaal Stoker se aanbod om herontplooi te word, verwerp het: “Ek het klaar besluit, meneer Byron. Al lyk dit na ondankbaarheid: ek kan nie teruggaan nie, ek gaan van nou af vir die struggle werk” (p. 324).

Tweederangse burgerskap en buitestaanderskap is ’n beduidende kode in *Kroniek* en dit bring ’n futiliteit na die teks. Nie-fiktiewe dokumente wat in *Kroniek* deurskyn,



dui aan dat hierdie tweederangsheid deur onder andere geïnstitutionaliseerde rassisme gevoed word. Agterdog en weerstand word in *Kroniek* as simptome aangebied. Dit manifesteer in 'n wantroue tussen die swart gemeenskap en die polisie(manne), want die swart gemeenskap in *Kroniek* sien die polisie as 'n misplaaste instansie. Tydens die opstande moes die polisie die opstande onderdruk en is hulle ook ingespan om byvoorbeeld sekere geboue op te pas: “Hulle moes gaan wagstaan by 'n biersaal ... 'n Jongman het van die oorkant tussen die huise na hulle uitgeroep: ‘Daardie plek moet goud werd wees, kyk hoe pas julle dit op! Vandag weet almal wat is vir julle kosbaar: *Drank ...*’” (pp. 42, 43). Die wantroue tussen die gemeenskap en die polisie word geïllustreer deur soms toevallige opmerkings. Een so 'n voorbeeld word in die gesprek tussen Tumelo John en sy oompie aangetref, wanneer laasgenoemde hom 'n krui aanbied en die polisie gelykstel aan die vyand: “Dis die plant wat mense terug laat steier, ja, hy druk swáár op jou vyande. Die oumense het dit gebruik wanneer hulle op pad is, dit keer ongeluk af. Soos polisie of rondlopers” (p. 68). Die gevaar wat skuil in aweregse optrede as reaksie op hierdie dwangmatige tweederangsheid blyk uit kollegiale vermanings: “‘Shit, Tumelo, jy speel met vuur.’ ‘Ja?’ Sy houding is skielik ene polisieman, hy kyk na Tumelo John soos Van Niekerk nou die dag. ‘Ek gaan nie weer hieroor praat nie, maar ons ken mekaar al lank en jy’s 'n goeie ou. Maar, swaer, as jy nie ophou nie ... hulle sal jou uitvat.’ ‘Wat? Hulle?’” (p. 165). Die ironie ontgaan die leser nie wanneer *Kroniek* ook die dwangmatigheid wat verskuil is in die alternatiewe politieke aksies en strukture aantoon. Hier kan dus sprake van 'n dubbele-buitestaanderskap wees. Zondi sê byvoorbeeld “As ek maar sien, dan is hy op pad hospitaal toe, die heeltyd besig met sy eenman-geveg. Ek het vir hom gesê: wat jou oorgekom het, gebeur daaglik. Dat hy deel moet word van die netwerk van verzet, vergaderings bywoon, maar hy was nie een vir strukture van die mense nie ...” (p. 349). Indien hierdie opmerking saam met dié een van Tumelo John se swaer Solane Richard oor politieke organisasies gelees word, spreek dit van skeptisisme: “Ek hou net nie van die comrades wat ons kom hiet en gebied nie. Hulle moet hul slogans vergeet en ophou met afdreigings vir 'n heeltemal nuwe wêreld waar ons ‘Ja Comrade!’ moet sê in plaas van ‘Ja Baas!’” (p. 132)

Gegewe Tumelo John se wantroue in politieke strukture, gebruik hy nie die politieke strukture in sy stryd om geregtigheid vir homself of ander nie. Hy verkies opsies soos die pers en juridiese remedies: “Moleko het oor inligting beskik van die Polisie se

betrokkenheid by ons dirty politics ... wou dit openbaar maak. Dis waarom hy my opgesoek het, het gemeen ek sou dit deur die koerant kon doen” (p. 326).

Opmerkings wat Tumelo John ten opsigte van sy prokureurs maak, dui aan dat hy vertrouwe in hul vermoëns, sowel as die juridiese remedies het. Hy glo dat hulle hom sal help om geregtigheid te kry: “‘Moenie so bekommerd lyk nie,’ sê hy vir Borea, ‘my prokureur sal vir my sorg, die kolonel kan nie maak en breek soos hy wil nie’” (p. 154).

*Kroniek* bied die nabetragting van meer as een van hierdie regsgeleerdes aan. Twee van die karakters roep die hofszaak wat teen kolonel Van Niekerk aanhangig gemaak is in herinnering: “Ons het eindelijk die kolonel se adres gekry, ek dink dit was Nylstroom? Vroeg in Desember sou die hooggeregshofszaak teen Van Niekerk - drie jaar na die aanranding - begin. Advokaat Hess het gereed gestaan” (p. 327). En “Hess sê: ‘Die Polisie het my telkens meegedeel: Moleko is ’n moeilikheidmaker. Maar ek het geweet: Justice delayed is justice denied’” (p. 327). In die dokumente is ’n regs kennisgewing wat inligting dra oor hierdie hooggeregshofszaak.

**Dokument:** Dit is ’n skrywe aan die “Deputy Sheriff, Nylstroom, 1987-08-24” insake ”T R Motasi / Colonel W P van Zyl ... and enclose herewith a summons for service upon the Defendant”. Die kennisgewing is op 1987-08-28 te Rupertstraat 3, Nylstroom op kolonel Van Zyl bestel.

Die dorp Nylstroom as aftreeplek vir die kolonel is dus uit die dokumente gelig. Ook die drie jaar wat verloop het sedert die aanrandingsinsident kan uit bogenoemde dokumentêre inligting bevestig word.

**Dokumente: (1)** ’n Regsopinie van agt paragrawe wat drie bladsye beslaan en geformuleer is deur advokaat T D Hopf, gedateer 1987-10-27, dui aan dat die regspraktisyns gereed was vir die hofszaak teen kolonel Van Zyl.

**(2)** Hierbenewens is daar ook ’n skrywe van prokureur Lephoko van die firma Savage Jooste & Adams, gedateer 1987-10-29. Dit is gerig aan die staatsprokureur en lui soos volg: “We have fully considered the position herein and are of the respectful view that the matter should take it’s normal course”.

### 5.31. Naskrif

Kroniek se laaste hoofstuk is getiteld *Naskrif* (p. 357). Die inleidende sin dui aan dat die regsproses deur middel van formele briefwisseling en regskenisgewings tot stilstand knars: “Enkele dae later ontvang die prokureur ’n brief uit die kantoor van die Staatsprokureur” (p. 357). Hierdie brief is tussen die dokumente en daar is ook ’n “Notice of withdrawel”.

**Dokument:** (1) Hierdie “brief” waarna die teks verwys, is ’n skrywe van die staatsprokureur, gedateer 1987-12-07. Dit lui soos volg: “TR Motasi / Colonel Van Zyl. My instructions are that your client has recently passed away. Kindly confirm, and if so, I look forward to receiving your notice of withdrawel.”

(2) Die versoek van die prokureursfirma om **saak “8226/87** van die hofrol van die hooggeregshof te verwyder, is gedateer 1988.01.07: “Case no. 8227/87, In the matter between TUMELO RICHARD MOTASI Plaintiff and COLONEL W P VAN ZYL Defendant, NOTICE OF WITHDRAWEL. BE PLEASED TO TAKE NOTICE that the Plaintiff withdraws his Claim. Kindly remove the matter from the Roll accordingly. DATED at PRETORIA this 7<sup>th</sup> day of JANUARY, 1988”

En laastens word die moordsaak op Tumelo John Moleko en sy vrou Penelope Moleko in die romanteks as onopgelos gesluit: “Tumelo John Moleko se lêer word gesluit met die volgende mededeling aan Craig Byron (p. 358):

1989-08-31

“Dear Sir

MURDER: DECEASED JOHN MOLEKO,

PENELOPE MOLEKO: MONDAY 1987/11/30 AT TEMBA

An investigation is thoroughly conducted and there is no light leading to the detect of the suspect and subsequently the case docket is closed as undetected.

Yours faithfully.

COLONEL YY

Bophuthatswana Police”

**Dokument:** Twee skrywes van die Bophuthatswana Polisie aan die Nasionale Direkteur van Regslui vir Menseregte het betrekking.

**Die eerste skrywe** is gedateer 1989-01-09. Dit dui aan dat die moord op die egpaar by Temba ondersoek word. Die saaknommer is R.C.I. 2/12/87. Niemand is in verband met die moord gearrester nie en die ondersoek gaan voort. Enige verdere ontwikkelings sal gerapporteer word. Die brief is onderteken deur brigadier M.J. Gaobepe.

**Die tweede skrywe** vorm deel van die aangehegte elektroniese dokumente. **Sien aanhangsel 10.** (Aanhangsel 10 word ook kruisverwysend gelees met *Kroniek* p. 16.)

### **5.32. Die dokumente as 'n voorlopige verteenwoordiging**

Die dokumente verteenwoordig die reële klein geskiedenis van 'n individu en die fiksie-tekste verteenwoordig die romangeskiedenis. Die verloop van die reële klein geskiedenis soos dit uit die dokumente gerekonstrueer is, rig die roman in terme van die chronologiese verloop, sowel as die oorsaak- en gevolg-aspek.

Hierdie basiese lees oefening het gepoog om aan te toon hoe *Kroniek* as 'n romanmatige rekonstruksie van nie-fiktiewe dokumente en dus as kreatiewe nie-fiksie gelees kan word. Die onderliggende beginsel is dat 'n rekonstruksie gedekonstrueer kan word. Die nut van hierdie basiese dekonstruksie van die teks lê in die relatiewe parameters wat daaruit voortspruit.

Die oefening sou ook kon fokus op die retoriese implikasies van die kreatiewe afwykings van die nie-fiktiewe dokumente, maar dit val vir die oomblik buite die veld van hierdie ondersoek.

### **6. Fase 2 van die dekonstruktiewe lees oefening**

In die lig van die voorafgaande basiese dekonstruktiewe lees oefening word hierdie ondersoek gekonfronteer met 'n teoretiese onderbou wat aandring op 'n tweede fase van dekonstruktiewe lees. Derrida (1995: 141) sê onomwonde "(T)here is no one, single deconstruction". Gevolglik sal hier gepoog word om toegespitste teorie vanuit die dekonstruksie aan te bied wat hierdie tweede fase sal onderlê. Binne die parameters van die tweede fase van die dekonstruktiewe lees oefening is dit onmoontlik om ál die dokumente en die fiktiewe tekste in die geheel te betrek. Daarom sal gepoog word om *Kroniek* dekonstruktief volgens die toevalligheidsbeginsel te lees. Die toevalligheidsbeginsel word gebaseer op 'n Derridaanse metafoor (1981). Die metafoor sal aangebied word soos wat dit in die Franse teks verskyn, gevolg deur

'n vrye Afrikaanse vertaling. Die laaste gedeelte van fase 2 se dekonstruktiewe lees oefening word gerig deur 'n standpunt van Wilhelm Liebenberg (1985). Liebenberg sê kortliks dat dit in dekonstruksie eerder gaan om 'n dekonstruksie van (Hegeliaanse) idealisme as 'n dekonstruksie van 'n teks as sodanig.

Ten aanvang word Derrida se baggermasjien-metafoor weergegee.

### **6.1. Die baggermasjien as metafoor vir toevallige fokus**

Die baggermasjien-metafoor van Derrida word aangetref in *Glas*, volume 2 (1981 : 285-286) en dit dien as 'n belangrike riglyn by die lees van *Kroniek*. Die oorspronklike weergawe in Frans word weergegee en dit word gevolg deur 'n vry Afrikaanse vertaling:

« Je cherche la bonne métaphore de l'opération que je poursuis ici. Je voudrais décrire mon geste, la posture de mon corps derrière cette machine. Ce qu'il supporterait le plus difficilement, ce serait que je m'assure ou assure aux autres la maîtrise de son texte ... Je cherche donc le bon mouvement. Ai-je construit quelque chose comme la matrice de son texte ? A partir de laquelle on pourrait le lire, c'est-à-dire le re-produire ? Non, je vois plutôt (mais c'est peut-être encore une matrice ou une grammaire) une sorte de machine à draguer. Depuis la cabine dissimulée, petite, fermée, vitrée d'une grue, je manipule des leviers et de loin, j'ai vu faire ça aux Saintes-Maries-de-la-Mer à Pâques, je plonge une bouche d'acier dans l'eau. Et je racle le fond, y accroche des pierres et des algues que je remonte pour les déposer sur la terre que l'eau retombe vite de la bouche. Et je recommence à racler, à gratter, à draguer le fond de la mer. J'entends à peine le bruit de l'eau depuis la petite chambre. La matrice dentée ne retire que ce qu'elle peut, des algues, des pierres. Des morceaux, puisqu'elle mord. Détachés. Mais le reste lui passe entre les dents, entre les lèvres. On ne prend pas la mer. Elle se reforme toujours. Elle reste. Là, égale, calme. Intacte, impassible, toujours vierge. Et puis je ne vais pas surprendre son texte avec une matrice dentée. Il n'écrit, ne décrit que cela : matrice dentée. C'est son objet. »

(“Ek soek 'n gepaste metafoor vir dit wat ek hier doen. Ek wil my aksies beskryf, my liggaamspostuur agter die baggermasjien. Ek soek 'n tipiese beskrywing. Het ek iets soos 'n matriks van sy teks gekonstrueer vanwaar dit gelees, dit wil sê gereproduseer,

kan word? Nee, ek sien eerder (maar dit kan ook nog 'n matriks of grammatika wees) 'n tipe baggerhyskraan. Vanuit die klein glasbeheerkajuit van die hyskraan manipuleer ek die hefbome; ek het dit met Paasfees gesien by Saintes-Maries-de-la-Mer, ek laat sak die ysterbek in die water. En ek skraap die bodem, tel klippe en alge op en bring dit boontoe om dit op die grond uit te gooi terwyl water uit die ysterbek stort. En ek begin weer skraap en trek die bek oor die bodem van die see. Ek hoor skaars die geruis van die water vanuit die klein kajuit. Die gevurkte bek (matriks) kan ook net soveel alge en klippe boontoe bring, die stukkies wat sy in haar bek kan hou. Die bek tel dit blindweg op, sonder voorkeur. Die ander stukke val tussen haar tande deur, tussen haar lippe deur. 'n Mens kan nie die see optel nie. Sy herstel altyd weer. Sy is en bly. Daar, ongestoord, kalm. Intakt. Onverstoortbaar, die ewige maagd. Ek gaan dus nie die teks met 'n gevurkte matriks opvang nie. Ek gaan net skryf, beskryf, dit is die doel van lees.” (my vertaling))

Wat af te lei is uit bogenoemde metafoer van Derrida is dat die kritikus nie die teks oorneem nie en ook nie 'n matriks inspan ten einde alle (lei)drade wat in die teks geïdentifiseer word, tot 'n finale, enkele betekenis vas te knoop nie. Dié metafoer stel die teks gelyk aan die see en die analise word vergelyk met die baggermasjien. Desnieteenstaande die baggermasjien wat uit haar (die *see*) bagger, met die doel om dieper te maak of dieper te kyk, oftewel te ondersoek en te interpreteer, bly die see die see, dit wil sê, die teks bly teks, ook na afloop van die analise. Die metafoer dui ook aan dat slegs enkele gedeeltes van 'n teks, soos opgetel en uitgegooi deur 'n baggermasjien, aan analise onderwerp word. Hierdie gedeeltes word nie uitgesoek omdat dit 'n vaste betekenskern of 'n ankerpunt is nie, want vir Derridaanse dekonstruksie is 'n sentrale tema juis nie die belangrikste nie: “... there are only contexts without any centre or absolute anchoring” (1995: 12). Hierdie metode van lees is gevolglik nooit 'n duplisering van die teks nie, selfs al is die teks hoogs realisties en al dring dialoë daarin daarop aan dat die leser dit as sodanig lees: “Jy moet sommer van die dokumente uit die lêers net so afdruk in jou manuskrip,” meen die vriend, “dat dit eg lyk” (p. 53).

## **6.2. Kroniek as hoogs realistiese verhaal**

Ten aanvang van hierdie tweede fase word uitsprake van verskeie navorsers en literatore, soos onder andere deur Rossouw (1996: 17) dat *Kroniek* 'n hoogs

realistiese verhaal is, gelyk gegee in die lig van die bewyse in fase 1. Hierdie dekonstruksie-fase van die lees oefening poog egter om 'n alternatief vir literêre realisme te bied.

### 6.3. 'n Alternatief vir literêre realisme

In die lig van die gedagte dat hierdie dekonstruktiewe lees oefening 'n alternatief vir literêre realisme wil bied, behoort daar kortliks by die konsep *literêre realisme* stilgestaan te word. Van der Merwe (2008: 88) dui aan dat die realisme 'n stroming is wat die klem laat val op die “**weerspieëling van die sosiale werklikheid**”. Binne hierdie stroming val die afspieëlingsteorieë wat die teks beskou as 'n getroue afbeelding van die werklikheid. In hierdie ondersoek waar nie-fiktiewe dokumente aangewend word in die literêre kommunikasie, sou daar geredeneer kon word dat *Kroniek* wel so afspieëling is.

Barthes en ook later Belsey problematiseer hierdie beskouing deur te argumenteer dat realisme **nie** gelees kan word asof dit die werklikheid weerspieël nie. Dit word vervolgens uitgelig.

Barthes (1957 / 1970) maak in die gedeelte “Le mythe, aujourd'hui” (Die mite, vandag) in sy werk *Mythologies* duidelik dat literêre realisme in wese die **naturalisering van mites** en aannames van die ideologie van die dag is. Belsey (1983: 104) se alternatief op hierdie **verwerping** van die siening dat die klassieke, **realistiese teks 'n refleksie van die wêreld** is, is vervolgens relevant. Sy meen dat wanneer daar ingesien word dat 'n teks **uit beskikbare diskoerse geskep word**, dit die moontlikheid bied vir dekonstruksie, aangesien die **proses en omstandighede** wat 'n rol speel in die opbou van 'n teks as 'n konstruksie (“construct”) **uit beskikbare diskoerse gedekonstrueer kan word**. “It was apparent that it was no longer possible to regard the classic realist text as a reflection of the world. As an alternative it was possible to recognize it as a *construct* and so to treat it as available for deconstruction (as it was later termed), that is, the analysis of the process and conditions of its construction out of available discourses.” Hierdie opmerking noodsaak 'n beknopte siening van diskoers ter wille van samehang. Volgens Du Plooy (1992: 78) word diskoers oor die algemeen gesien as “'n reeks taaluitinge” wat dan “'n taalhandeling vorm”. Sy noem die volgende as voorbeelde van 'n diskoers: “'n gesprek, 'n grap, 'n



lesing, 'n preek, 'n onderhoud". Die belangrikste aspek by 'n roman soos *Kroniek* is dat dit deel vorm van "'n gesprek" oor reg en onreg in die Suid-Afrikaanse bestel van verál die tyd wanneer dit verskyn. Op 'n volgende vlak vorm dit deel van die gesprek oor die menslike kondisie in die algemeen.

#### 6.4. Die teks as konstruk

Belsey (1983) se verstaan dat 'n teks 'n konstruk is en Pakendorf (1991: 8) se noemer van *Kroniek* as "'n fyn gestruktureerde stuk prosa" loop hand aan hand met Derrida se gedagtes oor konstruksie en dekonstruksie, soos belig deur Richter in die inleiding van *Copy, archive, Signature* (Derrida, 2010: x): "Derrida hoped to capture the double movement of Heidegger's notion of a mode of building that is also a mode of unbuilding. The gesture involves taking something apart in a way that heeds the logic of its own architectural plan and thereby exposes the internal tensions that both enable and vex it".

Die teks as konstruk is met ander woorde 'n teksproduksie en Becker-Leckrone (2005: 92, 93) se kennis van hoe Kristeva teksproduksie sien, is hier van toepassing. Teksproduksie word deur Kristeva verstaan as "plural, dynamic and fragmentary". Hiervolgens moedig Kristeva die verstaan van intertekstualiteit aan in ooreenstemming met die siening van Michail Bakhtin. Elke uiting in die literêre teks word deur Bakhtin gesien as die resultaat van die kruising / interseksie ("intersection") van 'n aantal stemme. Kristeva sien die teks as 'n komplekse ineengewefdeheid van stemme, wat impliseer dat betekenisvolle wisselwerking en verwysings terselfdertyd in verskillende registers plaasvind. 'n Dialoog is daarom veel meer as blote interaksie tussen die skrywende subjek en die aangesprokene. Kristeva verwys na 'n horisontale en vertikale verhouding waarin woorde verkeer wat 'n band smee met die skrywende subjek, die aangesprokene en 'n voorafgaande literêre korpus. Volgens Becker-Leckrone (2005: 93) verplig voorafgaande die analis om die veelheid van stemme in die teks tegelykertyd te hoor. Die veelheid van stemme beteken hier byvoorbeeld die **fiktiewe dialoog tussen twee karakters**, al die **ander stemme** in die roman, die **dialoog tussen die skrywer en die leser** en ook die **dialoog tussen die betrokke teks en alle ander tekste** waaruit dit tap. Hierbenewens is daar ook die stem van die **sosiale en ideologiese konteks** waarbinne dit geskep is.

*Kroniek* as konstruksie word in die lig van voorafgenoemde beskou as die samevoeging van taalspore uit vroeëre en aktuele tekste en diskoerse om 'n ander teks te bou. Vroeëre tekste as term word inklusief bedoel en sluit resente, sowel as minder resente, fiktiewe sowel as nie-fiktiewe, amptelike sowel as nie-amptelike tekste uit verskillende tale in. So gesien, is die aanwysing van die reële dokumente wat gebruik is by die opbou van die romanteks in werklikheid die aanwysing van 'n bepaalde aspek van die konstruksie. Die leser word ook die hele tyd bewus gehou van hierdie boustene wat aan die romanteks 'n outensiteit en geloofwaardigheid gee.

### **6.5. *Kroniek* is 'n retoriese konstruksie**

*Kroniek* is 'n deels fiktiewe rekonstruksie.

Twee konstruksiemiddele word gebruik, naamlik die reële dokumente en die fiktiewe invulling. Dit word doelbewus en op verskeie geleenthede deur die fiktiewe skrywer aan die leser voorgehou, byvoorbeeld: “**Ek stel my voor dat** Tumelo John later van tyd tot tyd aan sy oupa sou terugdink” (p. 13). Hierdie opmerking van die fiktiewe skrywer bevestig wat Viljoen (1988: 424) die **outonome voorstellingsvermoë** noem. Die fiktiewe skrywer “hoef maar net iets te vertel en dit gebeur”. In soverre dit *Kroniek* aangaan, word die outonome voorstellingsvermoë van die skrywer gerig deur gefotostateerde, nie-fiktiewe dokumente en hierdie lees oefening sal nagaan hoe die skrywer dit manipuleer om 'n bepaalde beeld op te bou van hierdie betrokke stuk klein geskiedenis in verhouding tot die groter historiese werklikheid.

### **6.6. Die dokumente as foto's of produkte van fotografie**

Derrida in Caputo (2010: 4) stel fotokopieë gelyk aan foto's: “*A photocopy is, after all, a photograph, isn't it?*”. Indien *Kroniek* saam met die fotokopieë / dokumente gelees word, word opgemerk hoe hierdie dokumente “deurskyn” in die fiksie. Dit kan vergelyk word met *palimpsestes* van vroeëre tye, toe oorspronklike tekste wat afgewas of afgekrap is, deurskyn deur die nuwe teks wat op die tablet aangebring, of op die doek geverf is.

Sy toetred tot die romanmatigmaking van die dokumente word soos volg deur die fiktiewe skrywer gestel: “Ek is verlei deur die lêers van ’n prokureur in Pretoria, vreemd hoe die lewe van ’n tot die dood toe opgeskrewe mens jou kan rig” (p. 50).

Die dokumente in hierdie lêers word egter elders geëtiketteer as “’n nuttelose sameraapsel” (p. 17) en het geen positiewe langtermyn-impak op die karakter, Tumelo John, se lewe nie: “Om die een of ander rede kon die stapel voorbereidings nooit daarin slaag om ’n advokaat op pad na die hof se leertas te haal nie. En die kans lyk skraal dat daar aan hierdie feite plek afgestaan sal word in leergebonde regsuitsprake” (p. 17).

Die betrokke dokumente dra die hiërargiebeeld van chaos, teenoor orde, van nutteloos teenoor effektief, van waardeloos teenoor waardevol, van die enkeling teenoor die groep. Tog speel dit ’n baie gewigtige rol in die skeppingsproses van die roman. Die dokumente is, as fotokopieë, taaldokumente wat diskoerse op ’n gegewe tyd binne bepaalde omstandighede en politieke klimaat vaslê. Hierin is ’n sekere verloop en omstandighede wat ’n rol in die opbou van *Kroniek* as ’n konstruk speel, waarneembaar.

### **6.7. Die nie-fiktiewe dokumente as ’n argief**

Hierdie nie-fiktiewe dokumente kan beskou word as ’n argief. Dit wat in ’n argief weergegee word, sê Derrida (in Caputo, 2010: 2), bestaan voort in die vorm van taal of beeld of klank: “an archive would remain; it would survive, whereas that of which it is the archive has disappeared”. Derrida, wat homself deurgaans bemoei met konsepte soos die verlede en die hede, vra onder andere die volgende vraag oor die argief: “How to imagine an archive that is somehow immediate, a present that consists of its own memory or its own reproduction?” (in Caputo, 2010: 2). Hy wys vervolgens op die argief as selfpreservering van die hede aan die een kant en verlies aan die ander kant, met die implikasie dat die argief meteens meer en minder is as wat dit preserveer: “... which is something more and other than the case, experience itself, the experience of what one calls the present would be constituted as self-preserving, certainly, but in such a way that something may be lost, and something kept and preserved, from the same event...(Derrida in Caputo, 2010: 2). So gesien verwys die

argief na 'n teenwoordigheid as “a non-reproducible referent, an irreplaceable place” (Derrida in Caputo, 2010: 3).

Derrida (in Caputo, 2010: 2 - 4) bring ook sienings betreffende fotokopieë as 'n vorm van argivarisering en fotografie wat hier toepaslik is, soos “A photocopy is, after all, a photograph, isn't it? Die nie-fiktiewe dokumente ter sprake is weliswaar fotokopieë. Sommige van die fotokopieë is dof, soos verwaarloosde foto's. Derrida (in Caputo, 2010: 3) wys op 'n soortgelyke teenstrydigheid wat in foto's vasgevang word, naamlik dat die teenwoordige of huidige (“present”) deelbaar (“divisible”) is in die sin dat dit tegelykertyd selfpreserverend is as 'n geheue, terwyl die teenwoordige nie herhaalbaar is nie. Dit wat in 'n foto gesien word, word op daardie oomblik gesien, maar dit wat in die foto vasgelê is, is in die verlede vasgelê. Die teenstrydigheid is dat die verlede as 'n “hede” aangebied word en tog is daardie verlede nie ten volle herhaalbaar / dupliseerbaar in die hede nie.

#### **6.8. Die nie-fiktiewe dokumente as taalt tekste**

Die nie-fiktiewe dokumente wat in hierdie ondersoek ter sprake is, het almal een of ander vorm van aanduiding dat dit eg is. So is daar byvoorbeeld dokumente wat onderteken is deur die skrywer van die dokument, dokumente op briefhoofde, amptelike telegramme, beëdigde verklarings en dokumente wat geparafeer is. Beëdigde verklarings en dokumente wat geparafeer is, word as eg gereken.

In hierdie studie word daarom erken dat die nie-fiktiewe dokumente ter sprake 'n stempel van egtheid dra. Vanuit die dekonstruksieteorie is enige dokument egter 'n taalt eks en in die teoretiese hoofstuk is aangedui dat taal nie deursigtig of neutraal is nie. Taal is gevolglik nie volkome betroubaar nie en daarom kan geargumenteer word dat dokumente as taalt tekste ook nie volkome betroubaar is nie.

Indien die dokumente as 'n taalspoor beskou sou word, geld 'n gedagte van Derrida (in Caputo, 2010: 11) oor die preservering van die spoor: “... in order for the trace to be preserved it must be renewed...in order to preserve information, one must process data ... Art also enters into the development process and to a certain extent, into the handling of data. We have to do with **a deferred time**, or with a time of deferral, and the question of intensities and of decisions come up here as well: at the moment of

processing, one must decide, limit, exclude". Daar word kennis geneem van die voorafgenoemde voorbehoude met betrekking tot taalt tekste, sowel as van die hieropvolgende opmerking wat 'n verdere verswaring impliseer. Becker-Leckrone (2005: 15) herinner lesers in haar werk *Julia Kristeva and Literary Theory* dat Kristeva erken dat beide die vertolkingsproses en die literêre proses deur dieselfde materiaal, naamlik taal, geproduseer word.

### **6.9. Die nie-fiktiewe dokumente en kontekstualisering**

Die veronderstelling is dat die dokumente meer lig sal werp op die konteks waarbinne die verhaal staan. Dit is juis belangrik, gegewe Derrida se skeptisisme betreffende die "onskuldige" hersamestelling van 'n konteks.

### **6.10. Die leser as subjek en die proses van betekenisvorming**

Aangesien 'n lees oefening deur 'n leser as subjek uitgevoer word, word die begrip 'leser-subjek' vir die doeleindes van hierdie lees oefening kernagtig gekwalifiseer aan die hand van Barthes. Barthes (1970: 16, 17) argumenteer dat die frase, "Je lis le texte" (Ek lees die teks), bedrieglik is en wel in die mate dat hoe meer 'n teks veelduidig is, hoe minder is dit geskryf, voordat "ek" dit lees. Hambidge (1984: 63) vestig ook die aandag op Barthes se aanname dat "die 'ek' reeds 'n pluraliteit van ander tekste is". Van der Merwe (2008: 122) beaam die aanname: "Die grense verval tussen (geskrewe) teks en teks, tussen teks en samelewing; en tussen teks en leser, want die leser is self 'n teks, geïnterpreteer volgens bepaalde konvensies". Hierdie gedagte dat die outeur 'teks' is, impliseer dan ook volgens die dekonstruksieliteratuur dat die leser wat 'n pluraliteit van tekste in hom saamdra, nooit kan sê dat hy die teks vir die eerste keer lees nie.

Op grond van bogenoemde opmerking kan 'n mens opnuut kyk na die konsep van herlees en spesifiek na 'n uitspraak van Barthes. Barthes (1975: 12, 13) dring daarop aan dat die leser ingestel moet wees op *herlees* en dit wat *in die uiting* gebeur, "in the uttering, not in the sequence of the uttering". 'n Kantaantekening oor die verantwoordelikheid wat die leser-subjek het ten opsigte van herlees, behoort hier gemaak te word. Barthes (1970: 22) laat hom soos volg oor herlees uit: « La relecture ... elle seule sauve le texte de la répétition ... elle le tire hors de la chronologie ... Si

donc ... on relit tout de suite le texte, c'est pour obtenir, comme sous l'effet d'une drogue, non le « vrai » texte, mais le texte pluriel : même et nouveau».

(Dit is net herlees wat verhoed dat die teks 'n herhaling van ander voorafgaande tekste is. As 'n mens die teks onmiddellik sou herlees, is dit nie om die ware teks te vind nie, maar wel die meerduidige teks, wat terselfdertyd dieselfde en nuut is. (my vertaling))

In bogenoemde opmerking skuil die siening dat die leesproduksie 'n onstabiele proses is en Becker-Leckrone (2005: 98) dui aan dat Kristeva betekenisvorming in 'n literêre teks inderdaad as 'n onstabiele proses sien, want "(A) literary text is a space in which several utterances, taken from other texts, intersect and neutralize one another".

Barthes en Kristeva vind in ooreenstemming hiermee inderdaad beide dat die spasie van die uiting op sigself, die plek van betekenisvorming is. In die lig daarvan en kruisverwysend na "**6.4 Die teks as konstruk**", spesifiek in terme van teksproduksie van hierdie studie, word vervolgens na dialoë in *Kroniek* as 'n veelheid van stemme gekyk.

### **6.11. Die dialoë in *Kroniek* as 'n veelheid van stemme**

As 'n mens die ontginning van stemme in dialoë begin ondersoek, staan dié tussen die fiktiewe skrywer en die fiktiewe leser voorop.

#### **6.11.1. Die skrywer in gesprek met die leser**

Die leser wat in die teks aangespreek word, is 'n konstruksie deur die fiktiewe skrywer en is dus ook fiktief. So gesien, is die leser deel van die vlak van die fiktiewe skrywer. Die skrywer gee aan die fiktiewe leser rigtende aanwysings oor die leesproses.

'n Opvallende voorbeeld van hierdie **gesprek** is: "**As ek 'n boek hiervan moet maak, dan is ek en hy saam daarin**: die polisieman en die skrywer, die swarte en die witte... Sy geskiedenis is my storie, sy verhaal: my beheptheid" (p. 16). Die fiktiewe skrywer dui sy empatie met die hoofkarakter ondubbelsinnig aan.

Ook die opmerking van die vriend van die fiktiewe skrywer wat *Kroniek as faksie* “iets tussen feit en fiksie (p. 53) tipeer, kan gesien word as ’n dialoog tussen skrywer en leser. Die skrywer sê duidelik aan die leser dat hierdie taalkonstruksie meer om die lyf het as ’n blote storie. Hierbenewens erken die fiktiewe skrywer aan die leser dat hy uit nood sy storie moet aanpas: “Ek sal noodgedwonge moet verander, dink die skrywer. Die besonderhede wat ek nie kan uitvind nie, sal ek uitdink; ander se menings sal ek met my eie aanvul en my onkunde sal ek moet verberg agter die seepgladheid van ’n storie” (p. 53). Die skrywer kommunikeer hiermee dat hierdie storie volgens hom vertel móét word; dit is noodsaaklik dat mense hul oë en ore moet oopmaak, hulle moenie blind en doof of onnosel wees nie.

Die nood en die onmag wat die noodtoestand in Suid-Afrika tot gevolg het, kom by meerdere geleenthede aan bod en word soms op ’n bedekte manier ’n dialoog met die leser: “... ons is in ’n staat van oorlog in Namibië en oral in Suider-Afrika,” en “wat kon die koerant eintlik doen, dis noodtoestand ... wat kan jy meer doen sonder om opgesluit te word?” (p. 327)

Die fiktiewe skrywer dui ook aan dat hy weens die politieke klimaat in Suid-Afrika op daardie tydstip slim te werk sal moet gaan indien hy die storie wil vertel. In reaksie op die prokureur in *Kroniek* wat vir hom sê “[E]k verstaan jy wil oor Moleko skryf” (p. 51) antwoord die fiktiewe skrywer “Ek sal dit moet aanbied as fiksie” (p. 52). Die vriend van die fiktiewe skrywer stel die skryfwyse wat gebruik gaan word meer spesifiek “... faksie ... dis wat hy bedoel, iets tussen feit en fiksie” (p. 53). *Faksie* of kreatiewe nie-fiksie eggo ook op ’n treffende manier die illusie van waarheid in die Nietzscheaanse en Barthesiaanse sin. Faksie as “iets tussen feit en fiksie” maak by implikasie voorsiening vir vindingrykheid, versinning, versinsels, bedinking en verdigting van feite.

Krog (2011: 1) noem dat kreatiewe nie-fiksie gaan oor die opgrawe en openbaarmaking van ’n ongesiene en miskende lewe. Dit sluit aan by twee stellings van die fiktiewe skrywer van *Kroniek* (p. 243): “Ek probeer nie ’n roman skryf waarin studente die groot en helder lyne van jou geskiedenis kan volg nie. **Ek skryf oor ’n armsalige mens wat versmoor word** in weerwil dalk van die majestueuse afrol van geskiedenis” en “...iemand wie se lewe deur almal se siwwe val” (p. 51). Die fiktiewe skrywer kommunikeer met die fiktiewe leser op ’n manier dat dit ’n rigtende



uitwerking moet hê op die reële leesproses. Die groter resente geskiedenis in hierdie verhaal word tot agtergrondmateriaal gemaak van die meer belangrike klein geskiedenis van 'n armsalige mens. Op hierdie wyse versteur die fiktiewe skrywer die hiërargie van die twee terme.

Let ook op die term “versmoor” in bogenoemde sin. Indien die leesproses herhaal word, kan die leser meen dat 'n tikfout ingesluip het. Met 'n verdere herlees kan die leser meen die fiktiewe skrywer bedoel dalk “vermoor”, wat dan 'n blatante aanduiding van gemene spel in die verhaallyn sou wees. Die leser mag by nog 'n verdere herlees vind dat die karakter versmoor is deur al die beperkings wat deur wetgewing en rassisme aan hom opgedring is. Volgens hierdie ondersoek sal teksproduksie deur dieselfde leser met herlees noodwendig meerduidige of selfs botsende resultate oplewer.

Deur middel van die vertelling dat die fiktiewe skrywer besin oor 'n opmerking van die fiktiewe uitgewer die vorige aand “toe hy hoofstuk 5 aan die skrywer teruggegee het”, word die storie se drade weer aangedui. Die fiktiewe skrywer lê terselfertyd 'n verband tussen die hoofkarakter en ander karakters se eienskappe (pp. 82, 83): “Zondi is ... 'n soort politieke gewete vir die hoofkarakter”, “Tsepo is in 'n sekere sin 'n herhaling van Tumelo John”, “En dan het ons Temba, die oud-Zimbabwiër, vol sorgvrye selfversekering”. In 'n poging om die uiting van die fiktiewe skrywer oor die karakter Zondi / Zondo beter te verstaan sal Zondo / Zondi verderaan in die lees oefening weer aan bod kom.

Daar word vervolgens gekyk na enkele fiktiewe dialoë tussen enkele van die karakters.

### **6.11.2. Fiktiewe dialoë tussen drie karakters**

In die hieropvolgende gedeelte word gepoog om die verwysingsnetwerk vanaf die passasie op pp. 151 – 152 na dialooggedeeltes daarvoor en daarna uit te wys. Die dialoë wat hier aan bod kom, hou verband met die spel in die romanteks, naamlik na die soeke na geregtigheid, met die gepaardgaande waarskuwing van kolonel Van Niekerk: “...**hierdie is jou laaste kans**” (p. 157).

Die eerste dialoog in die romanteks wat ter sprake kom, is dié een tussen kolonel Van Niekerk en Tumelo John. Dit hou verband met ’n prokureursbrief wat die kolonel ontvang het.

*Kroniek* (pp. 151, 152): “’Ek het ’n brief van daardie prokureur gekry. So julle wil geld van my hê?’

Van Niekerk het opgekyk toe hy dit sê, hy dring dié keer aan op ’n antwoord.

‘Kolonel, dis vir skadevergoeding.’

‘Dink jy miskien ek het geld om weg te gooi.’

‘Dis nie my skuld nie, Kolonel.’

‘Jy moet vir daai prokureur loop sê ek is nie ’n geldmyn nie.’ ...

‘Dink Kolonel dan dis leuens wat ek vertel? Het die Kolonel my miskien nie aangerand nie?’”

Hierdie fiktiewe dialoog word deur meer as een “foto”, oftewel nie-fiktiewe dokument, ondersteun. Die een is die voorvalleboek-inskrywing (**sien kruisverwysing in hierdie studie 5.6.2.13**, sowel as **aanhangsel 3**) deur Motasi op 1984.09.08 wat deur kolonel Van Zyl geparafeer is. ’n Mens kan eerstens stilstaan by die term “parafeer”. Parafeer beteken “met voorletters onderteken” (Odendal en Gouws, 2005: 848). Dit is ’n kode wat bevestig dat ’n tweede persoon gelees het wat geskryf is en dit wat geskryf is, bevestig of aandui dat dit korrek is. In die voorvalleboek waar die lede van die polisiemag deur middel van inskrywings met die bevelvoerende offisier kommunikeer, is parafering in die kantruimte die erkenning dat die inskrywing gelees is en die kommunikasie suksesvol was. Die hoofteks en die parafering kommunikeer op ’n sekere manier met mekaar deur middel van die kantruimtespasie. (Ten opsigte van kommunikasie in die kantruimte kan gemeld word dat Kristeva gesprekke wat in die kantruimtes aangetref word, belangrik ag (Becker-Leckrone, 2005: 10)).

Die ander nie-fiktiewe dokument wat betrekking het, is ’n siviele eis teen kolonel Van Zyl, gedateer 1984.11.14. Die prokureur wat die eis geformuleer het, is Samuel Kasinga Shilubane Makhambeni van “Suite 2, Khamissa Building, Asiatic Bazaar, Pretoria en die lêerverwysing is SKSM/MM/9776. (**Sien kruisverwysing in hierdie studie 5.6.2.13.**)

In hierdie dialoog is daar stemme wat in Kristeveaanse sin 'n "particular mental activity" in die sin van fragmente van die karakter, fragmente van 'n ideologie en fragmente van representasie ontbloot (sien Becker-Leckrone 2005: 95).

Indien daar op fragmente van kolonel Van Niekerk se karakter in *Kroniek* gelet word, word opgelet hy "is die kollege se senior stafoffisier" (p. 79). Sy karakter word elders geteken as 'n ongeduldige en ongedurige individu: "Die kolonel was woedend ... Die kolonel is die moer in" (p. 97). Hy is die een wat die onreg pleeg en dit, deur middel van parafering van die voorvalleboekinskrywing, erken. Hy is ook bereid om mondelings daarvoor verskoning te vra, mits dit sy retoriek pas en op sy voorwaardes geskied. Hy span ook die retoriek van die polisiemag in om sy saak te stel en hy doen dit vanuit 'n gesagsposisie, asof dit net tot die sersant se voordeel is: "Ja, ek weet ons ysterbaadjies maak nie so met mekaar nie, hoekom vergeet ons nie van die hele ding nie: ek sê vir jou ek is jammer, jy trek daardie saak terug, jou rekord in die Mag bly skoon? Hè? ... Onthou, Moleko, moenie later vir my sê ek het jou nie 'n kans gegee nie, en **hierdie is jou laaste kans**" (p. 157).

Gegewens oor Moleko, as die hoofkarakter, word bekom uit fragmente in die teks, soos onder andere uit dialoë tussen Moleko en sy vrou, opmerkings van sy pa en interne monoloë. Hierdie gegewens skets 'n persoon wat tot en met die fisieke aanranding op hom baie bewus is van die voordele van sy posisie as polisieman, soos byvoorbeeld: "Sy eie huis. As hy daaraan dink, kan hy kwalik sy trots verberg. Dis nou al twee jaar dat hy vergunning gekry het om 'n nuwe huis hier langsaan in Temba te koop. Reg om vaste eiendom te besit, het hulle wel omdat hy hier op die grens werk en natuurlik omdat hy in die polisie is" (p. 57). "Hy dink die hele Dinsdag daaraan, besef hoe gelukkig hy is met die huis wat hy hier langsaan in Temba kon koop, sy eie huis, met 'n grasperk voor en Kerstyd vyf rye mielies agter, 'n huis weg van alles" (p. 90). Busi, Tumelo John se vrou sê onder andere vir hom: "... Kyk hoe gelukkig is ons. Ons eie huis, weg van die deurmekaarspul. Daai plekke maak my bang ..." (p. 91). Tumelo John se pa maak dan ook die opmerking "...julle bly soos witmense op die dorp" en "Hy's gelukkig hier, hier wil hy bly" (p. 59).

Die karakter se vrou speel 'n prominente rol in hierdie bewussyn en haar retoriek hou verband met "haar polisieman" en hul huis: "Sy is so bly haar Tumelo het niks oorgekom nie, haar polisieman" (p. 46).

Na die aanranding figureer andersoortige retoriek en beeldstigtende drade rondom hierdie karakter.

Die opmerking van Van Niekerk “**en hierdie is jou laaste kans**” dui ’n identifiseerbare “mental activity” in die polisie van die romanteks aan. Hierdie teksdraad onderskryf die hiërargie, retoriek en denkpatrone wat onder andere waargeneem word in die opmerking deur “kaptein Engelbrecht van personeel”: “Die brigadier het besluit om die klag van beweerde aanranding teen kolonel Van Niekerk op hom te neem, ons het die dossier by Temba laat haal ... Mens kan nie sommer enigeen toelaat om ’n offisier so hoog soos die kolonel ... die aantyging te laat ondersoek nie ... En Mabe beaam mompelend in ’n omslagtige storie die belangrikheid van senioriteit in die uitoefening van dissipline” (p. 122). Ook die dialoog tussen brigadier Botha, die kollege-hoof, en Tumelo John stel die parameters van wat aanvaarbaar en onaanvaarbaar is duidelik: “Sersant, ek verstaan daar’s rusie tussen jou en van my offisiere, kyk, as daar een ding is wat ek nie hier sal toelaat nie, dan’s dit hierdie soort onenigheid. Jy behoort te weet hoe sterk ek voel oor ons moreel ... Ek het kaptein Engelbrecht aangesê om die saak te skik. Sorg daarom dat jy jou hele samewerking gee. Dan het jy nie probleme nie, verstaan? Jy kan maar gaan” (p. 126). Die romanteks stel hiermee senioriteit en dissipline teenoor regverdigheid binne die polisie, met laasgenoemde term as die minder belangrike een.

Uit dialoë tussen Tumelo John en sy vrou blyk dit dat ook sy hom telkens probeer oorreed om die aanranding en sy gegriefdheid agter hom te sit: “Ek hoor by Nkosi jy was by Botha ... Is die moeilikheid nou verby? Het julle vrede gemaak, jy en die kolonel? Ek is so bly, Tumi.’ Vrede gemaak? Wil hy begin, hoekom moet ék vrede maak? ‘Ek het besluit om niks te doen voordat ek gesond is nie. Eers gesond word, dan kan ek aan hierdie dinge dink.’ ‘Jy maak ’n fout, Tumelo. Gaan praat eers die ding uit’ ... ‘Jy weet, die kolonel het verskriklike goed vir my gesê ... Hy het my ’n kaffer genoem. En ek is saam met hom in die Mag. Almal weet die Boere noem die mense kaffers, ek weet wat alles gesê word as die mense gepannelbeat word, as hulle op die grond geskop word ...” (p. 128). En “Tumi, ek vra jou net om aan my en Tsidiso ook te dink, hierdie huis wat ons kon koop, net oor jou werk. Het jy dan vergeet hoe ons gesukkel het?” (p. 129). Met hierdie mededelings (p. 128) stel Tumelo John die Boere en die polisie op ’n sekere manier aan mekaar gelyk en hy

keur hul “hardhandige gedrag” teenoor kriminele af. In die lig van die feit dat hy self in die Mag is en dus in die teenoorgestelde kamp as die kriminele, voel hy uiters gebelgd oor die hardhandige optrede teenoor hom: “Maar jy sê nie so iets vir iemand wat saam met jou in die Mag dien nie” (p. 129).

Tumelo John se vrou wil hê haar man moet vrede maak, vir almal se beswil. Hy, daarenteen, bly by sy standpunt dat dit die kolonel se verantwoordelikheid is om vrede te maak. Hierdie optrede van die kolonel het hom by implikasie in die kamp van die (swart)mense, dit wil sê téénoor die polisie (Boere) geplaas.

Na die aanranding verander die retoriek- en beeldstigende drade in dialoë waarby Tumelo John betrokke is. Die dialoog tussen Tumelo John en sersant Makgato van die Temba-polisiestrasie bevat onder andere die volgende opmerkings: “Jy beter gou gesond word, jy gaan dit nodig hê, maar ek dink jy moet die saak terugtrek. Hoekom gaan praat julle dit nie liever uit nie. Dis nie die moeite werd nie, hulle sal jou uitskop. En dan moet jy...’ ‘Nooit nie ... Nooit! Hulle sal my nie kan uitskop nie en ek sal ook nie terugtrek nie. Kan jy nie sien nie? Van Niekerk is verkeerd. Hoe dink jy...wat sal gebeur as jy een van jou eie manne met die vuur bykom? En jy ken vir daardie Radifeisana Van Niekerk, altyd by met die vuur. Maar nie teenoor sy eie manne nie, daarmee gaan hy nie wegkom nie.’ ‘Ek was bang jy gaan so praat. Jy is ’n moeilike man om mee vriende te wees, Tumelo ... Sommige dinge sal later reggemaak word. Jy kan nie alles dadelik regmaak nie, dis nie een man se werk nie. En jy moet onthou: jy bly maar ’n swartman’” (p. 117).

In bogenoemde uitinge adviseer Tumelo John se vriend hom om die saak terug te trek en die saak uit te praat omdat hy weet dat Tumelo John as (swart) enkeling nie kan wen nie. Hy weet op die lange duur sal dinge wel verander en beter word. Hy vermoed egter by voorbaat dat Tumelo John nie ag sal slaan op sy advies nie. Hy weet sy vriend is hardkoppig en ingestel op geregtigheid. Tumelo John is egter onverbiddelik en steur hom nie aan sy vriend se advies nie. Hy sien net die verkeerd, net die ongeregtheid. Hy sien kans vir die stryd.

Die hoofbeswaar van Tumelo John is: “Mense kan nooit wettige griewe hê nie, nie swartmense nie.” Hierdie beswaardraad is ingeweef in die dialoë van ’n verskeidenheid karakters, soos byvoorbeeld Zondi en Huma: “Die SAP dink mos nie

daar is iets soos griewe wat mense tot opstand lei nie. Nee, vir julle word struggles gemaak deur agitators. Soek net die agitators, hou hulle heeltyd dop en sit hulle later weg en alles is opgelos” (p. 133). Hierdie opmerking van Zondi is veelseggend in die lig van Tumelo John se griewe wat al hoe meer problematies word. ’n Karakter wat geskep is om aan te toon dat dit gevaarlik is om “moeilik” en gegriefd of gebelgd te wees, waarsku Tumelo John voortdurend dat wie ook al in beheer is, dit nie sal duld nie: “Ag man, dis die Boere se maniere daai. Wat dink jy sal ou Mabe doen as hy môre kolonel word? Het jy al daaraan gedink? Ek sal jou sê, hy sal jou daar en dan laat uitvat. En hy sal dit so doen dat geen haan daarna sal kraai nie” (p. 149). Laasgenoemde stem breek die eenduidige siening dat dit net oor die wit-swart aspek handel en skep ’n opening vir ’n meerduidigheid.

*Kroniek* skets wel dat verskoning vir die onreg ten einde laaste, maar volgens die storielyn te laat, aangebied word. Hieronder is ’n dialoog (*Kroniek*, p. 324) tussen ’n generaal by hoofkantoor met Tumelo John in die teenwoordigheid van sy prokureur. Generaal Stoker vra Tumelo John verskoning vir die onreg en bied aan hom die keuse om gebeure agter hom te sit en voor te begin by ’n standplaas van sy keuse. Tumelo John is verbaas en verbouereerd, waarop sy prokureur, meneer Byron, antwoord dat hulle na die generaal sal terugkom. Na afloop van hierdie gesprek sit hulle in die prokureur se kantoor en Tumelo John verwoord sy twyfel en ongeloof in reaksie op die generaal se voorstel. Hy sê dan ook vir die prokureur dat hy besluit het om vir die struggle te gaan werk:

“Ek sal jou eerlik sê: ek is verbaas dat die ...’ ’n oomblik aarsel hy maar dan kom die woord: ‘onreg wat jou in die eerste plek aangedoen is nie vroeër uitgewys is nie. Sersant, ek vra jou om verskoning en dan wil ek jou ’n aanbod maak. Kies jy self die standplaas waar jy wil diens doen, dit kan enige plek in die land wees. Dat ons saam van voor af kan begin en hierdie ding agtertoe skuif. Wat dink jy van so ’n voorstel, Sersant?’ ” (p. 324)

Die reaksie van Tumelo John word soos volg aangedui: “Hoe sal ek ooit weer kan glo in my werk? Stoker is maar een mens in die Polisiemag, hoe kan ek my offisiere vertrou? Wat van die ander manne in Hoofkantoor? En al die ander? My geskiedenis sal soos ’n wolk saam met my trek, oral waar ek gaan. Daarvoor sal die krieke sorg.

Hoe kan ek ooit weer 'n bevel gehoorsaam, die onskuldigste opdrag uitvoer?" (p. 3240

“Wanneer kan ons Stoker laat weet?” “Ek het klaar besluit, meneer Byron. Al lyk dit na ondankbaarheid: ek kan nie teruggaan nie, ek gaan van nou af vir die struggle werk” (p. 324).

In bogenoemde gesprek is daar drie stemme: 'n redelike, versoenende stem van general Stoker, die wantrouige stem van Tumelo John wat nie meer glo sy situasie in die polisie kan op hierdie manier beredder word nie en die bemiddelingstem van die regsgeleerde, ene meneer Byron. Daar is 'n verdere stem in die nie-fiktiewe dokumente en wel in die vorm van 'n handgeskrewe, ongedateerde, maar ondertekende verklaring / brief van Motasi aan die nie-fiktiewe prokureur, meneer Currin. In hierdie brief word gemeld dat luitenant-kolonel Van Zyl wat hom op 8 September 1984 aangerand het, intussen bevorder is tot kolonel. Hy noem dat die klagtes wat hy departementeel sowel as siviël hieroor aanhangig gemaak het, geïgnoreer is en dat vals klagtes teen hom ingebring is deur die mense wat hom aangeval het. Hy noem dat hy tans onder druk werk en dat hy weier om sekere inkriminerende verklarings te teken. Hy noem ook dat brigadier Malan gesê het dat stappe teen hom gedoen sal word vir sy hardkoppigheid en vervolg: **“Dear Mr Currin I can see myself that I stand no future in the force but I will never give up before justice has been or seen to be done. I know and God know's (sic) that I committed no crime, but I am fighting for my rights in justice and I am prepared to die for justice. If it happened that I am killed, please know that it will be me stand in fighting for my rights and justice. T.R. Motasi”**.

Aangesien bogenoemde brief **handgeskrewe** is en net na die gasbottel- en rangtekeninsident tussen die nie-fiktiewe dokumente aangetref word, kan dit ook verband hou met dié fiktiewe brief: “Nog dieselfde aand skryf hy (in Engels) 'n pleitbriefie aan Craig Byron (p. 239):

*‘Ek is genoodsaak om 'n nederige en dringende versoek te rig vir 'n Hooggeregshofsbevel of –instruksie teen my meerderes in die Suid-Afrikaanse Polisie voordat dit te laat is.*



*Ek word vir niks gestraf nie omdat ek 'n swartman is wat magteloos is om die boosdoeners voor die reg te daag want hulle is wit met al die magte.*

*Ek dring daarom nederig by U aan om my penarie ernstig te oorweeg en die aansoek gunstig te steun.”*

Die voorlaaste sin in die pleitbriefie bind intertekstueel met Meer se boek, *The trial of Andrew Zondo*, 1987: 144: “... generally speaking the monopoly of political power and its fruits is in the hands of whites ...”

### **6.11.3 Stemme in *Kroniek* en *The trial of Andrew Zondo***

Een van die karakters in *Kroniek*, Zondi, “is ’n jong, gepolitiseerde swartman in die Congress tradisie. Hou hom maar gerus dop, hy wil ’n soort politieke gewete vir die hoofkarakter wees ... (p. 82)” Die teks weef die karakter met inligtingsdrade waarvan sommige ooreenstem met drade in Fatima Meer se boek *The trial of Andrew Zondo*: “Die skrywer bring vir Brian Huma ’n boekie van Fatima Meer: *The trial of Andrew Zondo*. Huma (yl baardjie, snorretjie, oë wyd) blaai daardeur. ‘Ek sal die naweek lees, dankie...Ek het geen vertrouwe in gladdebek-leiers nie. Populisme steun op emosionele opwellings en is van korte duur, dit hou net solank mense opgesweep is. Eis nie genoeg nie. Maandag as ons weer gaan werk moet daar ’n nugter organisasie wees om die mense se belange te hanteer. ’n Swartman het regte – ek is nie radikaal nie, hoor – maar Moleko het my een ding geleer: ’n swarte het regte as dit nie teen die eiebelang van die witte gaan nie...” (pp. 329, 330).

Drade wat geïdentifiseer kan word, sonder dat hulle in ’n slotsom vasgeknoop word, om juis die onverbonde elemente waarna by dekonstruksie gesoek word, is die volgende: “Wat het in klein Zondi gevaar, wie is sy vriende en waar loop hy orals rond, wat wou hy hy vandag maak in Babelegi? In die Polisie is daar net een woord vir mense wat so praat, moeilikheidmakers, *siyayonova* soos Zondi se Zulu-broers sal sê” (p. 72). Vroeër is aangedui dat Babelegi ’n fabrieksbuurt is, met die implikasie dat werkers oor die algemeen relatief klein lone ontvang en op meerdere vlakke uitgebuit sou kon word. Hulle is juis daarom die mense wat gemobiliseer kan word en is in die visier van leiers wat met ander oë na die politieke en ekonomiese bestel kyk: “Betaaldag vroeg uit die fabriek van Babelegi, jou plat koevertjie in die gatsak en,

darem so gerieflik, daar's tog net een pad huis toe met die eerste stilhoupunt die woekerplek, groot wonder daar's nog nie 'n drankwinkel langsaan nie, maar hulle sal nog, hulle sal nog..." (p. 69). Zondi is die man wat die siniese opmerking oor die ligging van Temba se wedplek gemaak het (p. 70).

Met hierdie verwysings na die karakter Zondi tel *Kroniek* (pp. 69, 70) 'n draad op wat lei na die boek van Fatima Meer wat pas op p. 329 van eersgenoemde verskyn. Die leser moet dus weer terugkeer na 'n vroeë stadium van *Kroniek* om die draad goed te kan volg. Hierdie draad verweef spore wat verband hou met Zondo/Zondi, die jeugdige Amanzimtoti-bomplanter van 23 Desember 1985. Laasgenoemde (Meer, 1987: 137) het vroeër vir drie jaar kontak met sy predikantouers en mense verbreek om te ontsnap aan die ooreenkoms dat hy uit polisieaanhouding vrygelaat word met die onderneming dat hy 'n polisie-informant sal wees.

Andrew Zondo moes as jong skoolkind kies tussen sy pa se kerk en die ANC en hy het laasgenoemde gekies (Meer, 1987: 13). Hy het in KwaMashu by Durban grootgeword (p. 23). 'n Goeie buurman van hulle, Mzilikazi Khumalo, is gearresteer (p. 25). (Hierdie draad van die goeie buurman wat gearresteer is, kan ook deurgetrek word na Miles se leesboekie vir kinders, *Stanley Bekker en die boikot* (1980.))

WESTERN CAPE

Andrew Zondo se ouers wou nie met hom oor die arrestasie van die buurman praat of sy vrae daarvoor beantwoord nie. Hulle het hulle in kerksake verdiep (pp. 25, 26). Die onrustige maande van 1976 het verbygegaan, maar hy het al hoe meer bewus geraak van twee wêrelde (p. 26).

In 1980 was hy veertien jaar oud en in standerd sewe in Nhlankanipo Hoërskool toe hulle skool ontwrig is deur skoolkinders van Umzivelo Hoërskool. Laasgenoemde het aan die skoleboikot deelgeneem en geëis dat eersgenoemdes ook aan die boikot moet deelneem.

Die skoolhoof van Nhlankanipo het 'n saalbyeenkoms aangekondig en gelas dat die kinders daarna huis toe gaan. Terwyl die kinders van sy skool in die saal was, het die polisie hulle sonder provokasie met traangas aangeval (p. 27). Die volgende dag het die kinders van die omgewing wat reeds aan die skoleboikot deelgeneem het daarop aangedring dat Nhlankanipo se skoolkinders 'n protesvergadering bywoon. Na afloop

van hierdie protesvergadering het Zondo op 'n ander manier na sake gekyk en 'n geheime lewe begin lei waarvan sy ouers nie bewus was nie (pp. 27, 28).

Zondo het van daardie tyd af geglo dat witmense die oorsaak van alle probleme is en hy het geglo dat alle probleme sal verdwyn as witmense sal verdwyn (p. 28). Zondo sê egter vervolgens: “Now I know different” (p. 28). Zondo het in 'n leier ontwikkel en ook 'n voorstander van skoolboikotte geword (p. 29). Volgens hom het hy eers veel later van COSAS (Congress of South African Students) gehoor.

Op vyftienjarige ouderdom was Zondo baie betrokke by anti-Republikeinse betogings in KwaMashu en die ANC se Vryheidsmanifes het hom beïndruk. Kort hierna is hy genooi om by die ANC aan te sluit (p. 29, 30). Zondo was 'n goeie spreker. Sifiso, 'n vriend van Zondo, meen die ANC het Zondo ook misbruik, want hulle het sy talente verlore laat gaan en hom in 'n oorlogsmasjien verander wat tot sy dood gelei het (pp. 34, 35). (Sien ook 1987: 42): “He trained for two years at the end of which he saw himself as an ANC soldier ready for combat”. Hierbenewens neem sy vriend Sifiso 'n ander vriend in die beweging kwalik dat hy nêrens was na Zondo se inhegtenisneming nie.

'n Draad wat uit bogenoemde paragraaf deurloop na *Kroniek*, is die gedagte dat die individu versaak word. In Zondo se geval meen sy vriend dat die ANC hom versaak het en in Moleko se geval meen sy vriend dat sy kollegas hom versaak het: “Moleko was so 'n gewilde man onder die ander polisiemanne, maar toe hulle hul lojaliteit moes wys, het net 4 vir sy begrafnis opgedaag. Dis vrees wat so maak” (p. 353).

Nog 'n draad wat oor die twee tekste heen loop, is dat die individu se talente verlore gaan terwyl hy “in 'n oorlogsmasjien omskep word”. Dit verweef die opmerking van 'n vriend van Zondo in Meer se boek (pp. 34, 35) met die opmerking van Zondi wat in *Kroniek* opmerk: “As ek maar sien, dan is hy op pad hospitaal toe, die heelyd besig met sy eenman-geveg” (p. 349).

Hierbenewens word die gedagte dat die individu *misbruik* word ook as 'n draad in *Kroniek* opgetel: “ou Niemand, voortdurend uitgelewer aan ander wat namens hom besluit: sy baas, die dokters, die prokureurs ... al die betersweterige instansies wat dit anders met hom wil hê. Ook die skrywer” (p. 272).

Die opmerking “’n Swartman het regte – ek is nie radikaal nie, hoor – maar Moleko het my een ding geleer: ’n swarte het nie regte as dit teen die eiebelang van die witte gaan nie ...” in *Kroniek* (p. 329, 330) eggo eweneens stellings wat in *The trial of Andrew Zondo* voorkom (1987: 156).

#### 6.11.4 Dialoog met resente Suid-Afrikaanse geskiedenis as die ander teks

In *Kroniek* word onder andere die klein geskiedenis van die karakter Tumelo John teen die agtergrond van die ideologie van apartheid vertel. ’n Dialoog tussen “die vriend” en die fiktiewe skrywer rig die leesproses deur middel van die opmerking dat *Kroniek* as ’n dokument teen apartheid gelees moet word en nie as ’n kritiek op die polisie nie: “Ek moet erken ek is verbaas. Deur jou. Ek het nie gedink jy sal insien dat die Zebras van Bop en die moordbendes waarvan jou Tsepo-karakter praat, deel is van die totale strategie nie. Skrywers kan so naïef wees ... Ek het dit nie verwag nie. Geluk. Jou boek word nie ’n boek oor die Polisie nie, maar ’n dokument teen apartheid” (p. 272).

Die volgende opmerking van Brenda K. Marshall in *Teaching the Postmodern, Fiction and Theory* (1992: 4) kan die leesproses van *Kroniek* in soverre dit die twee geskiedenis in *Kroniek* aangaan, rig: “History in the postmodern moment becomes histories and questions. It asks: Whose history gets told? In whose name? For what purpose? Postmodernism is about histories not told, retold, untold. History as it never was. Histories forgotten, hidden, invisible, considered unimportant, changed, eradicated”.

Met die bogenoemde stelling van Marshall as riglyn, is die volgende klein onderdeel van die uitgebreide Suid-Afrikaanse geskiedenis geselekteer om na die interaksie tussen die twee geskiedenis wat in *Kroniek* aangebied word te kyk.

By twee verskillende geleenthede in *Kroniek* word na die verbranding van die burgemeester van Lekoa verwys. Die eerste verwysing behels ’n opmerking deur die uitgewer se vrou: “’Julle het seker gesien,’ (die uitgewer se vrou) ‘die ses mense van die Vaaldriehoek wat aangekla is, dat hulle die burgemeester verbrand het... hulle gaan hang!’” (p. 105). Die tweede verwysing is in die vorm van ’n nuusinsetsel op televisie wat berig oor die vonnis wat die skuldiges opgelê is. Die tweede verwysing

is in hoofstuk 23 en betrek Tumelo John wat die televisie se klank moet harder draai om die berig te kan hoor: “*Ses mense wat die doodstraf kry vir die moord op die burgemeester van Lekoia in September 1984*. Ek het daardie dag ’n dooie oor gekry, dink hy, hulle kry die doodstraf” (p. 337).

In *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*, (Shebane, Barrell en Seegers, 2007: 383) verskyn die volgende paragraaf oor hierdie insident: “’n Openlike rebellie het in September 1984 in die township Sebokeng in die Vaaldriehoek suidoos van Johannesburg uitgebreek, op dieselfde dag dat bruin en Indiër-verteenwoordigers in die nuwe Driekamerparlement ingehuldig is. Die skare het die voorsitter en onderburgemeester feitlik heel eerste doodgemaak.”

Naas die hoofteks verskyn daar in die kassie as kantruimteteks, inligting wat die opstand met verhoogde huurgeld verbind: “Die motief was miskien om ’n slag teen al die hoë huurgeld te slaan ...” (p. 383) In *Kroniek* word die verhoging van huurgeld as dié oorsaak van opstande telkens verwoord, soos onder andere: “Tumelo John weet hoe bitter die mense voel oor huurverhogings. Hy onthou Katlehong het die vorige keer besluit om nie huishuur te verhoog nie: (p. 88); “Het jy gehoor hoe sleg gaan dit in Sebokeng? ... Dis ’n gemors, nou gaan almal vergeet van die huur wat daaragter sit” (p. 91); “Solane Richard het verkies om saam met ander mense van White City Jabavu ’n vergadering by te woon om beswaar te maak teen die verhoging van hulle huur” (p. 92); “Die armes hét nie om meer te betaal nie en die ander wil weet waarvoor...” (p. 93) en “Of dit nou waar is of nie, dink die skrywer, die arm man vermoed altyd dat sy Base – die rykes en die regering – hom ’n rat voor die oë draai. En hoekom sal ’n voortsukkelende nou nie meen sy afgeknypte huur gaan op die een of ander manier in die luukse motor en stringe winkels of dranklisensies van die swart raadslede nie?” (p. 105).

’n Verdere mededeling in bovermelde kantruimteteks handel oor die burgemeester van Evaton wat haweloos was “nadat sy huis afgebrand is. ’n Bejaarde vrou wat in die straat af gedans en haarself die eerste burgemeester genoem het, het sy toga gedra ...”. In *Kroniek* word hierdie insident as ’n droom van Tumelo John aangebied: “Dié nag droom hy van sy tante, sy bedaarde ou tante, dat hy ontsteld wakker word. Hy’t haar sien dans in die straat, agter haar ’n hoog-omheinde, oorgroot huis, knetterend in sy eie vlamme. Sy dans al in die rondte in ’n vreemde lang rok en sy sing, maar hy kan

niks uitmaak nie, die lawaai is te geweldig, en mens sou nooit sê sy is so oud nie, só groot is haar drif ... En dan gewaar hy sy dans om 'n mens, 'n dooie mens. En die rok wat sy dra, is dan die toga van 'n burgemeester of die een of ander raadslid” (p. 93).

Vervolgens sal *Kroniek* intertekstueel gelees word met brokke Suid-Afrikaanse geskiedenis wat minder reserent is.

#### 6.11.5 Dialoog met 'n relatief reserente geskiedenis as interteks

“Het hy regtig 'n klag van aanranding teen so 'n grootkop van die kollege aangeteken?’ vra die uitgewer een aand as die skrywer hom besoek.

‘So, dis waar dit begin het,’ sê die vriend. ‘Ek dink hy het durf gehad, doodgewone Boereguts, soos Louw Wepener.’

Die uitgewer se vrou lag.

Die oupa! Dink die skrywer, maar dis ook nie waar die storie begin het nie, my vriend behoort te weet, die storie het geen begin nie of het lank vantevore al begin.

‘In die nuwe *Suid-Afrikaan*,’ sê hy, ‘is daar 'n uitstekende stuk van Chris Louw oor die klopjag vroeër vanjaar op Kaya Mandi, die swart dorp buite Stellenbosch. Die weermag het die polisie die nag gehelp. Hulle het ook 'n klomp reserviste van Stellenbosch opgeroep om te kom bystaan. Hierdie mense het die klopjag gesien as bekamping van misdaad: moord, verkragting, roof en aanranding. En wie sal nou nie dink dis 'n goeie ding om jou gemeenskap hierteen te beskerm nie. Daar is die nag toe ook 'n hele spul gearrester, maar net een persoon vir die besit van gesteelde goedere en een vir 'n ongelisensieerde vuurwapen. Die ander – meestal vroue en ver oor die 400 – is opgesluit vir betreding. Hulle mag nie daar wees nie. Die wit Stellenbossers, en natuurlik nie net hulle nie, dink dis hoe jy misdaad voorkom, tussen 3 en 5 in die môre ...’” (pp.103, 104).

Die agtergrond van hierdie vergelyking is die Suid-Afrikaanse geskiedenis waarin die karakters en romangebeure ingebed is. Die knooppunt in hierdie vergelyking van Tumelo John met Louw Wepener is die eienskap “**guts**” oftewel durf, binne 'n “oorlogsituasie”. Ook verderaan word aangedring: “Jy moet toegee, Kaptein, dié man het “**guts**” (p. 318).

Daar word eerstens gekyk na die woordeboekbetekenis van **durf** as Afrikaanse ekwivalent vir “guts” soos wat dit in die *HAT* (Odendal en Gouws, 2005: 196) aangeteken is:

“**Durf** s.nw. : Moed, dapperheid. Dit ontbreek hom nie aan *durf* nie. Iets gevaarliks met *durf* aanpak. ’n Man van *durf* en daad.

ww. (*durwend, gedurf*) 1 Die moed hê; waag: Hoe *durf* jy so iets doen? 2 Mag, kan: *Durf* jy sonder kennisgewing gaan?

*Durf*: ~daad, ~krag.”

Dit blyk uit bogenoemde verklaring dat die woord “**durf**”, afhange van die konteks, ’n positiewe of negatiewe waarde kan dra. Die ideologie van die gebruiker van die woord speel in dié interpretering ’n bepalende rol. Wat vir die een persoon *dapper* is, is dalk vir die ander *parmantig*.

Die meestersverhaal in Suid-Afrika van die tagtigerjare maak hierdie twee karakters, te wete Louw Wepener en Tumelo John, eintlik onvergelykbaar. Sommige lesers sou hierdie konneksie as ’n diskonneksie kon beskou.

Die woord “**Boereguts**” maak met herlees ’n dubbele logika staan. Heldhaftige optrede word onthou, geloof, oorvertel, opgeskryf, voorgehou as navolgenswaardig. Dit word hoog aangeslaan en oorvertel van een geslag na die ander, of opgeteken in die geskiedenis. So is dit dan in die geval van die **boerevegter** teen die Engelse oorheersing, of die klein mag van die kommando teen die groot getalle van die impi’s, of as ’n relatief klein kommando ’n bergvesting van die Basoeto bestorm. (Dit is ’n skande om ’n papbroek te wees.) As jy ’n besonder dapper held is, kan jy ook ’n volksheld word. Dit sou impliseer dat jy nie bang is om jou lewe op die spel te plaas vir dit waarin jy glo nie en dat jy die daad nie alleen vir jouself en tot jou eie voordeel uitvoer nie, maar wel tot die groter voordeel van die groep waartoe jy behoort. Jy is nie bang om jou man te staan teen ’n oormag nie. So ’n daad kan tot gevolg hê dat jy vereer word, deurdat ’n dorp of ’n weermageenheid na jou vernoem word, soos in die geval van Louw Wepener. Mense in magsposisies mag selfs besluit om jou te vereer deur ’n militêre dekoratie vir dapperheid, soos ’n medalje, na jou te vernoem.



Die volgende term wat van belang is, is *grootkop*, en wel omdat dit *guts* vat om 'n *grootkop* aan te kla, aangesien die gevolge van so 'n stap katastrofies kan wees. Verderaan in die teks is daar weer 'n verwysing hierna: “‘Het hy regtig 'n klag van aanranding teen so 'n grootkop van die kollege aangeteken?’ vra die uitgewer een aand as die skrywer hom besoek” (p. 103).

Die woordeboekinskrywings word weergegee soos opgeteken is in *HAT* (Odendal en Gouws, 2005: 344):

“**Grootkop** s.nw. 1 (geselstrant) Belangrike, invloedryke, gesaghebbende persoon wat as leier, aanvoerder, voorman geld: Die *grootkoppe* in die sakewêreld, internasionale politiek. Die *grootkoppe* by die universiteit het anders besluit. Dit is die primêre betekenisemoontlikheid waarop gesinspeel word.

2 Groot end van 'n dryfstang, wat om die krukas kom; teenoor kleinkop.

b.nw. en bw. Hooghartig, gemaak belangrik: Vandat sy pa bietjie geld gekry het, hou hy hom mos *grootkop*.

Astrant b.nw. en bw. Parmantig, vrypostig: Ewe astrant stap die mannetjie sommer by die voordeur in. Ook selfst.: kyk hoe behandel die klein astrant die volwassenes.”

In Afrikaans word “grootkop” gereeld as 'n noemer in omgangstaal gebruik om 'n individu te etiketteer. Daar sou gesuggereer kon word dat dit meestal individue is wat onder die gesag van ander staan wat na iemand as 'n grootkop verwys. In die diskoerse van iemand wat self 'n hoë posisie bekleed, sou hierdie term nie voorkom nie of die frekwensie van gebruik sou baie laag wees. Die afleiding wat gemaak word, is dat die gebruik van hierdie term 'n sekere gesagstruktuur veronderstel.

Daar word nou na die verhaal van Louw Wepener gekyk, ten einde die vergelyking in *Kroniek* in konteks te plaas in 'n poging om dit beter te verstaan. Louw Wepener is 'n persoon wie se verhaal bewustelik of onbewustelik, deel uitmaak van die meesterverhaal van die Afrikaner se nasionalistiese mite.

### 6.11.5.1 Beknopte historiese gegewens van Louw Wepener

'n Verhaal van Louw Wepener en die oorloë van die Oranje-Vrystaat met Basoetoland, soos opgeteken in *Louw Wepener, die oorloë van die Oranje-Vrystaat met Basoetoland* (Wepener, 1934) word vir hierdie aspek van die ondersoek as primêre bron gebruik. Die motief agter hierdie keuse hou onder andere verband met die datum van publikasie. In daardie tydperk is hierdie gebeure as resente geskiedenis beskou.

Hierdie teks verwerf 'n stempel van waarheid deur twee aantekeninge op sy buiteblad, naamlik "Genotuleer op versoek van en gedikteer deur "Oom Dick Wepener aan Danie Roux" en "Met inleiding en notas deur M.H. Theunissen B.A. B. Econ., H.O.D. lektor in Geskiedenis, Tegniese Kollege, Johannesburg". Die gedeelte van die boek (pp. 58-69) bind intertekstueel met *Kroniek* en word kortliks saamgevat:

Kommandant Fick het die betrokke dag besluit om nie die berg aan te val nie. Later die dag kry kommandant Louw Wepener egter wel die opdrag van kommandant Fick: "Kommandant Louw Wepener, val die berg (Thaba Bosigo) aan en klim op en neem hom." Wepener se reaksie was: "Burgers, dit is laat, maar **ek het order gekry** om die berg te neem. Die wat my liefhet **volg my**." Wepener is dodelik gewond en sy volgelinge het gevlug.

**\* Die voorblad en toepaslike bladsye wat intertekstueel met *Kroniek* bind, pp. 58-69, word aangeheg. Sien aanhangsel 11.**

Intertekstueel bind die term *Boereguts* oor twee domeine met Tumelo John. Eerstens is daar die binding in fiksie met Louw Wepener en tweedens die binding in die nie-fiksionele nasionale geskiedenis. Indien hierdie stuk geskiedskrywing as fiksie aangebied sou word, sou dit as eertydse "grensliteratuur" getipeer kon word. Behalwe moed is daar in beide stories / geskiedenisse 'n gesagselement waarvan 'n opdrag uitgaan, wat tot die dood lei. In 'n toestand van oorlog is 'n opdrag van 'n bevelvoerende offisier absoluut. 'n Opdrag of bevel moet onmiddellik en sonder huiwering gehoorsaam word, geen verontagsaming daarvan of gesloer daarmee word geduld nie. Die uitvoering van die opdrag mag tot die dood lei indien die subjek / manskap 'n opdrag gehoorsaam wat baie riskant is. Hier kan *Kroniek* as 'n alternatiewe "grensliteratuur" gelees word, aangesien die grens hier nie die tipiese

grens met 'n buurland is nie, maar 'n voorstedelike grens, waar opstand en onrus gestuit en onderdruk moet word. Die konteks is resente Suid-Afrikaanse opstande wat handel oor beperkinge en grense (se instandhouding) en oorheersing.

Met die uitspraak in die roman deur die vriend, “Ek dink hy het durf gehad, doodgewone Boereguts, soos Louw Wepener” word 'n spasie vir die leser geskep waarbinne betekenis geproduseer kan word. Van Heerden (1997: 266) sê dat die leser in 'n situasie soortgelyk aan hierdie een 'n “besondere plig” het en hy “moet homself binne dié proses tussen tekste plaas en hom in die leesproses oopstel vir die inwerking van ander tekste”. Die leser moet hom dus hier oopstel vir die raaklees van teksdrade wat oor tekste heen loop.

Hierdie binding van karakters oor die grense van fiksie en geskiedenis impliseer 'n transgressie van grense en kontekste. Die moed van die hoofkarakter word gelyk gestel aan die moed van 'n Afrikanerheld wat gesterf het in die uitvoering van sy opdrag, en vir vele van die Afrikaanse lesers sou hierdie vergelyking vreemd opval, want die een sterf omdat hy 'n bevel gehoorsaam en die ander een sterf jare later omdat hy nie dadelik gehoor gegee het aan 'n bevel nie. Die vergelyking is veral vreemd in die lig van die klem wat op konformering gelê word.

#### WESTERN CAPE

Die enigste en deurslaggewende ooreenkoms wat in hierdie tekste geïdentifiseer word, is dat hulle vir 'n saak gestaan het en bereid was om daarvoor te sterf: in Wepener se geval was dit die behoud van sy land, die Vrystaat, en in Tumelo John s'n die saak van reg en geregtigheid teenoor hom as lid van die polisie. Ook Max Havelaar wat ly en Jan de Lichte wat sterf, is by vergelykbare sake betrokke. Tumelo John bevind hom ook in omstandighede wat ooreenkom met dié van die karakter Saïdjah in die roman *Max Havelaar*. Saïdjah word deur omstandighede – tydens sy eie stryd - gedwing om die opstandelinge se saak te begin ondersteun. Die individuele saak en die saak van die opstandelinge vloei saam. Literêr word dus na aanleiding van die individuele geval indirek onthul waarom daar 'n groter opstand bestaan. By implikasie weef die teksdrade 'n ooreenkoms oor die grense van die individuele tekste, naamlik dat al die gesiglose opstandelinge eie klein geskiedenisse het wat op die een of ander wyse ooreenkom met Tumelo s'n. In Wepener se geval: as al die Vrystaters sy houding sou inneem en moed sou hê, sou die Vrystaat as staat nooit misluk nie. (Dit is trouens ook iets wat respek by opponente soos Mosjesj afdwing wat 'n

soortgelyke houding by sy eie onderdane in hul eweneens bedreigde staat sou wou sien.)

Dit bring ons by die “geskiedenis” van Tumelo John in *Kroniek*.

Die aanvanklike verloop van hierdie ‘klein geskiedenis’ word in hoofstuk 7 (pp. 86 – 102) geskets. Op 8 September 1984 word vertel “dat hoofkantoor mense soek vir onlusdiens in die Vaaldriehoek. Later was daar beroering in die personeelkamer toe kolonel Van Niekerk aankondig dat ses pelotons (’n totaal van 210 studente) vandag sou vertrek, veral met die aflees van adjudant-offisier Letshoene se naam; hy moet saam met kaptein Sithebe in bevel wees van peloton 46” . “Die kolonel het alle lede wat vandag op onlusdiens vertrek, kans gegee om in die loop van die oggend hul privaatsake af te handel. Makoana is die voorlaaste een om in te kom” (p. 87).

Tumelo John ontvang die volgende opdrag: “Moleko, kolonel Van Niekerk wil hê jy moet vasstel of al die lede wat opgeroep is vir onlustediens al aangemeld het ... Kyk gou en bel die kolonel, hy’s in sy kantoor” (p. 96).

Die verhaal verloop dan soos volg: “Tumelo John het nie nodig om die voorvalleboek na te gaan nie, hy weet dis net Letshoene wat nog nie opgedaag het nie ... hy sal hom bel ... Letshoene se huis bly beset ... Dan maar wag” (p. 96).

Die karakter Tumelo John **voer die opdrag van ’n offisier ten tyde van die noodtoestand in Suid-Afrika nie onmiddellik uit nie**. Hy probeer vir tyd speel om sy kollega (Letshoene) te beskerm wat nie die bevel om teen ’n sekere tyd vir diens aan te meld, gehoorsaam het nie. Uit die hoofstuk blyk dit dat die kollega nie betyds wil aanmeld om op onlusdiens te vertrek nie. Hy het die familie in die onlusgebied en het tydens ’n vroeëre geleentheid toe Tumelo John hom oor die opstande uitgevra het, gesê: “Jong, die ding is lelik. Ek weet nie wat ’n mens moet maak as hulle jou soontoe stuur nie...” (p. 94).

Beide karakters misken en verontagsaam die outoriteit en dissipline binne ’n opstand (oorlog) -situasie vanuit die oogpunt van die meeserverhaal, maar nie noodwendig vanuit die klein-geskiedenis-perspektief nie. **Wie se oorlog of opstand is dit** in elk geval, deur wie gesanksioneer en veroorsaak? Dit lei aanvanklik tot ’n

aanrandingsinsident op Tumelo John, later tot algehele vervreemding en buitestaanderskap in die polisie en uiteindelik tot sy dood. Burger (1992: 61) stel (in 'n artikel oor *Suidpunt-jazz*) die kanonieke en apokriewe geskiedenis teenoor mekaar. 'n Belangrike gevolg van hierdie strategie is dat 'n ruimte geskep word waarbinne betekenis geproduseer kan word: “Die geskiedenis word dikwels in ons samelewing beskou as feite waarmee nie ligtelik omgegaan kan word nie. Apokriewe geskiedenis soos hierdie kan lesers dus teen die bors stuit. Die aandag word egter hier gevestig op die feit dat ook die kanonieke geskiedenis, soos fiksie, vanuit 'n bepaalde perspektief geskryf is”.

Tumelo John se senior, Mabe, sê vir hom: “Die kolonel is die moer in. Waar is Letshoene? Sy peloton moet oor tien minute vertrek” (p. 97). Tumelo John se verweer dat hy vir Letshoene telefonies probeer kontak, val op dowe ore en die konflik kom tot 'n breekspul wanneer die kolonel Tumelo John konfronteer: “Moleko, waar's die gegewens wat ek jou gevra het? ... Hoekom kry ek dit nou eers? Dink jy ek praat maar in die wind? Dink jy dis miskien nie ernstig genoeg nie? Peloton 46 word vertraag en jy wil seker hê die bliksems moet maar moor en verder opfok!” (p. 99)

In terme van die uitvoer van 'n opdrag van 'n bevelvoerende offisier is die teenstelling tussen Tumelo John en Louw Wepener skerp. Wepener voer sy “order” onverwyld en teen sy oorwoë mening uit. Hy ignoreer sy eie logika en beroep hom op die liefde van sy volgelinge om hom te volg. Hy lei sy manskappe met die wete dat hulle mag sterf omdat die “order” nie op goeie oordeel berus nie. In 'n militêre operasie het die ondergeskikte offisier nie die reg om sy bevelvoerende offisier teë te gaan nie. Hy is 'n held omdat hy sy lewe opoffer vir die groter voordeel van sy mense. Die meesternarratief sanksioneer die werklikheid dat hy van sy manskappe tot hul dood gelei het. Die “order” as swak besluit word nie betreur nie, is ook nie fokuspunt in die geskiedskrywingsnarratief of die gedig nie.

#### **6.11.5.2 Die opteken van die dood in die annale: twee verskillende geskiedenis**

John Burnett was 'n magistraat wat op Aliwal-Noord gestasioneer was. Hy het die Britse belange behartig en was die tweede dag na die geveg op die einste berg, Thaba Bosigo. Daar het hy die liggaam van Louw Wepener gesien en ook gesien dat dit oopgesny is. Toe hy die seun van koning Moshesh, George Moshesh, daaroor uitvra,

is hy ingelig dat die koning bevel gegee het dat die hart uitgehaal moes word, gebraai moes word, en dat elke jong kaptein 'n stukkie gegee moes word om te eet “sodat hulle ook so dapper word as hierdie man” (p. 67).

Wepener is vereer deur 'n dorp, 'n regiment en twee militêre dekorasies vir dapperheid wat na hom vernoem is. Die regiment is intussen ontbind.

'n **Gedig** uit die eerste versameling *Afrikaanse Gedigte* (1878: 12) ter nagedagtenis aan Wepener dring **as interteks** op en word aangehaal.

“TER NAGEDAGTENIS VAN KOMMADANT LOUW WIPPENAAR.”

*Gesnuwel op Thaba Bosigo, Aug. 1866.*

Sal vreemde digters ons verhaal  
Van hulle grote helde,  
En sal ek in myn eije taal  
Louw Wippenaar nie vermelde?  
Né, Broeders Afrikaners, né!  
Ons dappre blyf ons eige;  
God het ons Wippenaar gegee;  
Waarom sou ek dan swyge?  
Lat hul' van Tromp en Nelson roem,  
En sulke grote name;  
As ek mar Wippenaar mag noem,  
Dan sal ek my nie skame.  
Hy is bo almal verreweg,  
Wat in die helde ry staat;  
Hul' 't ook hul lewe neergeleg,  
Mar tog nie ver die Vrystaat.  
Hy leg op Thaba Bosigo,  
Gen grafsteen sal hy verge,  
Syn monument het God gebou,  
Die bouheer van die berge.  
Al moet ons dan so dikwels bloos,  
Ver onse arme nasie,  
Gedenk an Wippenaar, wees getroos,  
En vat dan weer koerasie.



Bogenoemde gedig sê dat die berg Thaba Bosigo 'n gepaste monument is vir Wepener in ag genome die heldedaad wat hy verrig het. Volgens hierdie gedig gee Wepener se optrede die Afrikaners, wat dikwels rede het om te bloos van vernedering of skaamte, 'n rede om trots te wees. Wepener word in die gedig gelykgestel aan beroemde admirals, naamlik Tromp en Nelson. Admiraal Maarten Tromp was 'n

gerekende Hollandse admiraal (1598 – 1653) wat die Spaanse vloot in 1639 verslaan het. Sy seun Cornelis Tromp was ook ’n admiraal en hy het beroemdheid verwerf omdat hy die Engelse vloot in 1666 en die Swede in 1676 verslaan het (*Le Petit Larousse*, Merlet, 2004: 1745). Die welbekende Britse admiraal Horatio Nelson (1758 – 1805) wat volgens *Le Petit Larousse* (Merlet, 2004: 1562) die Franse by d’Aboukir en Trafalgar verslaan het, het ook by Trafalgar gesterf, net soos Wepener in die uitvoer van sy plig gesterf het. Met hierdie interteks word die gelykstelling van figure en karakter uitgebrei. Tumelo John word gelyk gestel aan Wepener en Wepener word gelykgestel aan admirals Tromp en Nelson. Bepaalde momente van Wepener en die admirals se veldslae is in die lands- of wêreldgeskiedenis opgeteken, terwyl die opteken van ’n lewe van ’n karakter (Tumelo John) deur ’n fiktiewe skrywer in ’n *polisieroman*, ook as ’n alternatiewe manier van geskiedskrywing gereken kan word. Deur hierdie vergelyking word die verskillende “veldslae” waartydens hulle waagmoed en durf aan die dag gelê het, wel wetende dat dit lewensgevaarlik is, erken. Die stryd teen die kolonel word hier gesien as ’n stryd teen ’n ideologie. Die dood is die onafwendbare uitgestelde gevolg van so ’n veldslag omdat dit in ideologiese terme as “ondermyning” gereken word.

“The reactive compliment of writing” soos dit benoem word deur Barthes (1974: 10) word sigbaar as die selfstandige naamwoord “durf” se spore in die leesproses ’n spel speel. Barthes (1974: 9) verwys na hierdie soort proses as die denotatiewe en konnotatiewe spel van die teks. Die vraag “Hoe durf hy so iets doen?” kan ’n saaklike of denotatiewe betekenis hê, sowel as ’n konnotatiewe of bybetekenis. Barthes maak ons bewus van die illusie dat die denotatiewe betekenis die vernaamste betekenis (first meaning) is. Die afleiding is dus dat die leesaktiwiteit die een of die ander of beide hierdie betekenis in die betekenisproduksie inbring, afhangende van die leser as teks.

Die aanhaling aan die begin van hierdie lees oefening bevat ook die volgende stelling: **“Die verhaal het eintlik geen begin nie”**. Hierdie sin kom in verskillende gedaantes in *Kroniek* voor en dan ook in Miles se *Donderdag of Woensdag*. In *Kroniek* (p. 15) lui die sin **“Hierdie verhaal het eintlik geen begin nie”** en *Kroniek* (p. 103) “Die oupa! Dink die skrywer, maar dis ook nie waar dit begin het nie, my vriend behoort te weet, **die storie het geen begin nie of het lank vantevore begin**”. Dit is opmerklik



dat daar ook in *Donderdag of Woensdag* (p. 166) waarin daar opstand teen die regering in die vorm van 'n staatsgreppoging is, 'n soortgelyke sin aangetref word, naamlik “**Daar is nie 'n begin nie, en geen einde nie**”.

Ook by Barthes (1974: 5) word die gedagte van 'n afwesigheid van 'n definitiewe beginpunt aangetref. “In this ideal text, the networks are many and interact, without any one of them being able to surpass the rest; this text is a galaxy of signifiers, not a structure of signifieds; **it has no beginning**; it is reversible; we gain access to it by several entrances, none of which can be authoritatively declared to be the main one; the codes it mobilizes extend as far as the eye reach, they are indeterminable; the systems of meaning can take over this absolutely plural text, but their number is never closed, based as it is on the infinity of language”. Hierdie paragraaf is 'n beskrywing van dekonstruksie in die praktyk. Hier is onder andere sprake van intertekstualiteit, kontekste sonder kern of die afwezigheid van 'n vaste betekenis, die afwesigheid van 'n struktuur van betekening en vele invalshoeke waarvan geeneen die primêre is nie.

Nog 'n konsep wat in hierdie geselekteerde aanhaling (p. 103) voorkom, is swart dorpe. Die spesifieke gedeelte word ter wille van duidelikheid weer kortliks aangestip: ‘In die nuwe *Suid-Afrikaan*,’ sê hy, ‘is daar 'n uitstekende stuk van Chris Louw oor die klopjag vroeër vanjaar op Kaya Mandi, die swart dorp buite Stellenbosch’. Intertekstuele tekste is hier insiggewend.

#### **6.11.6. Die Shepstone-stelsel en die eerste swart dorpe**

Spivak maak in *The Post Colonial Critic* (1990: 90, 91) melding van Suid-Afrika waar daar **paspoorte is wat jou nie toelaat om te beweeg nie**. Na aanleiding van die *Die Suid-Afrikaan* se opmerking oor wat in die “swart dorp” gebeur het, lei *Kroniek* en bogemelde opmerking van Spivak tot die nadink en nalees oor pasboeke en swart dorpe omdat dit so deel is van Suid-Afrika.

“Swart dorpe” is 'n term wat in vele opsigte misleidend is, want die werklikheid in hierdie aparte gedesentreerde woongebiede of woonbuurte is ver verwyderd van wat in die wit dorp aangetref word. In *Kroniek* word die swart dorpe by die naam genoem. In die algemene omgangstaal is hierdie areas egter *lokasies* genoem en hedendaags word daarna verwys as *townships*. Volgens die *Afrikaanse Etimologieë* (Boshoff en

Nienaber, 1967: 393) is *lokasie* 'n natuurlewoonbuurt digby stede en dorpe. Die woordeboek stel dit dat die term in die Kaap waarskynlik eers na die eerste Britse besetting bekend geword het.

Pasboeke en aparte woongebiede gaan oor mense (nasies) wat gedesentreerd is weens, onder andere, die nalatenskap van 'n koloniale geskiedenis. Ter wille van die verwysing van Spivak na pasboeke wat gepaardgaan met die inperking van vryheid, die onluste in swart woongebiede, soos Sebokeng en Sharpeville wat in *Kroniek* 'n spilpunt is en die noodwendigheid van gedesentreerdheid wat sentraal staan binne dekonstruksie, is besluit om kortliks te kyk na die ontstaan van hierdie swart dorpe as 'instelling' van die Staat.

Manson, Mbenga en Peires (2007: 148) dui in *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika* aan dat die grondslag vir die ontstaan van lokasies gelê is deur die manier waarop Sir Theophilus Shepstone die swart bevolking in Natal in die periode na die Mfecane en die Britse kolonisasie bestuur het. Shepstone se siening was dat die inwoners hul tradisies moes behou deur in reservate te woon wat rondom digbewoonde gebiede uitgelê is. Die administrasie van so 'n reservaat was in die hande van 'n wit magistraat wat 'n swart polisiemag tot sy beskikking gehad het. Binne hierdie reservate was aangewysde hoofmanne wat deur middel van "Natuurle-reg" sake besleg het. Hierdie hoofmanne moes ook hutbelasting hef om te verseker dat die koste van die administrasie deur die inwoners self gedra word. Hierdie model is volgens hierdie skrywers oor tyd gedupliseer regoor Suid-Afrika en het 'n seminale rol gespeel in geïnstitutionaliseerde segregasie.

Voorafgenoemde teksinligting lei weer tot vrae oor die tuislande of groepsgebiede-segregasie, aangesien dit prominent in *Kroniek* en ook vroeër in *Blaaskans* figureer.

### **6.11.7 Dialoog met groepsgebiedewette**

Opmerkings oor die groepsgebiede en die gevolge wat daarmee saamhang, vorm belangrike intra- en intertekstuele drade. Die konsep van segregasie wat een van die hoekstene van Apartheid geword het, staan sentraal in hierdie *polisieroman*: "Hy moes wag vir die volgende inname van Kadette by die nuwe opleidingskollege vir swart polisiemanne in Noord-Transvaal" (p. 20). Kontradiksioneel lê die

opleidingskollege egter volgens *Kroniek* “óór die grens tussen die sentrale regering en Bophuthatswana” (p. 24). Dit wil sê die grens word nie deur die polisie of die sentrale regering self gerespekteer nie. Alternatiewelik mag hierdie teksgedeelte dui op die onuithoudbaarheid of onuitvoerbaarheid van segregasie wat oorspronklik as ordelike, onskuldige etniese beplanning oortuig het, dui. *Kroniek* (p. 303) vertel onder andere van “die wydgestrekte Winterveld, wat so vinnig gegroei het na die ‘skoonmaak’ van ‘swart kolle’ in Pretoria. Links is die 20 km bevolkte gebiede tot by Temba, en agter jou: verdere nedersetings soos Mathibestat, Makapanstat ... Met die krater as kern kan jy ’n sirkel met ’n radius 20 km trek, dan sit jy met ’n effens groter sosiale krater van miljoene mense, sprekers van ’n groot verskeidenheid tale in ’n kosmopolitiese opset.” Hierna vervolg die teks met ’n verwysing na die Tomlinson-beplanners: “Hoe anders, hoe yl, het dit nie vir die Tomlinson-beplanners gelyk nie, in die begin toe alles geskape is, so ’n 35 jaar gelede. En hoe onskuldig, met die geloof in ’n ordelike etniese beplanning ... Pretoria se eie Vesuvius” (p. 303). Die groepsgebiede-segregasie en die ondersoek van Tomlinson, soos opgeteken deur Manson, Mbenga & Peires (2007: 306, 323 – 325) het betrekking. (Ook ’n spoor van die skeppingsverhaal in die Bybel is merkbaar in die frase ”in die begin toe alles geskape is”.)

In 1950 het die regering ’n kommissie onder F.R. Tomlinson “aangestel om die ontwikkeling en groeipotensiaal van reservate te ondersoek” (Manson, Mbenga & Peires, 2007: 306, 323 – 325). In 1956 is die verslag gepubliseer en daarin “is gesê dat die ‘tuislande’ met kleinskaalse arbeidsintensiewe plase, die geld wat die trekarbeiders aan hul families oormak, en nywerheidsontwikkeling (met wit private kapitaal én staatsbeleggings) ekonomies selfversorgend sou kon word”. Die aanbeveling was dat “die regering in die volgende tien jaar £104 miljoen bestee om die reservate te ontwikkel”. Dr. H.F. Verwoerd, destydse premier en belangrike argitek van die sogenaamde swart tuislandbeleid, se visie was ”Elkeen van die groot swart nasies sal sy eie historiese “tuisland” kry en daar hul “selfbeskikking” uitleef .... Dié beleidsaankondigings het verswyg hoeveel swaarkry en ontsettende ontwrigting dit sou veroorsaak. Swart gemeenskappe wat “swart kolle” genoem is, in wit gebiede sou ontwortel en gedwing word om na die reservate te trek ... Dit was maatskaplike herskikking op groot skaal.”

Kommentaar oor voorafgenoemde kan in die roman gelees word in 'n "opvoering van die buurtteater ... Onder'n groot wildepruim span hulle voorlopig uit. Daar is feitlik nie meer sitplek op die werf nie, kinders skarrel die wêreld vol, 'n eerste bedryf. Dan duik 'n ouvrou op, sy bied die skare tee aan. 'Verskoon tog,' sing sy, 'daar is nie meer koeie om te melk nie.' 'Dit doen ons net Kersfees,' val 'n opgeskote tiener by haar in. ... 'Ons het nie meer melk nie ... want die Boere het ons koeie afgevat en lánkal, lánkal die grond'" (pp. 162, 163).

Op persoonlike vlak in die roman beteken bogenoemde inligting byvoorbeeld vir Tumelo John dat die gewone swartman op straat nie 'n huis kan koop waar hy wil nie: "Dis nou al langer as twee jaar dat hy vergunning gekry het om 'n nuwe huis hier langsaan in Temba te koop. Sonder moeite het dit wel nie geskied nie. Hy en Busi moes aansoek doen om burgerskap in Bophuthatswana, wat hulle nou nog nie gekry het nie. Reg om vaste eiendom te besit het hulle wel omdat hy hier op die grens werk en natuurlik omdat hy in die Polisie is" (p. 57). Dit gaan hier oor grense en die 'oorlog' om die grense van instellings, woongebiede en tuislande in stand te hou. Die swart polisiemag se doel is om die swart woonbuurte in bedwang te hou en die gevolge van die uitvoer van die opdrag, het as resultaat 'n eiesoortige grensliteratuur. Die leesproses skryf hier 'n histories-sistematiese konsep van afgrensing en segregasie. Die lees van die verhaal bring die beperking van vryhede wat ongerief en wrywing veroorsaak na vore.

In *Kroniek* word die verhaal van die kinders in die swart dorpe ook vertel. Die kinders is op 'n spesifieke manier geraak deur hierdie stelsel van dwang en inperking van vryhede: "'Hier kom groot moeilikheid, ek sweer,' sê Busi se broer aan sy buurman en toe hy sien Tumelo John luister na hulle gesprek, lig hy hom ook in. Hulle skool se raad het bedank. Oor die onderwysdepartement hulle nie tegemoet wil kom nie. Hoe lank sukkel hulle nie om wiskunde-onderwysers te kry nie! Toe hulle eindelijk iemand kry, wil die departement hom nie aanstel nie; die man ken geen Afrikaans nie en wiskunde en geskiedenis moet in Afrikaans gegee word" (pp. 39, 40). Dan vertel die teks van die skoleboikot wat begin: "En dis nie net by ons wat daar soveel probleme is nie. Sewe skole boikot nou reeds 'n maand lank hieroor. My buurman vertel nou laas Vrydag is die Polisie ingeroep na 'n skool in Orlando-Wes...Hy bly stil en kyk na die

buurman wat verder vertel: ‘Toe die skoolklok lui en die kinders in die klasse instap, toe breek hulle al wat venster is ... So hittete’” (p. 40).

Die ironie is dat die polisie ingeroep moet word om die gevolge van die onderwysdepartement se beleid tot bedaring te laat kom: “Toe hoor hy ’n hoë polisie-offisier, wat inderhaas ingevlieg is om die strategie te monitor, in die verbygaan teenoor iemand anders opmerk: ‘Hulle moet vir Treurnicht en MC Botha hierheen bring om te sien wat hulle veroorsaak het!’” (pp. 43, 44). In opstande kry mense seer, in die opstand van die kinders, kry kinders seer.

’n Teks wat hier intertekstueel gelees kan word, aangesien dit verwys na “guts” en wel die guts van kinders teen die stelsel van apartheid, is in hierdie opsig die klassiekgeworde **gedig van Ingrid Jonker, “Die Kind”** (1965: 74 – 75).

#### DIE KIND

Die kind is nie dood nie  
Die kind lig sy vuiste teen sy moeder  
wat Afrika skreeu skreeu die geur  
van vryheid en heide  
in die lokasies van die omsingelde hart

Die kind lig sy vuiste teen sy vader  
in die optog van die generasies  
wat Afrika skreeu skreeu die geur  
van geregtigheid en bloed  
in die strate van sy gewapende trots

Die kind is nie dood nie  
nòg by Langa nòg by Nyanga  
nòg by Orlando nòg by Sharpeville  
nòg by die polisiestasie in Philippi  
waar hy lê met ’n koeël deur die kop

Die kind is die skaduwee van die soldate  
op wag met gewere sarasene en knuppels  
die kind is teenwoordig by alle vergaderings en wetgewings  
die kind loer deur die vensters van huise en in die harte  
van moeders  
die kind wat net wou speel in die son by Nyanga is orals  
die kind wat ’n man geword het trek deur die ganse Afrika  
die kind wat ’n reus geword het reis deur die hele wêreld

Sonder ’n pas

Hierdie gedig van Ingrid Jonker het amper nie deel gevorm van haar oeuvre nie. De Lange (1997: 35) verskaf die volgende inligting oor die aangeleentheid: “In the 1960s, however, there were no independent publishers. For example, pressure could be exerted to suppress unwanted material even before it appeared in print as, happened to the poem “Die Kind” wat doodgeskiet is deur soldate by Njanga” by the Afrikaans poet Ingrid Jonker (the daughter incidentally of the man who had sponsored the P&E Bill). The title of the poem referred to an incident where a young child was shot by soldiers in the township of Nyanga. The poem is part of the collection *Rook en Oker* (1965). After the collection had been accepted for publication and Jonker had received a signed contract, the publisher asked her to withdraw two poems. A church member on the board of the publishing house had objected to the political nature of the poems. Jonker refused and referred to her contract. The publisher told her that they could honor the contract by printing only ten copies. Jonker still refused to withdraw the poems but did agree to shorten the title. It became ‘Die Kind’ (The Child). When the book appeared, it was revealed that the publisher had even further diminished the political meaning of the poem by moving it from the main body of the collection to a section of children’s poems near the end (see Cope 1982: 86-87)”.<sup>4</sup>

Die gedeelte van *Kroniek* wat verwys na “boereguts” waarop die voorafgaande paragrawe fokus, is in wese ’n **toevallige opmerking** wat deur ’n oënskynlik **toevallige** karakter, naamlik **die vrou van die uitgewer**, gemaak is. Die tekste wat daarmee saam gelees is, speel intertekstueel in op mekaar. In elkeen word verskillende, dog kruisverwysende, Suid-Afrikaanse geskiedenismente vervat. Hierdie momente vertel klein geskiedenis. Die dekonstruktiewe lees oefening werk illusieverbrekend omdat die romanteks in ’n aweregse sin belig word wanneer ’n mens die toevallige literêre intertekste noukeuriger beskou. Dit verskaf ’n alternatiewe betekeniskern en verskuif die fokus momenteel ook van *Kroniek* weg, net om met die herfokus te vind dat die konteks van *Kroniek* nou anders lyk as toe dit tydelik agtergelaat is. Laasgenoemde sou ’n momentele vervreemding genoem kon word.

Hierdie momentele vervreemding roep *Kroniek* (p. 11) intratekstueel op: “Vir elke tree wat hy gee, het hy met sy gedagtes ’n tree teruggeloop en om ’n dag saam met

---

<sup>4</sup> De Lange verwys hier na ’n publikasie van Cope, 1982: 86 – 87.

hom in die veld te wees, het jou laat voel jy was baie ver weg as jy die middag terugkom". Die roman verwys allereers na die wandeltogte saam met die oupa.

Die intertekste het die vermoë om aan die leser die illusie te gee dat 'n wandeltog onderneem is en dat die romanteks anders as aanvanklik verstaan word.

Waar dit die geskiedenis van iemand soos Wepener aangaan, bevestig hierdie lees oefening die historiese gedetermineerdheid daarvan. Ook die idee dat 'n enkele nasionale objektiewe geskiedenis al die geskiedenis / geskiedenisies omvat en dat die meesterstorielyn in die teks die belangrikste is, word deur hierdie tipe lees oefening ondermyn.

'n Verdere aspek wat ondermyn word, is die konsep van onskuld. Hierdie ondermyning sluit aan by die slotsom waartoe Okker in *Okker* kom, soos wat dit deur Botha (1975: 109) opgeteken is: "Onskuld bestaan nie. Onkunde is nêrens 'n verskoning nie, dit behoort jy te weet". Hierdie tipe lees oefening ontken nie die referente wat in die geskiedenis en in die romanteks voorkom nie, maar hierdie leesproses volstaan nie by die intensie van en betekenisvaslegging deur die outeur nie. Die grense tussen die geskiedkundige teks en romanteks vervaag, maar geskiedenis word nie aan fiksie gelykgestel nie.

## 6.12. Foto's / fotostate as 'n instrument in fiksie

Wanneer (gefotostateerde) dokumente in kreatiewe nie-fiksie gebruik word, dien dit as herinneringsinstrument, want dit transformeer 'n verlede tot 'n hede. Dit het tot gevolg dat daar weer in herinnering geroep word, dat besonderhede weer onthou word en gevolglik word die verlede weer op 'n sekere manier hede. Dit is veral so wanneer herinnering wat opgeroep word met sterk emosies gepaard gaan.

Die nie-fiktiewe dokumente wat in *Kroniek* gebruik word, is herinneringsinstrumente. Een so 'n dokument is 'n persoonlike memorandum wat na 'n gesprek met Samuel Rammuki, 'n vriend van Motasi, in **Desember 1987** deur 'n ongeïdentifiseerde regsgeleerde saamgestel is. Die opskrif lui: "Memorandum of notes on consultation" "Statement minuted from Samuel Rammuki, address: box 845, Hammanskraal, 0400". Hierdie dokument is 'n eiesoortige herinnering aan 'n vriend en dien saam met



die ander dokumente as boublokke in die konstrueringsproses van *Kroniek*. Wanneer die fotostate saam met die boek gelees word, word die fotostate meer foto as fotostaat.

### 6.13 Voorlopige opmerkings oor die frase “daardie lewe is net nog ’n woord”

Na die bestudering van die nie-fiktiewe dokumente is die reaksie van die fiktiewe skrywer een van onvergenoegdheid oor *die mens*, want al die partye op papier speel in die lewendrama. *Kroniek* verwoord dit as volg: “Wat die lewe sogenaamd met ons aanvang, is nie die ergste nie, het hy laat daardie aand gedink. Daardie *lewe* is net nog ’n woord, ’n doekie wat taal ons om die oë draai, want wat kan ons meer verbyster as dit wat die een mens in staat is om die ander aan te doen?” (p. 16). Die dokumente vir die staat gee die indruk van in beheer wees, van minagting vir die onindrukwekkende pogings van ’n iemand wat iemand is in sy eie oë, maar tog ’n niemand is. Die leesproses onthul dat die eintlike saak die titel “**Iemand versus Niemand**” sou kon dra; ’n **niemand** wat aan diens deur iemand van ’n hoër rang aangerand word; iemand wat die aanranding in die kantruimte deur middel van ’n handtekening erken, maar later die erns van die daad en die gevolge ontken; ’n niemand wat kans sien om beswaar aan te teken wanneer dit gerieflikheidshalwe vir die “Mag” beter sou wees as daar vriendskaplik geskik word; ’n niemand wat die moed het om te weier om ’n verklaring onder druk te teken. ’n Persoon wat in die proses tot ’n niemand gereduseer word – wat die proses van niemand-word raaksien, maar nie in staat is om dit te stuit nie, en dan onherroeplik tot niemand gemaak word as hy geëlimineer word, sonder dat ’n haan daarna kraai, behalwe vir die kort beriggie in die *Sowetan* (p. 51). Deur middel van die argief (dokumente) word die niemand tog weer iemand, weliswaar in die vorm van ’n fiktiewe karakter as onderdeel van ’n konstruk, iemand, nie ’n niemand nie, geskep deur middel van taal: *Kroniek* (p. 52) “Hoe erg dit ook mag klink, gaan dit vir my om ’n geval, dat so iets met jou gebeur en niemand eers daarvan weet nie. Ek sal Moleko nie daardeur ’n nuwe lewe kan gee nie, ek sal die onreg nie goed kan maak nie, nie die skuldiges aan die man bring nie...maar ag, miskien wel.”

Die Afrikaanse romanmatige werklikheidskepping fasiliteer dialoog met die leser oor “’n gewone mens” (p. 272) in “’n dokument teen apartheid” (p. 272).

## 7. Fase 2 van die dekonstruktiewe lees oefening van *Kroniek*: 'n anti-Hegeliaanse lesing

'n Stelling deur Wilhelm Liebenberg (1985: 39) rig hierdie lees oefening: “Wanneer tekste gelees/geskryf word, is dit om konsepte te illustreer en om ideologies-gevormde sosiale kodes uit te lig”. Hy sê ook dat die dekonstruksiekritikus die onderliggende ideologieë moet ontbloom. Liebenberg (1985: 40) dui verder aan dat Derrida se kritiek op Westerse metafisika (wat in wese 'n kritiek op Hegel se absolute idealisme is) ook op ideologie toegepas kan word, aangesien beide konsepte as universeel, natuurlik en verstandig voorgelê word, terwyl dit geskiedkundig gedetermineer is. Volgens Liebenberg (1985: 46) is die werk van Derrida gerat om kritiek te lê op metafisika en ideologie as sodanig en nie op die spesifieke aard van die ideologie soos dit tydens die leesproses na vore kom nie. Hy staaf sy stelling deur te verwys na die wyse waarop Derrida 'n teks van Mallarmé lees: “When Derrida reads / writes a text by Mallarmé in “The Double Session” (1981b) he is using the text to illustrate the workings of ‘dissemination’, and not using deconstruction to read the text”. Vorster (1988: 50) meen dat Derrida die konsep *disseminasie* gebruik “om die ‘uitstrooi’ (soos saad of semen) van betekenis te beskryf”.

### 7.1. Hegel se absolute idealisme

In die lig van Liebenberg se opmerking dat Myles téén die denke van Hegel skryf, sal in hierdie lees oefening eerstens kripties na Hegel se idealisme ten opsigte van die verhouding tussen die staat en die individu gekyk word om te verstaan wat Derrida se dekonstruksiekritiek onderlê. Dit is daarom nodig om sleutelaspekte van die Hegeliaanse idealisme aan te stip.

Soos sommige ander 18de eeuse filosowe wou Hegel lig werp op metafisiese vraagstukke. Hegel se filosofie van die Gees (“Spirit”) word bondig deur Stumph (1966: 337) weergegee: “... the Absolute is Spirit and that this Spirit finds its manifestation in the minds of individuals, in the social institutions of family, civil society, and the state, and finally in art, religion, and philosophy”. Wat hier belangrik is, is sy konsep van die objektiewe gees. Die konsep impliseer dat menslike gedrag en sosiale en politieke instellings as die objektiewe manifestasie van die essensieel-rationele en as die vergestaltung van die gees beskou word. “Hegel looked upon

institutions not as the creations of man, but as the product of the dialectic movement of history, of the objective manifestation of rational reality” (Stumph, 1966: 337).

### **7.1.1. Hegel se dialektiese filosofie**

Hegel se uitgangspunt is dat logika en metafisika in werklikheid dieselfde is en deur middel van die proses van deduksie kry die driehoek van sy dialektiese filosofie, naamlik tese, antitese en sintese (“triadic movement”), wat opnuut tese word, gestalte (Stumph, 1966: 333).

Die tese verteenwoordig die reg, vryheid en die subjektiewe individu. Die antitese verteenwoordig moraal en plig. Die sintese verteenwoordig die sosiale etiek, goedheid en vryheid.

Die staat en sosiale etiek word deur Hegel gelykgestel. Hegel verhef die staat tot ’n instelling wat verhewe is bo individuele belange. Sy siening van die staat, soos gevind in Freeman (2001: 904), word kortliks weergegee. Hegel meen dat konflik tussen individuele belange slegs oorkom kan word deur die bewustelike leiding deur die staat en hy sien die staat as ’n instrument in die daarstel van nasionale vryheid.

’n Ontwikkelde staat is vir Hegel ’n “end-in-itself” en is geheel en al soewerein en outonoom. Hegel is egter nie, soos dikwels verstaan word, ’n voorstander van die outoritêre staat waarbinne daar geen individuele of groeppvryheid is nie.

Vir Hegel is vryheid die grondbestanddeel van die staat en hy het nie die krag van nasionalisme voorsien soos wat deur die loop van die negentiende eeu na vore gekom het nie: “Hegel did not foresee the chauvinist force of nationalism, which was to develop in the course of the nineteenth century, and which ignored all his stress on freedom as the very essence of the state. Thus, by exploiting his fame while distorting his philosophy, a doctrine emerged based on glorification of an authoritarian state, viewed as an organic entity superior to the individuals comprised in it and dedicated to a national policy with war as an instrument of national achievement” (Freeman, 2001: 904).

### **7.1.2. Die alomvattendheid van die staat**

Hegel redeneer dat botsende sosiale kragte die burgerlike gemeenskap kenmerk en dat dit getransendeer kan word deur die alomvattendheid of universeelheid van die staat, omdat die staat losgemaak is van die sosiale en historiese kragte waardeur dit tot stand gekom het (Freeman, 2001: 955). Juis dáárom is die staat vir Hegel die konkretisering van vryheid (Freeman, 2001: 990). En dít is waar die Staat (met sy instellings en geïstitutionaliseerdheid) in die werk van John Miles, met spesifieke verwysing na *Kroniek*, en die gedagtes van Wilhelm Liebenberg oor die dekonstruksie ter sprake kom.

### **7.1.3. Hegel se siening van menslike gedrag**

Hegel besin ook oor menslike gedrag en hy sien die wil en die rede as sinonieme. Hy redeneer dat in soverre individue rasonieel optree, hul wil in harmonie sal wees met die universele wil. Die harmoniëring van verskillende mense se wil is egter wisselvallig en prekêr en daarom sal daar volgens Hegel altyd die moontlikheid van die teenoorgestelde van reg, naamlik verkeerd, wees. Die spanning tussen reg (as die tese) en verkeerd (as die antitese) gee dan aanleiding tot moraliteit (as sintese) (Stumph, 1966: 338). Hegel se standpunt is dat menslike gedrag binne 'n konteks plaasvind, met die implikasie dat meer as een wil betrokke is. En daarom strek morele plig verder as die belange of intensies van die individu (Stumph, 1966: 339).

Moraliteit verteenwoordig die plig (“duties”) wat die universele as grens stel vir die individuele wil. Die verhouding behels dus 'n verhouding tussen vryheid en plig, subjektiwiteit en objektiwiteit. Vir Hegel moet vryheid binne die grense van plig konkretiseer, met die gevolglike afleiding dat die individu wat sy plig die volledigste vervul, die vryste is. Die sintese van individuele vryheid en die universele wil is volgens Hegel in die konkrete instellings van die mens, veral die staat (Stumph, 1966: 339).

### **7.1.4. Die staat as organiese eenheid van individue**

Hegel sien die staat as die sintese van die gesin en die burgerlike gemeenskap (Stumph, 1966: 340). Die interafhanklikheid van die twee elemente word deur Hegel

beklemtoon en die sintese is volgens hom die staat as die organiese eenheid van “partial individuals”. Hegel se siening is dat die staat die individuele vryheid in stand sal hou, en nie die burgerlike gemeenskap of die gesin verwoes nie. Dit is egter duidelik dat indien hierdie perspektief nie bygelees word nie, Hegel se filosofie oor die staat ’n nuttige instrument vir ’n outoritêre staat kan wees. Daar word vervolgens gekyk na Hegel se standpunt oor wette en die wetgewende organe.

#### **7.1.5. Hegel se siening betreffende wette**

Wat wette betref, meen Hegel dat die wetgewende en uitvoerende organe van die staat nie willekeurig bevele sal uitvaardig nie (Stumph, 1966: 341). Hy sien wette as universele reëls en meen dat reëls daar is omdat die mens ander skade kan aandoen in die uitoefening van vrye keuses. In laasgenoemde geval word gedrag as irrasioneel geëtiketteer en die funksie van die wet is gevolglik om rasionaliteit by gedrag in te bring. Volgens Hegel volbring ’n wet terstond persoonlike en gemeenskaplike welsyn. Die staat is dus die organisme wat die idee van vryheid maksimaal ontwikkel. In so ’n geval sal die wette rasionele gedragsreëls wees en die rasionele individu sou outomaties kies om hiervolgens te leef. Die enigste rasionele beperking op die individuele wil sou die rasionele beperking wees wat deur die wil van ander individue gestel word.

#### **7.1.6. Publieke waardes en individuele regte**

Uit die redevoering van Hegel blyk die behoefte aan ’n regulering van die verhouding tussen die wil van die individu en die wil van die ander. Van der Walt (1995: 172) sê dit is dikwels ’n dilemma om publieke waardes en individuele regte te versoen. Volgens Van der Walt word publieke waardes in die politiek verwoord en persoonlike regte word in die wetgewing verskans. Hy meld dat regsteoretici Hegel se dialektiese filosofie dikwels inspan om hierdie dilemma aan te spreek: “It is not surprising that legal theorists should turn to Hegel to solve the problem of the proper relation between law and politics. The essence of the problem, we have seen, is the need to procure reconciliation between private rights safeguarded by law and the public values articulated in politics. The bifurcation of the private and the public is indeed the central problem which Hegel’s dialectic philosophy seeks to address” (1995: 172).

Van der Walt (1995: 174) maak egter dan die volgende stelling: “Hegel’s solution to the problem of rights and history cannot help us. Civil society and the state, outside the philosopher’s study, remain unreconciled. Rights remain insulated from the political history of community life”.

## **7.2. Die histories-gedetermineerdheid van lees**

Bogenoemde plaas Liebenberg se aanwysing dat Miles teen die idealisme van Hegel skryf, in perspektief. In samehang hiermee maak Liebenberg (1985: 42) ook die opmerking dat “lees” histories-gedetermineerd is. Hy gebruik navorsing deur Kristeva om sy opmerking te ondersteun. Uit haar navorsing blyk die vroeëre gebruike van die Franse werkwoord vir lees (“lire”), naamlik om bymekaar te maak, om te pluk, om besit te neem van, om te spioeneer, om te steel. Hierby kan gevoeg word wat Boshoff en Nienaber in hul *Afrikaanse etimologieë* (1967: 385) aanwys: lees is “legere” in Latyn en “legein” in Grieks. Albei beteken ‘opraap’ en ‘versamel’. Hierdie verruiming van die werkwoord onderstreep inderwaarheid die dekonstruksie-uitgangspunt dat lees ’n aktiewe (skryf)proses is waardeur betekenis gepluk, opgeraap, geskep en geskryf word. Dit is hierdie benadering wat vervolgens gebruik gaan word ten opsigte van *Kroniek* en Hegel.

## **7.3 Die rasionaal vir die lees van *Kroniek* teen ’n Hegeliaanse agtergrond**

*Kroniek* word vervolgens gelees teen die agtergrond van Hegel se “absolute idealisme”. Die motief vir hierdie lesing is om te lees hoe die funksionering van die staat deur middel van sy instellings en instrumente neerslag vind in hierdie romanwêreld en dit te toets aan Hegel se siening. Belangrike konsepte in hierdie lesing is onder andere “vryheid” en “ideologie” en alvorens daar tot die lesing oorgegaan word, behoort die term “ideologie” omskryf te word.

## **7.4 Die definisie van ideologie**

Leatt et al (1989: viii) verduidelik dat die term “ideologie” problematies is: “One of the ironies of our time is that the term ‘ideology’ has itself become ideologised. Three basic perceptions of ideology can be distinguished, a critical, a positive and a neutral one”. Hierdie outeurs verduidelik hierdie drie persepsies soos volg: ’n Kritiese

ideologie kan geëien word as 'n ideologie wat gekenmerk word deur “oorvereenvoudiging en vooroordeel deur 'n sekere groep van die publiek” en hierbinne word groepsbelange gelegitimiseer. Vanuit die positiewe perspektief is ideologie 'n instrument vir propaganda, terwyl die neutrale opvatting streef na 'n “non-evaluative approach”. In die verband is Degenaar se behandeling van die term relevant en word dit vervolgens belig.

Degenaar (1992: 171, 172) kyk onder andere na die gebruik van die woord “ideologie” “in terme van 'n stel opvattinge – ‘a set of beliefs’ wat onvermydelik deel is van die manier waarop 'n mens die wêreld verstaan”. Hy wys daarop dat so 'n stel opvattinge op 'n bewuste of onbewuste vlak kan funksioneer. In die lig van waarde-gelade woorde in *Kroniek* is dit nuttig om te let op Degenaar se aanwysing dat “voorkeur vir sekere betekenis bo ander” aan sekere woorde gegee word binne 'n stel opvattinge en waardeur sulke woorde voorskrywend word. Degenaar wys ook op die verbergende en verdraaiende effek wat ideologie op die werklikheid het, en dat dit tot gevolg het dat “die belange van 'n bepaalde groep gedien word”. In die leesproses sal volgens hierdie oogpunt gelet word op die taal van verskillende stemme.

## 7.5 Die polisie in die polisieroman

In die lig van die gegewe dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap in die romangeskiedenis 'n verdeelde gemeenskap is, is die veronderstelling dat die verskillende persepsies betreffende die polisie ook in dié opsig neerslag sal vind.

### 7.5.1 Meerduidige stemme vanuit gemeenskappe

Die persepsie van die polisie wat deur die massamedia aan (wit) Suid-Afrikaners voorgehou word, word soos volg in *Kroniek* aangeteken: “Daar is nie 'n meer eerbare of 'n beroep met soveel avontuur vir 'n jong man met inisiatief nie as die Polisie,’ lees die skrywer in sy oggendkoerant” (p. 139).

Die gedagte in *Kroniek* van “in diens van die Reg” word egter ondermyn deur 'n simplistiese uitspraak van 'n ongeloofwaardige ‘polisieman-karakter’ en 'n gesegde van sy oupa: “Kriek sê reg is reg en verkeerd is verkeerd en daarmee is dit uit en gedaan. En wat het sy oupa gesê? *Pasop, die een lyk soos die ander*” (p. 48).



*Kroniek* skryf vanuit verskillende swart stemme wat verskillende verwysingsraamwerke oor die polisie verteenwoordig. Dit blyk vroeg in die roman dat die ingesteldheid van die deursnee (swart) Suid-Afrikaner jeens die polisie nie positief is nie. Die sosiale kode wat in hierdie stemme neerslag vind, word gedra deur sinsnedes soos: “Hy is strikvrage gevra oor voetboeie ...” (p. 27) en “En as hulle eers weet jy’s ’n polisieman ...” (p. 34). Familielede van polisiemane is ook die draers van stemme in *Kroniek*: “En die aand was daar ’n funksie by die kollege. Die personeel was daar, die meeste met hul vrouens. Almal kon sien hoe Letshoene sy vrou met moeite in toom hou, sy was onkeerbaar en elkeen wat Sotho kon volg, sou met die teedrinkery kon hoor toe sy uitbars met: ‘Daardie helikopters van julle is net bedoel om mense na hulle dood te lok. Julle keer nie die gemors nie, julle máák dit’” (p. 95).

Dat dié negatiewe gesindheid jeens die polisie vir geslagte lank reeds onder sekere groepe in Suid-Afrika bestaan, blyk uit die volgende stelling van ’n bejaarde karakter oor ’n medisinale plant: “... dit keer ongeluk af. Soos polisie of rondlopers” (p. 68).

Tumelo John se aanvanklike idealistiese persepsie van die polisie verskil van dié van die deursnee (swart) Suid-Afrikaner in die roman. Tumelo John se aanvanklike motiewe om ’n polisieman te word, word duidelik uitgespel. As kind het hy besluit hy wil eendag polisieman word “om skelms vas te vat” (p. 11). Die stem van die kind stel skelm en eerlik teenoor mekaar en die sintese hiervan is die polisieman wat deur middel van die uitoefening van sy plig binne die polisie, as staatsinstelling, die vryheid en regte van die goeie burgers van die staat waarborg.

As jong polisieman skryf hy aan sy meisie “as kind al was dit al vir hom ’n eerbare beroep, om in diens van Reg te wees, om goeie mense by te staan ..., dit beteken ook sekuriteit, jou inkomste is gereeld en seker!” (p. 35). Tumelo John stel sy werksekuriteit in die polisie teenoor die werksekuriteit van sy pa wat ’n plaasarbeider is: “Dis vir Pa wat ek lankal ’n beter werk moes kry, nie vir jou nie. Hy werk hom gedaan en daarvoor kan hy môre weggejaag word, dis nie moeilik om iets verkeerd te doen nie” (p. 236). Die polisie as staatsinstelling beantwoord volgens hierdie stem dus aan die objektiewe manifestasie van rasonale realiteit, want in die uitoefening van sy plig beskerm die polisie die ‘goeie mense’ teen die skelms, in ooreenstemming met Hegel se siening. Daarom kan die jong, idealistiese karakter met reg sê dat hy ‘in

diens van die Reg is, om goeie mense by te staan' (p. 35). *Kroniek* stel deur middel van hierdie opmerkings van dié karakter op hierdie tydstip in die roman dat die polisie 'n goeie staatsinstelling / staatsinstrument is. Daar sou geredeneer kon word dat die polisie deur wetstoepassing meehelp tot die skep van 'n harmonie tussen die vryhede van individue en die belang van die gemeenskap / land as geheel.

### 7.5.2 Meerduidige stemme van binne die polisie

Tumelo John vermoed na aanleiding van “die nuwe werwingspamflet wat deur Hoofkantoor uitgereik is” dat “[D]ie meeste mense in die land sal polisie kan word ...” (p.246). Die pamflet lui: “’n Man wat by die Polisie wil aansluit, moet ’n Suid-Afrikaanse burger wees, tussen 16 en 35 jaar oud, minstens 1.67 meter lank met ’n borsmaat van 86,26 cm. Vroue moet langer as 1.62 meter wees met ’n massa in verhouding met lengte en minstens 18 jaar oud” (p. 246). Die veronderstelling is dat die polisie se samestelling heterogeen sal wees en gevolglik behoort die stemme van binne die polise ook van ’n pluraliteit te getuig.

Die polisie in die hoedanigheid van werkgewer word deur die mening wat Tumelo John aanvanklik huldig, uitgebeeld as ’n staatsinstelling wat finansiële sekuriteit aan sy werknemers bied. Dit versterk sy persepsie dat die polisie as staatsinstelling goed is, veral in die lig van die gebrek aan ekonomiese bemagtiging vir swartmense, wat by meerdere geleenthede in die romanteks aan bod kom soos: ”Hy wou haar alles vertel, hoe arm sy mense is, soos kerkmuse ja” (p. 35) en “Dis vir Pa wat ek lankal ’n beter werk moes kry ...” (p. 236). Hierdie finansiële kode kommunikeer dat ander Suid-Afrikaanse werkgewers ten tyde van hierdie opmerking nie noodwendig finansiëel goed en betroubaar na werknemers omsien nie. Gevolglik maak hierdie opmerking die polisie en die staat nog meer reg in die oë van die karakter, aangesien sowel die funksionaris as die onderdaan van die staat bevoordeel word. (Die een se vryheid word gewaarborg en die ander word ekonomies bemagtig en bekom dus ekonomiese vryheid.) Vele reële Afrikaanse lesers van die tagtiger- en vroeë negentigerjare sou dit waarskynlik met die karakter eens kon wees dat die staat goed is vir sy onderdane en werknemers.

’n Opmerking deur die karakter Nkosi, wat die teenpool van die naïewe polisieman is, ondermyn egter hierdie gedagte: “Good luck, my Boetie, jy sal sukkel, onthou jy’s

maar 'n polisieman met 'n poliseman se salaris. Hulle is upstairs-mense, maar die pa is oraait” (p. 34). Die twee stemme wat hier teenoor mekaar gestel word, is dié van die voorheen benadeelde jongeling vir wie dié salaris wat gereeld en seker is, die ekwivalent is van 'n goeie werkgewer. Met die tweede stem taan die werkgewerstatus van die polisie deurdat die ingeligte persoon die salaris as karig beskou. (Hier is ook 'n verskuilde grondslag vir kritiek op 'n latere fase in *Kroniek* wanneer die salaris en voordele van die betrokke polisieman opgeskort word en sy finansiële situasie prekêr is. Sy seniors by wie hy in onguns verval, speel dan 'n kardinale rol in sy onbenydenswaardige finansiële posisie.)

### **7.5.3 Moontlikhede, regte en rassisme in die polisie**

In hoofstuk vyf van *Kroniek* met die opskrif “*Hammanskraal, 19 Augustus 1983*” word vertel dat die karakter, Tumelo John, in 1980 tot sersant bevorder is. Sy voorkeur vir administratiewe pligte word uitgespel: “Sedert sy bevordering tot sersant drie jaar gelede is dit die werk wat hy die graagste doen, administratiewe pligte soos dié in die dienskamer ...” (p. 57). Hierin is drie aspekte vervat. Eerstens is daar bevorderingsmoontlikhede vir die (swart) staatsamptenaar, iets wat uiters beperk vir die deursnee swart Suid-Afrikaner in Suid-Afrika in hierdie periode was. Hierdie vermoë van die swart polisieman om die bevorderingsleer te klim, word deur “'n misdaadverslaggewer in Pretoria” geopper: “Hy vertel dat daar goed na die swart polisieman omgesien word; die SAP is vir 'n swartman 'n goeie loopbaan” (pp. 139, 141).

Tog word hier wat pligte betref, 'n nuwe voorkeur gekommunikeer wat suggereer dat 'n ontgogeling met die polisie reeds vir Tumelo John begin het: “Januarie 1978 kry hy 'n verplasing na Hammanskraal waarvoor hy gevra het” (p. 55). In effek word hier 'n aporia, oftewel onoorbrugbare teenstrydigheid in die gedrag van die karakter, gekommunikeer. Die gaping tussen die ideaal en die werklikheid betreffende die polisie is reeds vir hom 'n realiteit, maar hy bly binne die Mag.

Die derde aspek in hierdie verwysing betrek die aansoek om verplasing terug na die opleidingskollege. Dit suggereer 'n hunkering om weer die onskuld en entoesiasme van die jong polisieman van vroeër terug te vind, of om weg te beweeg van die omgewing waarin hy met “die ander gesig van die Polisiemag” (p. 331) te doen kry.

Die karakter wil nader aan die ideaal leef, want by die kollege “op Hammanskraal het hulle ons geleer elke mens het sy regte ... Hoe daar op Hammanskraal gepraat word, is nie hoe ons elke dag die werk doen nie ... Hoe jy leer om ’n ding te doen en hoe jy dit eintlik uitrig, is nie dieselfde nie” (p. 32). Tumelo John se kamermaat, Sithole, roep ook die opleidingskollege op Hammanskraal in herinnering wanneer hy sy aansluiting by die polisie teen sy ouers se wense, regverdig: “In die polisie word ek anders behandel, by Hammanskraal was ek in die gimnastiekspan” (p. 47). Hiermee word gekommunikeer dat uitnemendheid in die staatsinstelling raakgesien en erken word. In Sithole se opmerking kom iets tereg van die aanname dat daar nie rassisme in die polisie is nie en dat polisiemanne oor kleurgrense lojaal is teenoor mekaar, soos ook blyk uit die mening van ’n misdadverslaggewer oor polisielede: “Gewone mense, dis wat hulle is, geweldig lojaal teenoor mekaar...ook teenoor hulle swart kollegas en andersom ook ... Rassisties is hulle dalk teenoor ander swartes, ja, maar nie met hulle eie kollegas nie, hoor ...” (p. 141). Ook Tumelo John herinner sy eerste prokureur self daaraan dat ’n swart polisieman bevorderingsmoontlikhede in die polisie het: “...maar jy moet onthou dis nou al ’n paar jaar dat rang al is wat tel in die Mag, maak nie saak of jy swart is nie ... niks keer jou om heelbo uit te kom nie, dis hoekom so baie van ons leer” (p. 145).



Hierdie uitsprake wat poog om aan te toon dat rassisme nie ’n plek binne die Mag het nie, word deur ander stemme ondermyn. Een so ’n stem is die reaksie van Tumelo John se eerste prokureur: “Laat ek jou een ou vragie vra. Het julle aparte toilette?” (p. 146). Ook die opmerking van die fiktiewe skrywer se vriend ondermyn die konsep van ’n polisie wat vry is van rassisme: “Jy moet versigtig wees ... dat jou lesers nie die indruk kry rassisme is maar ’n kleinigheidjie nie. Jy konsentreer so op die feit dat Moleko maar net om verskoning hoef te gevra het, dan was als weer dooddollies op die kollege” (p. 143). Hierdie stem ontbloot die (gevaarlike) rol van ideologie deur daarop te wys dat gedrag wat nie onmiddellik as blatante rassisme geëien word nie, “die gevaarlikste ding” is (p. 143).

#### **7.5.4 Die weerspieëling van sosiale kodes in taalgebruik**

Indien Degenaar (1992: 171, 172) gelyk gegee word dat die mens se mens- en wêreldbeskouing rigtinggewend deur ’n “set of beliefs” beïnvloed word, kan aanvaar word dat hierdie opvatting sal konkretiseer in sosiale kodes en taalgebruik. By

implikasie onderlê 'n mens se ideologie dus die sosiale kodes waarvolgens hy sosialiseer en die taal wat hy gebruik. Romanmatig illustreer *Kroniek* die opvattinge van karakters. Hierdie opvattinge word as algemeen aanvaarde waarhede deur die karakter gereken, byvoorbeeld: "'Die beeste sal gesteel wees,' het Kriek met stelligheid gesê" (p. 30). Taalgebruik kommunikeer ook meer as die blote woorde, dit kommunikeer onder ander sosiale kodes, soos byvoorbeeld: "Daai zool word opgelaai!" (p. 31). Die woord "zool" word nie in die woordeboek aangetref nie. In die kaartjieversameling van die WAT word dit wel aangetref. "Zool" beteken 'n swart persoon ("naturel"), 'n bruin persoon ("kleurling") of kelners en bediendes in 'n koshuis. Dit is wel aan die ondersoeker bekend dat "Zool" 'n gelade selfstandige naamwoord is wat intussen in onbruik geraak het. Dit is in die verlede deur sommige mense gebruik om neerhalend na 'n (manlike) persoon van 'n ander ras te verwys. Benewens die neerhalende verwysing na 'n beskonke persoon van kleur, kom daar op hierdie tydstip in *Kroniek* randfigure wat aan die ontvangkant van polisieoptrede is, aan bod.



#### **7.5.5 Die polisie, arrestasieriglyne en arrestasiepraktyke**

Die kloof tussen die opleiding by die polisiekollege en die praktyk word by meer as een geleentheid na die teksoppervlak gebring, byvoorbeeld: "Daardie dronk ou nou die aand, hy het gouer oor sy babalaas gekom as oor hoe rof ons hom behandel het. Maar op Hammanskraal het hulle ons geleer elke mens het sy regte, onthou jy?" (p. 32).

Die hardhandige hantering of selfs marteling van gearresterdes word vroeg in *Kroniek* as 'n algemeen bekende verskynsel uitgespel: "'Shit, stel jou voor,' het Nkosi gesê, 'stel jou voor dat Kriek jou sagkens boei!' en die trane uit sy oë gegee" (p.30); en "'n vermeende rower wat in die hof die polisie daarvan beskuldig dat die polisie hom in Brixton se sogenaamde werkwinkel in 'n sak gestop het, en hoe hy daarna, sak en al teen die plafon opgeheys, van alle kante gemoker is, vandaar die doofheid in sy een oor. 'n Kaptein Engelbrecht het dit ten sterkste ontken" (p. 39).

Die twee sake wat teenoor mekaar gestel word, is die polisiemag wat sy funksie verrig en die persoon wat 'n misdaad gepleeg het. Die polisie arresteer die individu wat in die eerste plek die reëls van die gemeenskap oortree. Hulle ontken egter dat

wangedrag van hul kant tydens of na arrestasie betrokke is. Die persoon wat 'n misdaad gepleeg het, beskuldig dan die Mag van wangedrag. Daar is regverdiging en 'n natuurlikheid in die opmerking van Nkosi, wat getuig van 'n ideologie wat dit onderlê. Dit blyk dat hierdie onderliggende ideologie nie aan die persoon wat aan die ontvangkant van polisieoptrede is regte gun nie en dat hardhandige polisieoptrede hiervolgens nie as abnormaal beskou word nie. Dit kom dus daarop neer dat die polisie 'n tweede, opponerende, ideologie naas die reëls, die formele ideologie, handhaaf.

### **7.5.6 Die polisie se hantering van interne teësprak**

Benewens die polisieoptrede ten opsigte van gearresterdes word die geïmpliseerde leser subtiel (en blatant) ingelig dat die polisie as staatsinstelling nie teësprak van binne die polisie duld nie.

In die romanwêreld van *Kroniek* word verdagte polisieoptrede in die binnekring verswyg, verdoesel, geregverdig of ontken. Dit geld ook vir die vertelling oor Vukani Khesha wat volgens die teks (p. 38) 'n speurder by die Brixtonse Moord- en Roofteenheid is. In 'n klein koerantberiggie is aangedui dat hy dood in sy kamer aangetref is en dat geen gemene spel vermoed word nie: “Toe lees hy (Tumelo John) die Dinsdag in 'n koerant die klein beriggie oor Vukani met die veelseggende slotsin: ‘Die Polisie vermoed geen gemene spel nie’”. Die slotsin is vanuit die agternaperspektief juis 'n ironiese kode en wel 'n aanduiding dat “gemene spel” vermoed sou kon word as 'n mens soos Tumelo John die versteekte binnewerking van die polisie, die versteekte ideologie, ken.

In *Kroniek* (p. 39) word vertel dat 'n gemartelde vermeende rower die Brixtonse Moord- en Roofteenheid van aanranding aangekla het. Wat ongesê bly, maar geïnsinueer word, is dat Vukani Khesha ('n polisielid) nie saamgestem het met die aanranding op aangehoudendes nie en gevolglik 'n risiko vir die Brixtonse Moord- en Roofteenheid was. Hy is verwyder voordat die saak voor die hof kom, wat juis dui op vuilspel van binne die Mag. Die klein koerantberiggie en die eliminering van 'n kollega wat 'n risiko vir sy makkers inhou, is 'n vooruitskouing van wat op Tumelo John wag wanneer hy 'n risikofaktor vir die Mag word.

Ook verderaan in *Kroniek* word die verswyging van 'n misdryf binne die polisie geopper: “En hy vertel van 'n nuwe geval wat onder hulle aandag gekom het. 'n Swart konstabel van die Clevelandse polisiestasie is onlangs deur 'n majoor en twee konstabels aangerand, daarna in 'n sel gestop. Hy's later in die hospitaal dood aan bloeding op die brein. Van sy swart kollegas het dit by Menseregte kom aangee, want die dossier teen die 3 aanranders is gesluit as ongegrond en die hele ding verswyg. Nou sê die Polisie hulle het 'n interne ondersoek gelas en – ‘Jy sal dit nie glo nie...’ – die slagoffer het glo sy vuurwapen op die majoor gerig” (p. 276).

### **7.5.7 Die polisie en die swart dorpe, oftewel townships**

Uit bogenoemde aanhalings is dit duidelik dat ingeligte karakters kritiek op die polisie-optrede lewer. Dit sluit aan by die persepsie en kritiek van die inwoners van areas soos Soweto en Sebokeng wat in *Kroniek* aan bod kom. Hulle betreur die polisie se reaksietyd en onvermoë om onderskeid te tref tussen die klaer en die skuldige: ”Die probleem is, daar is nie genoeg polisie nie en hulle kom te laat as hulle geroep word” (p. 35); “Die probleem is ... hier is nie genoeg polisie nie; hulle kom te laat as daar op hulle nommer gedruk word” (p. 37) en “Die probleem met die polisie is, as jy hulle roep dan arresteer hulle jou ook sommer saam met die skobbejakke” (p. 37). Die onvoldoende toewysing van hulpbronne vir effektiewe dienslewering in hierdie areas word betreur. Hierbenewens is die versweë element in laasgenoemde kode dat swartmense vir die polisie almal eenders lyk, nie net letterlik nie, maar ook figuurlik. Die implikasie van die kode is dat jy 'n ‘skobbejak’ is as jy swart is.

Verderaan word die rol van die polisie in terme van “binnelandse rus” soos volg geskets: “Op 'n dag hoor hy Zondi word ook aangehou. Dit sal niemand verbaas nie, dink hy, by die duisend is dan al ingetrek. Ek kan van geluk spreek dat ek so geskop het teen die verplasing na Soweto, daar praat hulle nou net van klopjagte, opbreek van vergaderings, dreigemente, begrafnisse ...” (p. 209).

### **7.5.8 Die kernbesigheid van die polisie**

Hierdie *polisieroman* maak dit duidelik dat die kernbesigheid van die polisie verband hou met konflik en konflikhantering: “Asof alles nie verontrustend genoeg is nie, kom die skietery van 'n week gelede. In Winterveld. 'n Groot vergadering, nie van die



jonges nie, van ou mense dié keer. Wat aandrang op die vrylating van hulle kinders, hoe lank gaan hulle kinders aangehou word? ... ‘Kyk, ’n polisieman moet homself kan beskerm, hoe anders? Hy’t ook maar net ’n lyf, hy swik net so gou as hy ’n klip teen die kop kry en ’n motorband glip net ewe vinnig oor sy kop ...’” (p. 225). Tumelo John dink teen die agtergrond van politieke onbestendigheid en na aanleiding van hierdie gesprek tussen hom en sy buurman: “... polisie werk is nie vir heiliges nie, dis nie iets wat jy in die kerk sit en doen nie” (p. 225).

Binnelandse rus is ’n prioriteit en studente word dit reeds tydens opleiding ingedril: “Binnelandse rus is hoog op die lys van prioriteite” (p. 24). Die studente maak ’n uitgebreide kursus in infanterie met intensiewe krygsoefeninge mee. Daar kan daarom veronderstel word dat die kernbesigheid van die polisie daarom sentreer.

Volgens Hegel se filosofiese uitgangspunt oor die staat en individuele vryheid sou daar geredeneer kon word dat die kernbesigheid van die polisie op die beskerming van die individu se regte in die gemeenskap fokus, sodat maksimale vryheid binne ordelike samesyn gewaarborg kan word. In die lig hiervan word opgemerk dat Tumelo John sedert sy verplasing terug na Hammanskraal in die dienskamer van die opleidingskollege werk waar “die kom en gaan van alle personeel, studente en besoekers opgeteken” word (p. 57). Die uitvoer van administratiewe pligte is egter nie die kernbedryf van die polisie nie. Om nie deel te wees van die kernbesigheid van die polisie nie, impliseer ’n afstand tussen die polisielid en die gemeenskap, wat ook hier ’n kode mag wees dat hierdie karakter hom nie aan onbehoorlike gedrag of paramilitêre operasies skuldig maak nie. Tumelo John vorm beslis nie deel van militêre ingrypings soos ‘Operation Thunder Chariot in September ’84’ nie (p. 105) en ook nie van Operasie Palmiet nie: “In die hospitaal hoor hy by ’n mede-pasiënt van Operasie Palmiet in Sebokeng en as hy weer tuis is, vertel Nkosi hom in so ’n heen-en-weertjie dat oubaas Letshoene met ’n peloton van die kollege vort is vir onlusdiens, juis na Sebokeng. Dié keer word die polisie deur Weermaglede bygestaan. Meer as 7000 man het die dorp beset” (p. 148). Hier skep die teks die idee van onskuld (van Tumelo John) midde-in ’n regeringstrategie van toenemende militarisasie. Wat die teks moontlik wil beklemtoon, is dat geen lid van die gemeenskap direk deur hierdie karakter se werk in die polisie benadeel word nie. Hy is gevolglik ’n onskuldige polisieman-karakter.

## **7.5.9 Tumelo John en die polisie**

Tumelo John is die hoofkarakter. Binne die retoriese proses oor die wantoestande in 'n onderdeel van die staatsapparaat is hy dus ook die belangrikste illustrasiemiddel.

### **7.5.9.1 Tumelo John skep 'n eie identiteit binne die polisiemag**

Dit blyk dat Tumelo John 'n selfopgelegde identiteit binne die polisie-identiteit opbou. Die administratiewe pligte bring vir hom ontvlugting, maar ook vervreemding binne die sisteem mee, want hoewel hy binne die polisie bly, moontlik weens finansiële redes, of om sy vrou tevrede te stel, of om sy huis te behou, is hy nie deel van die kernbesigheid van die polisie nie.

### **7.5.9.2 Ontnugtering met die polisie**

Mettertyd raak hy al hoe meer ontnugter deur die polisie, in so 'n mate dat hy hom later al hoe minder kan vereenselwig met die polisie as staatsinstelling.

Op persoonlike vlak ervaar hy binne die polisie teenstrydighede, soos “Vir die een toets moet jy leer hoe jy jou medemens in 'n heterogene bevolking moet dien, hoe belangrik dit is om goeie menseverhoudinge tussen alle rasse in te skerp. En buite op die stoep hoor jy hoe die een instrukteur – sy van was Van Zyl – 'n jongman van 'n ander ras smalend toevoeg: ‘Jou mense dink hulle is royal game, nes die kwêvoël: 'n mens mag niks met julle aanvang nie; intussen is daar fokôl tussen die ore!’” (pp. 24, 25). Hy is self ook aan die ontvangkant van rassistiese skeltaal van Van Niekerk: “Dis julle kaffers wat al die shit veroorsaak” (pp. 100, 101).

Tumelo John ervaar ook diskriminasie van die kant van swart polisielede op grond van senioriteit: “Net jammer dat Sithebe moes meen hy het – vanweë sy senioriteit – nie nodig om 'n jong konstabel vir sy werk en moeite met die foto's te betaal nie ...” (p. 58).

Hiernaas ervaar Tumelo John 'n gebrek aan geregtigheid wat verband hou met rassisme en senioriteit: “Brigadier, ek vra net geregtigheid. Van daardie dag dat ek aangerand is, kan ek dit nie kry nie. Die brigadier weet kolonel Van Niekerk is 'n haastige man, hy's altyd gou vir slaan, almal weet dit, maar nou wil niemand my glo

nie” (pp. 160, 171). Tumelo John se eertydse kamermaat, Nkosi, waarsku hom in die vorm van bedekte dreigemente om sy houding en kritiek te verander: “Ag man, dis die Boere se manier daai. Wat dink jy sal ou Mabe doen as hy môre kolonel word? Het jy al daaraan gedink? Ek sal jou sê, hy sal jou daar en dan laat uitvat. En hy sal dit so goed doen dat geen haan daar na sal kraai nie” (pp. 149, 165). Hierdie opmerking van Nkosi suggereer dat ’n swart offisier nie sal skroom om op ’n ander gevaarliker wyse te werk te gaan nie.

Tumelo John leer dat ’n onenigheid met ’n senior van jare gelede sy toekoms in die Mag kan kelder: “Geen billike verhoor word in die vooruitsig gestel nie, veral as daar in ag geneem word dat daar vantevore ’n meningsverskil was tussen verhooroffisier en beskuldigde oor die betaling van foto’s” (p. 166). En dan ervaar hy hoe individue wraak kan neem deur op slinkse wyse gebruik te maak van prosedures, soos byvoorbeeld verplasingsopsies binne die stelsel: “Hulle het jou verplaas na Soweto, die onluseenheid ... Dis geen poging hierdie om sake uit te stryk nie, dinge op te los nie. Dis wraakneming...” (p.182, 183).

#### **7.5.10 Die polisiemag as staatsinstrument**

Ook wat die polisiemag as staatsinstrument betref, ervaar hy (en ander lede soos Letshoene, p. 94) ambivalensie, omdat die polisie gebruik word om klopjagte uit te voer en mense te onderdruk, in plaas van om mense te beskerm. Hy is nie die enigste polisielid wat hierdie ongemak ervaar nie: “Toe hoor hy ’n hoë polisie-offisier, wat inderhaas ingevlieg is om strategie te monitor, in die verbygaan teenoor iemand anders opmerk: ‘Hulle moet vir Treurnicht en MC Botha hierheen bring om te sien wat hulle veroorsaak het’” (pp. 43, 44). Die voorafgaande opmerking betrek die politiek (politici) en staatsinstellings (amptenary). Hier is ’n hoë offisier wat hom by implikasie distansieer van die korrupte gebruik van ’n staatsinstrument deur politici wat mense se vryheid aantast. Dit lê ook twee botsende onderliggende ideologieë in die romanwêreld bloot, naamlik Afrikaner nasionalisme (apartheid) en die ander Afrikaan nasionalisme (African nationalism) of swart bewussynsbeweging.

Die vertelling maak dit duidelik dat politici in die naam van openbare belang ’n land in ’n sekere rigting stuur deur, onder andere, wetgewing. Die negatiewe gevolge van sodanige wetgewing, soos in hierdie geval ’n opstand en binnelandse onrus, moet

egter deur die staatsinstellings se amptenary hanteer word. In hierdie geval is dit die polisie wat die opstand moet onderdruk, of hulle met die oorsaaklike wetgewing saamstem of nie. Die verband tussen die polisie en die tuislandbeleid word deur opmerkings soos die volgende in *Kroniek* belig: “Die regering gebruik die polisie om hul teenstanders uit die pad te kry” (p. 228). Dit is nie vir Tumelo John reg nie, en dis nie waarom hy by die polisie aangesluit het nie.

## **7.6 Ontevrede kinders, ontevrede skoolrade as simptoom**

Hierna word die Soweto-opstande, of soos dit ook genoem word, die Opstand van die Kinders op 16 Junie 1976 in die teks ingeskryf (p. 38). Die teks koppel die ontsteking van die lont van hierdie opstand aan die ontevredenheid van die skoolkinders en die skoolrade: “Hier kom groot moeilikheid, ek sweer, ... Hulle skool se raad het bedank. Oor die onderwysdepartement hulle nie tegemoet wil kom nie. Hoe lank sukkel hulle nie om wiskunde-onderwysers te kry nie! Toe hulle uiteindelik iemand kry, wil die departement hom nie aanstel nie; die man ken geen Afrikaans nie en wiskunde en geskiedenis *moet* in Afrikaans gegee word. En dis nie net by ons dat daar soveel probleme is nie. Sewe skole boikot nou reeds ’n maand lank hieroor” (p. 39, 40). Hierdie opmerking breek die illusie en die idealisme dat die staat die welsyn van al sy kinders en burgers vooropstel. In terme van Miles se oeuvre kan intertekstueel ’n verband getrek word met *Stanley Bekker en die boikot* (1980: 15) wat intertyd verbied is: “Pa hou skool by Frank en Frikka se skool. Hulle het nie genoeg skoolboeke nie. Daar’s die hele tyd moeilikheid. Hulle moet ou verflenterde boeke oor en weer leen. Oom Stan het die matrieks gehelp om geld in die hande te kry vir eksta boeke. Frank sê: ‘En as ons eindelijk ons boeke het, sit ons met ’n onderwyser wat nie sy werk ken nie.’ Nou het Frank-hulle besluit om hulle klasse te boikot”. Hier word ’n tragedie uitgespel. Die staat is in hierdie vertelling dwangmatig en die teenpool van Hegel se idealistiese siening.

## **7.7 Kritiek teen die opstand wat ontaard**

*Kroniek* (pp. 44, 45) ondermyn egter ook die aansien van die opstand as bevrydende instansie / handeling wat die idealistiese staat sou kon herstel: “Teen Vrydag was dit nie meer die opstand wat baie begeer nie. In die nag het klein gewapende bendes toegeslaan en mense aangeval en beroof. Die werkers in die stede wat smôrens en

smiddae soms ver ente moes stap omdat busse slegs tot die rand van Soweto kon ry, is nie meer met rus gelaat as hulle die vuig lig en *Amandla!* uitroep nie. Nou word drankwinkels nie meer aangeval om drank te vernietig nie, die plunderaars het oorgeneem, die meeste van hulle smoordronk.” Tumelo John veroordeel boewery: “Het jy gehoor van daardie vrou wat hulle met die band om die nek verbrand het ... sê sy het vir die Polisie gewerk?’ ‘Boewery, dis wat dit is,’ sê Tumelo John met beslistheid. ‘Dis doodgewone boewery. Soos laas in Soweto het die boewe weer die oorhand gekry. Die mense wil maar net nie leer nie’” (p. 210). Buite sowel as binne die polisie word boewery veroordeel: “ Boewery, dink hy weer. Tyre-geregtigheid. Van boewery raak jy nie ontslae nie, nie eens as jy in die Polisie is nie” (p. 211). Hier en ook elders in die teks word ’n meerduidigheid of pluraliteit duidelik waargeneem. Tumelo John as retoriese verteenwoordiger van die korrekte, idealistiese staat bly egter ideologies onbesmet.

### **7.8 Afwyking van die meesternarratief**

In *Kroniek* word aangetoon dat geen afwyking van die meesternarratief in die polisie geduld word nie. Die dislojaliteit van die “versteekte ideologie” word juis gehandhaaf en beveilig soos wat Tumelo John se dood uiteindelik illustreer. Dit strook intertekstueel met een van die romanteksdrade van Multatuli se *Max Havelaar* waarin Havelaar veg vir die onthulling dat idealistiese koloniale maatreëls nie gehandhaaf word nie. Dit word duidelik uit onder andere bevele wat binne die gesagstruktuur gegee word: “Jy moet dié Moleko vasvat. Daar is dinge waaroor ’n polisieman nie twyfel nie ...’n polisieman moet weet wat reg is. En hy moet weet wat verkeerd is. En reg bly reg en verkeerd, verkeerd” (p. 46). Hier is ’n ironiese kode aan die werk wat soos ’n rooi draad deur die storie loop. Die kode sê dat dit vanselfsprekend en doodnatuurlik is dat die polisie in die algemeen en sy topbestuur in die besonder *weet* wat reg en verkeerd is. By implikasie doen polisielede wat reg is en keur hulle dit wat verkeerd is heeltemal af. Hiermee word gewaarsku dat konformering ononderhandelbaar is en dat enige bevraagtekening of afwyking daarvan gevaarlik is: “... Eerlikwaar ek verstaan jou nie, dis doodsake om so skoor te soek” (p. 292).

## 7.9 Die staat ondermyn sy burgers

In *Kroniek* (p. 71) word geïnsinueer dat die staat die vryheid van sy burgers ondermyn deur op hierdie burgers te spioeneer: “Eintlik moet Zondi nie eens aan die dinge dink nie, sê nou maar hy laat val iets in sy slaap. Hier het alles ore, die mure, die bome, die bossies, ook die klippe, ja selfs die klippe het ore” (p. 71).

In die romanwerklikheid word ’n lokval vir Tumelo John gestel: “Maar eers toe hy op pad werk toe by Temba-polisie aanry, sou hy besef hoe byna hy die vorige aand in ’n lokval ingeloop het ... Hy sal nog meer versigtig moet wees, hulle begin selfs mense op my plant” (pp. 233, 234). Die vertelling vervolg: “En van Bullit weet jy natuurlik. Die outjie wat julle hiernatoe gestuur het om my uit te lok” (p. 292). Die vertelling suggereer dat Tumelo John vanweë sy parmantigheid en aandrang op regverdigheid, verdink word van bande met verbode politieke organisasies. Indien hy Bullit sou help, sou dit hierdie vermoedes bevestig en ’n verskoning vir verdere optrede teen hom gee.

Daar sou wel geargumenteer kon word dat hierdie tipe aksies nie lynreg teen Hegel se siening van die staat as die liggaam wat vryheid aan die individu waarborg, is nie. Die argument sou dan wees dat die staat die individu moet ondersoek wat die vryheid van die ander bedreig. Hierby kom egter dat die verteenwoordigers van die staat hier veel verder gaan as normale polisie-optrede. Kan hulle nog verteenwoordigers van die staat genoem word as hulle byvoorbeeld ’n hinderlaag lê en nie ’n wetlikgebaseerde inhegtenisneming uitvoer nie? Dit gaan beswaarlik nog om die handhawing van die staat, maar wel om die versteekte ideologie. Uit hierdie voorafgaande vertelling van die lokval word die kwesbaarheid van die individu romanmatig aangebied. Benewens individuele kwesbaarheid kom groepskwesbaarheid ook in *Kroniek* aan bod.

## 7.10 Die grondwet word gekritiseer

Die toentertydse nuwe grondwet wat steeds die meerderheid van die bevolking uitsluit, word by meer as een geleentheid in *Kroniek* geïdentifiseer en gekritiseer. Zondi vra byvoorbeeld vir Tumelo John: “... hoe kan die swartmense dan uitgelaat word as daar vir die land ’n nuwe grondwet opgestel word ...” (p.72). Vrae wat die leser uit bogenoemde kan vorm, sou onder meer verband kan hou met die vryheid van die individu binne ’n milieu waarin hy geen seggenskap het nie, en of mense wat tot

tweedeklas-burgers gerangeer word. Kommentaar wat ook die beginsel van 'n tweedeklaslewe onderstreep, word byvoorbeeld in *Stanley Bekker en die boikot* (1980: 16) aangetref: "... Ons is almal moeg vir 'n tweedeklaslewe".

### 7.11 Kritiek op die landswette

Benewens die grondwet word daar verskeie kere in *Kroniek* na verskillende wette verwys. In *Kroniek* word die implikasies van sekere diskriminerende wette aangebied en word dit duidelik dat hierdie wette nie Hegel se sienswyse dat wette rasioneel is, ondersteun nie. Die implikasies druis ook in teen Hegel se aanname van vroeër dat die burgers van die land nie deur wette benadeel word nie. Een so 'n voorbeeld hou verband met 'n nuwe kollegehoof, maar dit kom in verskillende vorme soos 'n refrein in die teks voor: "Die wet is al wat tel. Die mense bestaan nie vir hulle nie" (p. 91). Laasgenoemde stelling sou aanleiding kon gee tot 'n gedagtesprong en wel na Adam Small se gedig "What about de lô?" in *Groot Verseboek* (2000: 417, 419) wat verskeie vrae oor wetgewing in Suid-Afrika vra en op die impak van "Die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike van 1949 en "Die Ontugwet van 1950" op mense se lewens wys:

"What about de lô?"  
Diana was 'n wit nô  
Martin was 'n bryn boy  
dey fell in love  
dey fell in love  
dey fell in love  
sê Diana se mense  
what about de lô  
sê Martin se mense  
what about de lô  
sê almal die mense  
what about de lô  
sê Martin sê Diana  
watte' lô  
God's lô  
man's lô  
devil's lô  
watte' lô  
sê die mense net  
de lô  
de lô  
de lô  
de lô





what abou' de lô  
what abou' de lô  
Diana was 'n wit nô  
Martin was 'n bryn boy  
Diana commit suicide  
Martin commit suicide

Diana en Martin commit suicide  
sê Diana se mense  
o God behoed  
sê Martin se mense  
o God behoed  
sê almal die mense  
o God behoed  
Martin en Diana  
died for de lô  
God's lô  
man's lô  
devil's lô  
watte lô  
sê die mense net  
de lô  
de lô  
de lô  
de lô  
what abou' de lô  
what abou' de lô



Adam Small se gedig bekla die lot van mense wat hulle aan die ontvangkant van die wet bevind en sluit aan by 'n refrein in *Kroniek die wet is al wat tel*.

Aan die ander kant bevrageken hierdie gedig van Small die legitimiteit van Die Wet op Verbod van Gemengde Huwelik en Die Ontugwet. Die gedig bevrageken die gesag van dié wat dit uitgevaardig het. Hierdie gedig onderskryf nie Hegel se idealistiese siening van die uitvaardiging van wette nie. Hier is 'n klaaglied wat die verlies aan individuele vryheid weens die werking van 'n ideologie en gepaardgaande wetgewing uitwys.

Hierdie gedig dien as 'n klein geskiedenis van gewone mense, binne die groter geskiedenis van Suid-Afrika. Ook die fiktiewe skrywer van *Kroniek* verwoord sy intensie in terme van 'n klein en groot geskiedenis: "Ek probeer nie 'n roman skryf waarin studente die groot en helder lyne van jou geskiedenis kan volg nie. Ek skryf oor 'n armsalige mens wat versmoor word in weerwil dalk van die majestueuse afrol van geskiedenis" (p. 243).

## 7.12 'n Konteks vir klein geskiedenis

Resente Suid-Afrikaanse realiteite en geskiedenis word in *Kroniek* ingewef. Die kanonieke geskiedenis word as agtergrond en konteks vir 'n klein geskiedenis gebruik: “In al die swart dorpe van die Vaaldriehoek is 'n wegbly-aksie georganiseer ...Want 3 September was nie alleen die dag waarop die huur in al daardie dorpe opgeskuif is nie. Daardie einste Maandag het Suid-Afrika 'n nuwe grondwet gekry waardeur die land se Kleurlinge en Indiërs 'n beperkte parlementêre stem bekom het en die swartman nogmaals uitgesluit is” (p. 89). Verderaan vervolg die teks: “Die armes hét nie om meer te betaal nie en die ander wil weet waarvoor, hulle wil 'n sê hê” (p. 93). Die teks dui hier aan dat die verhoging van huurgeld 'n wet is, wat nie rasioneel is nie. Die arm mense het nie meer om te betaal nie en die ander wat wel kan betaal, het geen inspraak nie. Hiermee saam kan die veroordelende opmerking van Letshoene se vrou gelees word. Sy veroordeel die polisie as instrument van die staat wat met geweld toesien dat die wil van die staat tot uitvoer gebring word: “Daardie helikopters van julle is net bedoel om mense na hul dood te lok. Julle keer nie die gemors nie, julle máák dit” (p. 95). Dan is daar ook die opmerking wat die hoof van die polisie gelykstel aan 'n terroris: “Wat help dit om, sê maar, Kriek te straf? Die Minister van Polisie is dan self 'n terroris” (p. 365).

## 7.13 Verdeelde samelewing en verskillende menings

Die polisie word deur sommige karakters hierbo gelykgestel aan terroriste. 'n Misdaadverslaggewer in Pretoria wat goeie verhoudings met polisiemanne het, huldig egter 'n radikaal ander opinie. Sy opinie word getoets met 'n stelling deur die fiktiewe skrywer: “Party mense sê daar moet meer kontrole wees oor ons polisie, die dae is verby dat mens hulle kan vertrou ... Dat die Polisie 'n mag in sigself word, buite die reg optree en hand uitruk, is iets wat gedurig in ander lande voorkom. Hoekom sal ons Polisie uniek wees?” Die joernalis reageer deur te sê: “Nou praat jy politiek. As dit by die Veiligheidspolisie kom ... kan jy nie hulle eerbaarheid in twyfel trek nie” (p. 142). Vir hom is polisiemanne “gewone mense” (p. 141). Hierdie joernalis meen ook dat wangedrag deur die polisie as die uitsondering gesien moet word: “Jy moet dit sien as 'n uitsondering...” (p. 142). Sy mening word ook soos volg gerapporteer: “Hy sê wanneer dit by die Veiligheidspolisie kom... mag jy nie aan hulle eerbaarheid twyfel nie; hulle werk vir die land, dit het niks met politiek te doen nie, dit gaan om

landsveiligheid. Hy sê, ek moet dit van hom weet, dis mense met 'n hoë integriteit" (p. 143).

Die leser word met radikaal teenstrydige opinies gekonfronteer. Die besef dring ook deur dat 'n joernalis soos hierdie oortuig is van sy sienswyse, hy gee nie voor nie, hy gló dat wat hy sê die waarheid is. Die leser sou by implikasie kon aflei dat die joernalis en by implikasie die pers self mislei is, of deelneem aan die misleiding van die publiek. Die vraag ontstaan gevolglik: met watter en wie se waarheid word hier geploeg?

#### **7.14 Die groepsgebiedewet en tuislandwetgewing**

Ook die groepsgebiedewet en die tuislandwetgewing is in die konteks van *Kroniek* ingeweef. Hierdie instrumente het die vryheid van die meerderheid van Suid-Afrika se burgers aan bande gelê en word ook as sodanig in die roman uitgebeeld. Dit kom na die teksoppervlak in die vorm van opmerkings soos: "Hy't gehoor dit gaan woes in Bosplaas. Daar's gereeld klopjagte en uitsettingsbevele op nie-Tswanas" (p. 74). *Kroniek* veroordeel die 'tot-vreemdeling-maak' van Suid-Afrikaners in hierdie gebiede indien hulle nie tot die stam van die gebied behoort nie: "hoekom moet hy 'n vreemdeling wees?" (p. 75) Tumelo John self word ook deur die groepsgebiedewet geraak, maar omdat hy 'n polisieman is, is daar 'n groter mate van buigbaarheid en word uitsonderings toegelaat: "Jy weet ons mag anders nie hier bly nie" (p. 129). Permanente verblyfpermitte is in hierdie tyd gereguleer ingevolge artikel 10 van die Swart Administrasiewet: "Brigadier, ingevolge artikel 10 van die Swart Administrasiewet kwalifiseer dié man nie vir 'n permanente verblyfpermit daar nie" (p. 202). Die nie-fiktiewe dokumente dra bewyse van die beperking op verblyfreg soos onder andere aangestip deur prokureur Makhambeni in "**aanhangsel 2**". Hierdie beperking van beweging, en by implikasie van verblyf, is 'n aangeleentheid wat Spivak direk in haar werk noem. Dit hou ook verband met 'n opmerking oor geregtigheid en die wet soos gevind in Caputo (2008: 16): "But justice is not the law".

#### **7.15 Vryheid, plig en geregtigheid**

Drie woorde van laasgenoemde uitspraak "justice is not," oftewel "geregtigheid is nie ..." word herhaaldelik in *Kroniek* raakgelees. Tumelo John is ontsteld oor die

onmoontlikheid om griewe te lug en geregtigheid in die polisie te kry: “Mense kan nooit wettige griewe hê nie, nie swartmense nie” (p. 127). In die loop van die roman word dit sy plig om vir geregtigheid op te staan.

’n Gedagte wat Hegel oor die verhouding tussen plig en vryheid verwoord, konkretiseer op ’n aweregse manier in *Kroniek* deur middel van die karakter Tumelo John. Hier word verwys na die reeds genoemde stelling uit die werk van Stumph (1966: 339): “Vir Hegel moet vryheid binne die grense van plig konkretiseer”. Dit lyk of Tumelo John sy onvervulde behoefte om in die polisie gelukkig te wees kanaliseer en op ’n sekere manier *vryheid* ervaar in sy stryd en *plig* om geregtigheid: “Ek wil soos die brigadier sê gelukkig wees in die Mag, sonder klagtes ... Ek soek net een woord, Brigadier, ek is nie van gister af in die Polisie nie en nou’t ek begin agterkom, jy kan die woord nie hoor nie, nie as jy ’n swartman is nie, nee” (p. 208). Wanneer hy nie geregtigheid kry nie, sien hy dit as sy plig om ’n juridiese stryd te voer: “My kliënt het vroeër ’n siviele eis ingestel teen ’n kolonel wat hom aangerand het. Dis waar die ding begin het. My indruk was dat die kolonel se hele loopbaan daarmee heen sou wees, sou hy skuldig bevind word aan aanranding. Gevolglik was daar heelwat druk op Moleko om die saak terug te trek. Natuurlik van die kolonel se kant af en ook van die Polisie” (p. 212).

Dat hierdie plig ’n jarelange, duur en lewensgevaarlike stryd sou beteken, het Tumelo John ook nie daarvan laat afsien nie: “Ek is genoodsaak om ’n nederige en dringende versoek te rig vir ’n Hooggeregshofbevel of -instruksie teen my meerderes in die Suid-Afrikaanse Polisie voordat dit te laat is. Ek word vir niks gestraf nie omdat ek ’n swartman is wat magteloos is om die boosdoeners voor die reg te daag want hulle is wit met al die magte” (p. 239). Uit ’n opmerking van die een advokaat is dit duidelik dat dit ’n uitgerekte siviele regstryd is: “Dis reg, ek is die advokaat wat Moleko verdedig het in Julie ’85 – wêreld, ek kan nie glo dis al drie jaar gelede nie!”

Die wyse waarop Tumelo John die stryd om geregtigheid in *Kroniek* voer, skep die indruk dat hy dit as sy plig beskou. Hy maak ’n keuse betreffende die wyse waarop hy die stryd stry. Terwyl die prokureur op die juridiese aspekte fokus, kies hy om die stryd op ’n ander vlak, alleen en voort te sit. ’n Karakter met die naam Zondi beskryf Tumelo John se stryd as ’n eenman-geveg: “As ek maar sien, dan is hy op pad hospitaal toe, die heeltyd besig met sy eenman-geveg” (p. 349).

## 7.16 Ideologies gevormde sosiale kodes

Ideologieë beïnvloed die sosiale kodes in gemeenskappe. Die implikasie is dat indien die ideologieë van gemeenskappe verskil, die sosiale kodes sal verskil. Professor Meer (1987: 144) getuig in die hofsaak van Andrew Zondo oor die kloof tussen Suid-Afrikaanse gemeenskappe: “We live in a divided and deeply troubled society, divided by differences and deeply troubled by its failure to reconcile them ... ” Ook die gemeenskappe in die verbeelde wêreld van die romanteks openbaar sosiale kodes. Voorbeelde hiervan word gevind in opmerkings oor ongeskoolde arbeid in ’n gesprek tussen Tumelo John en Nkosi: ”Ek hoor daardie stakers kry maar R20,00 in die maand.” Die teenopmerking wat van Nkosi ontlok word, is: “Wat verwag jy, hulle het nie skoolgegaan nie. Wat anders kan hulle doen?” Tumelo John ken egter iemand wat nie skoolgegaan het nie en desnieteenstaande volgens die romangegewe wys en trots was: “... sy oupa, hy’t ook nie skoolgegaan nie” (p. 22). Twee teenoorgestelde ideologieë ten opsigte van die waardetoekenning aan mense kom hier deur middel van sosiale kodes na vore. Nkosi het die sosiale kodes van sy werkplek geïnternaliseer.

Ook Kriek se tirades dui sosiale kodes aan: “Toe hulle by die biersaal verbyry waar hulle die vorige dag wag gestaan het, sien Tumelo John dat dié ook afgebrand is. Dik rookwolke het steeds oor die hele stad gehang. Kriek het sonder verposing uitgevaar teen die swartes wat doodeenvoudig nie kan ophou met drink nie. “Suip hulle dik aan die gesteelde bier! Nou’s hulle seker tevrede”” (p. 45). Hier is ’n dubbele kode aan die werk. Nie net word swartmense uitgebeeld as mense wat onbeheersd drink nie, maar hulle is boonop ook diewe, want hulle steel die bier. Hierdie sosiale kodes word ook deur middel van ander romanelemente gedra, soos deur woorde wat gelade betekenis het.

### 7.16.1 Die houtkop

Die teks meld meerdere kere dat daar in die slaapkamer ’n (swart) houtkop is. Die karakter Tumelo John het dit in die winter van 1982 in Zimbabwe gekoop toe hy en sy skoonpa daar gaan kuier het. “Dis een van die beelde wat hy uit Zimbabwe gebring het, ’n vier keer gewone grootte menskop uit een of ander swarthout: dik opgeswelde bolip, groot neusvleuels en ’n lang leë holte by die oë wat dwarsdeur die neusbrug loop ... *Blinkop*, het die man gesê by wie hy dit daardie loom middag naby Mutare

gekoop het” (pp.73, 74). Daar is ook ’n linoosnee van ’n houtkop op die omslag. (**Sien kruisverwysing 4.7**) Houtkop verwys volgens die HAT (Odendal en Gouws, 2005: 427) neerhalend na ’n dom, onnosel mens. Hierdie kode is ook vroeg in die teks raakgelees toe “een senior instrukteur – sy van was Van Zyl” – ’n jongman van ’n ander ras smalend toevoeg: ‘Jóú mense dink hulle is royal game, nes die kwêvoël: ’n mens mag niks met julle aanvang nie; intussen is daar fokôl tussen die ore!’” (p. 25) ’n Verskeidenheid kodes word rondom die term *kop* in *Kroniek* geïdentifiseer.

#### **7.16.1.1 Die houtkop as die marginale**

Die kode wat met die verskillende verwysings na die kop in die teks ingeskryf word, kan verband hou met die gedagte dat iemand werklik dom moet wees om te dink jy kan ongeskonde daarvan afkom indien jy ’n grootkop van aanranding gaan aankla. Dit geld des te meer indien jy dit doen vanuit ’n marginale en ondergeskikte posisie binne die hoogs hiërargiese konteks van die polisie.

#### **7.16.1.2 Die grootkop as die sentrum en teenpool van houtkop**

’n Grootkop is in geselstrant volgens die HAT (Odendal en Gouws, 2005: 344) ’n “belangrike, invloedryke, gesaghebbende persoon”. Figuurlik gesproke, is so ’n persoon belangrik. Volgens die romangegewe is die kolonel ’n grootkop: “Kolonel Van Niekerk is die kollege se senior stafoffisier” (p. 70). Die rang van kolonel verleen aan hom ’n belangrike en sentrale posisie by die opleidingskollege en in die polisie. “Sedert kolonel Van Niekerk senior stafoffisier van die kollege geword het, loop almal ligvoet” (p. 96). Hierteenoor is Tumelo John ’n *niemand* binne die gesagstruktuur. Hy is in die verhaal minderwaardig wat rang en ras betref: “En jy moet onthou: Jy bly maar ’n swartman” (p. 117). “Welgemoed het gesê ek is *niemand* en hulle sal my maklik uitwerk” (p.129).

#### **7.16.2 Evaluering van gedrag in die romanteks**

Die maatstaf waarmee gedrag in die romanteks gemeet word, blyk ’n ideologiese onderbou te hê, veral wanneer die hoofkarakter, Tumelo John, teen die verwagting in selfgeldend optree. Hierdie aanname word vervolgens kortliks ondersoek aan die hand van enkele romangegewens.

### 7.16.2.1 Astrant en parmantig

Kolonel Van Niekerk tipeer Tumelo John se gedrag as *astrant* en *parmantig*:

“Kaptein, kom luister hoe parmantig is die man” (p. 153). Ook brigadier Botha is van mening dat hy parmantig is: “Jy’s die parmantigste manskap wat ek nog in al my jare in die Mag teengekom het ...” (p. 184, 185). Nog ’n senior, kaptein Engelbrecht, is die mening toegedaan dat Tumelo John se gedrag vermetel is: “Borea sou later vertel dat Engelbrecht die res van daardie dag getier en gevloek het oor die vermete sersantjie wat hom so wit hou en almal – selfs vir Hoofkantoor – staan en rondfok, maar slim vang sy baas!” (p. 199).

Tumelo John sien sy eie optrede nie as astrant of parmantig nie. Hy meen veel eerder dat hy sy plig doen. Volgens die romanteks streef hy eerder daarna om sekere gedragsveranderings by sekere van sy seniors te bewerkstellig, omdat hul rassistiese gedrag ideologies-gedetermineerd is (en indruis teen die raamwerk van die Mag soos wat by die Kollege uitgespel word): “Hy’t my ’n kaffer genoem. En ek is saam met hom in die Mag ... Jy sê nie so iets vir iemand wat saam met jou in die Mag dien nie. Dit word nie gedoen nie. Ons staan saam in die Diens. Hulle weet die werk kan nie sonder ons gedoen word nie” (pp. 128, 129). Tumelo John regverdig sy “astrante optrede” soos volg: “As ek dit nie doen nie, sal jy aanhou om die jongmanne soos kaffers te behandel. Dit sal jou leer” (p. 152).

Hoewel Tumelo John weet dat sulke gedrag negatiewe gevolge vir hom mag inhou, is hy nie bang nie: “Jy wil my hangpaal toe dryf. Maar ek is nie bang nie. My prokureur weet hoe goed is my saak. En jy weet dit ook, Kolonel. Jy weet wat gebeur vandag as jy mense kaffers noem. Maar jy wil dit nie weet nie, daarom kan jy my nie uitlos nie” (p. 153). ’n Houding soos hierdie waar ’n karakter ’n senior ’n les wil leer kan egter katastrofale gevolge inhou.

### 7.16.1.2 Slim as teenpool van dom

Die aanwysing dat dit dom en lewensgevaarlik is om nié te luister na dié wat in beheer is nie, word by vele geleenthede en in terme van verskeie karakters in die teks aangetref. Dom en slim word in ’n hiërargiese verhouding geplaas.



In soverre dit die karakter Mxenge en sy vrou aangaan, word onder andere die volgende opmerkings aangetref: “Die Donderdagmiddag met hul vertrek uit Durban ... sê Nkosi ewe terloops toe hulle by die Umlazi-fietsstadion verbyry: ‘Sien jy daar?’ Hy wys sonder om sy kop in daardie rigting te draai. ‘Dis waar ou Mxenge sy doodsteek gekry het, net dáár het hulle hom die volgende dag opgetel, keel af, wat praat ek, byna sonder sy kop en geen ore nie’” (p. 76). Die verwysing na geen ore nie dui sterk op die feit dat nie geluister word nie. Om slim te wees word in die teks as dom geteken: “... dan kry jy slim kêrels soos Mxenge ... ‘Maar slim vang sy baas, soos die Boere sê’” (p. 76). Die teks gee ’n sterk aanduiding dat hierdie slagoffer en sy vrou wat ook later in die romanteks as slagoffer geskets word, nie wou luister nie: “Slim vang sy baas ... hy’s gewaarsku hy sal soos Richard Turner doodgemaak word, sy twee bullterriërs is vergiftig, maar nee, al wat aanneuk is hy. Hoe kan ’n mens so stupid wees?” (p. 77). Ook word gesê: “En sy vrou wil ook niks luister nie. Sy’s prokureur, saam met hom ... Mense wat nie wil luister nie, moet dan maar voel” (p. 78).

Dit wil voorkom of Nkosi die besonderhede van die moord net te goed ken, veral as dit saamgelees word met die opmerkings van ’n Askari: “Jy’s die een wat met die rooi Mazda gekom het. Die ander ouens het gekom in ’n kombi ... Sê my, hoe het julle dit gedoen, wat het julle met hom gemaak?” (pp. 178, 179). Die indruk word geskep dat die polisie, by name van onder andere Nkosi, betrokke was by hierdie politieke moord.

Tumelo John kry vroeg in die romanteks die eerste waarskuwing dat hy as polisieman homself nie te slim moet hou nie “... Oppas dat jy nie gans en al te oorlams raak vir ’n poliesman nie! (p. 45)”. Hierdie waarskuwing geld nie net in terme van die wit-swart verhouding binne die polisiemag nie, want in die romanteks word dit wyer van toepassing gemaak, soos wanneer Mabe reageer toe hy deur Tumelo John verkla word oor sy weiering om vir die foto’s te betaal: “... astante klein hel, jou sal ek nog regsien! wag maar” (p. 59).

Die karakter en huisviend van Tumelo John, Nkosi, waarsku hom ook uitdruklik: “Ek is ’n polisieman, ek ken die trade. Ek wil jou waarsku ... Shit, Tumelo, jy speel met vuur ... Maar, swaer, as jy nie ophou nie ... hulle sal jou uitvat” (p. 165). Ook brigadier Botha waarsku hom: “Jou parmantigheid gaan nog jou einde beteken” (p.

171). Bogenoemde aanhalings insinueer dat die staat moord sal orkestreer as dit nodig geag word. Tumelo John weet hy moet op sy hoede wees want hy sê: “God besluit oor die dood ... Ek weet. Maar oop oë loop ek nie daarin nie” (p. 154).

### **7.16.2.3 Slim vang sy baas en sy dierbares**

Hy herinner homself by meer as een geleentheid dat hy nog versigtiger sal moet wees om te verhoed dat hy deur ondeurdagte gedrag ’n verdagte word, of alternatiewelik ’n slagoffer sal wees van ’n lokval: “Maar eers toe hy op pad werk toe by die Tembapolisie aanry, sou hy besef hoe byna hy die vorige aand in ’n lokval ingeloop het ... Hy sal nog meer versigtig moet wees” (p. 233).

Die hofsaak is op hande: “Hy bly dink aan die hofsaak wat binnekort moet begin, uiteindelik na drie jaar” (p. 340). Tumelo John is wel versigtig: “Die afgelope jaar wissel hy gereeld sy roete af” (p. 341). Desnieteenstaande is hy en sy vrou en seuntjie uiteindelik die slagoffers in die letterlike en figuurlike sin. Volgens die romanwerklikheid word Tumelo John se vrou in hul huis doodgeskiet terwyl hy vir hulle wegneemetes gaan koop. Met sy terugkeer word hy in sy huis doodgeskiet.

Die romanteks gee ook ’n weergawe van ’n koerantberig in die *Sowetan*. Hiervolgens is die klein Tsidiso sonder sorg by die lyke van sy ouers in die huis agtergelaat, en is hy eers die volgende oggend deur bure gevind toe hulle hom in die huis hoor huil het: “The child remained in the house from 10pm until early on Tuesday morning when neighbours heard him crying inside the house. There was nothing they could do to save his parents” (p. 356).

Die huis wat so belangrik was in die psige van Tumelo John en sy vrou, word die plek waar hulle uitgewis word en waar hul seuntjie sonder sorg gelaat word. Hulle word die offers wat geslag word en hul seuntjie is die slagoffer in die figuurlike sin.

### **7.17 Die ontknoping kom teen ’n prys**

Die ontknoping van die verhaal vertel van ’n verskeidenheid reaksies op die vernietiging van hierdie gesin.

Die polisie sê: “ ... hy is deur die Comrades vermoor” (p. 353). Die karakters wat op persoonlike vlak deur die moord geraak is, soos die skoonma, sê byvoorbeeld van Tshidiso, die kind wat oorleef het: “Die kind is nou 6 jaar. Wanneer ons by ’n polisiestrasie verbyry, sê hy: my pa het daar gewerk. Hy hou niks van die Polisie nie, hy’t gesien...Ons het hom saamgevat Soweto toe om by ons te bly ...” (p. 351).

Die vriend van die fiktiewe skrywer met insig in ’n staatsbestel soos hierdie, maak die opmerking: “Ons weet wat dit beteken as die Minister van Polisie sê rewolusionêres moet uitgevat word. Ook die karakter Huma, een van Tumelo John se prokureurs, maak ’n opmerking oor die politieke invloed op die polisie as staatsintelling: “... die beelddraer van die minister se kantoor beteken iets anders op die grond ...” (p. 349).

Die roman vertel ook van karakters in die polisie wat verlig is en van die staatsprokureur se regstegniese reaksie: “My instructions are that your client has recently passed away. Kindly confirm, and if so, I look forward to receiving your notice of withdrawal” (p. 357).

Dan is daar die ongelooft en (moontlik skuldgevoelens) van sekere regslui, soos Huma: “... In hierdie land betaal jy duur om op jou regte te staan” (p. 353). Die fiktiewe skrywer kom tot die gevolgtrekking dat Tumelo John nooit besef het hoe gevaarlik sy teenstander is nie en hy word gekonfronteer met onbeantwoorde vrae: “Hy’t die vyand tot op die laaste onderskat. Het hy soveel geweet dat sy vrou ook moes sterf? Was die irritasie so groot, of die haat?” (p. 356).

### **7.18 Die moorddossier word gesluit**

Laastens word ’n brief aan ’n menseregteprokureur in die naskrif van *Kroniek* aangehaal waarvolgens hierdie moorddossier deur die Polisie van Bophuthatswana gesluit word. Dit lui soos volg:

“MURDER: DECEASED JOHN MOLEKO, PENELOPE MOLEKO: MONDAY  
1987/11/30 AT TEMBA

An investigation is thoroughly conducted and there is no light leading to the detect of the suspect and subsequently the case docket is closed as undetected

Yours faithfully

COLONEL YY

Bophuthatswana Police” (p. 358).

Hierdie sluit van die dossier is in direkte teenstelling met die motto wat voor in *Kroniek* aangetref word: “’n moorddossier word nooit gesluit nie Generaal Jaap Joubert”.

### **7.19 *Kroniek* as ’n anti-Hegeliaanse roman**

Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat die staat van *Kroniek* in teenstelling staan tot die idealistiese staat van Hegel. In *Kroniek* word die Moleko-gesin verwoes. Die reële leser lees ook deur die groot, sowel as klein-geskiedenis in *Kroniek* van die sosiaal-politieke werklikheid wat deur wetgewing gesanksioneer word. Dit word duidelik dat hierdie wetgewing gebaseer is op ’n ideologie wat mense skade kan aandoen.

Hegel (Stumph, 1966: 341) sê ook dat die staat nie willekeurig bevele sal uitvaardig nie, tog gebeur dit in *Kroniek* en in die intertekste wat in hierdie lesing betrek is. Dit word in die lesing duidelik dat verskeie burgerlike gemeenskappe in die romanteks skade ly weens hierdie wetgewing en bevele.

Volgens Hegel (Stumph, 1966: 341) is die funksie van wette om rasionaliteit in gedrag teweeg te bring, maar die wette wat in *Kroniek* ter sprake is, soos die regulering van waar mense mag woon, blyk juis nie rasioneel te wees nie. Hierdie wetgewing word afgedwing deur staatsinstellings, soos die polisiemag en die weermag, soveel so dat een van die karakters in *Kroniek* beweer: “Ons kultuur het ’n militêre kultuur geword, ’n kultuur van geweld” (pp. 349, 350). Met hierdie voorstelling word die staat eerder as die teenpool van Hegel se absolute idealisme uitgebeeld.

### **8. Voorlopige opmerkings wat die einde van die fase 2-lesing aandui, oftewel ’n anomaliese samevatting.**

Johnson (2011: 202) se opmerking oor postmodernisme dien deels as grondslag vir die motivering vir hierdie anomaliese samevatting: “In the late twentieth century humanity is held to have adopted a mindset sometimes labelled ‘postmodern’. Here the objectivity and certainty of knowledge are denied.”

In samehang met bogenoemde noem Hambidge (1984: 209) “Ek kan aan geen begrip dink wat méér ondekonstruktief is as die konsep samevatting nie ... Ek kan hoogstens tot dusver, tot hier, voorlopig ’n paar opmerkings neerskryf. In aansluiting by Hambidge (1984) en Johnson (2011) hierbo beaam hierdie navorsing dat ’n dekonstruktiewe lesing ’n voorlopige lesing is en nie saamgevat kan word of finaal (af)gesluit kan word nie. Dit eggo die motto van generaal Jaap Joubert voor in Kroniek: “’n moorddosier word nooit gesluit nie”.

Voorlopige opmerkings wat wel gemaak kan word, is onder andere:

Kroniek betrek taaldokumente. ’n Vertrekpunt sou kon wees om te sê dat nie-fiktiewe dokumente op fiksie geënt is. Die omgekeerde sou ook waar kon wees, naamlik dat fiksie op nie-fiktiewe dokumente geënt is.

Die dokumente wat nooit die hof of ’n leergebinde uitspraak gehaal het nie se romanmatige rekonstruksie het ’n boek gehaal, in die sin dat dit vele drade voorsien vir ’n gepubliseerde, geweeftde produk. So gesien, is die opposisie en hiërargie van nuttelose sameraapsel as ondergeskik en nutteloos versteur, hoofsaaklik omdat die leser tot jurie gemaak word. Die reële leserskorps as jurie bied geen waarborg dat die beslissing waartoe gekom sal word ten gunste van die hoofkarakter sal wees nie. Daar is dus nie sprake van die omkeer van die hiërargie nie, bloot van die potensiaal van versteuring.

Die konstrueringsproses, of in die woorde van Wilhelm Liebenberg (1985: 47) “hoe die teks (in hierdie geval die fotokopieë) werklikheid lees,” word met die beskikbare dokumente meer sigbaar. Die neerslag van woorde, metafore, feite, retoriek uit die gefotokopieërde diskoerse, word herken. Metafore waaroor daar ’n teoretiese onderbou in dekonstruksieliteratuur is, is nie in hierdie ondersoek gedek nie. *Kroniek* as ’n taalkonstruksie wat in die tagtigerjare van die 20ste eeu deur die skrywerspersoon John Miles in Suid-Afrika gekonstrueer is, leen hom tot dekonstruktiewe lesings op verskillende vlakke en vanuit verskillende teksopeninge. Miles het ’n aantal nie-fiktiewe dokumente, geskiedskrywing en koerantberigte en tekste gemanipuleer om van die beskikbare diskoerse (van die tagtigerjare en vroeër, binne en buite die Suid-Afrikaanse konteks, van taalspore) ’n teks te bou.

## 9. Bibliografie

- Abrams, M.H.** 1989. "Construing and Deconstruction". In: Rajnath (Ed.). *Deconstruction: A Critique*. London: Macmillan Press.
- Alberts, J.C.A.C.** 1982. *Personasie en wêreld in die prosa van John Miles*. Ongepubliseerde proefskrif. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- Baldick, C.** 2001. *Concise Oxford Dictionary of Literary Terms*. New York: Oxford University Press.
- Barthes, R.** 1970. *S/Z*. Paris: Éditions du Seuil.
- Barthes, R.** 1970. *Mythologies*. Paris: Éditions du Seuil.
- Barthes, R.** 1974 (1970). *S/Z*. Vert. Richard Miller. Oxford: Basil Blackwell.
- Barthes, R.** 1975. *The Pleasure of the Text*. Vert. R. Miller. New York: Hill and Wang.
- Barthes, R.** 1977. *Image-Music-Text*. Vert. S. Heath. London: Fontana.
- Becker-Lecrone, M.** 2005. *Julia Kristeva and literary theory*. New York: Palgrave Macmillan.
- Belsey, C.** 1983. *Critical practice*. London / New York: Methuen. New Accents series.
- Boon, L.P.** 1957. *De bende van Jan de Lichte, een bandietenroman uit de jaren 1700*. Amsterdam: Arbeiderspers.
- Borg, R.** 2007. *The Measureless Time of Joyce, Deleuze and Derrida*. London: Continuum International Publishing Group. Continuum literary studies series.
- Boshoff, S.P.E. & Nienaber, G.S.** 1967. *Afrikaanse etimologieë*. Stellenbosch: Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Botha, E.** 1975. "Prosakroniek". In: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 15(2), Junie, pp. 108 – 114.
- Botha, E.** 1988. "... 'n skone spieël, gekraak, gebreek...": Breyten Breytenbach se "bespieëlende nota's van 'n roman": *Mouir* (1983) as versplintering van 'n tradisie in *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 4(4), Desember. pp. 404 – 416.
- Brannigan, J.** 1996. "Writing DeTermination: Reading Death in(to) Irish National Identity". In: John Brannigan, Robbins, R en Wolfreys, J. (red.). *Applying: To Derrida*. London: Macmillan Press Ltd, pp. 55 - 70.

- Breytenbach, B.** 2009. *Intimate Stranger. A Writing Book*. New York: First Archipelago Books Edition.
- Brits, P.** 1996. *Suid-Afrikaanse aktualiteite in Blaaskans – die bewegings van Flip Nel*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Brown, D. & Krog, A.** 2011. *Creative Non-Fiction: A Conversation*. South African Contemporary History and Humanities Seminar, Paper No. 335, Bellville: University of the Western Cape, Centre for Humanities Research and Department of History. 1 March.
- Burger, W.** 1992. “Suidpunt-jazz van André Letoit: Waardeoordeel en die lees van ’n postmodernistiese prosateks”. In: *Literator* 13(1) April, pp. 51 – 65.
- Burger, W.** 1994. “Postmodernisme: doelgerig of vrolike fuif? ’n Polisieroman en ’n moorddroom”. In: *Literator* 15(1), pp. 59 – 71.
- Camus, A.** 1978. *Le mythe de Sisyphe: essai sur l’absurde*. Paris: Gallimard
- Caputo, J.D.** (ed). 2008. *Deconstruction in a Nutshell. A Conversation with Jacques Derrida*. New York : Fordham University Press. Tenth printing.
- Cirlot, J.E.** 1973 (1963). *A dictionary of symbols*. Vert. J. Sage. 2de druk. London: Routledge & Kegan Paul.
- Cloete, T.T.** (red.). 1992. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-literêr.
- Culler, J.** 1989. *On Deconstruction. Theory and Criticism after Structuralism*. New York: Cornell University Press. (sesde druk)
- Degenaar, J.** 1992. “Ideologie”. In: Cloete, T.T. (Red.). *Literêre Terme & Teorieë*. Pretoria: HAUM-literêr, pp. 171 – 173.
- De Beer, M.** 1988. *Oor die kortkuns van John Miles*. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Grahamstad: Universiteit Rhodes.
- De Lange, M.** 1997. *The muzzled muse*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.
- Derrida, J.** 1973. *Speech and Phenomena*. Evanston : Northwestern University Press.
- Derrida, J.** 1976. *De la grammatologie*. Paris : Éditions de Minuit.
- Derrida, J.** 1981. *Glas*. Volume 2. Paris: Éditions Denoël / Gonthier.
- Derrida, J.** 1986. “But, beyond...” (Open letter to Anne McClintock and Rob Nixon). Vert. Peggy Kamuf. In: *Critical Inquiry*, 13(1), Autumn, pp. 155–170.
- Derrida, J.** 1995. *Limited Inc*. Evanston, IL: Northwestern University Press. 4de druk.



- Derrida, J.** 1997 (1967). *Of Grammatology*. Vert. Spivak, G.C. corrected edition. Baltimore and London: The John Hopkins University Press.
- Derrida, J.** 2008. In Caputo J.D. (ed). *Deconstruction in a Nutshell. A Conversation with Jacques Derrida*. New York : Fordham University Press. Tenth printing.
- Derrida, J.** 2010. *Copy, Archive, Signature, A Conversation on Photography*. Edited with an introduction by Gerard Richter. Vert. J. Fort. Stanford California: Stanford University Press.
- De Vries, A.H.** 1989. *Kortom 2. 'n Gids by die Afrikaanse Kortverhaalboek*. Kaapstad / Pretoria: Human & Rousseau
- Du Pooy, H.** 1992. "Semiotiek". In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre Terme & Teorieë*. Pretoria: HAUM-literêr, pp. 473 – 476.
- Freeman, M.D.A.** 2001. *Lloyd's Introduction to Jurisprudence*. London: Sweet & Maxwell. 7th Edition.
- Genette, G.** 1997. (1986) *Paratexts: thresholds of interpretation*. Vert. Lewin, J. E. Cambridge: Cambridge University Press. Literature, Culture, Theory Series.
- Giliomee, H & Mbenga, B.** 2007. *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.
- Hambidge, J.** 1984. *Die metaroman – 'n Dekonstruktiewe-ondersoek*. Ongepubliseerde proefskrif. Grahamstad: Universiteit Rhodes.
- Hambidge, J.** 1992. "Dekonstruksie". In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre Terme & Teorieë*. Pretoria: HAUM-literêr, pp. 67 – 69.
- Hambidge, J.** 1992. "Post- strukturalisme". In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre Terme & Teorieë*. Pretoria: HAUM-literêr, pp. 400 – 403.
- Hambidge, J.** 1995. *Postmodernisme*. Pretoria: J.P. van der Walt.
- Harasym, S.** (ed). 1990. *Spivak The Post-Colonial critic. Interviews, strategies, dialogues*. New York: Routledge.
- HAT-kaartjieverzameling.** 2011. Stellenbosch.
- Hawthorn, J.** 1993. *Unlocking the text, Fundamental issues in Literary Theory*. London: Edward Arnold.
- Hendrix, H.** 2009. "De lezer in de tekst". In: Wurth K.W. & Rigney, A. *Het leven van teksten. Een inleiding tot de literatuurwetenschap*. Derde druk. Amsterdam: Amsterdam University Press, pp. 199 – 228.
- Hermans, M. A.** 2011. *The Latin Peritexts of the Dutch Botanist, Rembertus Dodonaeus (1517 – 1585). An historical and literary analysis and commentary*,

*supported by translations into English.* Ongepubliseerde proefskrif. Bellville: University of the Western Cape.

**Hillis Miller, J.** 1996. "Derrida's Others". In: John Brannigan, Robbins, R and Wolfreys, J. *Applying: To Derrida*. London: Macmillan Press ltd, pp. 153 – 169.

**Johnson, C.** 1997. *The Scene of Writing*. London: Phoenix. The Great Philosophers IX.

**Johnson, D.** 2011(2006). *A brief history of philosophy, from Socrates to Derrida*. London: Continuum International Publishing Group.

**Jonker, I.** 1975. "Die Kind". In: *Versamelde Werke*. Johannesburg: Perskor Uitgewery, pp. 74, 75.

**Kritzinger, M.S.B. en Labuschagne, F.J.** 1980. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, 7<sup>de</sup> uitgawe. Pretoria: J.L. van Schaik.

**Krog, A.** 2002 (1998). *Country of my skull*. Johannesburg: Random House.

**Leatt, J et al** (ed.). 1989. *Contending ideologies in South Africa*. Cape Town & Johannesburg: David Philip.

**Leitch, V.B.** 1983. *Deconstructive criticism: an advanced introduction*. New York: Columbia University Press.

**Liebenberg, W.** 1985. "Deconstruction, literature and ideology". In: *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 1 (3) Julie 1985, pp. 39-48.

**Macksey, R.** 1997 (1986) Voorwoord in **Genette, G.** 1997. (1986) *Paratexts: thresholds of interpretation*. Vert. Lewin, J. E. Cambridge: Cambridge University Press. Literature, Culture, Theory Series.

**Maghill, F.N.** (hoofredakteur). 1983. *Duisend Beste Boeke*, boekdeel 3, LAG-SAL. (Rousseau, L, Richard Rive, Abraham H de Vries en Eben Meiring: Mede-redakteurs vir Suid-Afrikaanse uitgawe) Kaapstad: Rubicon-Pers, pp. 1316 – 1318.

**Malan, C.** 1998. "John Miles (1939 - )". In: H.P. van Coller (red.). *Perspektief en Profiel*, 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis. Deel 1. Pretoria: J.L. van Schaik.

**Manson, A, Mbenga, B en Peires, J.** 2007. "1960: 'n Waterskeidingsjaar". In: Giliomee, H & Mbenga, B. *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg, pp: 333 - 336.

**Marshall, B.K.** 1992. *Teaching the Postmodern: Fiction and Theory*. New York / London: Routledge.

**Meer, F.** 1987. *The trial of Andrew Zondo. A Sociological Insight*. Johannesburg: Skotaville Publishers.

- Merlet, P.** (Hoofredakteur) 2004. *Petite Larousse*, grand format. Paris: Larousse.
- Miles, J.** 1970. *Liefs nie op Straat nie*. Kaapstad: Buren-Uitgewers.
- Miles, J.** 1973. *Okker bestel twee toebroodjies*. Kaapstad: Buren-Uitgewers.
- Miles, J.** 1978. *Donderdag of Woensdag*. Pretoria:Taurus.
- Miles, J.** 1983. *Blaaskans*. Pretoria :Taurus.
- Miles, J.** 1991. *Kroniek uit die doofpot*. Pretoria: Taurus.
- Miles, J.** 2003. *Die Buiteveld*. Kaapstad: Human&Rosseau.
- Miles, J.** 2009. *Voetstoots*. Kaapstad: Human&Rousseau.
- Moi, T.** (ed.) 1986. *The Kristeva Reader*. Oxford: Basil Blackwell.
- Muller, M.** 1992. "Postmodernisme". In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre Terme & Teorieë*. Pretoria: HAUM-literêr, pp. 397 – 400.
- Multatuli** (Eduard Douwes Dekker). 1974 (1860). *Max Havelaar of de koffieveilingen der Nederlandse Handel-Maatskappij* 12<sup>de</sup> druk. Rotterdam: A.D Donker.
- Norris, C.** 1982. *Deconstruction. Theory and practice*. London: Methuen.
- Odendal, F.F & Gouws, R.H.** (reds.) 2003. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Midrand: Perskor.
- Olivier, B.** 1985. "The critical difference: Deconstruction and postmodernism". In: *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 1(3), Julie. Spesiale uitgawe.
- Rajnath.** 1989. *Deconstruction: A critique*. London: The Macmillan Press Ltd.
- Ray, W.** 1984. *Literary Meaning: from Phenomenology to Deconstruction*. London: Blackwell.
- Richter, G.** (red.). Inleiding in Derrida, J. 2010. *Copy, Archive, Signature, A Conversation on Photography*. Vert. J. Fort. Stanford California: Stanford University Press.
- Rigney, A.** 2009. "Teksten en Intertekstualiteit". In: Wurth K.W. & Rigney, A. (red.) *Het leven van teksten. Een inleiding tot de literatuurwetenschap*. Amsterdam: amsterdam University Press. pp. 77 – 111.
- Roodt, D.F.** 1994. *Ondermyning in die prosa van John Miles: 'n postmoderne lesing*. Ongepubliseerde proefskrif. Johannesburg: Universiteit van die Witwatersrand.

- Roos, H.** 1992. “Die ‘voorgeskiedenis’ van ’n dokumentêre roman: John Miles se *Kroniek uit die doofpot*”. In: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 33(2): 112 – 123.
- Roos, H.** 2004. “John Miles – Terug uit die Buiteveld”. In: *Tydskrif vir Letterkunde*, 41 (1), Somer, pp. 138 – 152.
- Rossouw, C.** 1996. *Die ondermyningstrategieë in Kroniek uit die doofpot deur John Miles*. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje Vrystaat.
- Scholtz, M.G.** 1985. “Diskoers as self-ondermyning: J. Derrida / J. Miles”. In: *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 1(3), Julie. Spesiale uitgawe, pp: 66 - 77.
- Schoonees, P.C.** (Hoofredakteur) 1974. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Tweede deel, D - F. Pretoria: Staatsdrukker.
- Schrover, E.** 1992: *Deconstructie en literatuur*. Muiderberg: Dick Coutinho.
- Small, A.** 2000. “What abou’ de lô?” In: *Groot Verseboek 2000*, saamgestel deur A.P. Brink, Oorspronklik saamgestel deur D.J. Opperman, Kaapstad: Tafelberg, p. 417 – 419.
- Spivak, G.C.** 1990. In: **Harasym, S.** (ed). 1990. *Spivak The Post-Colonial critic. Interviews, strategies, dialogues*. New York: Routledge.
- Spivak, G.C.** 1997. Vertalersvoorwoord in *Of grammatology*. Corrected edition. Baltimore and London: The John Hopkins University Press, pp. ix – 1xxxvii.
- Strelen, B. en Gonin, H.L.** 1950. *Woordeboek Afrikaans – Frans, Frans – Afrikaans*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Stumph, S.E.** 1966. *A History of Philosophy*, Part 3. New York: McGraw-Hill Book Company, pp. 327 – 344.
- Swanepoel P.H. en Kruger, W.** 1977. “Die verbrokkelde wêreld in die prosakuns van John Miles”. In: Steenberg, D.H. (red.) *Rondom Sestig. Perpektiewe op die nuwer Afrikaanse prosa*. Kaapstad en Pretoria: HAUM, pp. 189 – 199.
- Truth and Reconciliation Commission of South Africa Report**, 1998. volume 2, Department of Justice, Pretoria.
- Van Boheemen-Saaf, C.** 1985. “Deconstructivisme.” In: Segers, R.T. (red.). *Vormen van literatuurwetenskap*. Groningen. (pp. 229 – 247).
- Van der Merwe, C.N.** 2008. “Van skrywer tot struktuur en verder: Moderne benaderings tot die literatuurstudie”. In: Van der Merwe, C.N. en Viljoen, H. *Alkant Olifant. ’n Inleiding tot die literatuurwetenskap*. Pretoria: Van Schaik Akademies, pp. 83 – 127.

- Van der Merwe, C.N. en Viljoen, H.** 2008. *Alkant Olifant. 'n Inleiding tot die literatuurwetenskap*. Pretoria: Van Schaik Akademies. 2de druk.
- Van der Walt, J.W.G.** 1995. *The twilight of legal subjectivity: towards a deconstructive republican theory of law*. Ongepubliseerde proefskrif. Johannesburg: Rand Afrikaans University.
- Van Gorp, Hendrik, Dirk Delabasita en Rita Ghesquiere.** 1998. *Lexicon van literaire termen*. 7<sup>de</sup> hersiene druk. Groningen: Martinus Nijhoff uitgewers.
- Van Heerden, E.** 1997. *Postmodernisme en prosa. Vertelstrategieë in vyf verhale van Abraham H. De Vries*. Kaapstad / Pretoria / Johannesburg: Human & Rousseau.
- Van Jaarsveld, A.** 1990. *Referensialiteit in "Blaaskans, die bewegings van Flip Nel" deur John Miles*. M.A.-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje Vrystaat.
- Van Zyl, D.** 1997. *Die retorika en die Afrikaanse historiese roman*. Proefskrif. Annale 1997/2. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch.
- Viljoen, H.** 1988. Spieël, kamer van speëls: oor postmodernisme en representasie. In: *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* 4(4) Desember, pp. 417 - 426.
- Venter, L.S.** 1992. "Outeur (Epiek)". In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre Terme & Teorieë*. Pretoria: HAUM-literêr, pp. 359 – 361.
- Vorster, A.F.** 1988. *'n Dekonstruksie van 'n teks uit "Die ongedanste dans" van Breyten Breytenbach* M.A.- verhandeling. Grahamstad: Universiteit Rhodes.
- Weideman, G.H.** 1981. *'n Ondersoek na aspekte van die verhouding tussen "betrokkenheid" en "universaliteit" in die literatuur*. Ongepubliseerde proefskrif. Grahamstad: Universiteit Rhodes.
- Welsh, D.** 2007. "'n Nuwe grondwet". In: Giliomee, H & Mbenga, B. *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 403 - 411.
- Wepener, F.D.J.** 1934. *Louw Wepener, die oorloë van die Oranje-Vrystaat met Basoetoland*. Genotuleer op versoek van en gedikteer deur "Oom Dick" Wepener aan Danie Roux. Met inleiding en nota's deur M.H. Theunissen, lektor in Geskiedenis, Tegniese kollege, Johannesburg. Pretoria: De Bussy.
- Wolfreys, J.** 1998. "Justifying the Unjustifiable: A Supplementary Introduction, of sorts". In: Wolfreys, J. (ed.) *The Derrida Reader. Writing Performances*. Lincoln: University of Nebraska Press. Stages, volume 15, pp. 1 – 49.
- Wurth, K.W.** 2009. "Betekenis en Interpretatie". In: Wurth K.W. & Rigney, A. (red.). *Het leven van teksten. Een inleiding tot de literatuurwetenschap*. Amsterdam: Amsterdam University Press, pp. 261 – 289.

**Wurth, K.B. & Rigney, A.** (red.). 2009. *Het leven van teksten. Een inleiding tot de literatuurwetenschap*. Amsterdam: Amsterdam University Press.

#### **Koerantartikels**

**Kannemeyer, J.C.** 1991. Miles gee protes nuwe bestaansreg. *Beeld*, 24 Oktober: 2.

**Malan, C.** 1992. 'Huldeblyk' aan uitgewery. *Die Volksblad*, 6 Julie: 6.

**Pakendorf, G.** 1991. Miles se "Zeitroman" pure dinamiet. *Die Volksblad*, 19 Augustus: 8.

#### **Onderhoud**

Miles, J. Persoonlike onderhoud tydens Die Woordfees te Stellenbosch, 5 Maart 2008.

#### **Internetbron**

**Demko, G.J.** *G.J. Demko's Landscapes of Crime: The Mystery in Sweden*. Artikel elektronies beskikbaar by: <http://www.dartmouth.edu/~gjdemko/swedish.htm>

Laaste datum van toegang: 30/03/2012





**SERTIFIKAAT VAN BESTELLING/CERTIFICATE OF SERVICE**

Ek sertifiseer dat 'n afskrif van hierdie klagstaat behoorlik op die beskuldigde bestel is te  
I hereby certify that a copy of this charge sheet was served on the accused at. 5380 TEMBA H/kraal

en dat sy regte ingevolge die regulasies aan hom verduidelik is.  
and that his rights according to the regulations were explained to him.

Datum en plek 1985-07-02 UNIT D Themba  
Date and place

*Makola* LUITENANT  
K D MAKOLA 5172308B  
Handtekening/Signature

1 AANKLAG Die beskuldigde word verhoor op 'n aanklag van oortreding van regulasie 58(3)  
The accused is trialed on a charge of contravening regulation

van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 203 in Staatskoerant 719 gedateer 14 Februarie 1964.  
of the regulations published under Government Notice R. 203 in Government Gazette 719 dated 14 February 1964.

deurdat hy te Hammanskraal op of omstreeks die 26ste  
in that at on or about the

dag van November 1984 wederegtelik sy meerdere  
day of he did wrongfully and unlawfully

Kolonel W.P. van Zyl met geweld gedreig, of dreigende taal teenoor  
hom gebesig het deurdat hy aan Kolonel van Zyl gesê het "jy wil  
my uit die Mag uit werk, maar jy sal dit nie regkry nie", sy 9mm  
dienspistool gespan en gesê het "hier is 16 gelaai en ek is nie  
bang om te hang nie", of woorde met dieselfde betekenis en  
strekking.

AANKLAG 2 Die beskuldigde word verhoor op 'n aanklag van  
oortreding van regulasie 58(11) van die regulasies  
afgekondig by Goewermentskennisgewing R203 in  
Staatskoerant 719 gedateer 14 Februarie 1964 deurdat  
hy te Hammanskraal op of omstreeks die 1ste dag van  
Junie 1985 wederegtelik sonder verlof van diens  
afwesig was.

Die volgende getuienis is aangevoer in teenwoordigheid en ten aanhore van die beskuldigde wat by sy volle verstand  
The following evidence was adduced in the presence and hearing of the accused then in his sound and sober senses:

en kennis is:



MEMO

Client is Tumelo Richard Motasi, a Sergeant attached to the South African Police stationed at South African Police Training College, Hammanskraal.

Client is resident at 538 Unit D, Temba Bophuthatswana. Client has also applied for Bophuthatswana citizenship but the application has not yet been approved.

Client is a South African Citizen and employed by the South African Government as a Police Sergeant. Client's wife comes from Soweto and Client originally comes from the Orange Free State.

On 8/9/84 and at South African Police Training College, Hammanskraal client was assaulted by one Colonel Van Zyl of the South African Police who is client's senior. The said colonel also called client a kaffir and threatened to kill him. All these happened in the presence of visitors and other police trainee, who are client's juniors.

The South African Police Training College is apparently on Bophuthatswana soil. The said Colonel is staying on South African soil at the married staff quarters and he is a South African citizen.

When client was assaulted and abused, he was on duty and the Colonel was also on duty. Client's ear membrane was ruptured as a result of the assault.

QUAERERE:

i) What actions can be brought against Colonel Van Zyl;

- ii) In what capacity should he be sued that is whether the claim(s) is against the Minister or the Colonel personally?
  - iii) In which court must the action be instituted as this appears to be a border line case? That is whether South Africa's Supreme Court or Bophuthatswana Supreme Court?
  - iv) Uncertainty prevails over the question whether the South African Police Training College is on South African Soil or Bophuthatswana soil.
- Your immediate assistance is appreciated.



Dag en datum  
Day of week and date

Saturday 1951-09-08

220


Volgnummer Serial No.	Tijd Time	Aard van voorval Nature of occurrence
863		S.H.P. stud. other reason 262 S.H.P. stud. about 11:40 total steel strength 1115
<del>840</del> 864	12H05	State property left S.H.P. handed over to begun to get status
940		
<del>8298</del> 865	12H06	State property located by court. absolute and register placed in the duty room.
1002		
866	12H45	Department of Life Laboratory Det. Northridge, Sgt. White troubled, shaking, whistling, shaking, making noise and allegedly the shouting went together with collapse of platform (2, 65 and 70 per S.H.P. 255722) which was and would inspected by W.P. laboratory
885		
867	12H58	Assault: no. 316036401 Sgt. White, T.R. was confronted by S. Col. in at the duty room Report of witness and status
1637		
*		

by  
reel 317R

84-05

PERSENEEL VERGADERING GEHOU OP 1986-04-11 OM 07H00

1. Voorsitter heet almal welkpm.
2. Die sersant wat die veiligheidsmaatreëls aan aflossings verduidelik moet die betrokke inskrywings wat hy in die voorvalleboek maak onderteken.
3. Die studente en personeel se optrede by hek nr. 1 is onbevredigend. Dit moet ons vertoonvenster wees. Alle motors wat die kampus binnekom moet deursoek word.
4. Publiek wat sport alhier beoefen moet hul toelatingskaartjies toon anders sal hul nie in die kampus toegelaat word nie.
5. Personeel moet die regte kanale volg voordat die Bevelvoerende Offisier gespreek word.
6. Inspeksieregister moet elke dag deur die Diensoffisier nagesien word tesame met die voorvalleboekinspeksies moet elke dag voor 12h00 uitgevoer word. Luit(v) Stoman sal die register kontroleer.
7. Saluut en eerbevys. Personeel moet hulself op hoogte bring en nie uit onkunde optree nie.
8. Alle offisiere moet die Kerkdiens op 1986-04-27 bywoon en soveel personeel as moontlik. Die drag is wintersuniform met sagte lyfband en medaljelinte.
9. Kol. van Zyl gee opdrag dat indien sers. Motasi teëgekom word en hy toon nie die nodige [redacted] nie dan moet die nodige verklarings by kol. van Zyl ingehandig word. Dit geld ook vir adjudant-offisiere.
10. Luit. Sander, Matseba en sersant Makgatho vertrek na 16h00 op 1986-04-11 na Cullinan i.v.m. boks.
11. Kol. van Zyl bedank almal wat betrokke was by verlede naweek se bedrywinghede.
12. Besoekers vandag. Studente sal vanoggend die kampus skoonmaak.
13. Indien daar nie verantwoording gedoen kan word vir personeel tydens sport nie sal eerskonende Woensdag die laaste sportperiode wees. Slegs luit. Matseba, Balovi, A/O Pheelwane en sers. Molale was die enigste personeel betrokke op 86-04-08.
14. Voertuie wat op Vrydag gewas word moet afgehandel word voor 10h00 waarna studente na hul onderskeie klaskamers moet gaan.
15. Kapt. Swanepoel sê A/O de Lange aan om die gras op die parade grond te sny met oog op besoekers.
16. Voorsitter verdaag vergadering om 07h30.

  
.....KOLONEL  
( W.P. VAN ZYL )

Saturday 1987-09-08

Volgnummer Serial No.	Tijd Time	Aard van voorval Nature of occurrence
863		S.P. stud. other research 262 S.P. stud. about 1115
840		total steel strength 1115
864	12H05	States property to be stolen
940		handed over to police keys to get materials
8298		
865	12H06	State records checked by court Registrar placed in the duty room
1002		
866	12H05	Department of Police Laboratory Det. Northridge, Dept. of State Trucking, Trucking, etc. etc. aluminum, steel, etc. etc. aluminum to shorting orange together with evidence of plates 12, 15 and 70 for S.P. #5577 vehicle not and records inspected by Dept. of Police
385		
867	12H08	Assault on 3603641 Sgt. Alton, T.R. was arrested by the police at the duty room Department of Justice
1637		
*		

by  
Serial 317K

84-0005



A - F F I D A V I T

I, the undersigned,

Jack Nemuramba of 22 Mokoloboto Street, *J. N.*  
Saulsville, Pretoria, hereby make oath and say:-

1

The facts hereinstated are, unless otherwise stated, within my personal knowledge and I believe them to be true and correct.

2

On or about the 8th day of September, 1984, and at about *J. N.*

12h45 I was in company of one Mr. Thomas Matjitji and we had gone to visit a friend of mine, Mr. Alex Nemushuvhua who was an inmate of the S.A. Police Training College, Hammanskraal and we were waiting to be attended to by Sgt. R. Motasi. There were many other people and also a policewoman. She was attending to other people who wanted to enter the premisses of the said Training College.

3

A white police officer arrived at the gate driving a red scooter. He stopped and I saw Sgt. Motasi saluting him and giving a document thereafter. The said white officer was angry and he was screaming at sergeant Motasi in the Afrikaans language. I could not understand what he had to say. I saw the said white officer get off his scooter and delivering a blow against the side of the face of Sgt. Motasi who fell down from the impact of the blow.

4.

Sgt. Motasi lay for some time and then got up staggering whilst his cap was lying a distance away. I saw him picking up his cap. He looked dazed and in pain. I then was called to go through the gate of the college. At all times when I was there Sgt. Motasi did not defend himself or resist the attack launched by the white officer. I was scared that the said white officer might decide to attack all of us. *J. N.*  
*J. N.*

DATED AT PRETORIA ON THIS THE 7th DAY OF DECEMBER, 1985.

*F. L. M.*  
The deponent declares that he knows and understands the contents hereof; That he has no objection to taking the oath and considers his so taking the oath to be binding on his conscience; Signed and sworn to on this the 7th day of December, 1985.

COMMISSIONER OF OATHS

FULL NAMES :  
CAPACITY :  
AREA :

JOHN FELIX THOLI VILAKAZI  
COMMISSIONER OF OATHS  
PRACTISING ATTORNEY R.S.A./BOCHUTHATHAYANA  
SUITE 207, MARABA CENTRE  
ABIAN BAZAAR, PRETORIA  
TEL: 2511100

S. K. S. MAKHAMBENI

SAMUEL KASINGA SHILUBANE MAKHAMBENI  
BA (L.B.) (S.A.)

ATTORNEY - AT - LAW.

ASSISTED BY XXXXXX XXXXXX XXXXXX  
BA (L.B.) (S.A.)

SUITE 2 KHAMISSA BUILDING.

134E Third Street

Asiatic Bazaar.

PRETORIA.

P.O. Box 4241

Phone 3-1980

3231980

SKSM/MM/9776
My Ref. No. _____
Your Ref. No. _____

1984/11/14

Colonel Van Zyl  
 South African Police Training College  
 House No. 4  
 Private Bag X 493  
 HAMMANSKRAAL  
 0400

Dear Sir

re: CLAIM AGAINST YOU: RICHARD MOTASI

I have been instructed by my client Mr Richard Motasi to write to you and demand as I now do payment of the sum of R10 000,00 being for damages my client suffered as a result of your unlawful conduct.


My instructions are that on 8/9/84 and at South African police Training college, Hammanskraal, you assaulted my client by hitting him with an open hand, on his ear and injured his eardrum and you even called him a kaffir as a result of your unlawful conduct aforesaid, my client suffered damages arising from bodily injury and defamation.

Unless the sum of R10 000,00 is paid in at my office within one month from date hereof, I have instructions to proceed against you and you will be liable for costs.

Yours faithfully

S K S MAKHAMBENI

PER:





1944

S.K.S Makhambeni  
Suite 2 Khamissa Bldg 134-E 3rd Str. Asiatic Bazaar



Ref:

- 510° The Deputy Sheriff P.O. Box 16796 Pretoria North 2443
- 47 The Messenger of the Court P/Bug 9025 Alexandra T11B 2444
- 776 Colonel Van Zyl S.A.P Training College P/Bug 493 H/Kruis 2445
- 772 The Township Manager Mabolane Township Mubuyane 2446
- 404 The Messenger of the Court P.O. Box 16796 Ha North 2447
- 91 The Messenger of the Court P.O. Box 16796 Ha North 2448
- 750 The Messenger of the Court P.O. Box 16796 Ha North 2449

7 seven on list.

Epm J. Maseko

INLEWERINGSDEWYS VAN 'N GEREGISTREERDE STUK - CERTIFICATE OF POSTING OF A REGISTERED ARTICLE

Dra volg adres: Addressed as follows:		Geregistreeerde stuk Registered article no. 2443   2449	
A.K.S. MAKHAMBENI.		 <p>Office of posting</p>	<p>Asnneemsaampte Accepting Officer</p> 
7 SEVEN ON LIST.			
8455-80-65700-100 R.P.W.		P1/42	

Handwritten scribble and a circled number '1'.

Postmark: BELLE OMS...

Dag en datum  
Day of week and date.

MONDAY

1984-11-26

Volg- nummer Serial No.	Tijd Time	Aard van voorval Nature of occurrence
2464	05/11/84	Lid. van. 1. Sgt. Radtgerman and. assistent with VIKI rifle and 20 rounds of member injected by Sgt. Molasi.
2465	06/11/84	Relief off. of Sgt. Molasi, Ramsdell and Maphary according to duty Sgt's report, handed over 02 rifles and 12 rounds, 01 M1 rifle with 20 rounds members injected by Sgt. Molasi.
2466	06/11/84	"Johnny" - ref 21576 Relief off. 75 students of pl. 75 as per section Sgt's report, handed over 35 rifles, 20 rounds and 04 two- way radios except stud. Tobin who is detained members injected by Sgt. Molasi.
2467	06/11/84	O/S. perused: O/S entries: 541, 543, 546, 547, 551, 552, 557, 559, 561, 594, 1683, 1758, 1818, 1906,

24-11-26

2466

\*

*[Handwritten signature]*

Dag en datum  
Day of week and date

MONDAY 1984-11-26

220

Volgnummer Serial No.	Tyd Time	Aard van voorval Nature of occurrence
2467	cld.	1906, 1913, 2019, 2033, 2068, 2106, 2180, 2217, 2234, 2277
2468	A	2415, 2456, 2453, 2454, 2455, 2456, 2457, 2458, 2460, 2461 and 2462 W. Paul by Col
2469	0645	Post entry at 0545: Inspection all unnecessary lights switched off. Bicycle and date stamp in order.
2470	0740	Duty and instructions according to personnel daily report and inspected by Officer.
2471	0740	Duty and instructions as daily room supervisor and not inspected.
2472	0740	Arrival: Brig station from Petrosia per S.A. 59178K which inspected by Brig station.
2472	0740	Duty and instructions as

Handwritten notes and signatures on the left margin, including "84-11-26" and other illegible scribbles.

A handwritten asterisk symbol on the right margin.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

*Kitsgereguleerder*

9776

SUID-AFRIKAANSE POLISIE



SOUTH AFRICAN POLICE

NOTULE VAN VERHOOR  
PROCEEDINGS OF TRIAL

(Kragtens die bepalings van artikel 9 van die Polisiewet, No. 7 van 1958)  
(Under the provisions of section 9 of the Police Act, No. 7 of 1958)

VAN/OF

No. S160364N

Rang Rank Sersant

Naam Name Tumelo Richard Motasi

(hierna "die beskuldigde" genoem)  
(hereinafter called "the accused")

DEUR/BY

Nr. S155680W Kaptein Jabulani Frank Sibulela

(Offisier met verhoor belas)  
(Trial officer)

op die on the 29<sup>ste</sup> dag van day of November 19 84<sup>te</sup> at Hammanskraal Opleidingskollege  
om at 08 00 (Meld die plek en kantoonommer)  
(State place and office number)  
Kamer 110

op 'n aanklag van oortreding van regulasie  
on a charge of contravening regulation

58(3)

afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 203 in Staatskoerant 719 gedateer 14 Februarie 1964.  
published under Government Notice R. 203 in Government Gazette 719 dated 14 February 1964.

deurdat hy te in that at Hammanskraal op of omstreeks die 26<sup>ste</sup>  
dag van November 19 84 wederregtelik

he did wrongfully and unlawfully sy meerdere  
Kolonel W.P. van Zyl met geweld gedreig, of dreigende taal teenoor  
hom gebesig het deurdat hy aan Kolonel van Zyl gesê het "jy wil  
my uit die Mag uit werk, maar jy sal dit nie regkry nie", sy 9mm  
dienspistool gespan en gesê het, "hier is 16 gelaai en ek is nie  
bang om te hang nie", of woorde met dieselfde betekenis of  
strekking.

Die beskuldigde pleit  
The accused pleads

Uitspraak  
Judgment

Vonnis  
Sentence

Plek en datum  
Place and date

Offisier met verhoor belas/Trial Officer

Uitspraak en vonnis bekragtig  
Judgment and sentence confirmed

Afdelingskommissaris/Divisional Commissioner  
of/or Gemagtigde offisier/Authorised officer  
ingevolge/in accordance with  
Art. 9(4) Wet 7 van 1958/Sec. 9(4) Act 7 of  
1958

Plek en datum  
Place and date

Afdeling  
Division

P.T.O.

*Received* 27/11/84 *Denslee*



538 Unite "D"

P.o. Box 121

Temba 0401

HAMMANSKRAAL

8th August 1985

January 1985

- (a) The Honourable Minister of Police  
South African Parliament  
CAPE TOWN
- (b) The Commissioner  
South African Police  
PRETORIA
- (c) The State President  
South African Parliament  
CAPE TOWN
- (d) The Honourable Speaker  
South African Parliament  
CAPE TOWN
- (e) The Honourable Minister  
Progressive Federal Party  
South African Parliament  
CAPE TOWN
- (f) The Secretary  
South African Parliament  
CAPE TOWN
- (g) The President  
South African Council of Churches  
JOHANNESBURG
- (h) The Editor  
South African Press Association  
JOHANNESBURG

COMPLAINT:- NO. S160364N SERGEANT TUMELO RICHARD MOTASI, MEMBER OF THE FORCE STATIONED TEMPORARILY AT SOUTH AFRICAN POLICE HAMMANSKRAAL, SINCE 1985-07-11.

1. The honourable minister, I am a member of the force since 25th May 1973, with clean record of service. I here by bring this matter to your attantion as I have already suffered prejudice and loss.
2. On Saturday 1984-09-08, I was assaulted and insulted by my senior Colonel van Zyl while on duty at South African Police Training College Hammanskraal. I reported to my Commanding Officer, Brig. Malan with OB867/09/84, and opened a case with Bophuthatswana Police, who directed me to the nearby Doctor Mojapelo for medical treatment with R.C.I. 71/09/84, because the S.A.P. Training College is under their jurisdiction. The docket was taken over from the Bophuthatswana Police, by Brig. Malan of the S.A.P. Training College, for investigation and he appointed Capt. Swanepoel as an investigator and both officers intimidated me.
3. On Thursday 1985-06-20, I tried to report the matter to the Commissione of Police at Pretoria, by myself but I was refused an entry by the sergeant on duty there after making two telephene calls to different people saying that they know about my case but they will not help me. On Tuesday 1985-06-25, I gained permission to Commissioner's Office with the assistant of an advocat, and Brig. Venter was the Officer who told us, he is the one appointed to investigate my complaint.
4. On Friday 1985-07-19, I was called to the Head Office by Brig. Venter who showed me the docket, which is that of my case and he wanted me to finished him with the particulars of other witnesses, because the Bophuthatswana Sinior Public Prosecutor declined to prosecute the case, because there was not enough evidence in the case, and that was for the first I hear the results, but from his office I checked the case register again and it says the case is closed as false. Copies of my efforts to settle this matter without being victimised are enclosed here.

5. In my appeal to the Commissioner of police, dated 16th January 1985, I pleaded that the alleged misconduct case against me be halted, pending the out-come of my treatment at hospital, and that it be presided by an independent officer from different station, this is totally ignored. My transference to Soshanguve was recommended by Brig. Malan and as such the Presiding Officer, Maj. Soko and the Prosecuting Officer are still connected with the Commanding Officer S.A.P. Training College Hammanskraal, further-more I am still under-going medical treatment and the doctor is ruling second operation on my left ear from the injury I sustained when I was innocently assaulted by Col. van Zyl.
6. On Tuesday 1985-07-02, I was summonsed for departmental trial on Wednesday 1985-07-10, at Soshanguve police station, we attendet the trial proceeding only with my legal adviser and we were only told there that the complainant Col. van Zyl was on leave and the other witnesses were not present, so the trial was postponed to Friday 1985-07-26, where Col. van Zyl, Lt. Sander, Lt. Venter, Capt. Seko, all commissioned officer's were to give evidence against myself a mere junior. The charges against me are framed to strenghten the false one opened against me by Brig. Malan on-behalf of Col. van Zyl, Temba R.C.I. 27/10/84. I was also informed by the prosecuting officer Lt. Makola that I am liable for the caused of expenditure to my witness Capt. Dlamini from Sebokeng and his meal at Soshanguve Police Mess. My legal adviser was invited separately from me by Maj. Soko for lunch, so it means that his meal expenditures are still on my shoulders same as that of unnecessary departmental trial against me.
7. I am a family man, and a responsible person, my wife is unemployed after furthering her studies as full-time student for the year 1984, the child is attending pre-school, for R30,00c monthly, house rental with service + R120,00c, I have family accounts e.g. furniture, clothing, and motor vehicle, educating brothers and sisters because my parents are farm labours and my father is employed but my mother not, I am also taking cure of my grand-father and grand-mother together with their grand-children. Part of my medical expenses was deducted from my salary after I was refused W.C.A. funds and not yet refunded, I was only granted aid with the help Ga-Rankuwa Hbospital authorities, and still attending treatment with my own expenses in as far as transport is concerned between Temba and Ga-Rankuwa
8. I love my career, but for the sake of my future and success in the force I am compelled to make a humble and urgent request for an investigation before it is too late, because I am really penalized for nothing. I am asking for your based co-operation in this regard. Looking forward to your sympathetic and positive response.
9. Copies of this letter were also send as addressed above.

  
NO. SI60364N SGT. T.R. MOTASI

BOPHUTHATSWANA POLICE



BOPHUTHATSWANA POLISIE

P/Bag — P/Sak ~~P.O. Box x 2004~~ x 2004

Ref./Verw.:	29/36/2 (16/88)
Enq./Navrae:	Sgt. Sekgarametso
TEL.:	32111 x 2235

OFFICE OF THE COMMISSIONER  
MAFIKENG  
8670

1989-08-31

Natioanl Director  
Lawyers for Human Rights  
713 Van Erkom Building  
Pretorius Street  
PRETORIA  
0002

Dear Sir

MURDER: DECEASED RICHARD MOTASI, IRENE MOTASI: MONDAY 1987/11/30  
AT UNIT "D" TEMBA RCI 2/12/87.  
YOUR MINUTE M4 DATED 1988/09/20.

1. My minute dated 1989/01/09 refers.
2. An investigation is thoroughly conducted and there is no light leading to the detect of the suspect and subsequently the case docket is closed as undetected.

Yours faithfully.


COLONEL  
f/COMMISSIONER : BOPHUTHATSWANA POLICE  
M.T. MOLALE

/mmm






# LOUW WEPENER



DIE OORLOË VAN DIE ORANJE-  
VRYSTAAT MET BASOETOLAND

DEUR

F. D. J. WEPENER



LOUW WEPENER met LOUWRENS, oudste seun uit die tweede huwelik.

# LOUW WEPENER

DIE OORLOË VAN DIE ORANJE-  
VRYSTAAT MET BASOETOLAND

DEUR

F. D. J. WEPENER

OUD-VOLKSRaadSLID EN LANDDROST VAN WEPENER, ZEERUST  
EN HEIDELBERG GEDURENDE DIE O.V.S. EN DIE TRANSVAAL SE  
REPUBLIKEINSE DAE.



UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

GENOTULEER OP VERSOEK VAN  
EN GEDIKTEER DEUR „OOM DICK“  
WEPENER AAN DANIE ROUX

MET INLEIDING EN NOTAS DEUR

M. H. THEUNISSEN B.A. B. ECON. H.O.D.  
LEKTOR IN GESKIEDENIS, TEGNIESE KOLLEGE, JOHANNESBURG



FIRMA J. H. DE BUSSY, PRETORIA  
H. A. U. M. v/h J. DUSSEAU & Co., KAAPSTAD  
1934

Die mag was verdeel as volg: Elke Kommandant se manne was verdeel in drie afdelings van drie man diep in een lang ry, dus was daar altesaam nege afdelings.

### **Thaba Bosigo.**

Ons het uit die laer vertrek omtrent eenuur, soos ons gevorm was in nege afdelings en op dieselfde plek waar Vader sy kaart gemaak het het ons gehalt totdat die bevel kom om te storm. Ons het gewag en gewag en gewag maar geen bevel het gekom nie. Eindelik was dit daglig en toe sien ons dat ongeveer 150 treë links van ons 'n groot rots was en by die rots was Komdt. Fick met 'n aantal van sy offisiere. Nadat die son al op was, toe kom daar 'n man met 'n briefie van Komdt. Fick vir Vader om daarheen te kom.

Voordat Vader gegaan het het hy die bevel aan sy manskappe gegee om af te klim van hulle perde. Ek kon sien dat hy baie mismoedig was.

Van waar ek was kon ek Komdt. Fick en Vader sien praat.

Hulle het lank daar gebly en Vader het eers

tussen 12- en 1-uur teruggekom en toe gee hy vir my die bevel om sy saal af te haal van sy perd en dit op die ponie te sit en dan die perd na die laer te neem.<sup>1)</sup>

*„Want die berg sal vandag nie bestorm word nie.”*

### **Laaste sien van Vader.**

Ek het sy ponie opgesaal en hy het die teuels in sy arm gehaak en sy pyp opgesteek en na die noorde gestap.

Dit was die laaste maal wat ek hom lewendig gesien het, want ek het met sy perd na die laer gegaan en dit besorg en toe het ek gaan lê om te probeer slaap.

### **Weer terug na die veglyn.**

Ek het nie lank gerus nie toe hoor ek kanon-skote. Ek spring toe op en van die wa af en sien toe vir Joseph Robinson (later Sir J. B. Robinson) aankom van die rigting af waar die kanonne skiet. Ek het hom tegemoet gestap en vra aan hom wat gaande was. In kort het

<sup>1)</sup> Kyk nota V, bls. 94.

hy my vertel dat Vader na die noorde gegaan het om die berg te spioen, en dat daar 'n kaffer-kommando was en dat ons kanonne op hul vuur. Geheel tevrede het ek toe weer gaan rus, maar omdat die kanonvuur aanhou, word ek onrustig en staan weer op. Op die voorwakis kon ek die toppe van die kranse sien en waar die bomme bars. Ek het toe dadelik op my Vader se perd in die rigting gejaag. Toe ek die eerste bult uitkom toe kon ek sien dat daar mense onder die kranse was en ek was toe verseker dat hulle die berg aanval.

Ek moes toe nog 'n diep holte deur voordat ek onder die berg kon kom.

Voordat ek nog bo-uit was, ontmoet ek twee oop karre. Op die voorste kar was ons Komdt. Venter, swaar gewond, en op die tweede kar was waarnemende Veldkornet Horspul, ook swaar gewond. Ek het nie met hulle gepraat nie maar verby gejaag. Toe ek bo-op die bult kom, kon ek die hele berg sien en dit was net een stofwolk. Ek begryp toe dat ons mense gevlug het en ek jaag toe tussen Fick se kommando en kanonne deur om na my Vader te soek. Ek sien toe my stiefbroer Christian du Rand.

Toe ek by hom kom en voordat ek nog kon

praat, sê hy: „Vader is doodgeskiet, hy lê bo op die berg en Adam ook” (Adam Raubheimer, 'n dapper ongehude man van my jare). Van hieraf moet ek nou vertel wat deur Christian du Rand aan my vertel was. Ek geloof ook elke woord wat hy gesê het en daarvoor was hy ook bekend.

### Christian du Rand vertel.

„Toe ek en Adam terugkom van die water af, was jy weg met Vader se perd. Vader sê toe aan my dat ek moet kyk waar dat Komdt. Venter en sy mense is, want ek wil na die noordekant gaan om die berg te besien.’

Vader sê toe ook dat Komdt. Fick besluit het om vandag nie die berg aan te val nie.

Spoedig daarna was Komdt. Venter by ons met sy mense. Na skatting was ons ongeveer 100 man sterk toe ons voortry na die noorde.

Ons het toe noord gery tot aan die voet van die berg waar Job se huis staan. (Wie se huis dit was het ek nooit geweet nie. F. W.)

Reg voor die huis het Vader afgeklim, sy sakboek uitgehaal en met sy verkyker die berg bestudeer en neergeskryf in sy sakboek.

Toe hy nog besig was, stuur Komdt. Fick iemand met 'n order aan Vader, wat hy hardop gelees het as volg:

„Kommandant Wepener kom dadelik terug, ek het besluit om die berg dadelik aan te val.”

Toe skud Vader sy kop en neem dieselfde papier en skryf aan Komdt. Fick:

„Dit is reeds laat, ek sal jou raai om voordat jy jou besluit uitvoer om eers hierheen te kom en die berg te besien.”

Dit het nie lank geduur nie of Fick met sy hele kommando van omtrent 2000 man het daar aangejaag gekom. Toe hy by Vader kom, het hy so 'n paar maal na die berg gekyk en gesê:

„Ja, dit is die regte plek,” en toe sê hy: „Kommandant Louw Wepener, val die berg aan en klim op en neem hom.”

Vader het vir Komdt. Fick met verwondering aangekyk en toe ongeveer tien treë vooruit gery en die manne aangespreek as volg:

„Burgers, dit is laat, maar ek het order gekry om die berg te neem. Die my liefhet volg my.”

Hy het sy perd reg gedraai en stormgejaag na die voet van die berg. Ek skat dat uiters 300 man vir Vader gevolg het en die berg opge-

klim het. Omtrent halfweg die berg uit was Komdt. Venter swaar gewond en kort daarna waarnemende Veldkornet Horspul.

Ek het gehoor van verskillende ander persone wat gewond was, maar ek weet nie wie hulle is nie.

Ons het spoedig by die voet van die krans gekom waar Vader die eerste was wat die krans uitgeklim het. Toe hy bo uitkom het hy gesê: „Klim kêrels,” en toe spring hy in die eerste skans wat ongeveer twaalf treë verder was.

Ek en Carl Mathey (later prokureur te Bloemfontein en Johannesburg), Adam Raubenheimer en Engelbrecht was die eerste vier wat Vader gevolg het. Toe ons by hom kom in die eerste skans het hy gesê: „Laat ons besit neem van die tweede skans,” en toe hardloop hy na die tweede. Drie of vier man het intussentyd by ons in die eerste skans gekom.

Ons was nie lank in die tweede skans nie of Vader sê ons moet ruimte maak vir die ander wat kom en toe begin hy te hardloop na die derde skans.

Ek, Carl Mathey en Engelbrecht het hom gevolg en toe Adam Raubenheimer uit die tweede skans hom wil begin volg, toe kry Adam

'n dodelike wond. Ek het later gehoor dat Engelbrecht ook doodgeskiet was, maar nie by



Die Hang op Thaba Bosigo waar LOUW WEPENER gestorm het.  
 X Hier is nog die skanse waar hy gesneuwel is.

ons in die skans nie en ek weet ook nie of dit 'n ander Engelbrecht was nie.

In die derde skans was Vader gewond, hy het uitgeroep 'Ek is dodelik gewond', en toe

dood neergeval. Toe het Carl Mathey en ek vir Vader neergelê in die skans en sy hoed op sy gesig gesit. Uit die skans kon ek op die paadjie sien waarlangs ons mense mee moes uitkom en ek sien toe vir sekere Jan Lewis uitkom. Toe Lewis vir Vader sien dood lê, toe spring hy om en gee aan die ander tekens dat die Kommandant dood is. Ons hoor toe die gedruis en skreeue van die Kaffers en toe begryp ons dat die mense terug vlug, soos dit ook werklik was.<sup>1)</sup>

Toe was ons ook verplig om te retireer en in die haas het Carl Mathey Vader se oorlosie uitgehaal en sy hoed geneem. Die oorlosie het hy later aan my gestuur en gesê dat hy die hoed hou vir gedagtenis.

Met die terugvlug het Tom Papenfus op 'n diep sloot afgekom en uitgeroep: 'Heer, waar dan heen? tot U alleen of in die sloot? Ek dink verdomp in die sloot in?'

Hy spring toe in die sloot. Mense het dit aan my vertel en ek het hom later daarvoor uitgevra en hy het dit bevestig."

Hier eindig die verhaal van Christian du Rand.

<sup>1)</sup> Kyk nota VI, bls. 96.



### Treurige verlof na huis.

Toe ons teruggekom het in die laer het Komdt. Fick aan ons familieledede verlof gegee om na huis te gaan. Ons moes ook die twee gewondes, Komdt. Venter en Veldkornet Horspul, saamneem en hulle op Smithfield in die dokter se hande laat.

Horspul het die tweede dag gesterf en ons het hom toe naby Maboela begrawe.

Komdt. Gert Venter was vir 'n lang tyd siek, maar het later herstel, fris en gesond. Hy het na die tyd nog 35 jaar lank geleef.

As Republikeinse burger het hy in die Tweede Vryheidsoorlog deelgeneem en het sy dood ontmoet deur 'n koeël te Boksburg toe hy diep in die tagtig jaar oud was.

Ons is toe na huis en op ons aankoms daar het Moeder al geweet dat Vader dood is.

Sy het ook 'n brief ontvang van Magistraat John Burnett van Aliwal Noord. In gemelde brief het hy haar vertel dat hy die tweede dag na die geveg op Thaba Bosigo was, in verband met Britse belange en dat hy Vader se lyk gesien het. Dat hy instruksies gegee het aan George Mosjesj<sup>1)</sup> om die lyk te begrawe en dat wanneer

<sup>1)</sup> Die skranderste van Mosjesj se seuns.

daar vrede is en die familie die lyk wou hê, dat hy dit aan hulle moes afgee.

Ek het dadelik aan Mev. Venter laat weet dat haar man te Smithfield was en dat as sy enige hulp nodig had om daarheen te gaan dat ek bereid was om dit te doen. Haar antwoord was dat sy dadelik met wa en osse na Smithfield sou vertrek.

Toe het ek te perd gery na Aliwal Noord om Magistraat Burnett self persoonlik te sien.

Hy het my alles vertel net soos hy in die brief aan Moeder geskrywe het. En daarby het hy gevoeg:

„Ek het aan haar nie vertel dat ek gesien het dat jou vader se lyk oopgesny was nie. Ek het George Moshesh gevra waarom dit so was, sy antwoord was:

Koning Moshesh se bevel was dat hulle die hart moes uithaal en dit braai en dat hulle aan elke jong Kaptein 'n stukkie moes gee om te eet, sodat hulle ook kon so dapper word as hierdie man.”

Magistraat Burnett het my versoek om dit nie aan Moeder te vertel nie, en ek het dit ook nie gedoen nie.



Terselfdertyd het ek ook aan die Magistraat gevra waarom hy so kort na die geveg op Thaba Bosigo was; sy antwoord was kortaf: „British interest”.

### Terug na Thaba Bosigo.

Voordat ons verloftyd nog om was het ons na die laer teruggegaan. Die besetting van Thaba Bosigo en die oorlog het nog langdradig voortgeduur. In September 1865 het dit daar baie gereën. Die gevolg was dat die meeste van Mosjesj se beeste op die berg gevrek het en toe was die ruik om die laer so vergiftig dat ons verplig was om die laer te versit van die berg af.

Die Krygsraad het besluit om die berg nouer te omsingel sodat daar minder kans was om met die buitewêreld te verkeer. Die buite-kommando's van die Basoeto's het net met skermutselinge in aanraking met ons gekom. want hulle moes altyd net vlug vir hulle lewe,

### Einde van die oorlog.

In die begin van April 1866 het Mosjesj en sy kommando's in die Maloetiberge om vrede gevra. Nadat President Brand en die Uitvoerende

Raad in kennis gestel was met Mosjesj se versoek, het ons in aanraking gekom met die Onderkapteins van die Basoeto's en daar was voorlopig besluite geneem.

'n „Vredeskamp” was toe opgeslaan onder die berg waar net die President, Uitvoerende Raad en Kommandante alleen sou aanwesig wees en dat Mosjesj en sy Raad daar moes wees op 'n bepaalde dag en uur.

### 7de en 8ste April 1866.

Mosjesj het toe waarborg en sekuriteit gevra vir homself en sy Raad, dat niks aan hulle sou geskied nie. Hy het versoek dat vier of vyf „gyselaars” op die berg sal moet bly totdat die vrede gesluit was.

President Brand het toe aan Komdt. Fick opgedra om vyf goeie manne te stuur en dat hulle om agtuur die volgende môre op die berg moes wees.

Die volgende persone was toe gekies:

- 1e. Myself.
- 2e. Klaas Vos, Vader se gewese Sekretaris.
- 3e. Kommandant Robert Findlay van Smithfield.